

**EVALUERING VAN TWEE GROEPE DUBBELGENOTEERDE MAATSKAPPYE,  
WAT OP DIE JSE SEKURITEITEBEURS VAN SUID-AFRIKA GENOTEER IS, VIR  
SUKSESVOLLE OMSKAKELING NA INTERNASIONALE FINANSIËLE  
VERSLAGDOENINGSTANDAARDE TEEN 2005**

deur

HEIDI HELETTE SMITH

Tesis ter vervulling van die vereistes van die graad

MREKENINGKUNDE



FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STUDIELEIER: PROF C.J. VAN SCHALKWYK


DESEMBER 2005

## VERKLARING

Hiermee verklaar ek, Heidi Helette Smith, dat hierdie tesis my eie oorspronklike werk is en dat alle bronne akkuraat vermeld en erken is en dat hierdie dokument nog nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van 'n akademiese kwalifikasie voorgelê is nie.

HH Smith


1 November 2005



## OPSOMMING

Die feit dat beleggers toenemend belê in maatskappye van 'n ander land as die belegger self en die gevolglike globalisering van kapitaalmarkte het tot gevolg gehad dat die European Parliament and Council (EP) Regulasie No. 1606/2002 gedurende 2002 aanvaar het. Die uitwerking van hierdie regulasie was dat eenvormige rekeningkundige standaarde reg deur die Europese Unie (EU) implimenter moes word. Die rekeningkundige standaard wat aanvaar is, is die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS) (voorheen bekend as International Accounting Standards (IAS)).

Die regulasie het voorts bepaal dat die inwerkingtrede van hierdie vereiste nakoming van IFVS 1 Januarie 2005 was. Op die stadium toe die regulasie aanvaar is, het die meeste maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika (JSE) genoteer was, nog hul finansiële state in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (Suid-Afrikaanse SAARP) opgestel. Die implikasie van die aanvaarding van die regulasie deur die EP was dat indien 'n maatskappy nie net op die JSE genoteer is nie, maar ook op 'n effektebeurs in die EU, daardie maatskappy se finansiële state in ooreenstemming met IFVS voorberei moet word.



In hierdie studie is twee groepe maatskappye geselekteer vir evaluasie. Die een groep bestaan uit maatskappye met 'n primêre notering op die JSE en 'n sekondêre notering in die EU (eerste groep) en die ander groep het 'n primêre notering in die Verenigde Koninkryk (VK) en dus die EU, met 'n sekondêre notering op die JSE (tweede groep). Die doel van die studie is om die implikasies van die aanvaarding van bogenoemde regulasie op die finansiële verslagdoening van die geselekteerde maatskappye te identifiseer.

Eerstens is 'n studie van die verskille tussen die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk van die Verenigde Koninkryk (VK-AARP) en IFVS gemaak. Die rede hiervoor was grootliks gesetel in die feit dat daar nog beduidende verskille tussen die twee stelle standaarde is. Geen sodanige studie is gedoen ten opsigte van die verskille tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS nie aangesien Suid-Afrikaanse SAARP in 2004 ten volle met IFVS vervang is en daar dus geen verskille

meer bestaan nie. Die enigste uitsondering hierop hou verband met die 500-reeks van standarde wat uniek is aan Suid-Afrika. Daar is egter net twee uitgereikte standarde in hierdie reeks en daar is nie verder daaraan aandag geskenk nie.


Hierna is die 2002 finansiële state van al die geselekteerde maatskappye evalueer deur dit te meet aan 'n IFVS openbaarmakingsvraelys vir 2002. Die doel was om te identifiseer tot welke mate die geselekteerde maatskappye wel aan IFVS voldoen deur te fokus op die areas ten opsigte waarvan hulle nie aan IFVS voldoen nie. Daar is gevind dat die maatskappye van die eerste groep grootliks ten opsigte van openbaarmakingsaangeleenthede nie aan IFVS voldoen nie, terwyl die tweede groep maatskappye soms ook ten opsigte van die erkenningsmaatstawwe en metingsriglyne ander praktyke toegepas het as wat deur IFVS voorgestel word. Dit was grootliks toeskryfbaar aan die feit dat daar beduidende verskille tussen VK-AARP en IFVS is, terwyl Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS alreeds baie eenders was.

Vervolgens is vraelyste aan belangstellende geselekteerde maatskappye gestuur waarin hulle terugvoer kon gee ten opsigte van hul bewustheidsvlak en persepsies van die vereiste oorskakeling na IFVS teen 2005 asook die prosedures wat die maatskappye in hul proses van oorskakeling na IFVS volg of gevolg het.

Vierdens is die 2003 finansiële verslae van die geselekteerde maatskappye evalueer vir die nakoming van IFVS deur dit te meet aan die IFVS openbaarmakingsvraelys wat ten opsigte van hul 2004 finansiële tydperke sal geld. Dit is gedoen ten einde te bepaal of die geselekteerde maatskappye vordering getoon het in hul mate van nakoming van IFVS. Verder het hierdie proses ook identifiseer welke IFVS, wat gedurende 2003/2004 uitgereik is, in die 2004 of latere finansiële tydperke op die geselekteerde maatskappye van toepassing sal wees, aangesien dit verdere areas is wat die aandag van die geselekteerde maatskappye sal verg in hulle proses van oorskakeling na IFVS. Daar is gevind dat al die geselekteerde maatskappye betreklik min vordering getoon het in die mate waartoe hulle aan IFVS voldoen. Dit is egter kommerwekkend dat hoewel Suid-Afrikaanse SAARP vantevore baie naby aan IFVS belyn was, die maatskappye van die eerste groep steeds in gebreke bly om betreklik eenvoudige openbaar-makingsvereistes na te kom. Dit wil dus voorkom asof hulle nie die proses van oorskakeling na IFVS met genoeg erns bejeën nie. Die feit dat die tweede groep maatskappye ook nie veel vordering getoon het nie, kan steeds regverdig word deurdat hulle VK-AARP in 2003 nie veel nader aan IFVS beweeg het

nie en die meeste van die geselekteerde maatskappye was nog besig met hul beplanningsproses vir die oorskakeling na IFVS. Dit is te wagte dat hierdie maatskappye se finansiële state meer noemenswaardige vordering ten opsigte van hul 2004 finansiële tydperke sal toon.

Laastens is die afdwingingsmeganismes bestudeer ten einde te bepaal welke prosesse in plek is ten einde te verseker dat maatskappye wel aan IFVS voldoen. Hierdie studie is ten opsigte van die EU, die VK en Suid-Afrika uitgevoer. Al drie hierdie streke het reeds liggame of beplan om binnekort liggame in werking te stel wat die taak sal hê om die finansiële state van genoteerde maatskappye te evalueer vir die nakoming van IFVS. Die gevolgtrekking is egter dat daar as gevolg van die negatiewe gevolge van die nie-nakoming van IFVS wel voldoende faktore is wat maatskappye sal motiveer om ten volle aan IFVS te voldoen. Hierbenewens het die noteringsvereistes van die JSE verander en is finansiële verslagdoening in ooreenstemming met IFVS nou 'n vereiste.



## ABSTRACT

The fact that investors increasingly invest in companies from another country than the investor himself and the consequential globalisation of capital markets, resulted in the European Parliament and Council (EP) accepting Regulation No. 1606/2002 during 2002. The consequence of the regulation was that uniform accounting standards had to be implemented throughout the European Union (EU). The accounting standards that were accepted, are the International Financial Reporting Standards (IFRS) (previously known as International Accounting Standards (IAS)).

The regulation further determined that the effective date of this required compliance with IFRS was 1 January 2005. At the time when the regulation was accepted, most companies that were listed on the JSE Securities Exchange of South Africa (JSE) still prepared their financial statements in accordance with South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice (South African SGAAP). The implication of the acceptance of the regulation by the EP was that in the event that a company was not only listed on the JSE but also on a stock exchange in the EU, the financial statements of that company would have to be prepared in accordance with IFRS.

In this study two groups of companies were selected for evaluation. The one group consists of companies with a primary listing on the JSE and a secondary listing in the EU (first group) and the other group has a primary listing in the United Kingdom (UK) and thus the EU, with a secondary listing on the JSE (second group). The purpose of the study is to identify the implications of the acceptance of abovementioned regulation on the financial reporting of the selected companies.


Firstly, a study was made of the differences between the Generally Accepted Accounting Practice of the United Kingdom (UK GAAP) and IFRS. The reason for this largely relates to the fact that there are still substantial differences between these two sets of accounting standards. No such study was conducted in respect of differences between South African SGAAP and IFRS as South African SGAAP was completely replaced by IFRS during 2004 and hence no differences exist any more. The only exception relates to the 500 series of standards that are unique to South Africa. There are, however, only two issued standards in this series and hence no further attention was paid to that.

Hereafter the 2002 financial statements of all the selected companies were evaluated by measuring it against an IFRS disclosure checklist for 2002. The purpose was to identify the extent to which the selected companies comply with IFRS by focusing on the areas with regards to which they do not comply with IFRS. It was found that the companies of the first group largely fail to comply with IFRS in respect of matters of disclosure, whilst the second group of companies sometimes also, in their application of recognition requirements and measurement guidelines, used different practices to those suggested by IFRS. This was largely attributable to the fact that there are substantial differences between UK GAAP and IFRS, whilst South African SGAAP and IFRS already were very similar until recently.

Consequently, questionnaires were sent to interested selected companies in which they could give feedback on their level of awareness and perceptions of the required transition to IFRS by 2005 as well as the procedures that they have followed or will follow in their process of transition to IFRS.

Fourthly the 2003 financial reports of the selected companies were evaluated for compliance with IFRS by measuring it against the IFRS disclosure checklist that would be applicable on their 2004 financial periods. This was done in order to determine whether the selected companies showed any progress in their level of compliance with IFRS. This process also identified which IFRS, which were issued during 2003/2004, will be applicable on the 2004 or later financial periods of the selected companies, as these are further areas that will demand the attention of the selected companies in their process of becoming IFRS compliant. It was found that all selected companies showed rather little progress in their level of IFRS compliance. It is however concerning that even though South African SGAAP were previously very narrowly aligned with IFRS, the companies of the first group still fail to comply with fairly simple disclosure requirements. It would thus appear that they do not take the process of transition to IFRS serious enough. The fact that the second group of companies also did not make much progress can still be justified by the fact that UK GAAP were not aligned closer to IFRS during 2003 and most of the selected companies were still busy with the planning process for the transition to IFRS. It is expected that the financial statements of these companies will display substantial progress in their 2004 financial periods.

Finally the compliance mechanisms were studied in order to determine which processes are in place to ensure that companies will indeed comply with IFRS. This study was done in respect of the EU, the UK and South Africa. All three these regions either already have or will have bodies in the near future that will have the task of evaluating the financial statements of listed companies for IFRS compliance. The conclusion is however that as a result of the negative consequences of non-compliance with IFRS sufficient factors do exist that will motivate companies to fully comply with IFRS. In addition, the listing requirements of the JSE has changed and financial reporting in accordance with IFRS is now a requirement.






## BEDANKINGS

Ek wil graag my opregte dank betuig teenoor:

- my Hemelse Vader, sonder wie ek ongetwyfeld nie suksesvol kon wees in hierdie studie nie;
- my eggenoot, Henry, vir sy volgehoue onderskraging en motivering;
- my ouers, skoonma en kollegas vir hul deurlopende belangstelling en bemoediging;
- my studieleier, Prof. van Schalkwyk, vir sy leiding in hierdie studie;
- Me BW Bruwer, vir haar onbaatsugtige advies en inspirasie; en
- Me JB Vrijburg, vir haar tegniese versorging en proefleeswerk.



# INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>
Verklaring	ii
Opsomming	iii
Abstract	vi
Bedankings	ix
Inhoudsopgawe	x
Lys van tabelle	xix
Lys van bylae	xxi
Lys van akronieme	xxii

## **HOOFSTUK 1      INLEIDING TOT DIE STUDIE**

1.1	INLEIDING	1
1.2	AGTERGROND	3
1.3	PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN STUDIE	6
1.4	VOORSKOU	11

## **HOOFSTUK 2      VERGELYKING VAN SUID-AFRIKAANSE SAARP EN VK-AARP MET IFVS**

2.1	INLEIDING	14
2.2	VERSKILLE TUSSEN SUID-AFRIKAANSE SAARP EN IFVS	14
2.3	VERSKILLE TUSSEN VK-AARP EN IFVS	14
2.4	DIE IMPAK VAN DIE VERBETERINGSPROJEK	25
2.4.1	Eiendom, aanleg en toerusting	26
2.4.2	Buitelandse valuta	28
2.4.3	Verwante party transaksies	28

2.4.4	Beleggings in geassosieerdes	28
2.4.5	Beleggingseiendom	29
2.4.6	Gebeure na balansstaatdatum	29
2.4.7	Hure	29
2.5	DIE IMPAK VAN DIE AANVANKLIKE TOEPASSING VAN IFVS	29
2.6	GEVOLGTREKKING	31

### **HOOFSTUK 3      METODIEK VAN DIE STUDIE**

3.1	INLEIDING	32
3.2	PROSES VAN DIE STUDIE	32
3.2.1	Vergelyking tussen rekeningkundige standaarde	32
3.2.2	Evaluasie van 2002 finansiële state	32
3.2.3	Samestelling van vraelys	34
3.2.4	Evaluasie van 2003 finansiële state	34
3.2.5	Motivering vir nakoming van IFVS	35
3.2.6	Gevolgtrekking	35



### **HOOFSTUK 4      EVALUASIE VAN 2002 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE TEEN IFVS**

4.1	INLEIDING	37
4.2	PROSES VAN EVALUERING VAN NAKOMING VAN IFVS	37
4.3	UITKOMS VAN EVALUERING	38
4.3.1	Eerste groep maatskappye	38
4.3.1.1	Algemene aanbieding	38
4.3.1.2	Ontleding van uitgawes volgens aard of funksie	39
4.3.1.3	Buitelandse valuta	39
4.3.1.4	Staatstoekennings	39

4.3.1.5	Leenkoste	40
4.3.1.6	Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings	40
4.3.1.7	Beëindigde bedrywighede	40
4.3.1.8	Hure	41
4.3.1.9	Werknemervoordele	43
4.3.1.10	Lopende- en uitgestelde belasting	44
4.3.1.11	Eiendom, aanleg en toerusting	46
4.3.1.12	Beleggingseiendomme	47
4.3.1.13	Klandisiewaarde	48
4.3.1.14	Ander ontasbare bates	49
4.3.1.15	Besigheidsamevoegings en –verkope	50
4.3.1.16	Beleggings in gesamentlike ondernemings	51
4.3.1.17	Beleggings in filiale	51
4.3.1.18	Voorraad	51
4.3.1.19	Handels- en ander debiteure	52
4.3.1.20	Kontant en kontantekwivalente	53
4.3.1.21	Waardedaling ten opsigte van bates	53
4.3.1.22	Finansiële instrumente	53
4.3.1.23	Verpligtinge	57
4.3.1.24	Voorsienings	57
4.3.1.25	Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates	57
4.3.1.26	Ekwiteitsvergoedingsvoordele (nou bekend as aandeelgebaseerde betalings)	58
4.3.1.27	Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit	60
4.3.1.28	Tesourie-aandele	60
4.3.1.29	Verwante party transaksies	61

4.3.1.30	Kontantvloeistaat	62
4.3.1.31	Segmentverslagdoening	62
4.3.1.32	Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie	66
4.3.1.33	Fundamentele foute	66
4.3.1.34	Landbou	67
4.3.1.35	Afsonderlike finansiële state van moedermaatskappy	67
4.3.1.36	Oorgang na IFVS en veranderings in rekeningkundige beleid	67
4.3.1.37	Afwykinge van IFVS	68
4.3.2	Tweede groep maatskappye	69
4.3.2.1	Algemene aanbidding	69
4.3.2.2	Inkomste	69
4.3.2.3	Leenkoste	70
4.3.2.4	Beëindigde bedrywighede	70
4.3.2.5	Hure	71
4.3.2.6	Werknemervoordele	73
4.3.2.7	Lopende- en uitgestelde belasting	74
4.3.2.8	Verdienste per aandeel	75
4.3.2.9	Eiendom, aanleg en toerusting	75
4.3.2.10	Beleggingseiendomme	76
4.3.2.11	Ander ontasbare bates	76
4.3.2.12	Klandisiewaarde	76
4.3.2.13	Beleggings	77
4.3.2.14	Besigheidsamevoegings en -verkope	78
4.3.2.15	Voorraad	79
4.3.2.16	Kontant en kontantekwivalente	79
4.3.2.17	Finansiële instrumente	79

4.3.2.18	Voorsienings	83
4.3.2.19	Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates	84
4.3.2.20	Ekwiteitsvergoedingsvoordele (nou bekend as aandeelgebaseerde betalings)	84
4.3.2.21	Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit	86
4.3.2.22	Tesourie-aandele	86
4.3.2.23	Verwante party transaksies	86
4.3.2.24	Kontantvloeistaat	87
4.3.2.25	Segmentverslagdoening	87
4.3.2.26	Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie	89
4.3.2.27	Landbou	90
4.3.2.28	Afsonderlike finansiële state van moedermaatskappy	90
4.3.2.29	Oorgang na IFVS en veranderings in rekeningkundige beleid	90
4.3.2.30	Afwykings van IFVS	91
4.3.2.31	Bykomende openbaarmakingsvereistes ten opsigte van banke en soortgelyke instellings	91
4.4	GEVOLGTREKKING	92

## **HOOFSTUK 5      VRAELYSTE AAN BESTUUR**

5.1	INLEIDING	94
5.2	BESONDERHEDE VAN DIE VRAELYS	94
5.3	UITKOMS VAN DIE OPNAME	95
5.3.1	Vlakke van bewustheid	95
5.3.2	Persepsies	97
5.3.3	Beplanning en prosedures vir oorskakeling na IFVS	101
5.3.4	Vermoë om IFVS te hanteer	104

5.3.5	Nakoming van IFVS	105
5.4	GEVOLGTREKKING	109

## **HOOFSTUK 6      EVALUASIE VAN 2003 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE TEEN IFVS**

6.1	INLEIDING	111
6.2	PROSES VAN EVALUERING VAN NAKOMING VAN IFVS	111
6.3	UITKOMS VAN EVALUERING	111
6.3.1	Eerste groep maatskappye	112
6.3.1.1	Algemene aanbieding	112
6.3.1.2	Buitelandse valuta	113
6.3.1.3	Staatstoekennings	113
6.3.1.4	Leenkoste	113
6.3.1.5	Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings	114
6.3.1.6	Beëindigde bedrywighede	115
6.3.1.7	Hure	115
6.3.1.8	Werknemervoordele	116
6.3.1.9	Lopende- en uitgestelde belasting	117
6.3.1.10	Minderheidsaandeelhoudersbelang	119
6.3.1.11	Verdienste per aandeel	119
6.3.1.12	Eiendom, aanleg en toerusting	120
6.3.1.13	Beleggingseiendomme	120
6.3.1.14	Ander ontasbare bates	121
6.3.1.15	Besigheidsamevoegings en –verkope	122
6.3.1.16	Beleggings in gesamentlike ondernemings	123
6.3.1.17	Beleggings in filiale	124

6.3.1.18	Voorraad	124
6.3.1.19	Handels- en ander debiteure	124
6.3.1.20	Kontant en kontantekwivalente	124
6.3.1.21	Waardedaling ten opsigte van bates	125
6.3.1.22	Finansiële instrumente	126
6.3.1.23	Verpligtinge	130
6.3.1.24	Voorsienings	130
6.3.1.25	Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates	130
6.3.1.26	Aandeelgebaseerde betalings (voorheen bekend as ekwiteitsvergoedingsvoordele)	131
6.3.1.27	Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit	132
6.3.1.28	Verwante party transaksies	133
6.3.1.29	Kontantvloeistaat	134
6.3.1.30	Segmentverslagdoening	134
6.3.1.31	Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie	136
6.3.1.32	Landbou	137
6.3.1.33	Metingsonsekerheid	137
6.3.1.34	Veranderings in rekeningkundige beleid	137
6.3.1.35	Oorgang na IFVS	138
6.3.1.36	Afwykings van IFVS	138
6.3.1.37	Bykomende openbaarmaking ten opsigte van entiteite wat versekeringskontrakte uitreik	139
6.3.2	Tweede groep maatskappye	139
6.3.2.1	Algemene aanbieding	139
6.3.2.2	Buitelandse valuta	140
6.3.2.3	Leenkoste	140



6.3.2.4	Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings	140
6.3.2.5	Beëindigde bedrywighede	140
6.3.2.6	Hure	141
6.3.2.7	Werknemervoordele	141
6.3.2.8	Lopende- en uitgestelde belasting	142
6.3.2.9	Minderheidsaandeelhoudersbelang	143
6.3.2.10	Verdienste per aandeel	143
6.3.2.11	Eiendom, aanleg en toerusting	144
6.3.2.12	Beleggingseiendomme	144
6.3.2.13	Beleggings in gesamentlike ondernemings	144
6.3.2.14	Besigheidsamevoegings en –verkope	144
6.3.2.15	Vorraad	145
6.3.2.16	Handels- en ander debiteure	146
6.3.2.17	Kontant en kontantekwivalente	146
6.3.2.18	Waardedaling ten opsigte van bates	146
6.3.2.19	Finansiële instrumente	147
6.3.2.20	Voorsienings	150
6.3.2.21	Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates	150
6.3.2.22	Aandeelgebaseerde betalings (voorheen bekend as ekwiteitsvergoedingsvoordele)	151
6.3.2.23	Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit	151
6.3.2.24	Tesourie-aandele	151
6.3.2.25	Verwante party transaksies	152
6.3.2.26	Segmentverslagdoening	152
6.3.2.27	Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie	153

6.3.2.28	Landbou	153
6.3.2.29	Metingsonsekerheid	153
6.3.2.30	Veranderings in rekeningkundige beleid	153
6.3.2.31	Oorgang na IFVS	154
6.3.2.32	Afwykings van IFVS	154
6.3.2.33	Bykomende openbaarmakingsvereistes ten opsigte van banke en soortgelyke instellings	154
6.3.2.34	Bykomende openbaarmaking ten opsigte van entiteite wat versekeringskontrakte uitreik	155
6.4	GEVOLGTREKKING	155

## **HOOFSTUK 7      MEGANISMES TER VERSEKERING VAN DIE NAKOMING VAN IFVS**

7.1	INLEIDING	157
7.2	POSISIE IN DIE EU	157
7.3	POSISIE IN DIE VK	160
7.4	POSISIE IN SUID-AFRIKA	160
7.5	GEVOLGTREKKING	162


## **HOOFSTUK 8      SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING**

## **BRONNELYS**

## TABELLE

Tabel 2.1:	Verskille tussen VK-AARP en IFVS	15
Tabel 5.1:	Watter partye in die maatskappy is bewus van die vereiste nakoming van IFRS teen 2005?	96
Tabel 5.2:	Respondente se kennisvlak van IFVS	97
Tabel 5.3:	Respondente se mate van instemming met die verwagting dat uniforme rekeningkundige standaarde sal lei tot die daarstelling van 'n enkele kapitaalmark	97
Tabel 5.4:	Respondente se mate van instemming met die verwagting dat uniforme rekeningkundige standaarde sal lei tot verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state	98
Tabel 5.5:	Respondente se verwagting ten opsigte van of die gebruik van IFVS 'n invloed sal hê op die besluite wat ten opsigte van bestuurstelsels en strategiese aangeleenthede geneem word	99
Tabel 5.6:	Tydraamwerk vir die aanvang van respondente se beplanningsproses vir die oorskakeling na IFVS	101
Tabel 5.7:	Aspekte gedek deur respondente se impakstudies	101
Tabel 5.8:	Respondente se inagneming van die tyd gekoppel aan parallelle lopies en die daarstelling van vergelykende inligting	102
Tabel 5.9:	Proses van voorbereiding van werknemers vir die oorskakeling na IFVS	102
Tabel 5.10:	Primêre struikelblok in die proses van oorskakeling na IFVS	103
Tabel 5.11:	Rekeningkundige aspekte met grootste invloed op oorskakeling na IFVS	104
Tabel 5.12:	Verskillende partye se vermoë om IFVS te bespreek en hanteer	104
Tabel 5.13:	Respondente se opinie oor hul eie vermoë om suksesvol oor te skakel na IFVS teen 2005	105
Tabel 5.14:	Respondente se huidige mate van voldoening aan IFVS	106
Tabel 5.15:	Tydstip waarop respondente reeds die eerste keer ten volle aan IFVS voldoen het	106

Tabel 5.16:	Voldoening aan IFVS voordelig vir respondente wat reeds ten volle aan IFVS voldoen?	107
Tabel 5.17:	Verwagting van toekomstige voordele uit die nakoming van IFVS van respondente wat nog nie ten volle aan IFVS voldoen nie	107
Tabel 5.18:	Tydsduur vir proses van omskakeling na IFVS	108
Tabel 5.19:	IFVS toegepas voor die effektiewe datum daarvan	108
Tabel 5.20:	Moontlike liggame wat nakoming van IFVS moet verseker	109



## **BYLAE IN GEDRUKTE FORMAAT**

Bylaag A:	Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in Suid-Afrika en sekondêre notering in die Europese Unie	172
Bylaag B:	Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in die Verenigde Koninkryk en sekondêre notering in Suid-Afrika	175

## **BYLAE IN ELEKTRONIESE FORMAAT**


(Beskikbaar binne die agterblad van hierdie tesis)

Bylaag C:	Ouditeursfirmas en tegniese vennote	
Bylaag D:	Openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2002 jaareindes	
Bylaag E:	Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2002 jaareindes	
Bylaag F:	Openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2002 jaareindes	
Bylaag G:	Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2002 jaareindes	
Bylaag H:	Vraelys soos gestuur aan geselekteerde maatskappye met statistiese analise van terugvoer wat ontvang is	
Bylaag I:	Openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes	
Bylaag J:	Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes	
Bylaag K:	Openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes	
Bylaag L:	Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes	

## AKRONIEME

ASB	Accounting Standards Board
CESR	Committee of European Securities Regulators
D&T	Deloitte & Touche
ED	Exposure Draft of Proposed Improvements to International Accounting Standards
EESC	European Economic and Social Committee
EP	European Parliament and of the Council
EU	Europese Unie
FESC	Forum of European Securities Commissions
FRB	Financial Reporting Bill
FRRP	Financial Reporting Review Panel
GMP	GAAP Monitoring Panel
IAS	International Accounting Standards
IASB	International Accounting Standards Board
IASC	International Accounting Standards Committee
IFRS	International Financial Reporting Standards
IFVS	Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde
JSE	JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika
KAARB	Kanadese Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beginsels
PWC	PricewaterhouseCoopers
SAARP	Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
SAIGR	Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters
SEC	Securities and Exchange Commission

SENS	Securities Exchange News Service
South African SGAAP	South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice
STEWV	Staat van totale erkende winste en verliese
Suid-Afrikaanse SAARP	Standpunte van Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk
UK	United Kingdom
UK GAAP	Generally Accepted Accounting Practice of the United Kingdom
VK	Verenigde Koninkryk
VK-AARP	Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk van die Verenigde Koninkryk



# HOOFSTUK 1

## INLEIDING TOT DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

In 1964 het Theodore L. Wilkinson reeds die verwagting uitgespreek dat rekeningkunde 'n belangrike rol het as internasionale taal. Hierdie verwagting was gekoppel aan die behoefte dat rekeningkundige inligting betekenisvol moet wees oor landsgrense heen, aangesien daar beleggers was wat hulle fondse internasionaal wou belê. Hierdie beleggers sou hulle beleggingskeuse op 'n sinvolle wyse wou uitoefen en terselfdertyd ook die prestasie van hulle beleggings wou monitor (Wilkinson, 1964:133).

Ongeveer twintig jaar later was die realiteit van Wilkinson se voorspelling reeds onmiskenbaar deurdat een uit elke vyf effekte op die Londense Effektebeurs buitelands was en onderskeidelik 61,5% en 59,2% van die genoteerde maatskappye in Singapoer en Nederland van buitelandse oorsprong was (Bazaz, Parameswaran & Bordoloi, 1995:156). Statistiek wat die Internasionale Monetêre Fonds in 1989 bekend gemaak het, bevestig ook die omvang van die globale kapitaalmark deurdat ekwiteitseffekte ter waarde van \$300 miljoen in 1985 verkoop is aan beleggers van 'n ander land as die uitreiker se land van oorsprong. Teen 1989 het hierdie syfer reeds verander na \$15 biljoen (Goeltz, 1991:86).

Gedurende Februarie 2001 het die Commission of European Communities (Kommissie) 'n voorstel gemaak vir 'n regulasie van die European Parliament and of the Council (EP) ten opsigte van die toepassing van International Financial Reporting Standards (IFRS) (Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS)) (Commission, 2001a:2). IFVS het voorheen bekend gestaan as International Accounting Standards (IAS). IFVS sluit nou alle voorheen uitgereikte IAS in, asook alle verslagdoeningstandaarde wat na die naamsverandering uitgereik is. Die naamsverandering het plaasgevind na aanleiding van die herstrukturering van die uitreikende liggaam. Hierdie liggaam het voorheen bekend gestaan as die International Accounting Standards Committee (IASC) en is nou bekend as die International Accounting Standards Board (IASB). Hierdie herstrukturering is in Maart 2001 voltooi en het 'n aanvang geneem na onderhandelinge tussen die IASC



en die Amerikaansgebaseerde Securities and Exchange Commission (SEC). Uit hierdie onderhandelinge was dit duidelik dat daar 'n behoefte was dat die samestelling van die IASC meer internasionaal, onafhanklik en objektief moes wees. Gevolglik het die herstrukturering plaasgevind en word die trustees van die nuutgevormde IASB nou aangestel op grond van demografie, ten einde voldoende internasionale balans in die IASB te handhaaf (Casabona & Shoaf, 2002:18).

Die voorstel aan die EP is gedurende Junie 2002 aanvaar (Temkin, 2002) in die vorm van Regulasie No. 1606/2002 (EP, 2002:1). Die uitwerking van hierdie regulasie is dat alle maatskappye wat genoteer is op gereguleerde effektebeurse in die onderskeie lidlande van die Europese Unie (EU) en wat gekonsolideerde finansiële state voorberei, vir finansiële jare wat op of na 1 Januarie 2005 begin, ten volle moet voldoen aan IFVS (Commission, 2001a:2).

Aangesien die regulasie spesifiek verwys na die voorbereiding van gekonsolideerde finansiële state (Commission, 2001a:2), sluit dit dus by implikasie die finansiële state van 'n enkele onderneming uit. Dit is egter van belang dat indien 'n enkele onderneming 'n Suid-Afrikaanse filiaal van 'n moedermaatskappy is wat in die EU genoteer is, daardie enkele maatskappy ook aan IFVS moet voldoen (Thomson, aangehaal in Temkin, 2002) ten einde te verseker dat die totale gekonsolideerde finansiële state aan IFVS voldoen.

Elke effektebeurs het sy eie vereistes waaraan 'n maatskappy moet voldoen alvorens 'n notering op daardie beurs verleen sal word. Hierdie vereistes geld deurgaans vir solank as wat die maatskappy die notering op daardie spesifieke effektebeurs wil behou. Indien 'n maatskappy nie aan die vereistes gehoor sou gee nie, sou dit daartoe aanleiding gee dat so 'n maatskappy toegang tot effektebeurse geweier word en dus nie kapitaal op daardie spesifieke beurs kan werf nie (Thorell & Whittington, 1994:223), of dat sy notering opgeskort kan word (GAAP Monitoring Panel (GMP), 2004:1). Die proses van internasionale harmonisering van rekeningkundige standaarde word dus tot 'n groot mate gedryf deur die behoefte tot aanvaarding van 'n maatskappy se finansiële state deur 'n effektebeurs en die daarstelling van 'n enkele (Thorell & Whittington, 1994:223) grenslose kapitaalmark.

Die rede hoekom die EU die voorstel aanvaar het, is gesetel in die feit dat daar gemik word na verhoogde bemarkbaarheid, aandeelhoudersdialoog, oorgrens-

amalgamasies en 'n vergemakliking van die werwing van kapitaal. Verdere uitvloeisels sal verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state in die EU insluit (Commission, 2001a:2).

## **1.2 AGTERGROND**

Die behoefte aan die genoemde regulasie is gesetel in die doelwit dat die EU as 'n eenheid sal funksioneer uit 'n handels- en ekonomiese oogpunt, maar wetgewing van die onderskeie lidlande, en so ook rekeningkundige standaarde, verskil. Hierdie verskille kompliseer tans oorgrenshandel en die werf van kapitaal in die groter EU (Commission, 2001a:3).

Daar is beperkte vergelykbaarheid tussen die finansiële resultate van soortgelyke maatskappye wat in verskillende lande genoteer is, as gevolg waarvan die taak van die belegger ten opsigte van beleggingsevaluasie ook gekompliseer word. Die belegger is nie noodwendig ewe vertrouwd met alle rekeningkundige standaarde in terme waarvan die verskillende stelle finansiële inligting voorberei is nie (Commission, 2001a:3). Dit word beskou as die rede vir beleggers se mate van ongemak met oorgrenstransaksies (Commission, 1998:1) en dit ontmoedig dus sodanige beleggers weens die onsekerheid met betrekking tot die geloofwaardigheid van die finansiële inligting wat tot hulle beskikking is (Commission, 1999:7).

Ekwiteit van 'n enkele maatskappy, wat in die EU gebaseer is, word deur beleggers van diverse oorsprong gehou (Commission, 2001a:3). So 'n maatskappy se finansiële state sal opgestel word in ooreenstemming met die algemeen aanvaarde rekeningkundige standaarde van die land waar die maatskappy geregistreer en/of genoteer is. Dit mag dus wesenlik verskil van die land waar die belegger woonagtig is.

In wese kan 'n gebrek aan duidelike, betroubare en internasionaal vergelykbare finansiële inligting aanleiding gee tot 'n afname in beleggersvertroue in 'n maatskappy en 'n negatiewe invloed hê op so 'n maatskappy se sakevooruitsigte (PricewaterhouseCoopers (PWC) 2002a:1). Die daarstelling van 'n enkele stel rekeningkundige verslagdoeningstandaarde om hierdie praktiese probleme uit die weg te ruim en meer deursigtige en vergelykbare finansiële inligting daar te stel, kan dus vir maatskappye wat op meer as een effektebeurs genoteer is en addisionele

koste moet aangaan om finansiële state ooreenkomstig verskillende stelle rekeningkundige standaarde op te stel (Tower, Hancock & Taplin, 1999:294), koste bespaar (Commission, 2001a:2).

Ongelukkig bestaan sulke eenvormigheid nog nie. Om notering op die ander effektebeurse te kan bekom of behou, moet 'n Suid-Afrikaanse maatskappy, wat in die Verenigde State van Amerika kapitaal wil werf, byvoorbeeld, óf finansiële state voorberei in ooreenstemming met die Amerikaanse rekeningkundige beleid, óf daar moet 'n rekonsiliasie voorberei word tussen die Suid-Afrikaanse hantering van die finansiële inligting en die wyse soos vereis in Amerika (Reason, 2002). Indien elke land hierdie benadering sou volg, sou 'n multinasionale maatskappy tans veelvoudige weergawes van sy finansiële inligting moes voorberei. Sodanige oefening vereis baie werk en hoë koste, met die gevolg dat Cairns (1994:346) twyfel of daar werklik op die lang duur voordele uit hierdie praktyk kan spruit.

In hierdie verband, het 'n studie van sewentien Finse maatskappye wat gedurende 1993 uitgevoer is, bevind dat die aanbieding van rekonsiliasies tussen die inligting volgens verskillende rekeningkundige riglyne, boonop telkens van min waarde was, aangesien dit nie deeglik gedoen is nie. Gebreke het die onvolledigheid en inkonsekwentheid van inligting, beide tussen maatskappye en ook van jaar tot jaar, en ook die bestaan van 'n "ander" aanpassingskategorie ingesluit. Hierdie kategorie was nie goed gedefinieer nie en gevolglik het dit geen sinvolle inligting verskaf nie. Dieselfde maatskappye het elk ook 'n aangepaste stel finansiële inligting in ooreenstemming met IFVS voorberei, maar selfs hierdie inligting was van min waarde vir 'n gebruiker, aangesien die aanpassings en die aanpassingsproses wat gevolg is, nie deeglik omskryf is nie. As gevolg van 'n maatskappy se geneigdheid om die aanpassings te doen sodat die resultaat so na as moontlik is aan die resultaat wat aanvanklik verkry is met die toepassings van plaaslike rekeningkundige standaarde, bestaan die moontlikheid dus dat die aanpassingsproses nie heeltemal objektief is nie (Adams, Weetman & Gray, 1993:491).

Hoewel hierdie studie spesifiek op Finse maatskappye gedoen is, bied dit 'n blik op die moontlike probleme wat kan saamhang met die aanbieding van rekonsiliasies as deel van die finansiële verslag van 'n maatskappy. Cairns (1994:346) stel dus as alternatief voor dat 'n reël van "mutual recognition" ingestel word in terme waarvan een land 'n ander se finansiële state as aanvaarbaar beskou en *vice versa* in gevalle

waar 'n maatskappy graag kapitaal in 'n ander land wil werf. Die term word deur Thorell & Whittington (1994:237) omskryf as "the reciprocal recognition, for some prescribed purpose, by authorities (e.g. governments, securities regulators or stock exchanges) of consolidated accounts prepared under each other's rules", terwyl "recognition" gesien word as "the acceptance of consolidated accounts of a particular company (or all those of a particular country) for some prescribed purpose (e.g. to satisfy listing requirements of a stock exchange)". Die probleem wat egter met Cairns se voorstel saamhang, is die feit dat 'n aansienlike swaarder las op die gebruiker van die finansiële state geplaas word om te verseker dat hy deeglik vertrouwd is met die inligting en dit ten volle verstaan alvorens hy/sy daarop kan reageer.

In teenstelling met die idee om rekeningkundige standaarde te harmoniseer, argumenteer Goeltz (1991:88) dat beleggers en analiste voldoende tyd en geld sal bestee ten einde te verseker dat hulle beleggingsevaluasies deeglik gedoen is en dat harmonisering dus nie nodig is nie. Die argument is gebaseer op die aanname dat alle analiste en beleggers ewe vertrouwd is met alle rekeningkundige standaarde wêreldwyd, dat hulle volmaakte kennis dra van die maatskappy wat hulle besig is om te ontleed en dat hulle verder onbepaalde bronne het om hulle te help met hul beleggingsbesluite. Thorell en Whittington (1994:215) spel die fout in hierdie aanname soos volg uit: "Financial accounting is a means of communicating financial information from the directors of companies to users of such information who are external to the management processes of the company and who therefore do not have access to the internal management information system". Hierin bevestig hulle dat beleggers verwyder is van hulle beleggings en dat rekeningkunde die enigste ware kommunikasiemedium is tussen die maatskappy se bestuur en die aandeelhouers wat nie daagliks nou by die maatskappy betrokke is nie.

'n Verdere studie oor die finansiële state wat tien internasionale maatskappye in 1997 op hulle internet webtuistes aangetoon het, dui daarop dat dit nie altyd eenvoudig is om vas te stel wat die nasionaliteit is van 'n entiteit wat internasionaal sake doen nie, aangesien dit nie spesifiek in die finansiële state vermeld word nie (McAllister & Orsini, 1997:91). Gevolglik is dit dan moeilik om vas te stel in ooreenstemming met welke rekeningkundige standaarde die inligting voorberei is. In hierdie studie het sewe uit tien maatskappye nie aangetoon in terme van welke rekeningkundige standaarde die inligting voorberei is nie. Met die globalisering van

kapitaalmarkte is dit dus nou nog moeiliker vir 'n belegger om self 'n rekonsiliasie te doen tussen die gerapporteerde resultate van 'n maatskappy (volgens vreemde standaarde) en dit wat aan die belegger bekend sal wees volgens sy eie land se plaaslike rekeningkundige standaarde.

Soos voorheen gemeld, sal 'n enkele stel rekeningkundige standaarde dus na verwagting die algemene gehalte van finansiële verslagdoening verbeter aangesien alle finansiële state ten volle vergelykbaar sal wees, en beleggers van diverse oorsprong sal dus in staat wees om 'n enkele stel inligting te interpreteer (Commission, 2001a:3). Sodanige vergelykings sou met 'n redelike mate van gemak uitgevoer kon word, ongeag die land van oorsprong van die finansiële inligting of die land van oorsprong van die belegger.

### **1.3 PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN STUDIE**

In 2003 was 62 van alle maatskappye wat op die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika (JSE) genoteer was ook genoteer op een of meer ander effektebeurse. Sodanige maatskappye se notering het gewissel tussen primêre noterings op die JSE en primêre noterings op buitelandse effektebeurse (JSE, 2003). Hierdie maatskappye word dus direk beïnvloed deur die rapporteringsvereistes van verskillende internasionale effektebeurse. Van die 62 dubbelgenoteerde maatskappye was daar twintig maatskappye (eerste groep) wat primêr in Suid-Afrika en sekondêr in die EU genoteer is en ook 'n verdere nege maatskappye (tweede groep) wat sekondêre noterings in Suid-Afrika het, met primêre noterings in die Verenigde Koninkryk (VK) (JSE, 2003). Die maatskappye van die eerste groep loop dus die risiko dat hulle primêre fokus is om die reëls van die JSE na te kom, wat finansiële state in terme van Standpunte van Suid-Afrikaanse Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (Suid-Afrikaanse SAARP) of IFVS as aanvaarbaar beskou (IASB webtuiste, 2003), terwyl die risiko van die tweede groep is dat hulle aan die Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk van die Verenigde Koninkryk (VK-AARP) voldoen, en nie noodwendig aan IFVS nie, ten einde hulle primêre noterings te behou. Hierdie 29 maatskappye is geselekteer vir verdere studie. Die besonderhede van hierdie maatskappye is onderskeidelik in Bylae A en B vervat.

Sommige van hierdie geselekteerde dubbelgenoteerde maatskappye het steeds in 2002 en 2003 hulle finansiële state voorberei in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP en die Maatskappywet No.61 van 1973, terwyl ander se finansiële state voorberei is in ooreenstemming met VK-AARP en die Verenigde Koninkryk Maatskappywet van 1985. Die Suid-Afrikaanse SAARP het die aanvaarde rekeningkundige beginsels, soos wat dit in Suid-Afrika op ondernemings van toepassing was, verteenwoordig en is uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR). Hoewel hierdie beginsels nie wesenlik van IFVS verskil het nie is dit gedurende 2004 vervang deurdat die SAIGR nou ten volle alle IFVS uitreik, net soos wat dit deur die IASB uitgereik word. Die VK-AARP verteenwoordig aan die ander kant rekeningkundige beginsels soos wat dit in die VK van toepassing is op maatskappye en soos uitgereik deur die Accounting Standards Board (ASB).

Die maatskappye van beide groepe sal egter teen 2005 gereed moet wees om finansiële verslag te doen in ooreenstemming met IFVS (Thomson, aangehaal in Temkin, 2002) (Deloitte & Touche (D&T), 2003:3).

Thomson (aangehaal in Temkin, 2002) is verder van mening dat maatskappye moontlik hulle strukture en vereistes van interne verslagdoening sal moet aanpas sodat die nodige inligting geredelik beskikbaar gestel kan word. Sodanige interne aanpassings sal moontlik insluit dat tyd en fondse bestee moet word aan heropleiding van die personeel wat maatskappye se interne verslagdoening moet behartig. Aangesien die vereiste van die EU aan 'n sperdatum gekoppel is, moet maatskappye dus die nodige interne aanpassings vroegtydig maak. Dit was egter onbekend tot watter mate die geïdentifiseerde twee groepe maatskappye reeds aan IFVS voldoen het.

Uit 'n oppervlakkige oorsig van die ouditeursverslae, soos ingesluit in die gepubliseerde jaarverslae vir die 2002 jaareinde, blyk dit dat tien van die eerste groep maatskappye se finansiële state in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP opgestel is, een se inligting is voorberei in terme van Kanadese Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beginsels (KAARB) en nege se inligting voldoen aan die vereistes van IFVS. Ten opsigte van die tweede groep maatskappye, word agt van die maatskappye se finansiële inligting aangebied in ooreenstemming met VK-AARP en een in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP.



Die ouditeursfirma PWC het gedurende 2001 'n opname gemaak van 650 maatskappye wat in die EU genoteer is, ten einde onder andere vas te stel of die maatskappye op daardie stadium beter voorbereid was vir die oorgang na IFVS as wat hulle gedurende 2000 was (PWC, 2002a:1). Hierdie opname het getoon dat 72% van Europa se hoof uitvoerende beamptes bewus is van die feit dat hulle teen 2005 moet oorskakel na IFVS vir die doeleindes van finansiële rapportering (PWC, 2002a:2). 85% van Europees genoteerde maatskappye moes, op die stadium van die opname, nog oorskakel na IFVS, en meeste van hierdie maatskappye is op daardie stadium daarvan weerhou op grond van hul nasionale wetgewing en nasionale rekeningkundige praktyke (PWC, 2002a:2). Daar is egter ook gevind dat 43% van maatskappye, wat klaar IFVS aanvaar het en toegepas het, langer geneem het met hierdie oorskakeling as wat hulle verwag het. Hierdie persentasie styg aansienlik, na 62%, indien slegs na maatskappye in die finansiële dienstesektor gekyk word (PWC, 2002a:3). Dit blyk algemeen te wees dat senior beamptes van maatskappye in die EU bewus is van die vereiste oorgang na IFVS en selfs al gereed is daarvoor (PWC, 2002a:2). Sodanige statistiek is egter nog nie beskikbaar in 'n Suid-Afrikaanse konteks nie.

Aangesien die finansiële inligting van 2004 die vergelykende syfers van 2005 sal verteenwoordig, moet maatskappye eintlik effektief vanaf 1 Januarie 2004 volledig rekord hou van sake-aktiwiteite volgens IFVS (PWC, 2002a:28).

Die tweeledige doel van hierdie studie is dus om vas te stel tot watter mate:

- Suid-Afrikaanse maatskappye wat primêr in Suid-Afrika, en sekondêr in die Europese Unie, genoteer is (eerste groep); en
- maatskappye wat primêr in die VK en sekondêr in Suid-Afrika (tweede groep) genoteer is

reeds aan IFVS voldoen. Die hipotese is dat hierdie maatskappye nie gereed is om met 'n redelike mate van gemak die vereiste oorskakeling na die toepassing van IFVS teen 2005 te kan afhandel nie.

Daar is op 13 Februarie 2003 telefonies in verbinding getree met tegniese vennote van die vier grootste ouditeursfirmas in Suid-Afrika. Die firmas en hul kontakpersone is gelys in Bylaag C. In die gesprekke is telkens twee aspekte aangespreek:

- Is daar reeds 'n studie (soos wat hier voorgestel word), met 'n Suid-Afrikaanse fokus deur enige van die firmas gedoen?
- Sou daar waarde wees in so 'n studie?

Ten opsigte van die eerste aangeleentheid was al die tegniese vennote dit eens dat daar nog nie so 'n studie gedoen is nie.

Met betrekking tot die tweede aangeleentheid was Bosman (2003) van PWC, Emslie (2003) van D&T en Duffield (2003) van KPMG dit eens dat hierdie studie van waarde sal wees aangesien dit hulle ook in 'n posisie sal plaas om 'n beter diens aan kliënte te lewer tot die mate wat die vraagstuk, wat in hierdie studie aangespreek sal word, wel op hulle kliënte van toepassing is.

Coppin (2003) van Ernst & Young was egter van mening dat die transformasie na IFVS teen 2005 geen probleem sal wees vir maatskappye met 'n primêre Suid-Afrikaanse notering en 'n sekondêre Europese notering nie. Sy opinie is gebaseer op die feit dat Suid-Afrika gesien word as een van die leiers op die gebied van die harmonisering van Suid-Afrikaanse SAARP met IFVS. Die moontlikheid bestaan egter dat die voldoening aan Suid-Afrikaanse SAARP nie noodwendig outomaties aanleiding gee tot voldoening aan IFVS nie en net so bestaan die moontlikheid dat 'n maatskappy nie tegnies ten volle aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen nie, hoewel sy rekeningkundige beleid anders mag aandui. So 'n maatskappy voldoen dan outomaties ook nie aan IFVS nie.

Uit bostaande twee standpunte word die verdeeldheid in opinie oor die hele aangeleentheid goed geïllustreer en die waarde van hierdie studie is juis gesetel in die feit dat dit sal poog om enige onsekerheid uit die weg te ruim ten opsigte van die eerste groep maatskappye.

Verder sal hierdie studie ook vir maatskappye in die tweede groep van waarde wees, aangesien dit die verskille tussen VK-AARP en IFVS sal uitlig en ook areas sal identifiseer waaraan hierdie maatskappye aandag sal moet skenk ten einde op hulle beurt ook teen 2005 suksesvol aan IFVS te kan voldoen.

Indien die hipotese bevestig sou word, sal die waarde van die studie gesetel wees in die feit dat dit probleemareas met die nakoming van IFVS sal identifiseer en sodanig sal die geïdentifiseerde maatskappye en hulle ouditeursfirmas die studie kan gebruik



as indikator van aangeleenthede wat aandag moet geniet ten einde suksesvolle toepassing van IFVS teen 2005 te verseker.

Indien die hipotese nie deur die studie bevestig sou word nie, sal die studie van waarde wees tot die mate wat dit bevestiging sal gee aan daardie maatskappye, wat vir die studie geïdentifiseer was, dat hulle op koers is met hulle vordering ten opsigte van die vereiste oorskakeling na IFVS.

In hierdie studie word 'n vergelyking getref tussen VK-AARP en IFVS, soos dit tans geld. Hierdie vergelykende studie sal verskille tussen die twee stelle rekeningkundige standaarde identifiseer. 'n Soortgelyke vergelykende studie is nie tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS uitgevoer nie aangesien die SAIGR sedert die aanvang van hierdie studie ten volle die IFVS soos uitgereik deur die IASB aanvaar het, met die uitsondering van die 500-reeks van standaarde wat uniek is aan Suid-Afrika. Die res van die studie behels dat die finansiële jaarverslae van die 29 geselekteerde maatskappye individueel bestudeer word en dat die areas waar hierdie verskille in standaarde moontlik wel 'n impak op die geselekteerde maatskappye het, geïdentifiseer sal word. Dit sal gedoen word deur die 2002 finansiële state van die geselekteerde maatskappye te vergelyk met die IFVS openbaarmakingsvereistes, soos wat dit sou geld op uitreikingsdatum van die finansiële state en sodoende sal daar ook gepoog word om die mate van nakoming van IFVS te bepaal. Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat daar 'n inherente beperking aan hierdie metodiek gekoppel is in dié sin dat die nakoming van openbaarmakingsvereistes nie noodwendig die verkeerde toepassing van IFVS sal uitwys nie (World Bank, 2003:11). Die terugvoer wat verkry is uit die opname wat PWC in Europa vanaf maatskappyverteenwoordigers ontvang het (PWC, 2002a), asook die inligting wat uit die vergelykende studie tussen rekeningkundige standaarde en die studie van die individuele 2002 jaarverslae verkry is, is gebruik om te dien as basis vir die opstel van 'n vraelys wat aan senior finansiële bestuur van elk van die geselekteerde maatskappye gestuur is. Hierdie vraelys het nie net tegniese aangeleenthede aangespreek nie, maar ook ten doel gehad om te bepaal:

- tot welke mate sodanige persone bewus is van die vereiste nakoming van IFVS teen 2005;
- wat hulle opinie van daardie vereiste is; en

- waar toepaslik, welke prosedures die maatskappy reeds in die proses van omskakeling na IFVS gevolg het.

Daar is ook 'n evaluering gedoen van die geïdentifiseerde maatskappye se 2003 jaarverslae ten einde te bepaal of daar sedert die 2002 jaarverslae vordering gemaak is in die proses van nakoming van IFVS. Hierdie evaluering is gedoen aan die hand van die openbaarmakingsvereistes van IFVS soos wat dit op die 2004 finansiële jaareindes van die maatskappy van toepassing sal wees. Dit gee gevolglik 'n blik op die vordering wat die maatskappye vanaf 2002 gemaak het in die proses van nakoming van IFVS en identifiseer ook die areas wat nog aandag verg aangesien die 2004 finansiële syfers die vergelykende syfers van die 2005 finansiële state sal verteenwoordig. Deur die 2004 openbaarmakingsvraelys te gebruik is areas ook identifiseer ten opsigte waarvan nuwe IFVS of hersiene IFVS gedurende 2004 uitgereik is. Hierdie nuwe of hersiene IFVS stel dus nuwe uitdagings waaraan die geselekteerde maatskappye moet voldoen.

Bykomend tot bostaande is ook 'n studie gemaak van die regulatoriese afdwingingsmeganisme(s) wat in die EU geïmplementeer sal word ten einde die toepassing van IFVS te verseker. Die belang van hierdie uitbreiding van die studie is gesetel in die identifikasie van die moontlike gevolge vir genoteerde maatskappye indien hulle nie aan IFVS sou voldoen nie. 'n Studie van die vergelykbare afdwingingsmeganismes in Suid-Afrika en die VK is ook gemaak.

#### **1.4 VOORSKOU**

Hoofstuk 2 som die verskille tussen VK-AARP en IFVS op. Dit behels 'n opgesomde weergawe van soortgelyke vergelykende studies wat reeds deur D&T in 2003 (D&T, 2003) en PWC in 2001 (PWC, 2001) onderneem is. Die impak van IFRS1 – "First-time Adoption of International Financial Reporting Standards" (IASB, 2004:47-126) word ook in hierdie hoofstuk ondersoek, aangesien die 2002 opname rakende die internasionale harmonisering van algemeen aanvaarde rekeningkundige praktyk getoon het dat ongeveer 30% van die Suid-Afrikaanse deelnemers aan daardie opname, 'n behoefte het aan meer leiding in daardie verband (GAAP, 2002).

In Hoofstuk 3 volg 'n volledige bespreking van die metodologie wat in hierdie studie gevolg is.

Hoofstuk 4 bevat die resultate van die evaluering van die finansiële verslagdoening van die geselekteerde maatskappye, gebaseer op hulle 2002 jaarverslae. 'n Analise van beide groepe geselekteerde maatskappye se finansiële verslae vir die 2002 jaareindes is gedoen ten einde 'n aanduiding te gee van die mate waartoe hul verslagdoening op daardie stadium reeds aan die vereistes van IFVS voldoen het. Gepubliseerde IFVS openbaarmakingsvraelyste, soos toepaslik op 2002 finansiële jaareindes, van D&T (D&T, 2002) en PWC (PWC, 2002b) is gebruik as basis vir die ontwerp van 'n openbaarmakingsvraelys waarteen die geselekteerde maatskappye geëvalueer is.

Hoofstuk 5 bevat die besonderhede en uitkomste van die vraelys wat aan senior finansiële bestuur van die geïdentifiseerde maatskappye gestuur is.

In Hoofstuk 6 word 'n kritiese evaluering van al die geselekteerde maatskappye se verslagdoening ten opsigte van hulle 2003 jaareindes gedoen en hulle vlak van nakoming van IFVS is gemeet aan die voorstellings en uitkomste van die vraelyste wat vanaf die geïdentifiseerde verteenwoordigers van die maatskappye terugontvang is. Hierdie hoofstuk het verder sommige van die uitkomste van die vraelyste meer konkreet gemaak deur dit te koppel aan die resultate van die evaluasie van die 2003 jaarverslae.


Hoofstuk 7 bevat 'n bespreking van die EU se regulatoriese implementerings- en afdwingingsmeganismes tot die mate wat dit reeds op hierdie tydstip deur die EU gefinaliseer is. Dus sal die implikasies van nie-nakoming van IFVS deur maatskappye wat in die EU genoteer is, ook hier bespreek word. Daar word ook vergelykende inligting ten opsigte van nakomingsmeganismes soos toepaslik in die VK en Suid-Afrika bespreek.

Na gelang van inligting versamel, het Hoofstuk 8 ten doel om aan maatskappye en hul ouditeure leiding te gee oor die proses wat gevolg kan word ten einde 'n gladde oorgang na IFVS te verseker. Dit sal ook leiding gee oor welke algemene areas van nakoming van IFVS nog aandag moet kry ten einde te verseker dat die maatskappy teen 2005 aan die regulasies van die EU voldoen.

Die uitkomste van al die onderafdelings van die studie sal ook in hierdie hoofstuk geïntegreer word ten einde tot 'n gevolgtrekking te kom rakende die mate waartoe maatskappye, wat:

- primêr in Suid-Afrika genoteer en sekondêr in die EU genoteer is; en
- primêr in die VK en sekondêr in Suid-Afrika genoteer is

reeds aan IFVS voldoen. Daar word ook voorspellings gemaak rakende die gemak waarmee die geselekteerde maatskappye teen 2005 aan die vereiste van die EU sal kan voldoen en dus word daar ook 'n gevolgtrekking geformuleer ten opsigte van welke een van die twee geselekteerde groepe maatskappye met die grootste gemak aan die vereiste van die EU sal kan voldoen.



## HOOFSTUK 2

### VERGELYKING VAN SUID-AFRIKAANSE SAARP EN VK-AARP MET IFVS

#### 2.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is dit duidelik gemaak dat die invloed van verskille tussen verskillende stelle rekeningkundige standaarde en ook moontlike verskillende toepassings van dieselfde stel rekeningkundige standaarde die motiverende faktor vir hierdie studie was aangesien alle maatskappye wat enigsins in die EU genoteer is teen 2005 hul gekonsolideerde finansiële state ten volle in ooreenstemming met IFVS moet voorberei (Commission, 2001a:2).

Waar toepaslik word sodanige verskille in die rekeningkundige standaarde wat op die geselekteerde maatskappye van toepassing is in hierdie hoofstuk bespreek en daar word ook 'n bespreking gedoen ten opsigte van die impak van IFRS1 - "First-time Adoption of International Financial Reporting Standards" (IASB, 2004:47-126).

#### 2.2 VERSKILLE TUSSEN SUID-AFRIKAANSE SAARP EN IFVS

Met die aanvang van die studie het daar nog verskille, hoewel onbeduidend, tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS bestaan en op daardie stadium was 'n proses reeds onderweg om hierdie verskille uit die weg te ruim (World Bank, 2003:11). Sedertdien het die SAIGR gedurende 2004 reeds alle IFVS van die IASB ten volle aanvaar en dit in Suid-Afrika gepubliseer (IASB, 2004). Suid-Afrika gebruik dus nou die volledige stel rekeningkundige standaarde soos uitgereik deur die IASB en daar is dus geen verskille meer tussen IFVS en Suid-Afrikaanse SAARP nie, met die uitsondering van die 500-reeks van standaarde wat uniek is aan Suid-Afrika. Hierdie posisie was nog nie ten volle van toepassing op die gedetailleerde evaluasies wat in hierdie studie ten opsigte van die geselekteerde maatskappye se 2002 en 2003 finansiële jaareindes gedoen is nie.

#### 2.3 VERSKILLE TUSSEN VK-AARP EN IFVS

Die regulasie wat deur die EU aanvaar is, is direk toepaslik op die VK en die ASB

van die VK het voorgestel dat alle wysigings wat aan IFVS gemaak word net so geïnkorporeer word in VK-AARP. Dit is dus duidelik dat alle maatskappye wat in die VK genoteer en/of geregistreer is, almal in die rigting van oorskakeling na IFVS beweeg (D&T, 2003:3). Ten einde die oorskakeling na IFVS vlot te laat verloop is dit van belang dat hierdie maatskappye sal verstaan wat die aanpassings is wat hulle sal moet maak aan die SAARP wat hulle tans gebruik. Maatskappye wat in die VK genoteer is, is almal tans onderhewig aan die werking van VK-AARP en dus sal die verskille tussen VK-AARP en IFVS hier onder in Tabel 2.1 uiteengesit word ten einde die uitdagings van die aanpassing na IFVS uit te stip. Hierdie uiteensetting is nou geskoei op die gedetailleerde vergelykende studies wat D&T in 2003 (D&T, 2003) en PWC in 2001 (PWC, 2001) reeds uitgevoer het en waarvan hulle die uitkomst gepubliseer het en is van toepassing op die rekeningkundige standaarde soos dit op daardie stadiums van toepassing was.

**Tabel 2.1: Verskille tussen VK-AARP en IFVS**

IFVS	VK-AARP
<b>FINANSIËLE STATE</b>	
Die aanvanklike opstel van finansiële state in ooreenstemming met IFVS, word gereël deur IFRS1 – "First-time Adoption of International Financial Reporting Standards" (IASB, 2004:47–126) en spesifieke riglyne word in IFRS1.IN2 (IASB, 2004:51) gegee vir alle ondernemings wat eksplisiet en sonder voorbehoud onderneem om aan IFVS te voldoen.	Geen spesifieke riglyne nie, behalwe soos vervat in elke individuele standaard (PWC, 2001:2).
Die verslagdoeningsgeldeenheid is normaalweg dieselfde as die metingsgeldeenheid, maar ondernemings kan ook hul finansiële state aanbied in ander geldeenhede (PWC, 2001:2).	Dit is baie selde dat 'n ander geldeenheid as Sterling gebruik word (PWC, 2001:2).

IFVS	VK-AARP
<b>BESIGHEIDSAMEVOEGINGS</b>	
<p>Die poel-van-belange-metode word beperk tot maatskappye met gelyke eienskappe, maar dit is te wagte dat die gebruik van die metode totaal verbied sal word in die toekoms (D&amp;T, 2003:13). Gedurende 2004 is IFRS3 – "Business Combinations" (IASB, 2004:253–370) uitgereik en in terme van IFRS3.IN9 (IASB, 2004:259) word die poel-van-belange-metode nou nie meer toegelaat nie.</p>	<p>Die gebruik van die poel-van-belange-metode word beperk, maar tot 'n mindere mate as in IFVS (D&amp;T, 2003:13), (PWC, 2001:5).</p>
<p>Proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode van verantwoording kan gebruik word vir gesamentlike ondernemings (D&amp;T, 2003:13).</p>	<p>Proporsionele konsolidasie word glad nie toegelaat nie, maar slegs die bruto ekwiteitsmetode (D&amp;T, 2003:13). Hierdie metode behels dat die belegger se belang in die bruto bates, laste en omset van die gesamentlike onderneming op die gesig van die balansstaat en inkomstestaat getoon moet word (PWC, 2001:23).</p>
<p>Voorsienings vir sekere spesifieke herstruktureringkoste, wat met die besigheidsamevoeging gepaard gaan, word toegelaat (D&amp;T, 2003:13), en word spesifiek in IFRS3.24(b) verwoord (IASB, 2004:265).</p>	<p>Die skep van voorsienings vir koste wat verband hou met die besigheidsamevoeging word geensins toegelaat nie (D&amp;T, 2003:13).</p>

IFVS	VK-AARP
<b>BESIGHEIDSAMEVOEGINGS (vervolg)</b>	
<p>Daar is spesifieke riglyne in terme waarvan alle spesiale doel entiteite gekonsolideer moet word sodra die verhouding tussen die spesiale doel entiteit en die belegger beheer impliseer (D&amp;T, 2003:13).</p>	<p>Daar word verwys na die konsolidasie van kwasi-filiale (D&amp;T, 2003:13).</p>
<p>Die amortisasie van klandisiewaarde is verpligtend, maar dit word oorweeg om dit te verander na die wegdoening van amortisasie en die jaarlikse evaluering van klandisiewaarde met die oog op moontlike waardedalings (D&amp;T, 2003:13). Tot onlangs het die amortisasie van klandisiewaarde meestal plaasgevind oor 'n tydperk van nie meer as 20 jaar nie (PWC, 2001:5). Die uitreiking van IFRS3 – "Business Combinations" (IASB, 2004:253–370) het ook hier 'n invloed en in terme van IFRS3.IN15 (IASB, 2004:260) word klandisiewaarde nie meer amortiseer nie, maar wel jaarliks evalueer vir waardedaling.</p>	<p>Klandisiewaarde kan onbeperk gedra word, solank dit jaarliks geëvalueer word vir waardedalings. Die alternatiewe hantering laat die amortisasie van klandisiewaarde toe, maar slegs oor 'n tydperk van 20 jaar of minder (D&amp;T, 2003:13).</p>
<p>Aangekoopte ontasbare bates word gekapitaliseer en normaalweg geamortiseer oor 'n tydperk van nie meer as 20 jaar nie. Onder seldsame omstandighede word die herwaardasie van hierdie bates toegelaat (PWC, 2001:6).</p>	<p>Slegs aangekoopte ontasbare bates wat afsonderlik van die onderneming geïdentifiseer en betroubaar gemeet kan word, word afsonderlik erken. Dit gee aanleiding tot die erkenning van min ontasbare bates (D&amp;T, 2003:13).</p>



IFVS	VK-AARP
<b>FINANSIËLE INSTRUMENTE</b>	
<p>Alle afgeleide finansiële instrumente word erken in die balansstaat en alle veranderings in die billike waarde van sodanige instrumente word in die inkomstestaat erken (D&amp;T, 2003:13).</p>	<p>Riglyne vir die openbaarmaking en aanbieding van finansiële instrumente is uitgereik, maar daar is geen standaard t.o.v. die meting en erkenning van finansiële instrumente nie (D&amp;T, 2003:13).</p>
<p>Definitiewe reëls ten opsigte van dokumentasie en toetsing van doeltreffendheid van skanse bepaal of 'n item 'n skans is al dan nie, en ook hoe dit rekeningkundig verantwoord moet word (D&amp;T, 2003:13). Die ondoeltreffendheid ten opsigte van skanse van afgeleide instrumente is al wat direk in die inkomstestaat erken word, alle ander winste/verliese ten opsigte van skanse of die ondoeltreffendhede wat verband hou met nie-afgeleide instrumente word as deel van ekwiteit erken (PWC, 2001:9).</p>	<p>Daar is geen riglyne ten opsigte van die hantering van skanse nie (D&amp;T, 2003:13), behalwe dat die ondoeltreffendheid van skanse onmiddellik in die inkomstestaat erken word (PWC, 2001:9).</p>
<p>Die erkenning van beleggings word bepaal deur die klassifikasie daarvan. Indien die belegging gehou word tot verval of dit is 'n gegeneerde lening of debiteur, word dit gedra teen gearmorteerde koste, terwyl alle ander items gedra word teen billike waarde (D&amp;T, 2003:13).</p>	<p>Langtermyn beleggings word teen koste (min waardedalingsverliese) of herwaardeerde waardes gedra met enige surplusse ten opsigte van herwaardasie wat in die staat van totale erkende winste en verliese (STEWV) getoon word (D&amp;T, 2003:13).</p> <p>Korttermynbeleggings word gedra teen die laagste van kosprys en netto realiseerbare waarde of huidige koste (D&amp;T, 2003:13).</p>

IFVS	VK-AARP
<b>FINANSIËLE INSTRUMENTE (vervolg)</b>	
<p>Finansiële laste word erken in ooreenstemming met die wese van die aanspreeklikhede van die uitreiker daarvan. Omskepbare skuld word dus verdeel tussen ekwiteit en verpligtinge (D&amp;T, 2003:14). Wetlik aflosbare voorkeuraandele word ook geklassifiseer as deel van aanspreeklikhede (PWC, 2001:8).</p>	<p>Indien 'n instrument nie 'n aandeel is nie en daar bestaan 'n verpligting om ekonomiese voordele oor te dra word dit geklassifiseer as 'n aanspreeklikheid en dus word omskepbare skuld altyd as 'n verpligting hanteer (D&amp;T, 2003:14). Alle voorkeuraandele word geklassifiseer as nie-ekwiteit (PWC, 2001:8).</p>
<p>'n Finansiële bate word onderken sodra die entiteit beheer oor die bate verloor (D&amp;T, 2003:14).</p>	<p>Die erkenning van bates word geskoei op die risiko's en opbrengste daarvan met 'n fokus op die wese van die item eerder as net die wetlike vorm (D&amp;T, 2003:14).</p>
<b>WERKNEMERVOORDELE</b>	
<p>Onerkende aktuariële winste en -verliese aan die begin van 'n tydperk word nie erken indien dit nie groter is as die 10% korridor nie, terwyl daardie deel wat wel groter is as die 10% korridor erken word oor die verwagte gemiddelde werkslewe van deelnemende werknemers (D&amp;T, 2003:14). Die moontlikheid van versnelde erkenning van aktuariële winste en -verliese wat in 'n tydperk ontstaan, bestaan ook en word in IAS19.93 omskryf (IASB, 2004:937).</p>	<p>Alle aktuariële winste en -verliese word onmiddellik in die STEWV erken (D&amp;T, 2003:14).</p>

IFVS	VK-AARP
<b>UITGESTELDE BELASTING</b>	
Die erkenning van tydelike verskille word vereis en dit behels die verskille tussen die drabedrae van bates en laste en die belastingbasis van daardie selfde bates en laste (D&T, 2003:14).	Die erkenning van alle tydsberekennings-verskille word vereis, en hierdie verskille verteenwoordig die verskille tussen rekeningkundige- en belastingwins (D&T, 2003:14).
Voorsiening van uitgestelde belasting word vereis ten opsigte van herwaardeerde bates ongeag of die bate behou of verkoop gaan word en ook ongeag daarvan of enige vervangingsverligting geëis gaan word vir belastingdoeleindes (D&T, 2003:14).	Dit is ontoelaatbaar om uitgestelde belasting te voorsien ten opsigte van die herwaardasie van vaste bates, selfs indien verwag word dat die bate verkoop gaan word. By die verkoop van die bate sal uitgestelde belasting ook nie voorsien word as dit waarskynlik is dat vervangingsverligting verkry sal word nie (D&T, 2003:14).
Die verdiskontering van uitgestelde belastingbates en -laste word geensins toegelaat nie (D&T, 2003:14).	Entiteite word toegelaat, maar nie verplig nie, om langtermyn uitgestelde belastingbates en -laste te verdiskonteer ten einde die tydwaarde van geld te reflekteer (D&T, 2003:14).
<b>BELEGGINGSEIENDOMME</b>	
Beleggingseiendomme word teen óf kosprys min waardevermindering óf billike waarde met veranderinge in billike waarde wat in die inkomstestaat verantwoord word, gedra (D&T, 2003:14).	Beleggingseiendomme word gedra teen markwaarde en waardevermindering word nie voorsien nie. Verandering in markwaarde word geneem na die STEWV (D&T, 2003:14).

IFVS	VK-AARP
<b>VOORRAAD</b>	
<p>Vantevore was die gebruik van die eerste-in-eerste-uit-, laaste-in-eerste-uit-, of geweegde gemiddelde metodes van kostebepaling aanvaarbaar (PWC, 2001:7). Gedurende 2004 is IAS2 egter gewysig en die gebruik van die laaste-in-eerste-uit-metode is verbied in terme van IAS2.IN13 (IASB, 2004:613).</p>	<p>Laaste-in-eerste-uit-metode van kostebepaling word nie toegelaat nie (PWC, 2001:7).</p>
<b>STAATSTOEKENINGS</b>	
<p>Erken as uitgestelde inkomste en amortiseer oor gepaste tydperk of alternatiewelik is dit toelaatbaar om kapitaaltoekennings as 'n vermindering in die waarde van die toepaslike bate(s) aan te toon (PWC, 2001:7).</p>	<p>Soortgelyk aan IFVS, maar die afsetting van die toekenning teen die waarde van bates word nie toegelaat nie (PWC, 2001:7).</p>
<b>HURE</b>	
<p>Die klassifikasie van 'n huur hang daarvan af of daar oordrag was van die risiko's en vergoeding wat met eiendomsreg gepaard gaan, maar daar is geen 90%-reël nie (D&amp;T, 2003:14).</p>	<p>Die klassifikasie van 'n huur hang daarvan af of daar oordrag was van die risiko's en vergoeding wat met eiendomsreg gepaard gaan, maar daar is 'n weerlegbare aanname dat dit wel plaasgevind het indien die huidige waarde van die minimum huurpaaielemente 90% van die billike waarde van die bate oorskry (D&amp;T, 2003:14).</p>

IFVS	VK-AARP
<b>HURE (vervolg)</b>	
Indien 'n verkoop-en-terughuur transaksie aanleiding gee tot 'n bedryfshuur, behoort die wins uit die transaksie uitgestel en geamortiseer te word oor die duur van die huurkontrak (PWC, 2001:8).	Soortgelyk aan IFVS, maar die wins word geamortiseer oor hetsy die huurtermyn of die lewensduur van die bate, welke ook al die kortste is (PWC, 2001:8).
<b>BUITELANDSE VALUTA</b>	
Gebruik sluitingskoerse om die finansiële state van onafhanklike buitelandse entiteite om te reken en die gevolglike omrekeningsverskille word geneem na ekwiteit. By verkoop van sodanige entiteit word die kumulatiewe omrekeningsverskille geneem na die inkomstestaat ten einde deel te vorm van die totale wins/verlies met verkoop (D&T, 2003:15).	Gebruik sluitingskoerse om die finansiële state van onafhanklike buitelandse entiteite om te reken en die gevolglike omrekeningsverskille word geneem na die STEWV. Dit is nie toelaatbaar om hierdie omrekeningsverskille na die inkomstestaat te neem by die verkoop van so 'n entiteit nie (D&T, 2003:15).
Transaksies moet teen sigkoers te boek gestel word (D&T, 2003:15).	Transaksies kan te boek gestel word teen 'n kontraktueel vasgestelde wisselkoers (D&T, 2003:15).
<b>BUITENGEWONE ITEMS</b>	
Geen vereiste soos by VK-AARP, en dus word alle items ingesluit by bedryfswins (D&T, 2003:15).	Spesifieke items word geïdentifiseer en hulle moet as buitengewoon aangetoon word direk na bedryfswins/-verlies lynitem in die wins-/verliesrekening (D&T, 2003:15).

IFVS	VK-AARP
<b>BUITENGEWONE ITEMS (vervolg)</b>	
Die term "buitengewone item(s)" word glad nie gebruik nie, maar daar is wel 'n vereiste dat items na gelang van hulle omvang, aard en voorkoms moontlik afsonderlik openbaar moet word, ten einde die prestasie van die onderneming te verduidelik (D&T, 2003:15).	Sodanige items word in hetsy die aantekeninge of op die gesig van die finansiële state openbaar ten einde billike aanbieding tot gevolg te hê (D&T, 2003:15).
<b>BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE</b>	
Verwys na enige afsonderlik identifiseerbare komponent wat 'n beduidende deel van die onderneming verteenwoordig (PWC, 2001:10).	Slegs afsonderlik identifiseerbare komponente waarvan die beëindiging 'n wesenlike invloed het op die aard/fokus van die onderneming as geheel (PWC, 2001:10).
'n Ontleding van alle wesenlike bedrae van inkomste, uitgawes en wins voor belasting moet gedoen word tussen die voortgesette en beëindigde bedrywigheide. Daar word egter geen tydperk geplaas op die voltooiing van die beëindiging nie (D&T, 2003:15).	Omset en bedryfswins moet ontleed word tussen voortgesette en beëindigde bedrywigheide. Ten einde as beëindigde bedrywigheid geklassifiseer te word, moet die verkope of beëindiging reeds in die spesifieke verslagdoeningstydperk afgehandel wees (D&T, 2003:15).
<b>KONTANTVLOEISTATE</b>	
Kontantvloei word omskryf as die invloei of uitvloei van kontant of kontantekwivalente plus hoogs likiede beleggings. Kontantvloei word gerapporteer onder drie opskrifte (D&T, 2003:15).	Kontantvloei word omskryf as die toename of afname in kontant (beperk tot kontant voorhande plus deposito's min oortrokke saldo's). Kontantvloei word onder nege opskrifte gerapporteer (D&T, 2003:15).

IFVS	VK-AARP
<b>KONTANTVLOEIISTATE (vervolg)</b>	
Daar is geen gestipuleerde vrystellings van die voorbereiding van kontantvloeistate nie (PWC, 2001:3).	Sekere filiale en effektetrusts word uitgesluit van die vereiste voorbereiding van kontantvloeistate (PWC, 2001:3).
<b>SEGMENTVERSLAGDOENING</b>	
Primêre en sekondêre segmente word openbaar, met die openbaarmaking ten opsigte van primêre segmente wat meer uitgebreid is as die VK vereistes. Die identifisering van die verskillende segmente word bepaal deur die wyse waarop die onderneming bestuur word (D&T, 2003:15).	Openbaar omset, wins-/verlies voor belasting en netto bates per klas van sake- en geografiese markte. Die identifisering van die verskillende klasse van besigheid en geografiese markte word bepaal deur verskillende risiko's en opbrengste van die onderneming (D&T, 2003:15).
<b>AANBIEDING VAN WINS/VERLIES OF STEWV</b>	
Slegs 'n wins en verliesrekening word opgestel, met gerealiseerde winste wat daarin te boek gestel word, terwyl ongerealiseerde winste/-verliese binne die veranderinge in ekwiteit aangetoon word (D&T, 2003:16).	Twee state van prestasie word voorberei, die wins en verlies rekening en dan ook die STEWV. Gerealiseerde winste/-verliese word in die wins-/verliesrekening erken, terwyl ongerealiseerde winste/-verliese in die STEWV erken word (D&T, 2003:16).
<b>KONSOLIDASIES EN EKWITEITSVERANTWOORDING</b>	
Daar word eerder verwys na die vermoë om te beheer as die werklike uitoefening van beheer (D&T, 2003:16).	'n Entiteit moet gekonsolideer word sodra daar werklike uitoefening van dominante invloed is. Insgelyks word 'n geassosieerde ekwiteitsverantwoord sodra daar werklik beduidende invloed uitgeoefen word (D&T, 2003:16).

IFVS	VK-AARP
<b>AANDEELGEBASEERDE BETALINGS</b>	
<p>Daar was op hierdie stadium geen bestaande standaard wat hierdie aangeleentheid gereël het nie, maar slegs 'n konsep voorgestelde standaard wat nog nie effektief was nie (D&amp;T, 2003:16). Sedertdien het die IASB egter IFRS2 – "Share-based Payment" (IASB, 2004:127-251) uitgereik en die gevolg is dat aandeelgebaseerde betalings voortaan as uitgawe erken sal word teen die billike waarde van die ekwiteitsinstrument of die billike waarde van goedere of dienste ontvang op die datum van toekenning van hierdie voordele (Deloitte, 2004a:4).</p>	<p>Slegs die verskil tussen die uitoefeningswaarde en die markwaarde op die stadium wat so 'n voordeel toegestaan word, word erken as 'n inskrywing teen die wins-/verliesrekening (D&amp;T, 2003:16).</p>
<b>TUSSENTYDSE FINANSIËLE VERSLAGDOENING</b>	
<p>Nie 'n vereiste nie, maar daar moet aan standarde voldoen word, indien sodanige verslag voorberei word (PWC, 2001:10).</p>	<p>Vereiste vir genoteerde entiteite en die Londense Effektebeurs skryf die minimum vereistes van sodanige verslagdoening voor (PWC, 2001:10).</p>

Uit bostaande tabel is dit dus duidelik dat daar beduidende verskille is tussen IFVS en VK-AARP. Dit is dus te wagte dat maatskappye wat in die VK genoteer is en voldoen aan VK-AARP sorgvuldig te werk sal moet gaan ten einde die suksesvolle oorskakeling na IFVS te verseker.

#### **2.4 DIE IMPAK VAN DIE VERBETERINGSPROJEK**

Die verbeteringsprojek, soos aangevoer deur die IASB, het nie 'n groot direkte impak op enige van die VK-AARP nie. Dit is wel bekend dat die ASB van die VK beplan om nuwe standarde vir die VK uit te reik gebaseer op die beginsels van IFVS. Hierdie



voorstel is aan lede van die ASB gemaak en terugvoer is verlang, maar uitsluitel is nog nie gegee nie (ASB, 2004:1).

Die verbeteringsprojek van die IASB behels dat wysigings of verbeterings aan vyftien bestaande rekeningkundige standaarde aangebring is (Deloitte, 2004b:1). Die doel hiervan was om oorbodighede en alternatiewe rekeningkundige hanterings uit die weg te ruim, beter sinkronisasie tussen verskillende bestaande standaarde te bewerkstellig en ook om enige ander verbeterings aan die standaarde aan te bring wat nodig was (IASB webtuiste, 2004).

Hierdie verbeteringsprojek en die uitwerking van die voorgestelde wysigings wat aanvanklik by wyse van 'n besprekingsdokument, "Exposure Draft of Proposed Improvements to International Accounting Standards" (ED) (IASB, 2002a) gepubliseer is alvorens dit in die bestaande standaarde geïntegreer is, het wel 'n invloed op bostaande inligting gehad. Met betrekking tot voorraad het die ED voorgestel dat weggedoen word met die laaste-in-eerste-uit metode van verantwoording. Hier is IFVS en VK-AARP dus nou, na implementering van die veranderings aan IAS2 – "Inventories" (IASB, 2004:609–629) in ooreenstemming met mekaar (ASB, 2003:1).

IAS8 – "Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors" (IASB, 2004:653–686) is ook aangepas in die opsig dat die onderskeid wat voorheen tussen fundamentele foute en ander wesenlike foute getref is nou verwyder is en dat alle foute gevolglik reggestel moet word deur herstatering van die finansiële state. VK-AARP tref egter hier steeds 'n onderskeid tussen verskillende kategorieë van foute en herstatering word slegs vereis vir die regstelling van fundamentele foute (ASB, 2003:1-2).

Die ASB het in Oktober 2003 'n nuusbrieff publiseer waarin hulle die verskille tussen die aangepaste IFVS op daardie stadium vergelyk met die VK-AARP soos dit op daardie tydstep van toepassing was (ASB, 2003:1-3). Hierdie nuusbrieff lig spesifieke areas waar IFVS en VK-AARP verskil uit en dit word vervolgens bespreek.

#### **2.4.1 Eiendom, aanleg en toerusting**

IAS16 – "Property, Plant and Equipment" (IASB, 2004:819–853) vereis dat indien een bate vir 'n ander verruil word die waarde van die bate wat verkry word, gelyk sal

wees aan die markwaarde van die bate, met die gevolg dat 'n wins/verlies met die afstanddoening van die ander bate erken sal word. In die geval waar dit nie moontlik is om die billike waarde van die bate te bepaal nie of die transaksie het nie voldoende kommersiële substansie nie, word die bate wat verkry is gedra teen die drabedrag van die bate wat prysgegee is. Die kommersiële substansie van 'n transaksie behels dat die transaksie 'n beduidende invloed sal hê op toekomstige kontantvloei. VK-AARP sluit geen sodanige bepalings in nie (ASB, 2003:2).

Beide IFVS en VK-AARP bepaal dat reswaardes ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting bepaal moet word. IFVS bepaal dat hierdie reswaardes bepaal word aan die hand van huidige pryse. IFVS bepaal ook verder dat sodra die reswaarde gelyk is aan die drabedrag of die drabedrag oorskry, die waardevermindering per jaar verander moet word na nul. VK-AARP aan die ander kant bepaal dat pryse soos op verkrygingsdatum of by die mees onlangse waardasie gebruik word en dat die verhoging in reswaardes oor die algemeen eerder reflekteer word as deel van wins/verlies met die verkoop van die bate as om dit deur middel van veranderings in waardevermindering te hanteer (ASB, 2003:2).

In soverre dit die verantwoording vir hure aangaan bepaal IFVS dat indien 'n eiendom die onderwerp van 'n huurooreenkoms is, die grond en gebou afsonderlik evalueer word en dat die huur van die grond waarskynlik as bedryfshuur klassifiseer word. Die huur van die gebou kan as óf bruikhuur óf bedryfshuur verantwoord word, na gelang van of eiendomsreg aan die einde van die huurtermyn aan die huurder oorgedra word. VK-AARP vereis geen sodanige onderskeid of afsonderlike evaluering van die komponente van die huur nie. Die wyse waarop inkomste uit bruikhure verantwoord word verskil ook in die sin dat IFVS gebruik maak van 'n voorbelaste metode, terwyl VK-AARP 'n nabelaste metode voorskryf. Die openbaarmakingsvereistes van IFVS is ook meer uitgebrei tot die mate wat IFVS vereis dat besonderhede van toekomstige minimum huurbetalings openbaar word vir 'n tydperk van tot vyf jaar na die einde van die verslagdoeningstydperk, terwyl VK-AARP slegs inligting ten opsigte van 'n enkele jaar na die einde van die verslagdoeningstydperk vereis (ASB, 2003:2).

#### **2.4.2 Buitelandse valuta**

IAS21 – "The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates" (IASB, 2004:1021–1051) bepaal dat die inkomstestaat van 'n buitelandse filiaal omgerekend word teen die gemiddelde wisselkoers vir die tydperk, terwyl VK-AARP toelaat dat die omrekening teen sluitingskoerse gedoen word. Die IFVS bepaal verder dat die klandisiewaarde wat ontstaan by die verkryging van die filiaal, hanteer word as deel van die filiaal se bates en as sulks omgerekend word teen sluitingskoers. VK-AARP bevat egter geen riglyne in hierdie verband nie. Verder bepaal IAS21 (IASB, 2004:1021–1051) dat indien daar enige valutaverskille ten opsigte van buitelandse entiteite is wat voorheen as deel van ekwiteit erken is, hierdie valutaverskille in die inkomstestaat erken word gedurende die verslagdoeningstydperk waarbinne die wins/verlies met verkoop van die filiaal erken word. VK-AARP laat glad nie hierdie hantering toe nie (IASB, 2003:2-3).

#### **2.4.3 Verwante party transaksies**

IAS24 – "Related Party Disclosures" (IASB, 2004:1061–1076) vereis dat transaksies per tipe transaksie wat tussen verwante partye plaasgevind het openbaar word, alhoewel die name van die verwante partye nie openbaar hoef te word nie. VK-AARP vereis weer die openbaarmaking van die name van die verwante partye en verder word filiale wat 90% of meer beheer word vrygeskeld van die openbaarmaking van besonderhede van transaksies met ander entiteite in die groep, terwyl IFVS geen sodanige vrystelling maak nie (IASB, 2003:3).

#### **2.4.4 Beleggings in geassosieerdes**

In terme van IAS28 – "Accounting for Investments in Associates" (IASB, 2004:1119–1140) sal die beleggermaatskappy net sy proporsionele deel van die verliese van 'n geassosieerde erken indien verpligtinge namens die geassosieerde opgeloop is of betalings namens die geassosieerde gemaak is of gemaak sal word. VK-AARP vereis weer spesifiek dat die totale proporsionele deel van die netto laste van die geassosieerde erken moet word tensy die beleggermaatskappy kan bewys dat hy hom onttrek het as geassosieerde tot hierdie belegging (IASB, 2003:3).

#### **2.4.5 Beleggingseiendom**

IAS40 – "Investment Property" (IASB, 2004:2005–2052) laat 'n maatskappy met die keuse of hul beleggingseiendomme teen kosprys min opgehoopte waardevermindering en waardedalings wil dra of teen billike waarde. Indien hulle die billike waarde model kies, word die veranderinge in billike waarde in die inkomstestaat erken. VK-AARP vereis dat beleggingseiendomme teen ope markwaarde gedra word en dat veranderinge in daardie waarde erken word in die STEWV, behalwe tot die mate wat daar permanente dalings benede die koste van die eiendom is of enige terugskrywings van sodanige dalings in welke geval daardie aanpassings in die wins en verliesrekening erken word (ASB, 2003:3).

#### **2.4.6 Gebeure na balansstaatdatum**

Ten opsigte van gebeure wat na die balansstaatdatum plaasvind, bepaal IAS10 – "Events After the Balance Sheet Date" (IASB, 2004:687–700) dat indien 'n dividend na jaareinde verklaar is, daardie dividend nie voorsien mag word in daardie verslagdoeningstydperk nie, maar in die volgende verslagdoeningstydperk. VK-AARP pas die reëls betreffende die tydsberekening van die voorsiening van dividende nie so streng toe nie (ASB, 2003:2) en gevolglik voorsien die VK maatskappye dividende al is dit na jaareinde voorgestel en selfs nog nie verklaar nie.

#### **2.4.7 Hure**

SIC15 – "Operating Leases – Incentives" (IASB, 2004:2121–2124) vereis dat aansporingsvoordele ten opsigte van bedryfshure deur beide die huurder en die verhuurder oor die huurtydperk erken word as 'n vermindering in onderskeidelik die huuruitgawe en –inkomste. VK-AARP beveel aan dat hierdie voordele oor die kortste van die huurtydperk of die tydperk tot die datum waarvanaf die huurder die normale markverwante huur sal betaal, versprei word (ASB, 2003:2).

### **2.5 DIE IMPAK VAN DIE AANVANKLIKE TOEPASSING VAN IFVS**

Ten opsigte van die eerste keer toepassing van IFVS deur 'n verslagdoenende entiteit het die IASB IFRS1 – "First-time Adoption of International Financial Reporting

Standards" (IASB, 2004:47–126) uitgereik ten einde vir die maatskappye waarop hierdie posisie van toepassing is, voldoende leiding te bied oor die werkswyse wat gevolg moet word in die eerste finansiële state waarin daar onomwonde gestel word dat aan IFVS voldoen word (Deloitte, 2004b:1).


IFRS1 (IASB, 2004:47-126) stel as algemene beginsel dat alle IFVS wat effektief is op die verslagdoeningsdatum terugwerkend toegepas moet word vanaf die datum waarop die IFVS balansstaat voorberei is. Hierdie balansstaat word in terme van IFRS1 (IASB, 2004:47-126) voorberei op die eerste dag van die vergelykende tydperk waarvoor verslag gedoen word. Die idee is dus nie dat die finansiële state opgestel word asof die onderneming nog altyd aan IFVS voldoen het nie, maar eerder om vergelykbaarheid tussen die spesifieke entiteit se twee (of meer) verslagdoeningstydperke te bewerkstellig, en ook om vergelykbaarheid te bewerkstellig tussen verskillende entiteite wat almal in die posisie is waar hulle vir die eerste keer finansiële state in ooreenstemming met IFVS voorberei (Deloitte, 2004b:4).

Terugwerkende toepassing van IFVS word dus vereis tot by die datum van die IFVS balansstaat, maar IFRS1 (IASB, 2004:47-126) bevat 'n aantal vrywillige en ook 'n aantal verpligte vrystellings van hierdie terugwerkende toepassing. Die entiteit wat gevolglik vir die eerste keer finansiële state in ooreenstemming met IFVS opstel behoort deeglik oorweging te skenk aan die moeite en koste verbonde aan terugwerkende toepassing en moet ook daaroor besin of die terugwerkende aanpassings betroubaar bereken sal kan word alvorens hul dus ten opsigte van vrywillige vrystellings besluit om daardie vrystellings te benut al dan nie (Deloitte, 2004b:11). Die verpligte vrystellings van terugwerkende toepassing van IFVS hou verband met ontkenning van finansiële bates en laste, verskansingsrekeningkunde, die gebruik van rekeningkundige ramings en die verantwoording van bates wat geklassifiseer word as gehou vir verkoop en beëindigde bedrywighede (Deloitte, 2004b:12).

Hierdie vrystellings is binne IFRS1 (IASB, 2004:47-126) vervat aangesien die IASB ook oorweging geskenk het aan die tyd en koste wat gepaard gaan met die terugwerkende aanpassing van finansiële rekords ten einde daardie rekords in ooreenstemming met IFVS te bring (Deloitte, 2004b:11).

## 2.6 GEVOLGTREKKING

Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat Suid-Afrikaanse SAARP dieselfde is as IFVS, met die uitsondering van die 500-reeks van standarde wat uniek is aan Suid-Afrika, en dat VK-AARP steeds beduidende verskille van IFVS bevat. Die maatskappye wat vir die eerste keer finansiële state in terme van IFVS voorberei kry egter omvattende en duidelike riglyne vir die wyse waarop te werk gegaan moet word binne IFRS1 – "First-time Adoption of International Financial Reporting Standards" (IASB, 2004:47–126). Die doel van IFRS1 (IASB, 2004:47-126) is om die oorgang na IFVS teen 2005 te vergemaklik (Deloitte, 2004b:4).



## **HOOFSTUK 3**

### **METODIEK VAN DIE STUDIE**

#### **3.1 INLEIDING**

Hierdie studie behels 'n sistematiese evaluasie van die mate waartoe twee groepe dubbelgenoteerde maatskappye voldoen aan IFVS. Die proses van die studie en die metodiek van elke fase word in hierdie hoofstuk uiteengesit.

#### **3.2 PROSES VAN DIE STUDIE**

##### **3.2.1 Vergelyking tussen rekeningkundige standaarde**

'n Vergelykende studie is tussen VK-AARP en IFVS gedoen. Hierdie studie is gedoen met behulp van reeds gepubliseerde dokumentasie en studies soos uitgereik deur twee van die gerespekteerde ouditeursfirmas, by name D&T en PWC. Hierdie publikasies is bestudeer en die aangeleenthede wat deur die onderskeie firmas identifiseer is, is geïntegreer ten einde een enkele dokument daar te stel wat die hoofverskille tussen die twee stelle rekeningkundige standaarde opsom. Dit is ook aangevul met inligting wat die ASB van die VK in Oktober 2003 geïdentifiseer het as die hoofverskille wat op daardie stadium nog bestaan het tussen IFVS en VK-AARP. Hierdie verskille is uiteengesit in Hoofstuk 2 van hierdie studie.

Aanvanklik is beoog om 'n soortgelyke oefening uit te voer ten einde die verskille tussen IFVS en Suid-Afrikaanse SAARP uit te lig, maar in die loop van die studie het die SAIGR alle IFVS aanvaar en gevolglik is Suid-Afrikaanse SAARP nou identies aan IFVS en word dit in wese totaal vervang deur IFVS. Daar bestaan dus geen verskille meer tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS nie.

##### **3.2.2 Evaluasie van 2002 finansiële state**

Die 2002 jaarverslae van die twee groepe geselekteerde maatskappye is van hul onderskeie oordragsekretarisse of maatskappysekreterisse aangevra.

Die finansiële state van die twee groepe maatskappye is afsonderlik evalueer vir nakoming van IFVS, deur gebruik te maak van 'n universele openbaarmakings-



vraelys as aanduider van nakoming, al dan nie, van IFVS. Die openbaarmakingsvraelys is op IFVS, wat vir die geselekteerde maatskappye van toepassing sou wees in hulle 2002 finansiële jare, gebaseer. Die evaluasie is teen die vereistes van IFVS gedoen aangesien dit die leemtes in 'n maatskappy se verslagdoening op 'n spesifieke tydstop uitlig.

Hierdie vraelys is geformuleer deur gebruik te maak van PWC se IFVS openbaarmakingsvraelys vir 2002 (PWC, 2002b) en is aangevul met bykomende inligting soos verkry uit die IFVS openbaarmakingsvraelys van D&T vir 2002 (D&T, 2002).

Die volledige openbaarmakingsvraelys, met resultate, soos dit gebruik is ten opsigte van die eerste groep maatskappye is vervat in Bylaag D, terwyl die volledige openbaarmakingsvraelys, met resultate, soos dit gebruik is ten opsigte van die tweede groep maatskappye vervat is in Bylaag F. Kommentaar ten opsigte van hierdie gedetailleerde openbaarmakingsvraelys is vir die twee groepe respektiewelik in Bylae E en G vervat.

Hoewel die gebruik van 'n openbaarmakingsvraelys as maatstaf vir die nakoming van rekeningkundige standaarde nie noodwendig alle aangeleenthede rondom die moontlike nie-nakoming van standaarde in die rekeningkundige verantwoordingsproses van transaksies identifiseer nie, is dit steeds as toepaslike maatstaf beskou aangesien die jaarverslag van 'n maatskappy deur onafhanklike gebruikers bestudeer word en daardie gebruikers hul eie gevolgtrekkings kan maak aangaande 'n spesifieke maatskappy se vlak van nakoming van rekeningkundige standaarde. Onafhanklike gebruikers van finansiële state en aandeelhouers van maatskappy gebruik finansiële state as enigste kommunikasiemedium tussen die bestuur van die maatskappy en hulself (Thorell en Whittington, 1994:215).

'n Aannee onderliggend aan die gebruik van die evalueringsvraelys ten opsigte van die nakoming, al dan nie, van IFVS is dat indien 'n maatskappy in geen afdeling van die jaarverslag enige aanduiding gee dat 'n spesifieke aangeleentheid op hul jaarverslag van toepassing is nie, is die aangeleentheid glad nie op die maatskappy van toepassing nie. Die moontlikheid bestaan dus dat alhoewel daar geen aanduiding is in die finansiële state van 'n maatskappy dat 'n spesifieke IFVS op daardie maatskappy van toepassing is nie, dit inderdaad wel op daardie maatskappy



van toepassing kan wees en dat die maatskappy in gebreke gebly het om enige besonderhede te openbaar.

Besonderhede van die evaluasie van die 2002 finansiële state van die geselekteerde maatskappye is vervat in Hoofstuk 4.

### **3.2.3 Samestelling van vraelys**

Na afloop van die evaluering van die geselekteerde maatskappye se 2002 finansiële state vir nakoming van IFVS is 'n vraelys aan die mees toepaslike persoon binne elk van die maatskappye gestuur. Ten einde vas te stel wie die mees toepaslike persoon is om 'n vraelys te voltooi ten opsigte van elke maatskappy se proses van oorskakeling en vordering in daardie proses na IFVS, is met elk van die maatskappye se maatskappy-sekretarisse geskakel.

'n Standaard vraelys is geformuleer wat aan elkeen van die genomineerde persone gestuur is. Hierdie vraelys het ten doel gehad om vas te stel wat elk van die geselekteerde maatskappye, in beide die eerste en die tweede groep, se eie siening is van hul vordering in die proses van oorskakeling na IFVS en ook om vas te stel wat die mees algemene probleme is wat hulle in die proses ervaar of ervaar het (in die geval van maatskappye wat reeds ten volle oorgeskakel het na IFVS).

Die vraelys is geformuleer deur te let op verskeie potensiële probleemareas wat 'n maatskappy moontlik kan ervaar in die proses van oorskakeling en ook na aanleiding van terugvoer wat PWC in 2002 gekry het uit 'n opname wat in Europa gedoen is (PWC, 2002a).

Die vraelys en die statistiese ontleding van die terugvoer wat ontvang is, ten einde moontlike tendense of gemeenskaplike faktore tussen die respondente te identifiseer, is vervat in Bylaag H.


Uitkomstes van die vraelys is bespreek in Hoofstuk 5.

### **3.2.4 Evaluasie van 2003 finansiële state**

Hierdie proses is soortgelyk aan die proses van die evaluasie van die 2002 finansiële state van die geselekteerde maatskappye. Die evaluasie is egter gedoen aan die

hand van 'n aangepaste openbaarmakingsvraelys. Hierdie openbaarmakingsvraelys is opgestel aan die hand van PWC se 2004 openbaarmakingsvraelys (PWC, 2004) en neem dus 'n meer futuristiese benadering in dié sin dat die 2003 finansiële state gemeet word aan 'n stel IFVS wat nie noodwendig in 2003 reeds van toepassing was nie, maar wel op die 2004 finansiële jare van toepassing sal wees vir die voorbereiding van daardie jaar se finansiële state. Die doel hiervan is tweeledig. Eerstens word elke maatskappy se vordering in die nakoming van IFVS evalueer en tweedens word moontlike leemtes in elke maatskappy se jaarverslag identifiseer. Hierdie leemtes is hoofsaaklik ten opsigte van IFVS wat nog nie in 2003 van toepassing was nie, maar wat in 2004 vir die geselekteerde maatskappye brandpunte sal wees. Elk van die geselekteerde maatskappye behoort te poog om reeds hierdie leemtes ten volle te vul in hulle 2004 finansiële state ten einde hul mikpunt te haal om teen 2005 verslag te kan doen dat hul finansiële state ten volle in ooreenstemming met IFVS voorberei is, wat die volle nakoming van IFVS reeds in die 2004 finansiële jaar impliseer.

'n Bespreking van die 2003-evaluasie is in Hoofstuk 6 gedoen met die gedetailleerde openbaarmakingsvraelyste ten opsigte van die eerste en tweede groep maatskappye wat in onderskeidelik Bylae I en K vervat is. Kommentaar ten opsigte van hierdie gedetailleerde openbaarmakingsvraelyste is in Bylae J en L onderskeidelik vervat.



### **3.2.5 Motivering vir nakoming van IFVS**


Hierdie deel van die studie, wat in Hoofstuk 7 vervat is, fokus op die aspekte wat 'n maatskappy sal aanspoor en motiveer om wel ten volle teen 2005 aan IFVS te voldoen. Hierdie aangeleenthede is identifiseer deur 'n studie te maak van die voorgestelde afdwingingsliggame wat reeds in werking is of wat in werking gestel sal word ten einde die nakoming van IFVS te verseker en te monitor asook die moontlike gevolge wat die nie-nakoming van IFVS vir 'n maatskappy kan inhou.

### **3.2.6 Gevolgtrekking**

Hierdie deel van die studie, soos uiteengesit in Hoofstuk 8, vat die uitkomst van die studie effektief saam. Deur die evalueringsproses wat gevolg is en die uitkomst

daarvan wat bespreek is in Hoofstuk 4 en Hoofstuk 6 kry maatskappye 'n aanduiding van die mate waartoe hul finansiële state aan IFVS voldoen.

Daar word verder op grond van die uitkomst van die verskillende afdelings van die studie tot 'n gevolgtrekking gekom oor welke van die twee groepe maatskappye met die grootste gemak volledig sal kan oorskakel na IFVS teen 2005.



## HOOFSTUK 4

### EVALUASIE VAN 2002 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE TEEN IFVS

#### 4.1 INLEIDING

In Hoofstuk 2 is die verskille tussen IFVS en VK-AARP uitgelig. Verskille tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS is nie bespreek nie aangesien enige verskille wat vantevore wel bestaan het, in die harmoniseringsproses van Suid-Afrikaanse SAARP met IFVS elimineer is. Dit is egter wel steeds nuttig om te bepaal tot watter mate die eerste groep maatskappye reeds in 2002 aan IFVS voldoen het en ook om met behulp van 'n gedetailleerde IFVS openbaarmakingsvraelys vas te stel wat die invloed van die verskille tussen IFVS en VK-AARP op die openbaarmaking van die tweede groep maatskappye is.

#### 4.2 PROSES VAN EVALUERING VAN NAKOMING VAN IFVS

Die openbaarmakingsvraelyste van PWC en D&T soos uitgereik in 2002 (PWC, 2002b) (D&T, 2002) is gebruik om 'n universele openbaarmakingsvraelys op te stel ten einde as basis te dien vir die evaluasie van die mate waartoe die geïdentifiseerde maatskappye se finansiële state aan IFVS voldoen. Hierdie proses het ten doel om leemtes in die geselekteerde maatskappye se nakoming van IFVS te identifiseer. Die volledige openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde aantekeninge ten opsigte van die evaluasie van die 2002 finansiële state van beide die eerste en die tweede groep maatskappye is ingesluit in Bylae D tot G. Areas waar drie of meer van die eerste groep maatskappye in gebreke gebly het om aan die vereistes te voldoen word hier onder uitgelig, hoewel melding ook gemaak is van gevalle waar 'n spesifieke vereiste moontlik op minder as drie maatskappye van toepassing was en waar die gevolglike nie-nakoming van die vereiste deur 'n enkele maatskappy 'n beduidende voorkoms van sodanige nie-nakoming verteenwoordig.

Aangesien die tweede groep maatskappye heelwat kleiner is, word gekyk na die aantal maatskappye waarop 'n spesifieke standaard of omstandigheid van toepassing is alvorens besluit is om die gebrekkige areas van openbaarmaking te bespreek, al dan nie. Indien 'n standaard of aspek van 'n standaard byvoorbeeld

slegs op twee van die nege maatskappye van toepassing was en een van die twee maatskappye het in gebreke gebly om die nodige openbaarmaking te doen, sal daardie gebreke bespreek word aangesien dit 'n nie-nakoming van 50% verteenwoordig.

### **4.3 UITKOMS VAN EVALUERING**

Hierdie inligting is per onderwerp gegroepeer ten einde 'n geheelbeeld te skep van die moontlike gebreke wat bestaan ten opsigte van die nie-nakoming van IFVS.

#### **4.3.1 Eerste groep maatskappye**

##### **4.3.1.1 Algemene aanbieding**

Van die twintig geselekteerde maatskappye is een maatskappy se finansiële state opgestel in ooreenstemming met KAARB, agt in terme van IFVS en ook Suid-Afrikaanse SAARP, sewe in terme van slegs Suid-Afrikaanse SAARP en twee slegs in terme van IFVS. Een maatskappy se rekeningkundige beleid stel dit dat die finansiële state in ooreenstemming met IFVS opgestel is terwyl die ouditverslag aantoon dat dit in terme van Suid-Afrikaanse SAARP gedoen is. Een ander maatskappy voer in hul rekeningkundige beleidsaantekeninge aan dat die finansiële state in terme van IFVS asook Suid-Afrikaanse SAARP opgestel is, terwyl die ouditverslag slegs aantoon dat die finansiële state aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen.

In terme van IAS10.16 (IASB, 2002b:10-10) word vereis dat maatskappye saam met die datum van goedkeuring van die finansiële state moet vermeld of die eienaars van die entiteit of enige ander party enigsins na daardie datum die reg het om die finansiële state te verander, indien hulle wel oor so 'n reg beskik. Geen van die geselekteerde maatskappye het enigsins so 'n feit vermeld nie.

IAS1.102(d) (IASB, 2002b:1-38) vereis dat 'n maatskappy die aantal werknemers aan die einde van die periode, of die gemiddeld vir die tydperk moet openbaar indien dit nie iewers anders in inligting, wat saam met die finansiële state gepubliseer is, openbaar is nie. Elf van die twintig maatskappye het glad nie hierdie inligting openbaar nie.


#### **4.3.1.2 Ontleding van uitgawes volgens aard of funksie**

Vier van die maatskappye het glad nie personeelkoste afsonderlik openbaar nie. Een ander maatskappy het wel 'n personeelkoste-item op 'n netto-grondslag openbaar met 'n waarde van nul. Geen besonderhede is egter openbaar ten opsigte van die samestelling van daardie item nie.

#### **4.3.1.3 Buitelandse valuta**

Al die maatskappye het transaksies aangegaan in buitelandse geldeenhede of het beleggings in buitelandse maatskappye. Twee maatskappye het geen rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van die hantering van transaksies of die omrekening van saldo's wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer was nie. Twee maatskappye het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van die omrekening van saldo's openbaar, maar nie ten opsigte van die teboekstelling van transaksies nie.

Nege maatskappye het nie die waarde van buitelandse valutaverskille wat gedurende die tydperk onder oorsig as deel van wins of verlies erken is, openbaar nie.



#### **4.3.1.4 Staatstoekennings**

Slegs twee van die geselekteerde maatskappye het staatstoekennings ontvang. Beide maatskappye het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van staatstoekennings openbaar, maar nie een van die twee het 'n aanduiding gegee van die metode van aanbidding wat gevolg is in die finansiële state nie. Geen verdere gedetailleerde openbaarmaking is in hierdie verband deur enige van die twee maatskappye gedoen nie. IAS20.39(b) – 20.39(c) (IASB, 2002b:20-11) vereis dat indien 'n maatskappy staatstoekennings ontvang, die aard en omvang van daardie staatstoekennings openbaar moet word. Verder behoort die entiteit ook te openbaar of hulle baat vind by enige ander vorm van staatsbystand en of daar enige vereistes is, ten opsigte van staatstoekennings wat hul reeds erken het, wat hulle nie nagekom het nie.

#### **4.3.1.5 Leenkoste**

Sewe van die twintig maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van leenkoste openbaar nie, hoewel van die ander aantekeninge tot die finansiële state op die bestaan van leenkoste dui. Veertien van die twintig maatskappye het leenkoste gedurende die tydperk onder oorsig gekapitaliseer. Vyf van hierdie maatskappye het nie aangetoon hoeveel leenkoste gedurende die jaar gekapitaliseer is nie en twaalf het glad nie die koers waarteen leenkoste gekapitaliseer is openbaar nie.

#### **4.3.1.6 Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings**

Elf maatskappye het beleggings in ekwiteitsverantwoorde geassosieerdes of gesamentlike ondernemings gehad. Vyf van hierdie maatskappye het glad nie die ekwiteitsverantwoorde winste of verliese uit daardie beleggings op die gesig van die inkomstestaat aangetoon nie. Een maatskappy het dit in die aantekeninge tot die inkomstestaat openbaar as deel van beleggingsinkomste. Een ander maatskappy het wel die ekwiteitsverantwoorde wins op die gesig van die inkomstestaat openbaar, maar na "wins na belasting", terwyl dit ideaal ingesluit moes wees by "wins voor belasting".



Vyf maatskappye het nie die ekwiteitsverantwoorde beleggings as afsonderlike lynitems op die gesig van die balansstaat openbaar nie.

'n Maatskappy behoort aan te toon of die klandisiewaarde ten opsigte van die verkryging van 'n belegging in 'n geassosieerde ingesluit is by die drabedrag. Vyf maatskappye het geen so 'n aanduiding gegee nie.

#### **4.3.1.7 Beëindigde bedrywighede**

Drie maatskappye het oënskynlik gedurende die jaar beëindigde bedrywighede gehad. Een van die maatskappye het slegs daarna verwys in die direkteursverslag en geen verdere openbaarmaking is in hierdie verband gedoen nie. Hierdie maatskappy word uitgesluit by enige van die volgende bevindings ten opsigte van beëindigde bedrywighede.

Een maatskappy het nie 'n beskrywing van die beëindigde bedrywigheid aangebied nie en geen van die twee maatskappye het vermeld binne welke sake- of geografiese segment die beëindigde bedrywigheid sou ressorteer nie. Die een maatskappy het nie die aanvangsdatum van die beëindigingsproses openbaar of die tydperk waarbinne die proses na verwagting voltooi sou wees nie. Daardie maatskappy het ook nie die waarde van die wins of verlies toeskryfbaar aan die bedrywigheid en wat ingesluit was by die inkomstestaat, vir die tydperk onder oorsig afsonderlik identifiseer nie en ook nie die waarde van bates en laste toeskryfbaar aan die bedrywigheid soos op daardie balansstaatdatum nie. Net so is die kontantvloei ten opsigte van die beëindigde bedrywigheid nie afsonderlik onderskei volgens kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite nie. Die ander maatskappy se openbaarmaking is dienooreenkomstig gebrekkig en dit is nie moontlik om uit die gegewe inligting te bepaal of die beëindiging ten opsigte van die bedrywigheid binne daardie entiteit, moontlik al die vorige jaar 'n aanvang geneem het en slegs in die jaar onder oorsig afgehandel is nie.

#### **4.3.1.8 Hure**

Sestien maatskappye het wel hure en dertien het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van hure openbaar. Twee van hierdie maatskappye het hul rekeningkundige beleid ten opsigte van bruikhure ingesluit by hul rekeningkundige beleid ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting en hulle het geen afsonderlike rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van die hantering van bedryfshure nie, hoewel die aantekeninge tot die inkomstestaat wel dui op die bestaan van bedryfshure. Soos by klandisiewaarde en ander ontasbare bates is dit hier ook bevind dat sommige maatskappye steeds 'n rekeningkundige beleid ten opsigte van hure openbaar, hoewel daar niks verder in die finansiële state of aantekeninge tot die finansiële state is wat dui op die bestaan van hure nie.

IAS17.23(a) (IASB, 2002b:17-15) vereis dat die drabedrag van enige bates onder bruikhuur afsonderlik openbaar moet word volgens bateklas. Tien van die maatskappye het wel bruikhure gehad en slegs drie van die maatskappye het hierdie openbaarmaking gedoen. Vyf van die maatskappye het glad nie die openbaarmaking



gedoen nie en drie van die maatskappye het wel die drabedrag van sodanige bates openbaar, maar nie per bateklas nie.

Huurders behoort die totale minimum huurbetalings, ten opsigte van bruikhure, op die balansstaatdatum te openbaar sowel as die huidige waarde daarvan vir elk van die tydperke:

- tot een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar, maar nie langer as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- meer as vyf jaar na die balansstaatdatum.

Vier maatskappye het nie die minimum huurbetalings en die huidige waarde daarvan vir die tydperk "meer as een jaar maar nie meer as vyf jaar na die balansstaatdatum" openbaar nie en ook nie ten opsigte van die tydperk "meer as vyf jaar na die balansstaatdatum" nie. Sewe maatskappye wat huurders is, het geen besonderhede openbaar van hul beduidende huurooreenkomste nie.

IAS17.39 (IASB, 2002b:17-20) vereis dat 'n rekonsiliasie tussen die minimum huurbetalings op die balansstaatdatum en die huidige waarde van daardie minimum huurbetalings openbaar word. Vyf maatskappye het nie hierdie rekonsiliasie aangebied nie.

Huurders behoort ook die totale minimum huurbetalings ten opsigte van nie-kanselleerbare bedryfshure te openbaar vir elk van die tydperke:

- tot een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar, maar nie langer as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- meer as vyf jaar na die balansstaatdatum.

Tien van die geselekteerde maatskappye het wel bedryfshure gehad en twee het rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van bedryfshure, maar geen verdere openbaarmaking is ten opsigte van daardie bedryfshure gedoen nie. Van die tien maatskappye het drie nie die vereiste openbaarmaking ten opsigte van toekomstige minimum huurbetalings nagekom nie en een maatskappy het meer as een van die vasgestelde tydperke se minimum huurbetalings saamgroepeer in plaas van om dit afsonderlik te openbaar soos wat vereis word deur IAS17.27 (IASB, 2002b:17-16–

17-17). Nege maatskappye het versuim om besonderhede van hul beduidende bedryfshure te openbaar.

Indien 'n maatskappy 'n verhuurder is in terme van 'n bedryfshuurooreenkoms behoort so 'n verhuurder die minimum toekomstige huurbetalings in terme van nie-kanselleerbare hure te openbaar vir die tydperke:

- tot een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar, maar nie langer as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- meer as vyf jaar na die balansstaatdatum.

Vier van die geselekteerde maatskappye was verhuurders in terme van sodanige ooreenkomste en slegs een het die vereiste openbaarmaking gedoen. Geeneen van hierdie maatskappye het die vereiste beskrywing van hul mees beduidende huurooreenkomste openbaar nie.

#### **4.3.1.9 Werknemervoordele**

Een maatskappy se rekeningkundige beleid dui op die bestaan van beide omskrewewoordeel- en omskrewebydrae-planne. Die rekeningkundige beleid meld ook dat alle bydraes tot beide tipes planne as uitgawe erken is in die jaar wat die bydraes aangegaan is. Hierdie hantering is verkeerd in soverre dit betrekking het op die maatskappy se omskrewewoordeel-planne en is nie in ooreenstemming met die vereistes van IAS19 (IASB, 2002b:19-1–19-135) nie.

Die rekeningkundige beleid ten opsigte van die bestaan van omskrewewoordeel-planne behoort melding te maak van die hantering wat gevolg word ten opsigte van die erkenning van aktuariële winste en -verliese. Vier maatskappye het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van die erkenning van omskrewewoordeel-planne openbaar, maar nie melding gemaak van die wyse waarvolgens aktuariële winste en -verliese erken word nie.

Een maatskappy het slegs bydraes tot 'n omskrewebydrae-plan gemaak, maar nie die waarde van daardie bydraes afsonderlik openbaar soos wat vereis word nie.

Twee maatskappye het elk net 'n enkele uitgawe lynitem openbaar ten opsigte van koste van omskrewewoordeel- en omskrewebydrae-planne. Die besonderhede van

die omskrewesvoordeel-planne is dus nie afsonderlik openbaar soos vereis word deur IAS19 (IASB, 2002b:19-1–19-135) nie.

Dertien maatskappye het wel bydraes gemaak tot omskrewesvoordeel-planne. Drie van hulle het glad nie die individuele komponente van die omskrewesvoordeel-uitgawe openbaar soos vereis deur IAS19.120(f) (IASB, 2002b:19-60) nie. Slegs drie van die ander maatskappye het die aktuariële wins of -verlies wat ten opsigte van daardie planne gedurende die jaar in die inkomstestaat erken is, afsonderlik openbaar. In totaal het sewe van die maatskappye nie die werklike opbrengs op planbates ten opsigte van hul omskrewesvoordeel-planne openbaar nie.

Vyf maatskappye het nie die totale uitgawe ten opsigte van ander langtermynvoordele afsonderlik openbaar nie. Vier maatskappye het nie die koste gekoppel aan beëindigingsvoordele afsonderlik openbaar nie, terwyl een maatskappy dit wel afsonderlik aangetoon het, maar as deel van koste van verkope. Hierdie hantering blyk strydig te wees met die bedoeling van IAS2.31 (IASB, 2002b:2-10) en die uitgawe wat in terme van daardie paragraaf ten opsigte van voorraad erken behoort te word.

Drie maatskappye het glad nie 'n rekonsiliasie gedoen van die bewegings in die netto las of bate vir die jaar nie en een maatskappy het geen van hul belangrikste aktuariële aannames openbaar nie.

Twee maatskappye het ook bydraes gemaak tot multi-werkgewerplanne wat eintlik omskrewesvoordeel-planne is, maar wat verantwoord word as omskrewesbydrae-planne. Beide maatskappye het die feit vermeld, maar geen van die verdere openbaarmakingsvereistes nagekom nie.

#### **4.3.1.10 Lopende- en uitgestelde belasting**

Slegs vyf van die twintig maatskappye het rekeningkundige beleid ten opsigte van lopende belasting openbaar, terwyl slegs twee nie rekeningkundige beleid ten opsigte van uitgestelde belasting openbaar het nie.

Vier maatskappye het geen numeriese rekonsiliasies ten opsigte van die belastinguitgawe of die gemiddelde effektiewe belastingkoers openbaar nie, alhoewel dit by drie van hierdie maatskappye 'n relevante vereiste was aangesien hul

effektiewe belastingkoers van die toepaslike belastingkoers verskil het. Ten opsigte van die vierde maatskappy is dit onduidelik of die aanbieding van die rekonsiliasie wel 'n vereiste sou wees, aangesien dit nie uit die finansiële state duidelik is of daar inderdaad 'n verskil tussen die effektiewe belastingkoers van die maatskappy en die toepaslike belastingkoers was nie.

Vyf maatskappye het nie die beweging in die uitgestelde belastingsaldo ten opsigte van elke tipe tydelike verskil openbaar nie en vier maatskappye het geen tydelike verskille openbaar nie. Hoewel laasgenoemde situasie nie noodwendig verkeerd is nie, is dit onseker of hierdie hantering korrek is aangesien gedetailleerde inligting en interaksie met bestuur ten opsigte van die maatskappy se spesifieke omstandighede nie beskikbaar was vir hierdie studie nie en 'n finale gevolgtrekking dus nie gevorm kan word nie.

Slegs twee maatskappye het afsonderlike openbaarmaking gedoen van die waarde van tydelike verskille toeskryfbaar aan beleggings in filiale, geassosieerdes of gesamentlike ondernemings ten opsigte waarvan uitgestelde belasting nie voorsien is nie.

Dertien maatskappye het gedurende die jaar onder oorsig items direk in ekwiteit erken. Tien maatskappye het nie die lopende- en uitgestelde belasting ten opsigte van hierdie items wat direk teen ekwiteit verantwoord is, afsonderlik openbaar nie.

Vier maatskappye het nie uitgestelde belastingbates afsonderlik as deel van nie-bedryfsbates openbaar nie, maar wel as deel van die aantekeninge tot die uitgestelde belastinglaste. Daar is dus 'n verrekening tussen uitgestelde belastingbates en –laste gedoen. Dit is uit die gegewe inligting onduidelik of sodanige verrekenings aanvaarbaar is in die lig van die voorvereistes wat IAS12.71 – 12.76 (IASB, 2002b:12-39–12-40) ten opsigte van verrekening stel.

Nege maatskappye het nie die waarde van uitgestelde belastingbates saam met die aard van die bewyse ter ondersteuning van die erkenning van die bates afsonderlik openbaar nie. Die benutting van sodanige bates hang af van die beskikbaarheid van voldoende toekomstige belasbare inkomste en die omkering van belasbare tydelike verskille en dit wil voorkom of die entiteite in die jaar onder oorsig of die vorige jaar wel verliese gely het in die jurisdiksies ten opsigte waarvan die uitgestelde belastingbates geskep is.

Vier maatskappye het geen uitgestelde belasting voorsien nie. Uitgestelde belasting word normaalweg voorsien op tydelike verskille tussen die drabedrag en die belastingbasis van items wat in die balansstaat verantwoord is. Aangesien die finansiële state nie besonderhede bevat ten opsigte van die belastingbasis van items nie, is dit dus nie moontlik om tot 'n gevolgtrekking te kom of hierdie maatskappye veronderstel was om wel uitgestelde belasting te voorsien, al dan nie.

Elf maatskappye het wel dividende verklaar na die balansstaatdatum, maar voordat die finansiële state goedgekeur is vir uitreiking. Slegs twee van hierdie maatskappye het die belastingimplikasies van sodanige dividende afsonderlik openbaar.

IAS12.82A (IASB, 2002b:12-43) gelees saam met IAS12.52A (IASB, 2002b:12-31) bepaal dat 'n entiteit die inkomstebelastingimplikasies moet openbaar indien die maatskappy onderhewig is aan 'n ander belastingkoers indien die wins vir die jaar of behoue verdienste gedeeltelik of geheel by wyse van 'n dividend verklaar word. Hierdie situasie is wel toepaslik binne 'n Suid-Afrikaanse konteks aangesien sekondêre belasting op maatskappye betaalbaar is teen 'n bykomende 12,5% (Huxham & Haupt, 2004:217) van netto dividende wat verklaar is, terwyl belasting op belasbare inkomste vir die jaar gehef word teen 'n standaard inkomstebelastingkoers van 30% (Huxham & Haupt, 2004:215). Die standaard vereis voorts dat die aard en waarde van die potensiële inkomstebelastingimplikasies gekoppel aan die moontlike betaling van 'n dividend openbaar word tot die mate wat dit bepaalbaar is of indien dit nie die geval is nie, vermelding van die feit dat die implikasies nie prakties bepaalbaar is nie. Geen van die twintig geselekteerde maatskappye het enige van hierdie openbaarmakingsvereistes nagekom nie.

#### **4.3.1.11 Eiendom, aanleg en toerusting**

Hoewel dit 'n vereiste is dat die nutsduur van eiendom, aanleg en toerusting of alternatiewelik die waardeverminderingkoers, as deel van die rekeningkundige beleid openbaar behoort te word, het vyf van die twintig maatskappye dit nie gedoen nie. Een maatskappy volg 'n beleid in terme waarvan waardevermindering nie voorsien word nie, maar oordragte direk na 'n nie-verdeelbare reserwe gemaak word. Die maatskappy motiveer hierdie hantering deur aan te voer dat dit die aanvaarde hantering binne die mynbou-industrie in Suid-Afrika is. Sommige van die ander

geselekteerde maatskappye was egter ook myne in Suid-Afrika en daardie maatskappye het nie hierdie beleid gevolg nie. Dit is dus nie duidelik of hierdie hantering aanvaarbaar is al dan nie.

Vyf maatskappye het glad nie die waarde openbaar van eiendom, aanleg en toerusting wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge nie, hoewel daar dertien maatskappye was wat wel sulke items as sekuriteit verpand het.

Die waarde van eiendom, aanleg en toerusting wat onder konstruksie is behoort openbaar te word. Drie maatskappye het egter versuim om sodanige inligting openbaar te maak, alhoewel dit blyk dat sodanige openbaarmaking toepaslik sou wees.

#### **4.3.1.12 Beleggingseiendomme**

Vier van die twintig maatskappye het geen rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van beleggingseiendomme nie of die rekeningkundige beleid wat wel openbaar is, was gebrekkig, hoewel die ander aantekeninge tot die finansiële state aangetoon het dat die maatskappy wel beleggingseiendomme het. Een maatskappy het gespesifiseer watter metingsgrondslag gebruik word vir die erkenning van beleggingseiendomme, maar geen verdere rekeningkundige beleid is openbaar nie. 'n Ander maatskappy het weer slegs die grondslag vir onderskeid tussen eienaar-geokkupeerde eiendom en beleggingseiendom omskryf en daarmee saam die belangrikste metodes vir die bepaling van die billike waarde van beleggingseiendom openbaar, sonder om die belangrikste aannames onderliggend aan sodanige waardasies te identifiseer.

Met betrekking tot die balansstaataantekeninge het twee van die maatskappye geen van die openbaarmakingsvereistes van die IFVS nagekom nie, een het dit in 'n beperkte mate nagekom en 'n ander het aangetoon dat beleggingseiendomme gedra word teen kosprys min waardevermindering, maar daar is geen aanduiding in die finansiële state dat daar wel waardevermindering voorsien is nie, aangesien die drabedrag van beleggingseiendomme van jaar tot jaar onveranderd gebly het. Hierdie hantering kan moontlik verkeerd wees, tensy die kosprys gelyk is aan die reswaarde van die eiendom. Die finansiële state sluit egter nie voldoende inligting in

om 'n finale gevolgtrekking te maak ten opsigte van die toepaslikheid van hierdie hantering nie.

Ten opsigte van beleggingseiendomme behoort 'n maatskappy die huurinkomste en ook die bedryfsuitgawes, insluitend herstelwerk en instandhoudingskoste ten opsigte van daardie eiendom wat huurinkomste genereer, asook sodanige items ten opsigte van daardie eiendom wat nie huurinkomste genereer nie, afsonderlik te openbaar. Slegs een maatskappy het al drie hierdie vereistes nagekom, een maatskappy het slegs die huurinkomste afsonderlik openbaar en die ander twee maatskappye het geen van hierdie items afsonderlik openbaar nie. Uit die evaluering van die inkomstestaat en gepaardgaande aantekeninge ten opsigte van elk van die twintig geselekteerde maatskappye het dit ook aan die lig gekom dat daar een ander maatskappy was wat huurinkomste ten bedrae van R10 miljoen ontvang het, maar die oorsprong daarvan is onduidelik aangesien die maatskappy geen besonderhede ten opsigte van beleggingseiendomme openbaar het nie.

#### **4.3.1.13 Klandisiewaarde**

Twaalf van die twintig geselekteerde maatskappye het klandisiewaarde. Slegs twee van hierdie maatskappye het in hul rekeningkundige beleid vermeld oor welke tydperk klandisiewaarde geamortiseer word. Tien van hierdie maatskappye het buitelandse filiale en slegs een het die metode vermeld wat gebruik is vir die omrekening van klandisiewaarde wat ontstaan het by die verkryging van die belang in hierdie buitelandse entiteite.

Daar is ook gevind dat talle van die ander maatskappye wel rekeningkundige beleid ten opsigte van klandisiewaarde openbaar het, maar dat die finansiële state self en ander aantekeninge tot die finansiële state geen besonderhede van enige klandisiewaarde openbaar nie. Daar kan moontlik twee redes hiervoor wees. Eerstens is dit moontlik dat 'n maatskappy in vroeër tydperke klandisiewaarde gehad het, nie nou meer klandisiewaarde het nie, maar dit steeds as toepaslik beskou om die rekeningkundige beleid te behou en te openbaar. Tweedens is dit moontlik dat die maatskappy wel klandisiewaarde het, dat die klandisiewaarde reeds ten volle geamortiseer is, en aangesien dit 'n nulwaarde het, uiteindelik nagelaat het om steeds die volle besonderhede van daardie klandisiewaarde te openbaar.



Ten opsigte van die amortisasie van klandisiewaarde het twee maatskappye geen onderskeid getref tussen die amortisasie van klandisiewaarde en die amortisasie van ander ontasbare bates nie, hoewel IFVS vereis dat hierdie bedrae afsonderlik openbaar word.

Hierdie maatskappye het ook in die balansstaataantekening klandisiewaarde en ander ontasbare bates saamgroepeer en verder ook geen onderskeid getref tussen intern-gegenereerde ontasbare bates en verkrygte ontasbare bates nie.

#### **4.3.1.14 Ander ontasbare bates**

Ses van die twintig geselekteerde maatskappye het, te oordeel aan hul rekeningkundige beleid, wel ander ontasbare bates. Slegs een van hierdie maatskappye het vermeld wat die verwagte nutsduur van daardie ontasbare bates was en die ander het geen aanduiding gegee van die amortisasiemoontlikheidskoers wat gebruik is nie. Een van die maatskappye se rekeningkundige beleid ten opsigte van ander ontasbare bates is ingesluit by hul rekeningkundige beleid ten opsigte van beleggings. Hierdie aanbieding is onvanpas.

Twee maatskappye het geen onderskeid getref tussen die amortisasie van klandisiewaarde en die amortisasie van ander ontasbare bates nie, terwyl een maatskappy waardevermindering ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting saam met die amortisasie van ander ontasbare bates groepeer het en 'n ander glad nie die waarde van die amortisasie ten opsigte van die jaar onder oorsig openbaar het nie.

Vier maatskappye het nie ander ontasbare bates as 'n afsonderlike lynitem op die gesig van die balansstaat openbaar nie en een maatskappy het nie 'n rekonsiliasie gedoen tussen die drabedrag van ontasbare bates aan die begin van die jaar en die drabedrag aan die einde van die jaar nie.

Vier van die ses maatskappye het op geen manier 'n onderskeid getref tussen intern-gegenereerde ontasbare bates teenoor verkrygte ontasbare bates nie en die res van die maatskappye se aantekeninge tot die finansiële state dui glad nie op die bestaan van enige ander ontasbare bates nie. Die redes daarvoor is moontlik tweeledig en in ooreenstemming met die redes soos verskaf in 4.3.1.13 Klandisiewaarde hierbo.



Een maatskappy het slegs die drabedrag van ontasbare bates aan die begin en einde van die jaar in die aantekeninge tot die balansstaat openbaar en geen rekonsiliasie tussen die begin- en eindsaldo getoon ten einde die veranderinge in die drabedrag, wat gedurende die jaar plaasgevind het, toe te lig nie.

#### **4.3.1.15 Besigheidsamevoegings en –verkope**

Agt van die geselekteerde maatskappye het gedurende die jaar onder oorsig besigheidsamevoegings gehad en drie het nie die name en beskrywings van die kombinerende entiteite openbaar nie. Vyf maatskappye het nie die metode en die effektiewe datum van samevoeging van die entiteite vir rekeningkundige doeleindes openbaar nie. Drie maatskappye het nie vermeld of daar enige bedrywighede was wat as gevolg van die besigheidsamevoeging verkoop of beëindig sou word nie. Twee maatskappye het nie die totale aankoopprys openbaar nie, terwyl vier ander maatskappye nie vermeld het hoeveel van die totale aankoopprys by wyse van kontant of kontantekwivalente vereffen is nie. Drie maatskappye het nie vermeld hoeveel kontant of kontantekwivalente binne die filiaal was wat verkry is nie. Sewe maatskappye het nie die uitwerking van die verkryging van die filiaal op die finansiële posisie van die groep op die verslagdoeningsdatum openbaar nie. Vyf maatskappye het nie die uitwerking van die besigheidsamevoeging op die resultate van die groep, ten opsigte van die verslagdoeningstydperk waarbinne die verkryging plaasgevind het, openbaar nie.

IAS27.32(b)(iv) (IASB, 2002b:27-11) vereis dat die uitwerking van die verkoop van 'n filiaal op die finansiële posisie van die groep, soos op die verslagdoeningsdatum, en op die resultate van die groep vir die tydperk waarin die verkoop plaasvind, openbaar word. Hierdie inligting behoort ook openbaar te word ten opsigte van voorafgaande vergelykende tydperke. Drie van die geselekteerde maatskappye het gedurende die jaar verkope van filiale gehad. Een maatskappy het nie die uitwerking van die verkoop op die finansiële posisie soos op die verslagdoeningsdatum openbaar nie en twee het nie die uitwerking op die resultate vir die verslagdoeningstydperk openbaar nie en geen van die maatskappye het enige van hierdie inligting openbaar ten opsigte van vergelykende tydperke nie.

#### **4.3.1.16 Beleggings in gesamentlike ondernemings**

IAS31.47 (IASB, 2002b:31-16) vereis dat die totale bedrag van bedryfsbates, nie-bedryfsbates, bedryfslaste, niebedryfslaste, inkomste en uitgawes wat verband hou met die belegging in gesamentlike ondernemings openbaar word. Tien van die geselekteerde maatskappye het beleggings in gesamentlike ondernemings gehad. Een van die maatskappye het glad nie bedryfsbates en niebedryfsbates openbaar nie. Twee maatskappye het nie bedryfslaste openbaar nie, terwyl drie maatskappye nie niebedryfslaste openbaar het nie en een maatskappy het nie 'n onderskeid getref tussen bedryfslaste en niebedryfslaste nie, maar dit as 'n enkele totaal aangebied. Een maatskappy het nie inkomste openbaar nie en vyf maatskappye het nie uitgawes openbaar nie, terwyl een maatskappy inkomste en uitgawes saamgroepeer het en nie afsonderlik openbaar het, soos vereis word nie.

#### **4.3.1.17 Beleggings in filiale**

IAS27.32(a) – 27.32(b)(iii) (IASB, 2002b:27-11) vereis dat elke entiteit wat beleggings in filiale het, 'n lys openbaar wat die naam van elke filiaal toon, asook die land van domisilie of inkorporasie van daardie filiaal, sowel as die proporsionele belang en die proporsionele stemreg wat in daardie filiaal gehou word, indien laasgenoemde twee van mekaar verskil. Negentien van die twintig maatskappye het beleggings in filiale. Een maatskappy het nie die name van die filiale openbaar nie, vier maatskappye het nie die land van die inkorporasie of domisilie van die filiale openbaar nie, terwyl drie maatskappye glad nie hul proporsionele belang in die filiale openbaar het nie.

#### **4.3.1.18 Voorraad**

Sewentien van die maatskappye het wel voorraadsaldo's in hul balansstate openbaar. Al hierdie maatskappye het rekeningkundige beleid openbaar in terme waarvan voorraad gedra word teen laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. Twaalf van die maatskappye het egter nie die drabedrag van voorraad wat teen netto realiseerbare waarde gedra word, openbaar nie. Die moontlikheid bestaan egter dat sommige van hierdie maatskappye glad nie voorraad gehad het wat teen netto realiseerbare waarde gedra is nie.

Drie maatskappye het nie die bedrag en omstandighede openbaar wat aanleiding gegee het tot terugskrywings van vorige afskrywings na netto realiseerbare waarde nie, hoewel dit uit die finansiële state blyk dat sodanige terugskrywings wel gemaak is.

Vier maatskappye het voorraad aangebied as sekuriteit ten opsigte van lenings wat aangegaan is, maar slegs een het die drabedrag van sodanige voorraad openbaar. Twee ander maatskappye vermeld in hul aantekeninge dat lenings verseker word deur bates, maar daar is geen aanduiding van welke bates as sekuriteit aangebied is vir daardie lenings nie en dit is dus nie duidelik of daardie bates ook voorraad insluit nie.

Elf maatskappye vermeld glad nie of voorraad volgens die eerste-in-eerste-uit-, gemiddelde- of laaste-in-eerste-uit-kosteformules verantwoord word nie en gevolglik is dit onduidelik of aanvullende openbaarmaking in daardie verband toepaslik sou wees, al dan nie. Ten opsigte van die 2002 jaareindes was dit steeds in terme van IFVS toelaatbaar vir maatskappye om die laaste-in-eerste-uit-kosteformule te gebruik. Gedurende 2004 is IAS2 egter gewysig en word die gebruik van die laaste-in-eerste-uit-kosteformule nou verbied in terme van IAS2.IN13 (IASB, 2004:613).

#### **4.3.1.19 Handels- en ander debiteure**

Al die geselekteerde maatskappye het debiteuresaldo's in hul finansiële state reflekteer en dit blyk dat sewe van die maatskappye voorsiening vir waardedalingsverliese teen daardie debiteure gemaak het. Drie van die maatskappye het egter nie die waarde van daardie waardedalingsverliese afsonderlik openbaar nie. Die ander maatskappye het geen aanduiding gegee of daar enigsins voorsienings vir waardedalings gemaak is al dan nie.

Twee van die maatskappye het in die tydperk onder oorsig terugskrywings van vorige waardedalingsverliese gemaak en slegs een het die waarde daarvan afsonderlik openbaar. Die ander maatskappye het geen inligting openbaar ten opsigte van enige terugskrywings van vorige waardedalings nie. Dit is dus nie duidelik of hulle enigsins sodanige terugskrywings gehad het nie.

#### **4.3.1.20 Kontant en kontantekwivalente**

Ses maatskappye het geen omskrywing van die samestelling van hul kontant en kontantekwivalente openbaar nie.

#### **4.3.1.21 Waardedaling ten opsigte van bates**

Een maatskappy het 'n waardedalingsverlies voorsien wat op die oog af wesenlik is, maar geen van die aanvullende openbaarmakingsvereistes is nagekom nie. Vyf maatskappye het waardedalingsverliese voorsien wat op die oog af nie wesenlik was in verhouding met die entiteit in geheel nie en drie maatskappye het waardedalingsverliese voorsien, maar dit is onseker of die omvang van hierdie waardedalingsverliese wesenlik was in verhouding met die entiteit as geheel. Hierdie drie maatskappye het egter geen van die bykomende openbaarmakingsvereistes nagekom wat sou geld ten opsigte van wesenlike waardedalingsverliese nie.

#### **4.3.1.22 Finansiële instrumente**

##### **4.3.1.22.1 Algemeen**

Drie van die twintig maatskappye het nie rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van die erkenning en meting van elke klas van finansiële bate of –las nie. Een maatskappy se rekeningkundige beleid vermeld dat hul ongenoteerde beleggings gedra word teen laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde. 'n Ander se rekeningkundige beleid meld dat alle items gedra word teen kosprys en dat geen aanpassings na billike waarde dus gemaak word nie. Hierdie hanterings is nie in ooreenstemming met die riglyne van IFVS wat vereis dat finansiële bates beskikbaar vir verkoop teen billike waarde gedra moet word nie.

Vyf maatskappye het nie die metingsgrondslag openbaar ten opsigte van hul bates wat teen billike waarde gedra word nie. Geen van die twintig maatskappye het die metodes en belangrike aannames onderliggend aan die bepaling van die billike waardes van hul finansiële bates en/of –laste openbaar nie.

Drie van die twintig maatskappye het nie beleggings nie en vier van die oorblywende sewentien, wat wel beleggings het, het nie in die rekeningkundige beleid vermeld of die wins of verlies wat ontstaan uit aanpassings na billike waarde na wins of verlies

vir die tydperk of na ekwiteit geneem word nie. Een maatskappy het glad nie aanpassings na billike waarde nie, aangesien alle items teen kosprys gedra word. Slegs een van die sewentien maatskappye het vermeld of "gewone manier" aankope van finansiële bates by wyse van verhandelingsdatumrekeningkunde of vereffeningsdatumrekeningkunde te boek gestel is. "Gewone manier"-aankope verwys na 'n aankoop van finansiële instrumente waar die lewering van die bates binne 'n bepaalde tydraamwerk vereis word. In terme van IAS39.31 (IASB, 2002b:39-29) word hierdie tydraamwerk bepaal deur regulasie of konvensie op die betrokke mark.

Die implementeringsriglyne ten opsigte van IAS39.170 (IASB, 2002b:39 IGC-298) vereis dat alle winste en verliese wat spruit uit billike waarde-aanpassings en wat na wins of verlies vir die tydperk geneem is, volgens oorsprong verdeel moet word in die volgende kategorieë:

- bates beskikbaar vir verkoop;
- handelsbates en –laste; en
- verskansingsinstrumente.

Geen van die geselekteerde maatskappye het hierdie vereiste nagekom nie. Slegs een maatskappy het wel vermeld hoeveel van die winste en verliese toeskryfbaar was aan bates beskikbaar vir verkoop.

Een maatskappy het glad nie aan die vereistes van IAS32 – "Financial Instruments: Disclosure and Presentation" (IASB, 2002b:32-1–32-51) en IAS39 – "Financial Instruments: Recognition and Measurement" (IASB, 2002b:39-1–39-81) voldoen nie. Dit is die maatskappy waarvan die finansiële state in ooreenstemming met KAARB opgestel is. Die ander negentien geselekteerde maatskappye het almal in 'n mindere of meerdere mate die vereistes van die twee standaarde nagekom.

Geen maatskappy het besonderhede openbaar aangaande die omvang en aard van finansiële instrumente nie. Sodanige besonderhede sou inligting rakende die bepalinge en voorwaardes van die instrumente wat die bedrag, tydsberekening en sekerheid van toekomstige kontantvloei sou beïnvloed, insluit.

IAS39.170(g) (IASB, 2002b:39-78) vereis dat die lener van fondse die drabedrag van enige finansiële bates wat aangebied is as sekuriteit vir enige lenings moet openbaar

saam met die belangrikste bepalings en voorwaardes wat betrekking het op die bates wat verpand is. Uit die finansiële state blyk dit dat hierdie vereiste op sewe van die maatskappye van toepassing is. Slegs een maatskappy het egter die drabedrag van die bates openbaar en geen van die maatskappye het enige voorwaardes of bepalings met betrekking tot daardie bates openbaar nie.

Ses maatskappye se finansiële state reflekteer 'n posisie in terme waarvan daardie maatskappye uitleners van fondse is. In so 'n geval vereis IAS39.170(h)(i) (IASB, 2002b:39-78) dat die billike waarde van bates wat as sekuriteit vir sodanige lenings aanvaar is, openbaar moet word. Slegs drie van die maatskappye het daardie openbaarmaking gedoen.

#### **4.3.1.22.2 Rentekoersrisiko**

IAS32.56 (IASB, 2002b:32-25) vereis dat elke maatskappy ten opsigte van elke klas van finansiële bate en –las, beide erken en onerken, inligting openbaar aangaande die blootstelling aan rentekoersrisiko. Dit sluit inligting ten opsigte van kontraktuele prysherbepalings of vervaldatums in en ook inligting oor effektiewe rentekoerse. Veertien maatskappye het geen inligting openbaar ten opsigte van hetsy kontraktuele prysherbepalings of vervaldatums nie, terwyl twaalf maatskappye geen inligting ten opsigte van die toepaslike effektiewe rentekoerse openbaar het nie.

Tien maatskappye het geen aanduiding gegee van die mate waartoe finansiële bates en –laste onderhewig is aan 'n vaste rentekoers of 'n wisselende rentekoers nie.

#### **4.3.1.22.3 Kredietrisiko**

'n Entiteit behoort sy maksimum kredietrisiko soos op die balansstaatdatum, sonder die inagneming van enige sekuriteit, te openbaar. Slegs drie maatskappye het hierdie vereiste nagekom en agt maatskappye het wel hul beduidende konsentrasies van kredietrisiko openbaar.

Vyftien maatskappye het waarborge ten opsigte van die verpligtinge van 'n ander entiteit verskaf, maar geen van hierdie maatskappye het daardie waarborge in berekening gebring by die bepaling van die maatskappye se maksimum kredietrisiko nie.

Die openbaarmaking ten opsigte van konsentrasie van kredietrisiko sluit die vermelding van die gemeenskaplike kenmerke wat elke konsentrasie identifiseer in en ook die bedrag van die maksimum blootstelling aan kredietrisiko wat geassosieer word met alle erkende en onerkende finansiële bates en –laste.

#### **4.3.1.22.4 Skanse**

Vyf maatskappye het glad nie hul beleid ten opsigte van verskansingsrekeningkunde van finansiële instrumente openbaar nie en ses maatskappye het geen beskrywing van die finansiële risiko, bestuursdoelwitte en –beleid, insluitend beleid aangaande verskansing van elke hoof tipe voorspelde transaksie, openbaar nie.

Sewe van die geselekteerde maatskappye het wel billike waarde skanse. Een maatskappy het billike waarde skanse, maar op die oog af blyk dit dat daardie skanse rekeningkundig hanteer is as kontantvloeiskanse wat teenstrydig is met die vereistes van IAS39 (IASB, 2002b:39-1–39-81). Twee maatskappye het geen beskrywing van hul billike waarde skanse openbaar nie, twee maatskappye het geen beskrywing van die finansiële instrument wat as verskansingsinstrument identifiseer is, openbaar nie en drie maatskappye het nie die billike waarde van die finansiële instrument wat identifiseer is as verskansingsinstrument openbaar nie.

Dertien maatskappye het kontantvloeiskanse gehad. Agt van die dertien maatskappye het geen beskrywing van die skanse openbaar nie en ook geen beskrywing openbaar van die finansiële instrument wat as verskansingsinstrument identifiseer is nie. Agt maatskappye het nie die billike waarde op die balansstaatdatum van die finansiële instrument openbaar wat as verskansingsinstrument identifiseer is nie. Sewe maatskappye het nie die aard van die risiko's wat verskans is openbaar nie. Sewe maatskappye het nie die tydperk openbaar waarbinne die verwagte transaksies na verwagting sou plaasvind nie, terwyl elf maatskappye nie die tydperk openbaar het waarbinne hierdie transaksies na verwagting 'n uitwerking op die bepaling van wins of verlies sou hê nie. Vier maatskappye het nie die totale onerkende wins of verlies ten opsigte van verskansingsinstrumente, anders as daardie wat verband hou met skanse van verwagte toekomstige transaksies, openbaar nie.



#### **4.3.1.23 Verpligtinge**

Negentien maatskappye het die waarde van verpligtinge openbaar, maar nie spesifiek vermeld ten opsigte waarvan daardie verpligtinge bestaan nie. Een maatskappy het geen besonderhede van verpligtinge openbaar nie. Drie maatskappye het nie besonderhede van verpligtinge ten opsigte van hure openbaar nie.

#### **4.3.1.24 Voorsienings**

Agtien maatskappye het wel voorsienings en vier van hierdie maatskappye het geen rekeningkundige beleid vir die verantwoording van voorsienings openbaar nie.

Een maatskappy het rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van voorsienings openbaar, maar die finansiële state self toon geen teken van die bestaan van enige voorsienings nie.

Twee maatskappye het geen rekonsiliasies openbaar tussen die drabedrag van voorsienings aan die begin van die jaar en die drabedrag aan die einde van die jaar nie.

Nege van die maatskappye het nie die vereiste kort beskrywing van die aard van die verpligting en die verwagte tydsberekening van die uitvloeie van ekonomiese voordele openbaar nie en sestien van die maatskappye het nie enige aanduiding van moontlike onsekerhede rakende die bedrag of tydsberekening van daardie uitvloeie openbaar nie. Geen maatskappye het die waarde van enige verwagte verhaling van uitvloeie of die waarde van enige bate wat moontlik ten opsigte van daardie verhaling erken is, openbaar nie.

#### **4.3.1.25 Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates**

Ten opsigte van voorwaardelike aanspreeklikhede behoort 'n entiteit 'n kort beskrywing te openbaar van die aard van die voorwaardelike aanspreeklikheid. Ses maatskappye het nie voorwaardelike aanspreeklikhede gehad nie en vier maatskappye het geen beskrywing van die aard van hul voorwaardelike aanspreeklikhede openbaar nie. Drie maatskappye het geen raming openbaar van die finansiële omvang van hul voorwaardelike aanspreeklikhede nie, terwyl tien



maatskappye geen aanduiding gegee het van die onsekerhede rakende die bedrag of die tydsberekening van enige kontantuitvloei uit voorwaardelike aanspreeklikhede nie. Vier maatskappye het geen besonderhede verskaf van die waarskynlikheid van die verhaling van enige van daardie kontantuitvloei nie en hulle het ook nie vermeld of die gebrek aan openbaarmaking die gevolg is van moontlike probleme met praktiese uitvoerbaarheid nie.

#### **4.3.1.26 Ekwiteitsvergoedingsvoordele (nou bekend as aandeelgebaseerde betalings)**

Sestien maatskappye het wel ekwiteitsvergoedingskemas gehad, maar agt van hierdie maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die rekeningkundige verantwoording van hierdie skemas openbaar nie. Geen van die maatskappye het die uitgawes wat gedurende die jaar ten opsigte van die ekwiteitsvergoedingskemas erken is afsonderlik openbaar nie. Een van die maatskappye het slegs in die direkteursverslag melding gemaak van die bestaan van sodanige skema, maar geen verdere besonderhede is openbaar nie. Drie van die ander vyftien maatskappye het nie die aard en bepalinge van die ekwiteitsvergoedingsplanne openbaar nie.

IAS19.147(d) (IASB, 2002b:19-69) vereis dat 'n maatskappy die aantal, bepalinge, dividendregte, stemregte, omskeppingsregte, uitoefeningsdatums, uitoefeningspryse, vervaldatums en die mate waartoe werknemers se regte op die instrumente gevestig was, aan die begin en einde van die tydperk, openbaar ten opsigte van finansiële instrumente wat deur ekwiteitsvergoedingsplanne gehou word of opsies wat deur werknemers gehou word. Een maatskappy het nie die aantal sodanige instrumente openbaar nie. Tien maatskappye het nie die bepalinge wat op daardie instrumente van toepassing is openbaar nie, terwyl vyftien nie die besonderhede van die dividendregte gekoppel aan daardie instrumente openbaar het nie. Geen maatskappy het die besonderhede openbaar van stemregte wat gekoppel is aan hierdie instrumente nie. Slegs een maatskappy het die besonderhede van die omskeppingsregte van die instrumente openbaar, terwyl twee maatskappye die uitoefeningsdatums openbaar het. Drie maatskappye het egter nie die uitoefeningspryse van die instrumente openbaar nie. Ses maatskappye het nie die

vervaldatums openbaar nie en een maatskappy het al hierdie besonderhede slegs ten opsigte van die einde van die jaar openbaar en nie ten opsigte van die begin van die jaar nie. Slegs vier maatskappye het 'n aanduiding gegee van die mate waartoe werknemers se regte tot hierdie instrumente aan die begin en ook die einde van die tydperk gevestig was.

IAS19.147(e) (IASB, 2002b:19-69) vereis dat dieselfde inligting as wat vereis is deur IAS19.147(d) (IASB, 2002b:19-69) openbaar word ten opsigte van ekwiteitsfinansiële instrumente wat gedurende die tydperk deur die entiteit uitgereik is. Een maatskappy het nie die aantal van sodanige instrumente openbaar nie, terwyl veertien nie die bepaling gekoppel aan hierdie instrumente openbaar het nie. Geen van die sestien maatskappye het die besonderhede van dividendregte en stemregte wat aan die instrumente gekoppel is, openbaar nie. Een maatskappy het die omskeppingsregte ten opsigte van die instrumente openbaar, terwyl geen maatskappy besonderhede van die uitoefeningsdatums openbaar het nie. Ses maatskappye het nie die uitoefeningsprys openbaar nie en agt maatskappye het nie die vervaldatums van hierdie instrumente openbaar nie. Geen maatskappy het die billike waarde van enige vergoeding wat met die uitreiking van ekwiteitsinstrumente ontvang is vanaf die ekwiteitsvergoedingsplanne of werknemers, openbaar nie.

Indien aandele-opsies gedurende die jaar in terme van 'n ekwiteitsvergoedingsplan uitgeoefen is, behoort die aantal, die uitoefeningsdatum en die uitoefeningsprys openbaar te word. Twee maatskappye het nie die aantal opsies wat sodanig uitgeoefen is openbaar nie, twaalf maatskappye het nie die uitoefeningsdatums openbaar nie en ses maatskappye het nie die uitoefeningsprys openbaar nie. Vyf maatskappye het nie die aantal opsies openbaar wat in terme van so 'n plan gehou is en wat gedurende die jaar verval het nie.

Slegs een maatskappy het die billike waarde van ekwiteitsfinansiële instrumente, soos gehou deur die plan aan die begin en einde van die tydperk onder oorsig, openbaar en slegs twee maatskappye het die billike waarde van sodanige finansiële instrumente openbaar op die datum wat daardie instrumente aan die ekwiteitsvergoedingsplanne uitgereik is of deur die ekwiteitsvergoedingsplanne aan die werknemers uitgereik is.

#### **4.3.1.27 Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit**

Slegs twee maatskappye het die aard en doel van elk van die reserwes binne hul aandeelhouersekwiteit openbaar, terwyl twee maatskappye glad nie reserwes gehad het nie. Nie een van die ander sestien maatskappye het enigsins die beperkings op die verdeelbaarheid van herwaardasiereserwes of enige ander tipe reserwe openbaar nie.

Vyf maatskappye het elk 'n enkele nie-verdeelbare reserwe waarvan die samestelling, oorsprong en doel glad nie openbaar is nie.

Een maatskappy het glad nie die aantal uitgereikte aandele openbaar nie, terwyl sewe maatskappye glad nie 'n rekonsiliasie getoon het tussen die aantal uitgereikte aandele aan die begin van die jaar en die aantal uitgereikte aandele aan die einde van die jaar nie. Een ander maatskappy het wel so 'n rekonsiliasie gedoen, maar slegs in die direkteursverslag.

Geen van die maatskappye het besonderhede openbaar ten opsigte van die regte, voorkeure en beperkings van toepassing op die verskillende klasse aandele of die beperkings ten opsigte van hul regte tot dividende of die terugbetaling van kapitaal nie.

Ses maatskappye het glad nie openbaar hoeveel aandele gereserveer is vir uitreiking onder opsie nie en het ook nie die waarde en bepaling van sodanige opsies openbaar nie. Een maatskappy het slegs die aantal aandele openbaar, maar nie die waarde en bepaling van sodanige opsies nie en vier maatskappye het glad nie onuitgereikte aandele gehad wat vir uitreiking onder opsie gereserveer was nie.

#### **4.3.1.28 Tesourie-aandele**

Twee van die maatskappye het wel tesourie-aandele gehad. Dit beteken dat hierdie maatskappye hul eie aandele teruggekoop het en vir latere heruitreiking hou. Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks is so 'n posisie egter ontoelaatbaar. In terme van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet No.61 van 1973 bepaal Art 85(8) dat aandele wat deur 'n maatskappy teruggekoop word "onverwyld as uitgereikte aandele gekanselleer moet word en herstel (moet word) na die status van gemagtigde

aandele". Die twee maatskappye het egter aan die vereistes van SIC16 – "Share Capital – Reacquired Own Equity Instruments (Treasury Shares)" (IASB, 2002b:SIC-16-1–SIC-16-3) voldoen gegewe die aanname dat so 'n situasie wel toelaatbaar sou wees.

#### **4.3.1.29 Verwante party transaksies**

Vyf maatskappye het geen verwante party openbaarmaking gedoen nie, maar uit die finansiële state blyk dit dat drie maatskappye wel bydraes ten opsigte van sleutelbestuurspersoneel aan omskrewewoordeel-planne gemaak het. Hierdie transaksies behoort as verwante party transaksies geïdentifiseer te word. Twee maatskappye het aandele-opsies aan direkteure toegeken en ook aandele in terme van aandele-opsies aan direkteure uitgereik. Hierdie transaksies behoort ook as verwante party transaksies openbaar te word.

Die oorblywende vyftien maatskappye het almal in 'n beperkte mate openbaarmaking gedoen ten opsigte van verwante party transaksies. Vyf het nie die aard van die verhouding met die verwante partye openbaar nie. Twee het nie aangedui watter tipe transaksies ter sprake was nie. Nege maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die volume van die transaksies wat plaasgevind het nie, terwyl vier geen aanduiding gegee het van die bestaan van uitstaande items op jaareinde nie en ses maatskappye het geen aanduiding gegee van die prysbepalingsbeleid wat gevolg is ten opsigte van verwante party transaksies nie.

Tien van die vyftien maatskappye het ook bydraes ten opsigte van sleutelbestuurspersoneel gemaak aan omskrewewoordeel-planne en die besonderhede daarvan openbaar, maar dit ook nie as verwante party transaksies identifiseer nie. Elf van die vyftien maatskappye het wel ekwiteitsvergoedingsvoordele aan sleutelbestuurspersoneel verskaf, maar dit nie identifiseer as verwante party transaksies nie. Geen van die vyftien maatskappye het nadiensvoordele wat betaal is aan sleutelbestuurspersoneel identifiseer as verwante party transaksies nie. Sestien maatskappye het wel ander kort- en langtermynvoordele aan sleutelbestuurspersoneel gebied en dit openbaar, maar dit nie spesifiek as verwante party transaksies identifiseer nie.

IAS24.20 (IASB, 2002b:24-1) vereis dat verwante party verhoudings openbaar moet word indien daar beheer ter sprake is, ongeag of daar gedurende die jaar enige transaksies met daardie partye plaasgevind het. Een entiteit het geen filiale of moedermaatskappy nie en gevolglik kan hierdie vereiste nie van toepassing wees nie. Sewentien van die ander negentien maatskappye het egter in gebreke gebly om hierdie openbaarmaking te doen.

#### **4.3.1.30 Kontantvloeistaat**

'n Kontantvloeistaat behoort slegs die vloei van kontant na en vanaf 'n onderneming te weerspieël. Sommige van die geselekteerde maatskappye het gedurende die jaar onder oorsig nuwe bruikhure aangegaan en die bates wat by wyse van bruikhuur verkry is, is gekapitaliseer. Die kontantvloei wat met 'n bruikhuur gepaard gaan is slegs die bruikhuurpaaierente wat betaal is. Die verwagting is gevolglik dat hierdie entiteite slegs die totale bruikhuurpaaierente moet reflekteer in die kontantvloeistaat en dat die beleggingsaktiwiteite nie die toename in bates onder bruikhuur sal insluit nie en dienooreenkomstig moet die finansieringsaktiwiteite ook nie die beweging in die bruikhuurverpligting insluit nie. Drie van die maatskappye het nie hierdie aangeleentheid korrek in hul kontantvloeistate hanteer nie. Al drie het die toename in bates as deel van kontantvloei uit beleggingsaktiwiteit openbaar en die beweging in die bruikhuurverpligting as deel van kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite. Die korrekte hantering sou wees om slegs die bruikhuurpaaierent as kontantvloei binne die omvang van finansieringsaktiwiteite te openbaar.

IAS7.31 (IASB, 2002b:7-13) vereis dat rente en dividende ontvang en betaal, elk afsonderlik openbaar moet word. Vier maatskappye het egter rente ontvang en dividende ontvang saam groepeer en twee maatskappye het rente ontvang en rente betaal op 'n netto-grondslag aangebied.

#### **4.3.1.31 Segmentverslagdoening**

Drie maatskappye het geen openbaarmaking ten opsigte van segmentverslagdoening gedoen nie en een maatskappy het 'n segmentele analise buite die omvang van die geouditeerde finansiële state aangebied. Hierdie maatskappye word

vervolgens by enige verdere bevindings ten opsigte van segmentverslagdoening uitgesluit.

Sewe van die geselekteerde maatskappye het slegs een segment identifiseer vir die doeleindes van die sakesegmentering. Daar word geen spesifieke vermelding gemaak of daardie sakesegmentering as dominant beskou word nie. Dit word egter as sodanig aanvaar, aangesien die inligting ten opsigte van geografiese segmente in verkorte formaat aangebied is en geen spesifieke primêre rapporteringsformaat openbaar is nie. Dit wil dus voorkom of die bedoeling is dat die gekonsolideerde finansiële inligting tegelyk ook die primêre sakesegmentering verteenwoordig. Dit is egter strydig met die riglyne van IAS14 (IASB, 2002b:14-1–14-41) waarin deurlopend verwys word na primêre en sekondêre segmentverslagdoening.

IAS14.9 (IASB, 2004:788–789) omskryf 'n segment hoofsaaklik as 'n afdeling van 'n entiteit wat afsonderlik identifiseer kan word en wat blootgestel is aan risiko's wat verskil van die risiko's wat gepaard gaan met ander afdelings. Daar sou dus aangevoer kon word dat aangesien sommige entiteite wat in hierdie studie ter sprake is slegs een afdeling het en daar geen ander afdelings is waarvan daardie afdeling kan verskil nie, daardie entiteite nie segmentinligting hoef voor te berei nie. IAS14 (IASB, 2004:781–813) meld egter nêrens dat indien 'n entiteit slegs een afdeling/segment het daardie entiteit nie 'n segmentverslag hoef te openbaar nie.

Die aanbieding van segmentinligting ten opsigte van 'n enkele segment sou vir gebruikers steeds nuttig en relevant wees op grond van die feit dat hulle vinnig daarna kan verwys en onmiddellik sal kan vasstel dat so 'n maatskappy dan juis enkelprodukte vervaardig en slegs in een geografiese omgewing bedrywig is, al dan nie. Sodanige kort en kragtige verwysing na die segmentverslag sou die bestudering van operasionele oorsigte, wat buite die bestek van die geouditeerde finansiële state val, ten einde kennis van die maatskappy op te doen kon uitskakel. Dit sou ook aan 'n gebruiker onmiddellik die geleentheid gee om vas te stel welke tipe segmentering deur bestuur as die primêre bron van besigheidsrisiko's beskou word. Alhoewel daar dus moontlik aangevoer kan word dat maatskappye wat enkele segmente het, nie segmentverslae hoef voor te berei nie, is dit onmiskenbaar dat die aanbieding van sodanige inligting steeds van nut en waarde is vir gebruikers van finansiële state. Vir die doeleindes van hierdie bespreking word hierdie sewe maatskappye egter ook uitgesluit by enige verdere bevindings ten opsigte van segmentverslagdoening.

In totaal het twaalf maatskappye geen omskrywing van hul geografiese segmente openbaar nie. Nege maatskappye het geen aanduiding gegee van die tipe produkte of dienste wat ingesluit is in elk van hulle sake-segmente nie. Geen van die twintig geselekteerde maatskappye het die grondslag openbaar waarvolgens hulle koste tussen segmente toedeel nie.

Twee maatskappye het nie die vereiste onderskeid getref tussen ekstern-gegenereerde inkomste en inkomste wat spruit uit tussen-segmenttransaksies nie. Van die oorblywende agt maatskappye het een slegs inkomste afkomstig van eksterne klante openbaar, terwyl 'n ander glad nie inkomste openbaar het nie en gevolglik ook nie onderskei het of die inkomste van interne of eksterne transaksies afkomstig is nie. Een maatskappy het nie die segmentresultaat openbaar nie en een maatskappy het nie totale segmentbates of segmentlaste openbaar nie. Twee maatskappye het nie die totale kapitaaluitgawes ten opsigte van die verkryging van eiendom, aanleg en toerusting per segment openbaar soos wat deur IAS14.57 (IASB, 2002b:24) vereis word nie. Een maatskappy het nie amortisasie- en waardevermindering-uitgawes per segment openbaar nie en een maatskappy het slegs amortisasie van klandisiewaarde openbaar, maar nie amortisasie van ontasbare bates of waardevermindering nie. Vyf maatskappye het nie die bedrag van ander beduidende nie-kontanttransaksies per segment openbaar nie.

IAS36.116 (IASB, 2002b:36-42) vereis dat die totale waarde van waardedalingsverliese wat gedurende die jaar deur 'n entiteit erken is per segment toegedeel en so openbaar moet word, met onderskeid tussen die waarde van die waardedalingsverlies wat in die inkomstestaat erken is en soveel van die waardedalingsverlies as wat direk teen ekwiteit verantwoord is. Terugskrywings van enige vorige waardedalingsverliese behoort dienooreenkomstig openbaar te word. Drie maatskappye het nie die toedeling van waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk onder oorsig voorsien is in terme van hierdie vereistes openbaar nie, terwyl drie maatskappye nie die terugskrywing van enige vorige waardedalingsverliese wat erken is, so openbaar het nie.

IAS14.67 (IASB, 2002b:14-26) vereis dat maatskappye rekonsiliasies tussen segmentinkomste, segmentresultate, totale segmentbates en totale segmentlaste volgens die segmentverslag en die dienooreenkomstige syfers in die gekonsolideerde finansiële state getoon word. Vier maatskappye het geen



rekonsiliasies aangebied nie, terwyl telkens minstens een maatskappy in gebreke gebly het om die rekonsiliasies van segmentinkomste, segmentresultaat, segmentbates en segmentlaste te openbaar. Dit is verkeerd en dit wil voorkom of dit die direkte gevolg is van die feit dat die segmentinligting ten volle op reeds gekonsolideerde inligting gebaseer is. Twee ander maatskappye het ook geen rekonsiliasies van enige aard ten opsigte van segmentinkomste openbaar nie. Drie maatskappye het geen rekonsiliasies ten opsigte van segmentresultaat openbaar nie, terwyl een maatskappy verkeerdelik rente ontvang en –betaal ingesluit het as deel van die segmentresultaat wat in die segmentverslag openbaar is. Drie maatskappye het nie segmentbates gerekonsilieer met totale ondernemingsbates nie en drie maatskappye het nie segmentlaste gerekonsilieer met totale ondernemingslaste nie. Een van hierdie maatskappye het telkens rentedraende bates en laste by segmentbates en –laste ingesluit. Hoewel hierdie entiteit simmetrie bewerkstellig het tussen die hantering van rente ontvang en –betaal in die inkomstestaat en die ooreenstemmende rentedraende bates en –laste in die balansstaat, is hierdie hantering direk strydig met IAS14.16 (IASB, 2002b:14-11–14-13) wat spesifiek hierdie items uitsluit by segmentresultaat, -bates en –laste, tensy die entiteit 'n finansiële instelling is en in hierdie spesifieke geval is die entiteit wat ter sprake is nie 'n finansiële instelling nie.

Ten opsigte van die sekondêre rapporteringsformaat is daar by sewe maatskappye die aanname gemaak dat geografiese segmentering die sekondêre formaat verteenwoordig. Nie een van hierdie entiteite het egter enigsins vermeld of die geografiese inligting wat wel openbaar is gebaseer was op ligging van bates of ligging van klante nie. Drie maatskappye het glad nie inkomste afkomstig van eksterne klante, openbaar nie. Vyf maatskappye het glad nie segmentbates per geografiese segment openbaar nie, terwyl vier maatskappye nie die totale kapitaaluitgawes gekoppel aan die verkryging van eiendom, aanleg en toerusting gedurende die jaar volgens geografiese segmente openbaar het nie.

Hoewel dit nuttig sou wees indien rapporterende entiteite ook rekonsiliasies aanbied tussen inligting volgens die sekondêre segmenteringsformaat en die gekonsolideerde finansiële state, het nege maatskappye verkies om nie sodanige rekonsiliasies te openbaar nie.



Hoewel dit spesifiek deur IAS14.75 (IASB, 2002b:14-29) vereis word, het slegs een maatskappy die grondslag vir prysvasstelling ten opsigte van intersegmentoordragte openbaar.

#### **4.3.1.32 Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie**

Vier van die geselekteerde maatskappye het filiale wat in Zimbabwe geïnkorporeer is. Zimbabwe het 'n hiperinflasionêre ekonomie. Een maatskappy vermeld in hul finansiële oorsig, wat buite die bestek van die geouditeerde finansiële state is, dat die filiaal in Zimbabwe se finansiële inligting aangepas word in ooreenstemming met IAS29 – "Financial Reporting in Hyperinflationary Economies" (IASB, 2002b:29-1–29-11). Die maatskappy maak egter geen spesifieke openbaarmaking binne die finansiële state om hierdie posisie te reflekteer soos wat vereis word nie. Een ander maatskappy, wat 'n Zimbabwiese filiaal het, het besluit om daardie filiaal nie te konsolideer nie as gevolg van die fiskale beperkings op die maandelike oordrag van winste vanaf daardie filiaal na die Suid-Afrikaanse moedermaatskappy. Die maatskappy openbaar egter nie die vereiste inligting rakende die verwagte monetêre invloed van die besluit om nie die filiaal te konsolideer, op die maatskappy nie en daar word ook nie vermeld hoe lank gelede die maatskappy vir die eerste keer hierdie besluit geneem het nie.

#### **4.3.1.33 Fundamentele foute**

Volgens die IFVS wat op die maatskappye se 2002 jaareindes van toepassing was het slegs een maatskappy op die oog af 'n fundamentele fout begaan, maar die aangeleentheid is nie as sodanig openbaar en verantwoord nie. Die maatskappy het dit egter as 'n verandering in rekeningkundige beleid hanteer. Die aard van die situasie is sodanig dat die maatskappy, wat in die mynbou bedrywig is, nie vantevore goud-in-proses te boek gestel het nie. Die benadering is egter verander en vanaf die jaar onder oorsig word goud-in-proses wel as voorraad in berekening gebring in die finansiële state. Minstens agt van die ander geselekteerde maatskappye is ook in die mynbou sektor aktief en het klaarblyklik nog altyd goud-in-proses te boek gestel. Gevolglik die indruk dat die eerste-keer erkenning van goud-in-proses dalk eerder 'n

fundamentele fout van vorige tydperke regstel en dat dit nie 'n verandering in rekeningkundige beleid is nie. Die maatskappy het dus eerstens nie die aangeleentheid as fundamentele fout geïdentifiseer nie en die situasie word aangebied asof geen Suid-Afrikaanse myne nog ooit goud-in-proses rekeningkundig as voorraad verantwoord het nie. Verder is geen aanduiding gegee van die uitwerking van die aanpassing ten opsigte van tydperke wat die vergelykende tydperke voorafgaan nie en geen redes hiervoor is verskaf nie.

Gedurende 2004 is IAS8 egter aangepas en is weggedoen met die term "fundamentele fout". Daar word in terme van IAS8.IN12 nou slegs verwys na "prior period errors" (IASB, 2004:657)

#### **4.3.1.34 Landbou**

IAS41 (IASB, 2002b:41-1–41-53) is uitgereik ten einde leiding te bied ten opsigte van die rekeningkundige verantwoording van biologiese bates, landbouprodukte wat gereed is om geoes te word en ook staatstoekennings wat ontvang word ten opsigte van landbou-aktiwiteite. Hierdie standaard is effektief vir tydperke wat op of na 1 Januarie 2003 'n aanvang neem.

Een entiteit het egter aangetoon dat hulle reeds die standaard in hulle 2002 finansiële state toegepas het. Die maatskappy het egter nie al die vereistes van IAS41 (IASB, 2002b:41-1–41-53) nagekom nie.

#### **4.3.1.35 Afsonderlike finansiële state van moedermaatskappy**

Agtien van die maatskappy se finansiële state het die afsonderlike finansiële state van die moedermaatskappy ingesluit. Nege van hierdie maatskappye het egter nie die wyse vermeld waarvolgens beleggings in filiale en beleggings in geassosieerdes in die afsonderlike finansiële state van die moedermaatskappy verantwoord is nie.

#### **4.3.1.36 Oorgang na IFVS en veranderings in rekeningkundige beleid**

Sewe van die maatskappy se finansiële state is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP opgestel en nie in terme van IFVS nie en een maatskappy se

finansiële state is opgestel in ooreenstemming met KAARB. Die ander maatskappye se finansiële state toon nie duidelik watter jaar hul eerste jaar van voldoening aan IFVS was nie en gevolglik is dit moeilik om te bepaal of die maatskappy die regte oorgangsmaatreëls gevolg het en of daardie maatreëls korrek toegepas het.

Tien maatskappye het gedurende die tydperk onder oorsig 'n verandering in rekeningkundige beleid gehad en het daardie verandering hanteer in ooreenstemming met die normbehandeling, soos voorgeskryf in IAS8.34 – 8.37 (IASB, 2002b:8-9–8-10). Hoewel almal die redes vir die verandering in rekeningkundige beleid openbaar het, het twee nie die beginsaldo van behoue verdienste aangepas nie, twee het nie die waarde van die aanpassing ten opsigte van die jaar onder oorsig openbaar nie, vier het nie die waarde van die aanpassing ten opsigte van elke ander tydperk wat aangebied is openbaar nie, vyf het nie die waarde van die aanpassings ten opsigte van alle tydperke voor die vergelykende tydperk aangebied nie en slegs vier het wel vermeld dat die vergelykende inligting wel hersaamgestel is of dat hersamestelling onprakties was.

#### **4.3.1.37 Afwykings van IFVS**

Sewe maatskappye se finansiële state is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP opgestel en een maatskappy se finansiële state is in ooreenstemming met KAARB opgestel. Slegs die maatskappy waarvan die finansiële state in ooreenstemming met KAARB opgestel is, het besonderhede openbaar van die gevalle waar daardie finansiële state afwyk van IFVS. Geen van die ander maatskappye het sodanige inligting openbaar nie, aangesien dit buite die bestek van die rekeningkundige standaard is wat hulle gebruik het. Uit 'n objektiewe evaluasie blyk dit dat daar egter nie een maatskappy was wat aan al die openbaarmakingsvereistes, wat wel in terme van IFVS op hulle van toepassing was, voldoen het nie. Geen van die ander twaalf maatskappye wat op een of ander manier aanvoer dat die finansiële state voldoen aan IFVS het enigsins genoem dat daar op enige manier deur die maatskappy afgewyk is van die vereistes van IFVS nie, hoewel IAS1.13 (IASB, 2002b:1-10) vereis dat sodanige inligting wel openbaar word.

## **4.3.2 Tweede groep maatskappye**

### **4.3.2.1 Algemene aanbieding**

Agt van die nege geselekteerde maatskappye se finansiële state is in ooreenstemming met VK-AARP opgestel en een maatskappy se state is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP opgestel. Geen van die maatskappye in hierdie groep se finansiële state is dus in ooreenstemming met IFVS opgestel nie.

In terme van IAS10.16 (IASB, 2002b:10-10) word vereis dat maatskappye saam met die datum van die goedkeuring van die finansiële state moet vermeld of die eienaars van die entiteit of enige ander party enigsins na daardie datum die reg het om die finansiële state te verander, indien hulle wel oor so 'n reg beskik. Geen van die geselekteerde maatskappye het enigsins so 'n feit vermeld nie.

In terme van IAS21.43 (IASB, 2002b:21-16) word vereis dat 'n maatskappy sekere openbaarmakings doen indien die verslagdoeningsgeldeenheid in die finansiële state anders is as die geldeenheid van die maatskappy se land van domisilie. Hoewel hierdie situasie van toepassing is op sewe van die nege geselekteerde maatskappye het drie geen rede verskaf vir die verskil tussen die verslagdoeningsgeldeenheid en die geldeenheid van die maatskappy se land van domisilie nie. In geheel het vier maatskappye nie vermeld dat die verslagdoeningsgeldeenheid wat gebruik is die ekonomiese wese van die onderliggende gebeure en omstandighede reflekteer nie.

Geen van die maatskappye vermeld spesifiek hul land van domisilie nie. 'n Redelike aanname kan waarskynlik gemaak word op grond van die adres van die geregistreerde kantoor, maar dit sal moontlik nie noodwendig ooreenstem met die land van inkorporasie en/of die land van domisilie van die maatskappy nie.

### **4.3.2.2 Inkomste**

Ses maatskappye omskryf inkomste as "omset insluitend omset van geassosieerdes". Dit is nie in ooreenstemming met IAS18 se omskrywing van inkomste nie. IAS18.7 (IASB, 2002b:18-5) omskryf inkomste as die bruto invloed van ekonomiese voordele gedurende die tydperk wat in die loop van normale bedrywighede van 'n onderneming ontstaan indien daardie invloed tot 'n toename in ekwiteit aanleiding gee, uitgesonderd 'n toename wat verband hou met bydraes van

ekwiteitsaandeelhouders. Hierdie bedrae behoort ook tot die voordeel van die verslagdoenende entiteit ontvang te gewees het. Bedrae wat deur 'n geassosieerde ontvang word is nie noodwendig tot die voordeel van die belegger nie aangesien die belegger nie beheer oor die bedryfsbesluite en –beleid van die geassosieerde uitoefen nie, maar slegs beduidende invloed. Beduidende invloed word in IAS28.03 omskryf as "the power to participate in the financial and operating policy decisions of the investor but (is) not control over those policies" (IASB, 2002b:28-4). IAS28.03 omskryf beheer aan die ander kant as "the power to govern the financial and operating policies of an enterprise so as to obtain benefits from its activities" (IASB, 2002b:28-4).

IAS28.28 (IASB, 2002b:28-12) vereis dat wins of verlies toeskryfbaar aan beleggings in geassosieerdes afsonderlik openbaar behoort te word in die inkomstestaat. Daardie wins omvat dan die inkomste wat deur 'n geassosieerde gegeneer is gedurende 'n verslagdoeningstydperk.

#### **4.3.2.3 Leenkoste**

Vyf maatskappye het geen rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van die hantering van leenkoste nie. Twee maatskappye het aangetoon hoeveel leenkoste gedurende die jaar gekapitaliseer is, maar nie een het die kapitalisasiekoers openbaar nie.

#### **4.3.2.4 Beëindigde bedrywighede**

Twee van die geselekteerde maatskappye het gedurende die jaar 'n bedrywigheid beëindig. Dit is 'n vereiste dat 'n beskrywing van die beëindigde bedrywigheid openbaar word, asook die sake- en geografiese segmente waarbinne die beëindigde bedrywigheid val. Net die een maatskappy het hierdie vereistes nagekom. Die ander een het hierdie inligting in sy voorsittersverslag en finansiële oorsig vermeld en nie binne die omvang van die geouditeerde finansiële state nie. Net so het hierdie maatskappy ook die datum en aard van die aanvanklike openbaarmakingsgebeurtenis in dele van die jaarverslag openbaar wat buite die omvang van die geouditeerde finansiële state was en die ander maatskappy het glad nie hierdie inligting openbaar nie.

Een maatskappy het die datum of tydperk waarbinne die beëindiging afgehandel moet wees, openbaar en die ander het nie. Nie een van die twee maatskappye het op die balansstaatdatum die drabedrag van die totale bates en laste wat verkoop gaan word, openbaar nie. Hulle het ook nie die netto kontantvloei toeskryfbaar aan die bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite van die beëindigde bedrywigheid openbaar nie.

#### **4.3.2.5 Hure**

Slegs een maatskappy het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die verantwoordings van hure openbaar nie.

Vyf van die geselekteerde maatskappye is huurders in terme van bruikhure. Twee maatskappye het nie die drabedrag per klas van bate onder bruikhuur openbaar nie. Slegs een maatskappy het 'n rekonsiliasie getoon tussen die minimum huurbetalings op die balansstaatdatum en die huidige waarde daarvan. Die totale minimum huurbetalings op die balansstaatdatum en die huidige waarde daarvan behoort openbaar te word vir die tydperk:

- nie later as een jaar na balansstaatdatum nie;
- meer as een jaar maar minder as vyf jaar na die balansstaatdatum; en
- meer as vyf jaar na balansstaatdatum.

Twee maatskappye het nie die waarde openbaar vir die tydperk tot een jaar na die balansstaatdatum nie. Drie maatskappye het nie die openbaarmaking gedoen vir die tydperk tussen een en vyf jaar nie en ook nie vir die tydperk later as vyf jaar nie.

IAS17.23(e) (IASB, 2002b:17-15–17-16) vereis dat maatskappye besonderhede openbaar van enige beduidende bruikhuurooreenkomste wat hulle het. Geen maatskappy het dit gedoen nie.

Sewe van die nege geselekteerde maatskappye was huurders in terme van bedryfshuurooreenkomste. In terme van IAS17.27(d) (IASB, 2002b:17-17) word vereis dat die maatskappye besonderhede openbaar van enige beduidende bedryfshuurooreenkomste wat hulle het. Slegs een maatskappy het dit wel gedoen.

Slegs twee van die geselekteerde maatskappye was verhuurders in terme van bruikhuur. 'n Rekonsiliasie behoort openbaar te word tussen die totale bruto belegging in die huur soos op die balansstaatdatum en die huidige waarde van die ontvangbare minimum huurbetalings op daardie datum. Die huidige waarde van die minimum huurpaalemente wat ontvangbaar is op die balansstaatdatum, behoort openbaar te word vir elk van die volgende tydperke:

- tot een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar, maar nie langer as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- meer as vyf jaar na die datum.

Beide maatskappye het hierdie openbaarmakingsvereiste nagekom, maar die bedrae was nie afsonderlik van ander ontvangbare bedrae openbaar nie.

Onverdiende finansieringskoste, ongewaarborgde reswaardes wat toeval tot voordeel van die verhuurder en enige opgehoopte toelaag vir oninvorderbare minimum ontvangbare huurbetalings behoort openbaar te word. Nie een van die twee maatskappye het hierdie besonderhede openbaar nie.

Slegs een maatskappy het gedurende die tydperk onder oorsig die rol vervul van verhuurder in terme van 'n bedryfshuur. IAS17.48 (IASB, 2002b:17-22) vereis dat die bruto drabedrag, opgehoopte waardevermindering, opgehoopte waardedalingsverliese, waardevermindering vir die tydperk, waardedalingsverliese vir die tydperk en waardedalingsverliese wat gedurende die tydperk teruggeskryf is openbaar word ten opsigte van bates wat onderhewig is aan bedryfsverhuring. Die maatskappy het nie een van hierdie aspekte en ook nie die waarde van enige voorwaardelike huur wat reeds by inkomste ingesluit is, openbaar nie.

Die totale minimum huurbetalings in terme van nie-kanselleerbare bedryfsverhuringsooreenkomste behoort ook in totaal vir elk van die volgende drie tydperke openbaar te word:

- tot een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar, maar nie langer as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- meer as vyf jaar na die balansstaatdatum.



Die maatskappy het ook nie hierdie besonderhede openbaar nie en het ook versuim om inligting aangaande sy vernaamste verhuuringsooreenkomste te openbaar.

#### **4.3.2.6 Werknemervoordele**

Slegs twee maatskappye het rekeningkundige beleid ten opsigte van werknemervoordele openbaar wat die erkenning van aktuariële winste en -verliese ook aanspreek.

Dit is egter bekend dat VK-AARP se riglyne ten opsigte van werknemervoordele verskil van die wat deur IFVS voorgestel is. Die reëls ten opsigte van erkenning en meting wat in die VK geld, verskil van die wat in terme van IFVS voorgestel is. Die openbaarmakingsvereistes van VK-AARP omvat egter reeds die meeste van die vereistes wat ook deur IFVS voorgestel is (D&T, 2003:14), ten opsigte van die jaar onder oorsig. Die meeste maatskappye voldoen dus in 'n redelike mate aan die openbaarmakingsvereistes van IFVS, hoewel die werknemervoordele in wese op 'n ander grondslag te boek gestel is.

Alle gebrekkige areas ten opsigte van die openbaarmaking wat die maatskappye gedoen het, sal hier onder uitgelig word aangesien dit steeds areas is wat aandag sal verg wanneer die geselekteerde maatskappye oorskakel na IFVS.

Ten opsigte van omskrewevoordeel-planne het twee maatskappye geen besonderhede openbaar van die uitgawe wat in die inkomstestaat erken is nie, terwyl twee ander maatskappye ook geen aanduiding gegee het van die werklike opbrengs op planbates nie. Sewe maatskappye het geen aanduiding gegee van die omvang van onerkende aktuariële winste of -verliese nie. Hulle het ook geen aanduiding gegee van die omvang van enige onerkende netto bates ten opsigte van omskrewevoordeel-planne nie. IAS19.120(e) (IASB, 2002b:19-60) vereis dat 'n maatskappy 'n rekonsiliasie openbaar van die bewegings in die netto las of bate wat vir die jaar in die balansstaat erken is. Drie maatskappye het geen sodanige rekonsiliasie getoon nie.

Een maatskappy het ook geen besonderhede openbaar van aktuariële aannames gekoppel aan die omskrewevoordeel-planne nie.



Twee maatskappye het nie die waarde openbaar van bydraes wat gemaak is tot omskrewedydrae-planne nie.

#### **4.3.2.7 Lopende- en uitgestelde belasting**

Al die maatskappye het rekeningkundige beleid ten opsigte van uitgestelde belasting openbaar, terwyl slegs een maatskappy dieselfde ten opsigte van lopende belasting gedoen het.

IAS12.81(g) (IASB, 2002b:12-42) vereis dat vir elke tipe tydelike verskil en ten opsigte van elke tipe onbenutte belastingverlies of –krediet die bedrag van die uitgestelde belastingbates en –aanspreeklikhede wat in die balansstaat erken word vir die tydperk openbaar word, asook die bedrag van uitgestelde belastinginkomste of –uitgawe wat in die inkomstestaat erken is, indien daardie bedrae nie duidelik uit die veranderinge in die bedrae wat in die balansstaat erken is, blyk nie. Drie maatskappye het nie die waarde van die uitgestelde belastingbate of –las per tipe tydelike verskil openbaar nie en vier maatskappye het nie die waarde van uitgestelde belastinginkomste of –uitgawe openbaar nie. Sewe maatskappye het nie die uitgestelde belasting openbaar ten opsigte van items wat direk teen ekwiteit te boek gestel is nie.

Die waarde van tydelike verskille wat toeskryfbaar is aan beleggings in filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings behoort afsonderlik openbaar te word. Geen van die maatskappye het sodanige inligting openbaar nie.

Sewe maatskappye het nie op die gesig van die balansstaat onderskei tussen lopende belastingbates en –laste en uitgestelde belastingbates en –laste nie. Waar hierdie maatskappye uitgestelde belastingbates gehad het, is dit saam met ander debiteuresaldo's as deel van bedryfsbates gegroepeer en waar daar uitgestelde belastinglaste was is dit saam met ander voorsienings van 'n nie-bedryfsaard gegroepeer.

Vier maatskappye het dividende openbaar wat voorgestel is op jaareinde, maar wat onderhewig is aan bevestiging op die aandeelhoudersvergadering. Die hantering is in ooreenstemming met die hantering van dividende wat na jaareinde verklaar is en gevolglik is die maatskappy veronderstel om die belastingimplikasies van daardie dividende ook te openbaar. Geen van die maatskappye het hierdie inligting openbaar

nie. Een van die ander maatskappye het spesifiek vermeld dat hul dividend na jaareinde verklaar is, maar steeds in gebreke gebly om die belastingimplikasies van daardie dividend te openbaar.

Indien belasting ten opsigte van 'n maatskappy betaalbaar is teen 'n ander koers indien die behoue verdienste geheel of gedeeltelik by wyse van 'n dividend verdeel word, behoort die maatskappy die aard en die waarde van die inkomstebelastinggevolge wat prakties bepaalbaar is te openbaar asook die besonderhede van enige sodanige gevolge wat nie prakties bepaalbaar is nie. Geen van die geselekteerde maatskappye het hierdie inligting openbaar nie.

#### **4.3.2.8 Verdienste per aandeel**

IAS33.49(b) (IASB, 2002b:33-23) vereis dat die geweegde gemiddelde aantal uitgereikte gewone aandele wat gebruik is vir die berekening van basiese verdienste per aandeel en ook verwaterde verdienste per aandeel openbaar word. 'n Rekonsiliasie tussen hierdie twee noemers behoort ook openbaar te word. Drie van die geselekteerde maatskappye het nie hierdie rekonsiliasie openbaar nie.

#### **4.3.2.9 Eiendom, aanleg en toerusting**

Agt van die maatskappye verwys na hierdie items as "tasbare bates" in plaas van "eiendom, aanleg en toerusting".

Vyf maatskappye het eiendom, aanleg en toerusting gehad wat teen herwaardeerde waardes getoon is. Slegs twee maatskappye het die basis van die herwaardasies openbaar en drie maatskappye het die effektiewe datum van die herwaardasies vermeld. Drie maatskappye het nie vermeld of daar van die dienste van 'n onafhanklike waardeerder gebruik gemaak is nie en drie maatskappye het nie die aard van die indekse wat gebruik is om die vervangingswaarde van die bate te bepaal, openbaar nie. Slegs een maatskappy het die drabedrag vir elke klas van eiendom, aanleg en toerusting wat in die finansiële state ingesluit sou wees indien die bates gedra is teen kosprys min opgehoopte waardevermindering, eerder as teen die herwaardeerde bedrae, openbaar.

Twee maatskappye het nie die drabedrag van items wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge, openbaar nie.

#### **4.3.2.10 Beleggingseiendomme**

Daar was net twee maatskappye wat beleggingseiendomme gehad het en slegs een het die metingsgrondslag van daardie eiendomme openbaar.

Nie een van die maatskappye het die kriteria openbaar waarvolgens onderskei word tussen eienaargeokkupeerde eiendom en beleggingseiendomme nie.

Een van die geselekteerde maatskappye het die metode wat gebruik is om die billike waarde van beleggingseiendomme te bepaal openbaar, maar het nie die belangrikste aannames onderliggend aan die bepaling van die billike waarde openbaar nie.

Geeneen van die twee maatskappye het die feit openbaar indien daar nie gebruik gemaak is van 'n onafhanklike waardeerder ten einde die billike waarde van die eiendom te bepaal nie.

#### **4.3.2.11 Ander ontasbare bates**

Daar was slegs een van die maatskappye wat ander ontasbare bates gehad het. Hierdie maatskappy het nie onderskei tussen sodanige bates wat intern-gegenereerd is of wat verkry is nie.

#### **4.3.2.12 Klandisiewaarde**

Agt van die nege maatskappye het wel buitelandse filiale gehad en slegs een maatskappy het die metode vermeld in terme waarvan die omrekening van klandisiewaarde en billike waarde-aanpassings wat by die verkryging van 'n buitelandse filiaal ontstaan het, gedoen is.

Vyf maatskappye het vantevore klandisiewaarde teen ekwiteit afgeskryf, maar hulle het daardie praktyk reeds in die 1997/1998 verslagdoeningsjare gestaak. Sedertdien word klandisiewaarde gekapitaliseer en geamortiseer oor die verwagte nutsduur. Aangesien die maatskappye se beleid so lank terug reeds verander het is dit nie

moontlik om te bevestig of die maatskappye die oorgangsbepalings van IAS22 (IASB, 2002b:22-1–22.84), wat sedert die aanvang van die studie vervang is deur IFRS3 (IASB, 2004:253-370), korrek toegepas het nie.

#### **4.3.2.13 Beleggings**

Vier maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die bepaling van die drabedrag van beleggings openbaar nie. Hierdie maatskappye het ook nie die metodes wat gebruik is om die billike waarde van bates wat teen billike waarde gedra word, te bepaal openbaar nie. Geen van die maatskappye het die belangrikste aannames onderliggend aan die bepaling van die billike waardes openbaar nie.

Sewe maatskappye het nie vermeld of die winste of verliese wat spruit uit billike waarde-aanpassings by die wins vir die tydperk ingesluit word en of dit direk na ekwiteit geneem word nie.

Ses van die geselekteerde maatskappye het finansiële bates wat beskikbaar is vir verkoop. Hierdie bates behoort teen billike waarde in die balansstaat gedra te word. Geen van die geselekteerde maatskappye dra egter hierdie items teen billike waarde nie, maar toon dit eerder teen geamortiseerde koste. Die standaard vereis egter voorts dat verdere vereistes nagekom word ten opsigte van sodanige bates wat nie teen billike waarde gedra word nie. Eerstens behoort inligting aangaande die billike waarde van die bates openbaar te word. Drie van die maatskappye het dit nie gedoen nie. Indien dit nie vir die maatskappye prakties moontlik was om die billike waarde te bepaal nie, was hierdie maatskappye veronderstel om die feit te openbaar saam met daardie eienskappe van die onderliggende finansiële instrument wat pertinent betrekking het op die billike waarde van die bates beskikbaar vir verkoop. Hierdie drie maatskappye het ook nie hierdie vereiste nagekom nie. Tweedens is daar ook bykomende inligting wat openbaar moet word indien enige van die bates gedra word teen 'n waarde groter as die billike waarde daarvan. Aangesien drie van die maatskappye egter hul bates dra teen geamortiseerde koste en ook nie inligting aangaande die billike waardes van die bates openbaar nie, is dit nie moontlik om die nakoming al dan nie van hierdie bykomende openbaarmakingsvereistes te evalueer nie.

#### **4.3.2.14 Besigheidsamevoegings en –verkope**

Die uitwerking van die verkryging van 'n filiaal op die resultate van die groep vir die verslagdoeningstydperk waarbinne die verkryging deurgevoer is, behoort openbaar te word. Hoewel vyf van die geselekteerde maatskappye gedurende die jaar verkrygings aangegaan het, het slegs een hierdie inligting openbaar.

Een van die maatskappye het nie die naam, proporsionele belang in, of die land van inkorporasie van sy filiale openbaar nie.

Een ander maatskappy besit minder as die helfte van die stemdraende aandele van 'n ander maatskappy en hoewel die belang in die filiaal gekonsolideer is, is geen besonderhede van die verhouding met die maatskappy openbaar nie.

Ten opsigte van die verkope van filiale behoort maatskappye die gedeelte van die verkoopwaarde wat by wyse van kontant of kontantekwivalente vereffen word, te openbaar. Vier van die geselekteerde maatskappye het wel gedurende die tydperk onder oorsig belange in filiale verkoop en twee van hulle het nie hierdie inligting openbaar nie, terwyl een maatskappy dit ten opsigte van sommige van hul verkope gedoen het en nie vir ander nie. Net so behoort die waarde van kontant en kontantekwivalente, wat binne die filiaal is wat verkoop word, openbaar te word asook 'n opsomming van die bates en laste, anders as kontant, van die filiaal wat verkoop is volgens hoofkategorieë. Twee maatskappye het wel hierdie inligting openbaar en twee het nie.

Die uitwerking van die verkoop van die filiaal op die finansiële posisie van die entiteit op die verslagdoeningsdatum, die resultate van die groep vir die verslagdoeningstydperk waarbinne die verkoop afgehandel is, en die ooreenstemmende bedrae vir die voorafgaande verslagdoeningstydperk behoort openbaar te word. Twee maatskappye het die invloed van die verkoop van die filiaal op die finansiële posisie van die entiteit op die verslagdoeningsdatum openbaar, terwyl geen maatskappy die invloed op die resultate vir die verslagdoeningstydperk of die invloed op vergelykende syfers openbaar het nie.

#### **4.3.2.15 Voorraad**

Ses maatskappye het voorraad afgeskryf na netto realiseerbare waarde, maar geen van die maatskappye het die totale drabedrag van voorraad wat gedra is teen netto realiseerbare waarde openbaar nie.

#### **4.3.2.16 Kontant en kontantekwivalente**

Geen maatskappy het 'n definisie van kontant en kontantekwivalente openbaar nie.

Vier maatskappye het nie die samestelling van kontant en kontantekwivalente saam met 'n rekonsiliasie tussen die saldo in die balansstaat en die bedrag wat in die kontantvloeistaat openbaar is getoon nie.

#### **4.3.2.17 Finansiële instrumente**

##### **4.3.2.17.1 Algemeen**

Gedurende die jaar onder oorsig het VK-AARP nog geen standaard ingesluit wat riglyne voorskryf vir die erkenning en meting van finansiële instrumente nie (D&T, 2003:13). Hierdie situasie is die enkele grootste rede hoekom die tweede groep maatskappye nie aan die vereistes van IFVS in hierdie verband voldoen nie, of uiters gebrekkig is in die nakoming van die vereistes. Binne Suid-Afrikaanse SAARP was daar egter reeds 'n standaard AC133 – "Financial Instruments: Recognition and Measurement" (SAIGR, 2003:237) uitgereik, maar dit was eers effektief vir verslagdoeningstydperke wat op of na 1 Julie 2002 'n aanvang geneem het.

Die gebrekkige nakoming van die vereistes van IFVS wat identifiseer is gedurende die evaluasie van die geselekteerde maatskappye se finansiële state word egter steeds hier onder uitgelig ten einde so veel moontlik van die areas, wat in die proses van oorskakeling na IFVS aandag sal moet geniet, te identifiseer.

In terme van IFVS word vereis dat die rekeningkundige beleid vir die erkenning en meting van elke finansiële instrument vir elke klas van finansiële bate, -las en ekwiteitsinstrument, openbaar behoort te word. Die metingsgrondslag vir items wat teen billike waarde gedra word, behoort ook openbaar te word en slegs een maatskappy het hierdie vereiste nagekom, terwyl 'n ander maatskappy die

erkenningsmaatstawwe openbaar het, maar geen riglyne ten opsigte van die meting van finansiële instrumente nie. Geen maatskappy het egter die metodes en belangrike aannames, wat gebruik is in die bepaling van die billike waardes van finansiële bates en -laste, openbaar nie. Vyf maatskappye het geen beleid ten opsigte van verskansingsrekeningkunde of die verskansing van verwagte wesenlike transaksies openbaar nie en geen maatskappy het die bestuursdoelwitte en beleide ten opsigte van finansiële risiko's openbaar nie.

Geen van die maatskappye het ten opsigte van elk van die verskillende tipes finansiële bates openbaar of daardie items in terme van verhandelings- of vereffeningsdatumrekeningkunde te boek gestel is nie.

Verder het geen maatskappy die wins of verlies as gevolg van die billike waarde-aanpassings van bates beskikbaar vir verkoop, handelsbates of –laste of verskansingsinstrumente openbaar nie en dit is waarskynlik die direkte gevolg van die feit dat die maatskappy se finansiële state in ooreenstemming met standarde anders as IFVS opgestel is.

IAS39.170(f) (IASB, 2002b:39-78) vereis dat 'n maatskappy vir elke klas van finansiële bate die aard en waarde van enige waardedalingsverlies of terugskrywing van waardedalingsverlies sal openbaar. Ses maatskappye het wel waardedalings ten opsigte van hulle finansiële bates gehad, maar geen van die maatskappye het die aard daarvan openbaar nie. Twee maatskappye het nie die waarde van die waardedalingsverlies per klas van finansiële bate openbaar nie en twee maatskappye het glad nie die waarde van die waardedaling in die inkomstestaat openbaar nie, terwyl dit uit die balansstaataantekeninge duidelik is dat daar wel sulke items was.

In die geval waar 'n maatskappy finansiële bates aangebied het as sekuriteit vir enige lenings, behoort die maatskappy die drabedrag van sodanige bates te openbaar en ook die belangrikste bepalings en voorwaardes met betrekking tot die bates wat verpand is. Ses van die nege geselekteerde maatskappye het wel finansiële bates aangebied as sekuriteit vir lenings. Slegs drie maatskappye het die drabedrag van sodanige bate openbaar en geen van die maatskappye het enige bepalings of voorwaardes ten opsigte van daardie bates openbaar nie.



Inligting ten opsigte van die aard en omvang van finansiële instrumente binne 'n entiteit behoort openbaar te word. Sodanige inligting sou 'n beskrywing insluit van die bepalinge en voorwaardes wat die tydsberekening en sekerheid van toekomstige kontantvloei voortspruitend uit daardie finansiële instrumente mag beïnvloed. Slegs een maatskappy het hierdie inligting openbaar en dit is die maatskappy wie se state in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP opgestel was.

'n Maatskappy behoort ook die beleid ten opsigte van die bestuur van buitelandse valutarisiko te openbaar. Drie maatskappye het dit nie gedoen nie.

#### **4.3.2.17.2 Rentekoersrisiko**

IAS32.56 (IASB, 2002b:32-25) vereis dat 'n maatskappy besonderhede openbaar aangaande hul blootstelling aan rentekoersrisiko. Dit sluit besonderhede in van enige kontraktuele prysherbepalinge of vervaldatums en ook effektiewe rentekoerse, waar toepaslik. Geen van die nege geselekteerde maatskappye het hierdie besonderhede openbaar nie.

Dit is ook 'n vereiste dat 'n entiteit onderskei tussen monetêre bates en laste met 'n vaste rentekoers en daardie met 'n wisselende rentekoers. Drie maatskappye het nie hierdie onderskeid getref nie.

IAS32.64(c) (IASB, 2002b:32-28) stel voor dat die drabedrag van finansiële instrumente wat blootgestel is aan rentekoersrisiko openbaar word. Die drabedrag kan verdeel word en openbaar word vir dié instrumente wat:

- binne een jaar na die balansstaatdatum sal verval of hermeet sal word;
- meer as een jaar na die balansstaatdatum maar voor vyf jaar na die balansstaatdatum sal verval of hermeet sal word; en
- meer as vyf jaar na die balansstaatdatum sal verval of hermeet sal word.

Vyf maatskappye het glad nie hierdie inligting openbaar nie, terwyl een net 'n enkele drabedrag openbaar het vir alle finansiële instrumente wat meer as een jaar na afloop van die balansstaatdatum verval of hermeet sal word. Indien 'n maatskappy se prestasie beduidend beïnvloed word deur die vlak van die entiteit se blootstelling aan rentekoersrisiko, is dit moontlik nodig dat meer gedetailleerde inligting openbaar word ten opsigte van daardie instrumente wat binne een jaar na die



balansstaatdatum verval of hermeet sal word. Die standaard stel voor dat inligting aangebied word vir die tydperke:

- tot een maand;
- meer as een maand, maar korter as drie maande; en
- langer as drie maande maar minder as twaalf maande na die balansstaatdatum.

Geen maatskappy het inligting openbaar ten opsigte van die tydperk tot een maand na die balansstaatdatum nie, terwyl slegs een maatskappy 'n onderskeid getref het in die drabedrag van finansiële instrumente wat na een maand, maar binne drie maande na die balansstaatdatum verval of hermeet sal word en daardie instrumente wat na drie maande, maar binne twaalf maande na die balansstaatdatum sal verval of hermeet sal word.

Die standaard laat die keuse dat rentekoersinligting vir individuele finansiële instrumente aangebied kan word as hetsy 'n geweegde gemiddelde rentekoers of 'n spektrum van rentekoerse per klas van finansiële instrument. Slegs vier van die geselekteerde maatskappye het enigsins sodanige inligting openbaar.

#### **4.3.2.17.3 Kredietrisiko**

'n Entiteit behoort inligting aangaande sy blootstelling aan kredietrisiko te openbaar. Dit sluit besonderhede van beduidende konsentrasies van kredietrisiko in en ook die waarde wat op die balansstaatdatum die maatskappy se maksimum kredietrisiko die beste weerspieël. Vier maatskappye het besonderhede verstrek van die beduidende konsentrasie van kredietrisiko en slegs een maatskappy het 'n aanduiding gegee van die waarde van die maksimum moontlike blootstelling aan kredietrisiko wat die entiteit op die balansstaatdatum het. Ten opsigte van die beduidende konsentrasies van kredietrisiko behoort elke onderneming 'n aanduiding te gee van die gemeenskaplike faktore of eienskappe wat elke konsentrasie onderskei. Geen van die geselekteerde maatskappye het enige sodanige inligting openbaar nie.

#### **4.3.2.17.4 Skanse**

Al die geselekteerde maatskappye maak van beide kontantvloeiskanse en ook billike waarde skanse gebruik. Ten opsigte van beide tipes skanse word vereis dat 'n beskrywing van die skans, asook 'n beskrywing van die finansiële instrumente wat geïdentifiseer is as verskansingsinstrument, openbaar word. Die billike waarde van daardie finansiële instrument op die balansstaatdatum behoort ook openbaar te word. Geen van die geselekteerde maatskappye het hierdie inligting ten opsigte van billike waarde skanse openbaar nie, terwyl slegs een maatskappy dit openbaar het ten opsigte van kontantvloeiskanse.

Verder word vereis dat 'n beskrywing van die aard van die risiko's wat verskans word, die tydperke waarbinne die verwagte transaksie waarskynlik sal plaasvind en ook 'n aanduiding van die tydperk waarbinne die verwagte transaksie waarskynlik 'n invloed sal hê op die bepaling van wins, ten opsigte van kontantvloeiskanse openbaar word. Slegs twee maatskappye het die aard van die risiko's wat verskans is openbaar en net een maatskappy het die tydperke openbaar waarbinne die transaksie na verwagting sal plaasvind en 'n invloed sal hê op die bepaling van die wins.



#### **4.3.2.18 Voorsienings**

Vier maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van voorsienings openbaar nie. Slegs twee maatskappye het glad nie voorsienings gehad nie.

IAS37.85 (IASB, 2002b:37-30) vereis dat 'n maatskappy ten opsigte van elke klas van voorsiening, 'n beskrywing van die aard van die verpligting, 'n aanduiding van die verwagte tydsberekening, en enige moontlike onsekerhede rakende die tydsberekening of bedrag van uitvloeie van ekonomiese voordele aanbied; asook besonderhede van enige moontlike verhalings en die bedrag van 'n bate wat moontlik ten opsigte van so 'n verhalings geskep is. Vyf maatskappye het geen sodanige besonderhede openbaar nie, terwyl een maatskappy dit nie per klas van voorsiening openbaar het nie.

#### **4.3.2.19 Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates**

Indien prakties, behoort 'n maatskappy ten opsigte van voorwaardelike aanspreeklikhede 'n aanduiding te gee van die onsekerhede rakende die bedrag of tydsberekening van die kontantuitvloei en ook die waarskynlikheid van 'n moontlike verhaling van daardie kontantuitvloei. Drie van die maatskappye het nie een hierdie vereistes nagekom nie.

#### **4.3.2.20 Ekwiteitsvergoedingsvoordele (nou bekend as aandeelgebaseerde betalings)**

Vyf maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van ekwiteitsvergoedingsvoordele openbaar nie, terwyl daar agt maatskappye was wat wel sulke voordele aan hulle werknemers bied. Geen maatskappy het die uitgawe openbaar wat gedurende die jaar onder oorsig ten opsigte van ekwiteitsvergoedingsplanne erken is nie.

IAS19.147(d) (IASB, 2002b:19-69) vereis dat die volgende besonderhede openbaar word ten opsigte van 'n maatskappy se eie ekwiteitsfinansiële instrumente wat gehou word deur ekwiteitsvergoedingsplanne soos aan die begin en die einde van die verslagdoeningstydperk:

- die aantal instrumente;
- die bepalinge gekoppel aan die instrumente;
- die dividendregte;
- die stemregte;
- die omskeppingsregte;
- die uitoefeningsdatums;
- die uitoefeningspryse;
- die vervaldatums; en
- die mate waartoe werknemers se regte tot hierdie instrumente gevestig was.

Slegs een maatskappy het nie die spesifieke bepalinge wat aan hierdie instrumente gekoppel is openbaar nie, terwyl slegs een maatskappy wel die dividendregte van

hierdie instrumente omskryf het. Geen van die maatskappye het enige melding gemaak van die stemregte van hierdie instrumente nie en net die helfte van die maatskappye het die omskeppingsregte beskryf. Twee maatskappye het nie die uitoefeningspryse van die instrumente openbaar nie en geen van die maatskappye het 'n aanduiding gegee van die mate waartoe werknemers se regte tot hierdie ekwiteitsfinansiële instrumente gevestig was aan die einde van die verslagdoeningstydperk nie.

Dieselfde inligting behoort openbaar te word ten opsigte van ekwiteitsfinansiële instrumente wat gedurende die tydperk deur die entiteit aan ekwiteitsvergoedingsplanne of werknemers uitgereik is. Drie maatskappye het egter nie die bepaling gekoppel aan sodanige instrumente openbaar nie, slegs een het melding gemaak van die dividendregte wat aan daardie instrumente gekoppel is, terwyl geen maatskappy 'n aanduiding gegee het van die stemregte van daardie instrumente nie. Drie maatskappye het nie besonderhede aangaande omskeppingsregte van daardie instrumente openbaar nie en net een maatskappy het die uitoefeningsdatums van hierdie uitgereikte instrumente openbaar. Vier maatskappye het in gebreke gebly om die uitoefeningspryse van die instrumente te openbaar. Drie maatskappye het nie die vervaldatums van die uitgereikte instrumente openbaar nie, terwyl slegs een maatskappy die billike waarde van enige vergoeding openbaar het wat by uitreiking vanaf die ekwiteitsvergoedingsplan of die werknemers ontvang is.

Indien aandele-opsies gedurende die jaar in terme van ekwiteitsvergoedingsplanne uitgeoefen is, behoort die uitoefeningsdatum en uitoefeningsprys openbaar te word. Sewe maatskappye het nie die uitoefeningsdatum openbaar nie, terwyl drie maatskappye nie die uitoefeningsprys openbaar het nie.

Die billike waarde aan die begin en einde van die verslagdoeningstydperk behoort openbaar te word ten opsigte van die entiteit se eie ekwiteitsinstrumente wat gehou word deur ekwiteitsvergoedingsplanne. Slegs die helfte van die maatskappye het hierdie vereiste nagekom. Net so behoort die billike waarde openbaar te word van die maatskappy se eie ekwiteitsfinansiële instrumente op die datum wat dit aan ekwiteitsvergoedingsplanne uitgereik word of wat dit deur ekwiteitsvergoedingsplanne aan werknemers uitgereik word. Geen van die agt maatskappye wat wel ekwiteitsvergoedingsplanne gehad het, het hierdie inligting openbaar nie. Indien dit

vir hierdie maatskappye nie prakties was om die billike waardes te bepaal nie, moes hulle die feit vermeld, maar geen van die maatskappye het dit gedoen nie.

#### **4.3.2.21 Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit**

Daar is drie maatskappye wat telkens net verwys na 'n nie-verdeelbare reserwe en wat geen aanduiding gee van die aard of samestelling van daardie reserwe nie. Agt maatskappye het wel reserwes en slegs een het aangetoon wat die aard en doel van daardie reserwes is. Geen maatskappy het aangetoon of daar enige beperkings is op die verdeelbaarheid van herwaardasiereserwes nie.

Twee maatskappye het nie dividende in die staat van veranderings in ekwiteit openbaar nie, maar wel as aftrekking op die gesig van die inkomstestaat.

Vier maatskappye het reeds in die finansiële state voorsiening gemaak vir dividende wat na die balansstaatdatum verklaar is en wat onderhewig is aan goedkeuring op die maatskappy se algemene jaarvergadering. Hierdie hantering blyk verkeerd te wees aangesien die dividend nog nie op die balansstaatdatum 'n verpligting van die maatskappy was nie.

Twee maatskappye het geen aanduiding openbaar van die aantal aandele van die maatskappy wat gereserveer is vir uitreiking onder opsie nie.

#### **4.3.2.22 Tesourie-aandele**

Daar is vier maatskappye met aandele-opsieskemas wat van die maatskappy se eie aandele hou. Hierdie maatskappye se gekonsolideerde balansstate toon daardie aandeelhouing telkens as 'n belegging in eie aandele. Dit blyk verkeerd te wees en moet eerder as 'n vermindering van die maatskappy se ekwiteit aangetoon word op gekonsolideerde vlak.

#### **4.3.2.23 Verwante party transaksies**

In die geval waar 'n maatskappy transaksies met enige van sy verwante partye aangaan, behoort die besonderhede van daardie transaksies openbaar te word.

Twee maatskappye het geen sodanige inligting openbaar nie, alhoewel die een maatskappy verklaar het dat daar nie beduidende verwante party transaksies was gedurende die tydperk onder oorsig nie.

IAS24.22-23(c) (IASB, 2002b:24-9) vereis dat genoegsame inligting openbaar word soos wat nodig is vir die gebruiker om die finansiële state doeltreffend te interpreteer en verstaan. Daar word voorgestel dat onder andere die prysbepalingsbeleid van sodanige transaksies openbaar moet word. Drie maatskappye het nie hierdie besonderhede openbaar nie. Twee maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die volume van sodanige transaksies wat gedurende die tydperk plaasgevind het nie en hulle het ook nie die waarde van enige uitstaande items of balanse op jaareinde openbaar nie.

IAS19.47, 19.124 (a) en (b), 19.131, 19.143 en 19.151(a) tot (c) (IASB, 2002b:19-1–19-135) vereis dat transaksies wat aangegaan word ten opsigte van die werknemervoordele van sleutelbestuurspersoneel of wat aangegaan word met nadiensvoordeelplanne namens of ten opsigte van sleutelbestuurspersoneel openbaar word. Hoewel dit op die oog af voorkom of sewe van die geselekteerde maatskappye veronderstel was om hierdie vereistes na te kom, het geen van hulle dit spesifiek gedoen nie. Sommige maatskappye het hierdie inligting vervat in die vergoedingsverslag wat buite die omvang van die geouditeerde finansiële state val en gevolglik is die vereistes nie werklik nagekom in ooreenstemming met rekeningkundige standaarde wat vereis dat daardie inligting in die finansiële state openbaar word nie.

#### **4.3.2.24 Kontantvloeistaat**

Sewe maatskappye het belasting betaal as 'n afsonderlike opskrif wat nie deel van bedryfs-, beleggings- of finansieringsaktiwiteite gevorm het nie, openbaar.

#### **4.3.2.25 Segmentverslagdoening**

Slegs drie maatskappye het omskrywings van hul besigheids- en geografiese segmente aangebied. Geen maatskappy het aangetoon op welke grondslag koste tussen die verskillende segmente toegedeel is nie.

Hoewel die standaard oor segmentverslagdoening vereis dat segmentinkomste in die primêre segmentverslag verdeel word tussen inkomste van interne oorsprong teenoor inkomste van eksterne oorsprong, het slegs een maatskappy wel hierdie onderskeid getref. Die standaard vereis verder dat segmentbates en segmentlaste afsonderlik rapporteer word per segment. Twee maatskappye het hierdie vereiste nagekom, een het glad nie hierdie items openbaar nie en die ander ses maatskappye het dit op 'n netto-grondslag openbaar.

Geen maatskappy het die waarde van kapitaaluitgawes wat gedurende die tydperk onder oorsig aangegaan is ten einde eiendom, aanleg en toerusting en ontasbare bates te bekom, waardevermindering en amortisasie-uitgawes of besonderhede van beduidende nie-kontantransaksies per segment openbaar nie.

IAS36.116 (IASB, 2002b:36-42) vereis dat die waarde van waardedalingsverliese of terugskrywings van vorige waardedalingsverliese, wat per segment erken is openbaar moet word en dat die onderskeid tussen die afskrywing van daardie verliese na ekwiteit of na winste ook openbaar moet word. Hoewel sewe maatskappye wel gedurende die tydperk onder oorsig waardedalingsverliese voorsien het of terugskrywings gemaak het van vorige waardedalingsverliese, het geeneen van hulle hierdie inligting per segment aangebied nie.

IAS36.117 (IASB, 2002b:36-43) vereis dat indien die waardedalingsverlies of terugskrywing van vorige afskrywings wesenlik is in verhouding tot die finansiële state in geheel, verdere bykomende inligting openbaar behoort te word. Dit behels dat indien die afskrywing ten opsigte van 'n individuele bate is, die segment binne die primêre verslagdoeningsformaat waartoe die spesifieke onderliggende bate behoort, openbaar moet word. Indien die waardedaling voorsien is ten opsigte van 'n kontantgenererende eenheid, behoort 'n beskrywing daarvan aangebied te word wat meld of die kontantgenererende eenheid 'n afsonderlike produklyn of geografiese segment verteenwoordig al dan nie. Die waardedalingsverlies ten opsigte van die kontantgenererende eenheid behoort dan openbaar te word per segment volgens die primêre verslagdoeningsformaat. Twee van die maatskappye het wel gedurende die jaar waardedalings of terugskrywings van vorige waardedalings gehad, maar hulle het nie hierdie besonderhede openbaar nie.



IAS14.67 (IASB, 2002b:14-26) vereis dat maatskappye rekonsiliasies aanbied tussen die segmentinkomste, segmentresultaat, segmentbates en segmentlaste soos in die segmentverslag en die syfers ten opsigte van die entiteit in geheel soos in die gekonsolideerde finansiële state. Slegs een maatskappy het 'n rekonsiliasie ten opsigte van segmentinkomste en segmentbates openbaar, terwyl twee maatskappye 'n rekonsiliasie ten opsigte van die segmentresultaat en segmentlaste openbaar het.

Benewens die primêre segmentverslag word ook vereis dat 'n sekondêre segmentverslag openbaar word. Drie maatskappye het geen vorm van sekondêre verslagdoening openbaar nie. Indien die sekondêre verslag volgens geografiese segmente is, behoort die maatskappy vir elke segment wat meer as 10% van die gekonsolideerde inkomste oplewer of wat meer as 10% van die totale segmentbates of kapitaaluitgawes aangegaan om segmentbates te bekom verteenwoordig, die eksterne segmentinkomste volgens ligging van klante en ook die totale segmentbates en kapitaaluitgawes om eiendom, aanleg en toerusting of ontasbare bate te bekom, volgens ligging van bates te openbaar. Vier maatskappye het die besonderhede van segmentinkomste korrek openbaar, terwyl een maatskappy die besonderhede aangaande segmentbates openbaar het en geen maatskappy die besonderhede van kapitaaluitgawes openbaar het nie. Uit die inligting wat een van die maatskappye aangebied het, was dit egter onduidelik of die inligting volgens ligging van klante of ligging van bates openbaar is.

Ten opsigte van intersegmentoordragte behoort die grondslag vir prysvasstelling van hierdie oordragte openbaar te word asook enige veranderinge in daardie grondslag. Geen van die maatskappye het hierdie inligting openbaar nie.

#### **4.3.2.26 Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie**

Drie van die geselekteerde maatskappye het beleggings in filiale wat in Zimbabwe geleë is. Die ekonomie van Zimbabwe word beskou as hiperinflasionêr. Hierdie beleggings is egter op die oog af verantwoord soos alle ander beleggings in filiale en dit kom dus voor asof die maatskappye nie die vereistes van IAS29 (IASB, 2002b:29-1–29-11) nagekom het nie.



#### **4.3.2.27 Landbou**

Daar is een van die geselekteerde maatskappye wat aan IAS41 (IASB, 2002b:41-1–41-53) behoort te voldoen. Hierdie standaard is egter eers effektief vir tydperke wat op of na 1 Januarie 2003 'n aanvang neem (IASB, 2002b:41-20) en gevolglik was die standaard nie in die 2002 finansiële tydperk op hierdie maatskappy van toepassing nie.

#### **4.3.2.28 Afsonderlike finansiële state van moedermaatskappy**

Al die maatskappye se finansiële state het die afsonderlike finansiële state van die moedermaatskappy ingesluit. Vier van die maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die metode waarvolgens die beleggings in filiale en geassosieerdes in die moedermaatskappy se afsonderlike finansiële state verantwoord is nie.

#### **4.3.2.29 Oorgang na IFVS en veranderinge in rekeningkundige beleid**

Sewe van die nege geselekteerde maatskappye het aangetoon dat daar gedurende die jaar 'n verandering in rekeningkundige beleid was. Hierdie veranderinge was egter nie om die rekeningkundige beleid in terme waarvan die maatskappye se finansiële state opgestel is in lyn te bring met IFVS nie, maar dit was die gevolg van veranderinge ten opsigte van uitgestelde belasting binne die omvang van VK-AARP. Een maatskappy se verandering in rekeningkundige beleid was om in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP te bly aangesien daardie maatskappy se finansiële state in ooreenstemming met daardie standaard opgestel is.

Dit is opmerklik dat een maatskappy waarvan die finansiële state ook in ooreenstemming met VK-AARP opgestel is, nie dieselfde verandering in rekeningkundige beleid ten opsigte van uitgestelde belasting openbaar as die ander maatskappye nie. IAS8.48 (IASB, 2002b:8-13) vereis dat indien 'n IFVS uitgereik is en dit is nog nie effektief nie, 'n maatskappy die feit moet vermeld asook die potensiële invloed wat die aanvaarding van die nuwe IFVS op die wins en finansiële posisie sal hê. Indien IFVS dus op hierdie maatskappy toegepas sou word, sou hierdie bykomende inligting openbaar moes word.

Vyf van die maatskappye het nie die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op die wins van die tydperk onder oorsig openbaar nie.

#### **4.3.2.30 Afwykings van IFVS**

Nie een van die geselekteerde maatskappye se finansiële state is in ooreenstemming met IFVS opgestel nie en indien die finansiële state wel in terme van IFVS voorberei was, sou vereis word dat enige areas van nie-nakoming openbaar word. Besonderhede van die standaard waarvan afgewyk is, aard van die afwyking, die hantering wat die standaard sou vereis, die rede waarom die nakoming van daardie standaard misleidend sou wees en ook die benadering wat wel ten opsigte van die aangeleentheid aanvaar is, sou openbaar word. Die finansiële uitwerking van die afwyking op die entiteit se wins of verlies, bates, laste, ekwiteit en kontantvloei vir die verslagdoeningstydperk sou ook openbaar moes word.

#### **4.3.2.31 Bykomende openbaarmakingsvereistes ten opsigte van banke en soortgelyke instellings**

Twee van die geselekteerde maatskappye bedryf banke en gevolglik is daardie entiteite onderhewig aan uitgebreide openbaarmakingsvereistes.

Die een maatskappy het nie die wins of verlies ten opsigte van hul verhandelingsbedrywighede, beleggingsbedrywighede of handel in buitelandse valuta openbaar nie. Hierdie maatskappy het ook nie die waarde van verliese op voorskotte en lenings openbaar nie.

Die standaard stel voor dat bestuur kommentaar lewer oor gemiddelde rentekoerse, gemiddelde rentegenererende bates en –verpligtinge vir die tydperk, maar nie een van die twee maatskappye het enige sodanige kommentaar openbaar nie.

IAS30.30 (IASB, 2002b:30-12) vereis dat 'n ontleding van bates en laste volgens vervaldatumgroeperings aangebied word vir die oorblywende tydperk vanaf die balansstaatdatum tot die kontraktuele vervaldatum. Die een maatskappy het dit nie gedoen nie, terwyl die ander wel hierdie inligting openbaar het.

Bedrae gereserveer vir algemene bankrisiko's, insluitend toekomstige verliese, onvoorsiene risiko's en gebeurlikhede behoort afsonderlik openbaar te word as

toewysings van behoue verdienste. Beduidende geografiese-, kliënt- of industriegroep behoort openbaar te word en ook enige ander beduidende risikokonsentrasies van bates, laste en buitebalansstaatitems. Nie een van die twee maatskappye het hierdie inligting openbaar nie.

IAS30.53 (IASB, 2002b:30-18) vereis dat maatskappye die totale waarde van versekerde verpligtinge openbaar en ook die aard en die totale drabedrag van bates wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge. Een maatskappy het nie die waarde van versekerde verpligtinge openbaar nie, terwyl nie een van die twee maatskappye die drabedrag van bates wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge, openbaar het nie.

#### **4.4 GEVOLGTREKKING**


Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat alhoewel die eerste groep maatskappye volgens hul jaarverslae tot 'n groter mate as die tweede groep maatskappye, aan IFVS voldoen, daar egter steeds vele gebreke is in die nakoming van die openbaarmakingsvereistes van IFVS. Hierdie uitkoms is grootliks gekoppel aan die feit dat die rekeningkundige standaard waaraan die eerste groep voldoen het nader belyn was aan IFVS.

Die tweede groep maatskappye het meer beduidende areas wat aandag sal verg in dié opsig dat die VK nog nie riglyne gehad het vir die erkenning en meting van finansiële instrumente nie en ook omdat hul standaard ten opsigte van uitgestelde belasting en werknemervoordele beduidend van IFVS verskil.

Dit is noemenswaardig dat geeneen van die geselekteerde maatskappye se finansiële state ten opsigte van hul 2002 finansiële tydperk tegnies ten volle aan die vereistes van IFVS voldoen het nie.

Dit wil dus voorkom asof die proses van omskakeling na IFVS in die eerste groep meer afrondingswerk behels terwyl die tweede groep maatskappye by beduidende veranderinge in rekeningkundige riglyne en beginsels sal moet aanpas. Die belang van die afrondingswerk behoort egter nie onderskat te word nie aangesien die nie-nakoming van 'n enkele vereiste van IFVS by implikasie beteken dat die finansiële state van so 'n maatskappy nie aan IFVS voldoen nie. So 'n maatskappy sou dan blootgestel wees aan die risiko's van nie-nakoming van IFVS soos bespreek in Hoofstuk 7. Gebaseer op die evaluasie van die 2002 finansiële state van die

geselekteerde maatskappye wil dit tog steeds blyk dat die eerste groep maatskappye met groter gemak die proses van omskakeling na IFVS teen 2005 sal kan afhandel as die tweede groep.



## **HOOFSTUK 5**

### **VRAELYS TE AAN BESTUUR**

#### **5.1 INLEIDING**

In hierdie hoofstuk word die besonderhede vervat van die vraelys wat aan finansiële bestuur van die geselekteerde maatskappye gestuur is en ook die algemene uitkomst van daardie vraelys.

Aanvanklik is met alle geselekteerde maatskappye in verbinding getree ten einde vas te stel of hulle bereid sou wees om hierdie vraelys te voltooi. Twee maatskappye in die eerste groep en twee maatskappye in die tweede groep het aangetoon dat dit hul beleid is om glad nie vraelys te voltooi nie, terwyl vier maatskappye in die eerste groep en twee in die tweede groep geensins op die versoek reageer het nie. Nadat 'n aantal pogings om weer met laasgenoemde ses maatskappye in verbinding te tree onsuksesvol was, is verdere pogings laat vaar. Die vraelys is dus aan veertien maatskappye in die eerste groep en vyf maatskappye in die tweede groep gestuur nadat hierdie maatskappye almal bevestig het dat hulle wel belangstel om die vraelys te voltooi.

Tien maatskappye in die eerste groep, dus 71%, en vier van die tweede groep, 80%, het die vraelys voltooi en teruggestuur. Daar is twee keer met elk van die ander maatskappye kontak gemaak in 'n poging om voltooide vraelys in te vorder, maar daardie pogings was sonder welslae.

#### **5.2 BESONDERHEDE VAN DIE VRAELYS**

Die volle vraelys is vervat in Bylaag H tesame met die statistiese besonderhede van die terugvoer wat ontvang is. Die vraelys is in Engels geformuleer ten einde te verseker dat alle respondente dit kon verstaan en die statistiese besonderhede is met behulp van die statistiese sagteware, Statistica 6.0 saamgestel. Die vrae is gegroepeer in ses afdelings. In afdeling A is die vrae gemik daarop om die vlak van bestuur se bewustheid van die vereiste vir oorskakeling na IFVS te meet, terwyl afdeling B gefokus het daarop om die persepsie van bestuur ten opsigte van hierdie oorgang na IFVS te probeer meet. Afdeling C handel met die beplanning en

prosedures wat die entiteite volg in hul proses van oorskakeling na IFVS en afdeling D bevraagteken die entiteite se persepsie rakende hul eie en ook ander entiteite se vermoë om suksesvol aandag te skenk aan die oorskakeling na IFVS asook die uitdagings wat sodanige oorskakeling meebring. In afdeling E word vasgestel tot watter mate die geselekteerde entiteite reeds aan IFVS voldoen en afdeling F handel met algemene aangeleenthede rakende die rekeningkundige verantwoording van spesifieke transaksies.

Die samestelling van die vraelys is beïnvloed deur vrae wat PWC in 'n evaluering van Europese maatskappye se oorskakeling na IFVS gestel het, maar is nie suiwer daarop gebaseer nie. Die uitkoms van die PWC opname is gepubliseer in *2005 – Ready or not?* (PWC, 2002a).

### **5.3 UITKOMS VAN DIE OPNAME**

#### **5.3.1 Vlakke van bewustheid**

Alle respondente in albei groepe het aangetoon dat hulle bewus is van die vereiste oorskakeling na IFVS teen 2005 en almal het ook aangetoon dat hulle bewus is van die feit dat alle maatskappye wat op die JSE genoteer is teen 2005 aan IFVS moet voldoen.

Almal behalwe een respondent uit die eerste groep het aangetoon dat hulle bewus is van die feit dat die effektiewe datum van IFVS neig om vroeër te wees as vergelykbare rekeningkundige standaarde in ander lande.

Op die vraag of die respondente bewus is van die feit dat 'n maatskappy nie kan aanspraak maak op volle nakoming van IFVS indien alle IFVS nie korrek vanaf hul effektiewe datum toegepas is nie het agt van die tien respondente in die eerste groep bevestigend geantwoord, een het aangedui dat hulle nie bewus is van sodanige vereiste nie en een het heeltemal korrek verwys na die gebruik van oorgangsbepalings by die aanvanklike toepassing van 'n IFVS en dat daardie oorgangsbepalings die vereiste volle toepassing van 'n IFVS vanaf sy effektiewe datum in effek gedeeltelik neutraliseer. Alle respondente in die tweede groep het bevestigend geantwoord.

Die respondente is versoek om aan te dui watter ander partye in hul entiteit bewus is van die vereiste regulatoriese nakoming van IFVS teen 2005 en die terugvoering is soos volg uiteengesit in Tabel 5.1:

**Tabel 5.1: Watter partye in die maatskappy is bewus van die vereiste nakoming van IFRS teen 2005?**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Voorsitter	70%	75%
Hoof uitvoerende beampte	80%	100%
Direksie en senior bestuur	90%	75%
Ouditkomitees	90%	100%
Finansiële- en administratiewe span	100%	100%
Ander	20%	50%

Uit bostaande blyk dit dat die hoogste bewustheidsvlak van die vereiste nakoming van IFRS teen 2005, oor die algemeen by die finansiële- en administratiewe spanne gesetel is, terwyl dit ook ten volle by die ouditkomitees en hoof uitvoerende beamptes van die tweede groep bekend is. Die bewustheidsvlak onder hoof uitvoerende beamptes en voorsitters is die laagste binne die eerste groep respondente en die laagste onder voorsitters asook die direksie en senior bestuurspan by die tweede groep respondente.

Twee respondente uit die eerste groep het onderskeidelik bykomend aangedui dat hetsy:

- almal in hulle maatskappye; en
- hul ouditeure en rekenmeesters, bewus is van die regulatoriese vereiste nakoming van IFVS teen 2005.

Twee respondente uit die tweede groep het verder vermeld dat onderskeidelik al hul streek hoof uitvoerende beamptes en ook hul besigheidseenhede almal ingelig is oor die vereiste nakoming van IFVS.

Op die vraag dat respondente hul kennisvlak van IFVS moet kategoriseer was die uitkoms soos uiteengesit in Tabel 5.2:

**Tabel 5.2: Respondente se kennisvlak van IFVS**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Uitstekend	20%	25%
Werkskennis	60%	75%
Min besonderhede	20%	0
Baie min/niks	0	0

Dit blyk dus dat hoewel die persone wat die vraelyste voltooi het 'n hoë bewustheidsvlak van die vereiste nakoming van IFVS teen 2005 het, daardie vlak wel varieer op verskillende vlakke binne die onderskeie entiteite en ook dat die kennisvlakke van hierdie persone verskil tussen die verskillende entiteite. Slegs 20% van respondente in die eerste groep en 25% van respondente in die tweede groep was van mening dat hulle eie kennisvlak van IFVS uitstekend is.

### 5.3.2 Persepsies

Die motivering vir die aanvaarding van uniforme rekeningkundige standaarde was grootliks gesetel in die verwagting dat dit sal help met die daarstelling van 'n enkele globale kapitaalmark waarbinne maatskappye met groter gemak fondse vanaf beleggers sal kan werf (Commission, 2001a:2). Teen hierdie agtergrond is die respondente versoek om aan te toon tot watter mate hulle met hierdie verwagting saamstem, al dan nie. Die terugvoer is uiteengesit in Tabel 5.3.

**Tabel 5.3: Respondente se mate van instemming met die verwagting dat uniforme rekeningkundige standaarde sal lei tot die daarstelling van 'n enkele kapitaalmark**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	30%	25%
Stem saam	50%	25%
Stem nie saam nie	20%	50%
Stem sterk nie saam nie	0	0

Die respondente is ook versoek om aan te dui tot watter mate hulle saamstem met die verwagting dat die aanvaarding van uniforme rekeningkundige standaarde sal lei tot verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state. Die uitkoms is in Tabel 5.4 vervat.



**Tabel 5.4: Respondente se mate van instemming met die verwagting dat uniforme rekeningkundige standaarde sal lei tot verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	40%	0
Stem saam	60%	100%
Stem nie saam nie	0	0
Stem sterk nie saam nie	0	0

Dit wil dus voorkom asof die eerste groep respondente meer positief ingestel is teenoor die verwagting van 'n enkele globale kapitaalmark en verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state as die tweede groep.

Hoewel die regulatoriese nakoming van IFVS teen 2005 slegs toepaslik is op gekonsolideerde finansiële state, is respondente versoek om aan te toon of dit na hulle mening wenslik sou wees indien hierdie vereiste uitgebrei sou word na alle filiale wat binne maatskappygroepe, wat gekonsolideerde finansiële state in terme van IFVS moet opstel, val. 70% van die eerste groep respondente het instemmend geantwoord, terwyl slegs 50% van die tweede groep maatskappye instemmend geantwoord het.

Die respondente is versoek om aan te toon of hulle ten gunste sou wees van 'n voorstel in terme waarvan maatskappye, alhoewel hulle teen hul 2004 jaareindes nog nie ten volle aan IFVS, en dus die riglyne vir rekeningkundige verantwoording in terme van IFVS, voldoen nie, aangemoedig word om volle openbaarmaking in ooreenstemming met IFVS te maak binne bylaes tot die finansiële state wat vir daardie tydperk uitgereik word. 70% van die eerste groep was ten gunste van so 'n voorstel, terwyl slegs 25% van die tweede groep respondente ten gunste van so 'n voorstel was.

90% van respondente uit die eerste groep en alle respondente van die tweede groep was van mening dat nasionale stellers van rekeningkundige standaarde nie hul eie standaarde moet behou en IFVS moet ignoreer nie. Alle respondente uit beide groepe was dit eens dat stellers van nasionale standaarde daardie standaarde moet aanpas om dit in lyn te bring met IFVS.

Op die vraag of die respondente van mening is dat die nasionale stellers van rekeningkundige standaarde moet poog om die IASB te beïnvloed in die proses van

die formulering van nuwe standaard het 90% van die eerste groep respondente en alle respondente van die tweede groep instemmend geantwoord.

Die respondente is versoek om aan te dui of hulle van mening is dat die aanvaarding van IFVS hulle sal noop om meer nie-finansiële inligting te rapporteer as wat hulle tans doen. 50% van respondente in die eerste groep en 75% van respondente in die tweede groep het bevestigend geantwoord.

Oor die algemeen is 70% van respondente in die eerste groep en 75% van respondente in die tweede groep van mening dat hulle IFVS ook sal gebruik vir interne bestuursverslagdoening.

Op die vraag of respondente van mening is dat die gebruik van IFVS 'n invloed sal hê op die besluite wat geneem word ten opsigte van bestuurstelsels en strategiese aangeleenthede was 75% van die respondente in die tweede groep dit eens dat dit wel die geval sou wees. Die volledige terugvoer is opgesom in Tabel 5.5.

**Tabel 5.5: Respondente se verwagting ten opsigte van of die gebruik van IFVS 'n invloed sal hê op die besluite wat ten opsigte van bestuurstelsels en strategiese aangeleenthede geneem word**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	10%	0
Stem saam	30%	75%
Stem nie saam nie	20%	0
Stem sterk nie saam nie	10%	0
Weet nie	20%	25%

Op die vraag of die respondente van mening is dat verslagdoening in ooreenstemming met IFVS 'n invloed sal hê op hul gerapporteerde wins of verlies en netto bates het 30% van respondente in die eerste groep en 100% van respondente in die tweede groep bevestigend geantwoord. 50% van respondente in die eerste groep was van mening dat dit nie 'n invloed sal hê nie. Hierna is die respondente versoek om aan te dui of hulle van mening is dat hul aandeelhouers bewus is van die moontlike invloed wat nakoming van IFVS op gerapporteerde wins of verlies en netto bates kan hê. 30% van respondente in die eerste groep en 50% van respondente in die tweede groep het aangetoon dat dit na hul mening wel die geval is.

40% van respondente uit die eerste groep en 75% van respondente uit die tweede groep het reeds die potensiele invloed van die nakoming van IFVS op hul

dividendbeleid oorweeg, terwyl 40% van respondente uit die eerste groep en 75% van respondente uit die tweede groep van mening is dat die aandeelhouers van hul entiteit nie bewus is van die potensiele uitwerking wat die nakoming van IFVS op die dividendbeleid van die entiteit kan hê nie.

40% van respondente uit die eerste groep en 75% van respondente uit die tweede groep is van mening dat die nakoming van IFVS die wyse sal beïnvloed waarop beleggers oor die algemeen maatskappyprestasie beoordeel, terwyl 50% van respondente uit die eerste groep en 100% van respondente uit die tweede groep van mening is dat dit nodig is dat hul maatskappy die mark en hul aandeelhouers moet voorberei vir hul entiteit se oorgang na IFVS. Uit die eerste groep respondente het 10% aangetoon dat hulle reeds stappe geneem het om hierdie partye voor te berei en dat hulle gevind het dat dit goed gewerk het, 20% het nog nie sulke stappe geneem nie, maar beplan om dit in die nabye toekoms te doen, terwyl 30% van respondente nog nie sulke stappe geneem het nie en ook nie van plan was om enige sodanige stappe te neem nie. 100% van respondente uit die tweede groep het aangetoon dat hulle nog nie sulke stappe geneem het nie, maar dat hulle dit in die afsienbare toekoms sal doen.

Die respondente is versoek om aan te toon of hulle oorweging geskenk het aan die feit dat wins en ander finansiële mikpunte moontlik nie meer die gepaste kriteria is vir die vasstelling van werknemervoordeelpakkette nie. Sodanige situasie was by 50% van respondente uit die eerste groep nie van toepassing nie, terwyl 80% van die res van die groep en 75% van die respondente in die tweede groep bevestigend geantwoord het. Op die vraag of respondente van mening is dat hul werknemers bewus is van die feit dat wins en ander finansiële mikpunte moontlik nie meer die gepaste kriteria is vir die vasstelling van werknemervoordeelpakkette nie, het 40% van die respondente in groep een waarop die situasie van toepassing was, en 50% van respondente in groep twee bevestigend geantwoord. Respondente is voorts versoek om aan te toon of hulle van mening is dat dit nodig is dat werknemers voorberei moet word op die oorskakeling van hul entiteit na IFVS. Hierop het 40% van die eerste groep respondente en 100% van die tweede groep respondente bevestigend geantwoord.

### 5.3.3 Beplanning en prosedures vir oorskakeling na IFVS

Die respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van wanneer hul beplanningsproses vir die oorskakeling na IFVS 'n aanvang sal neem. Die terugvoer is opgesom in Tabel 5.6.

**Tabel 5.6: Tydraamwerk vir die aanvang van respondente se beplanningsproses vir die oorskakeling na IFVS**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Proses reeds voltooi	70%	0
Beplanning het reeds 'n aanvang geneem	30%	75%
Beplanning sal gedurende 2004 'n aanvang neem	0	25%

Uit bostaande is dit duidelik dat die respondente in die eerste groep verder gevorderd is met hul oorskakelingsproses as die respondente in die tweede groep.

30% van respondente in die eerste groep en 100% van respondente in die tweede groep het aangedui dat impakstudies gedoen is met die oog op oorskakeling na IFVS. Alle respondente in die eerste en tweede groep wat wel impakstudies gedoen het, het aangetoon dat hulle die bevindings van die impakstudies gebruik het in die daarstelling van hul entiteit se plan vir oorskakeling na IFVS.

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die aspekte wat gedek is deur die impakstudies wat uitgevoer is. Hierdie besonderhede is vervat in Tabel 5.7.

**Tabel 5.7: Aspekte gedek deur respondente se impakstudies**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Veranderinge in rekeningkundige beleid	40%	100%
Potensiële veranderings in rekeningkundige verslagdoeningstelsels	30%	100%
Potensiële reaksie van analiste en beleggers	20%	100%
Opleidingsbehoefte van personeel en bestuur	30%	75%
Ander	50%	50%

Dit wil voorkom of die respondente in die tweede groep meer aandag geskenk het aan impakstudies en die uitkomste daarvan as respondente in die eerste groep. Ander aangeleenthede wat ook deur sommige respondente in hul impakstudies gedek is, het openbaarmakingsaangeleenthede, die impak op besigheidsprosesse en die impak op besighede en hul produkte ingesluit.

Respondente is versoek om aan te toon of hulle die tyd wat gepaard gaan met parallelle lopies van stelsels en ook die behoefte aan die openbaarmaking van vergelykende inligting in ooreenstemming met IFVS, in ag geneem het in hul beplanningsproses. Die terugvoer is opgesom in Tabel 5.8.

**Tabel 5.8: Respondente se inagneming van die tyd gekoppel aan parallelle lopies en die daarstelling van vergelykende inligting**

	Parallele lopies		Vergelykende inligting	
	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)
Ja	0	50%	50%	100%
Nee	80%	50%	30%	0
Weet nie	0	0	10%	0
Nie van toepassing	10%	0	10%	0
Vraag nie beantwoord	10%	0	0	0

Op die vraag of die direksie duidelik hul ondersteuning en die belang van die oorskakeling na IFVS aan personeel gekommunikeer het, het 30% van die respondente in die eerste groep en 100% van die tweede groep bevestigend geantwoord.

Respondente is gevra om 'n aanduiding te gee van of stappe reeds geneem is, of in die toekoms geneem sal word om werknemers voor te berei vir die maatskappy se omskakeling na IFVS. Die terugvoer is in Tabel 5.9 uiteengesit.

**Tabel 5.9: Proses van voorbereiding van werknemers vir die oorskakeling na IFVS**

	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)
Ons het reeds en dit het goed gewerk	10%	25%
Ons het reeds en dit het geen invloed gehad nie	0	0
Ons het nog nie, maar sal in die nabye toekoms	20%	25%
Ons beplan nie om sulke stappe te neem nie	30%	25%
Nie van toepassing	30%	0
Ander (soos hier onder toegelig)	10%	25%

Een entiteit in die eerste groep het aangetoon dat hulle wel sodanige stappe geneem het ten opsigte van senior bestuur en dat dit goed gewerk het, maar dat hulle nie beplan om dit vir alle ander personeel ook te doen nie. Een respondent in die tweede

groep het aangetoon dat sodanige stappe reeds geneem is en dat gemengde sukses daarmee behaal is.

Die respondente is versoek om aan te toon wat hulle as hul primêre struikelblok beskou in die proses van oorskakeling na IFVS en ook wat hulle dink die primêre struikelblok in die proses van oorskakeling na IFVS vir ander maatskappye sal wees. Besonderhede van die terugvoer wat ontvang is, is vervat in Tabel 5.10.

**Tabel 5.10: Primêre struikelblok in die proses van oorskakeling na IFVS**

	Eie struikelblok		Struikelblokke vir ander	
	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)
Gebrek aan personeel met voldoende opleiding	10%	75%	50%	75%
Gebrek aan voldoende verslagdoeningstelsels	10%	50%	10%	50%
Gebrek aan tyd	30%	25%	30%	0
Gebrek aan toewyding van bestuur	0	50%	20%	50%


Ten opsigte van 'n gebrek aan personeel met voldoende opleiding, 'n gebrek aan voldoende verslagdoeningstelsels en 'n gebrek aan toewyding van bestuur, wil dit voorkom asof die eerste groep respondente dit nie as sulke groot struikelblokke soos die tweede groep beskou nie. Dit wil ook voorkom asof beide groepe respondente hulself in hetsy 'n soortgelyke posisie of in 'n beter posisie sien as ander maatskappye in soverre dit die eerste twee aspekte aangaan. Ten opsigte van 'n gebrek aan tyd beskou die tweede groep dit as dat hulle 'n groter probleem met beskikbare tyd het as ander maatskappye.

Respondente is ook versoek om aan te toon welke van die volgende rekeningkundige aspekte die grootste invloed het/ gehad het/ sal hê op hul proses van oorskakeling na IFVS. Terselfdertyd moes hulle 'n aanduiding gee van welke faktore na hulle mening die grootste invloed op ander maatskappye het/ gehad het/ sal hê. Die terugvoer is opgesom in Tabel 5.11.

**Tabel 5.11: Rekeningkundige aspekte met grootste invloed op oorskakeling na IFVS**

	Self beïnvloed		Ander beïnvloed	
	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)
Uitgestelde belasting	10%	25%	20%	25%
Segmentverslagdoening	10%	25%	10%	25%
Aandeelgebaseerde betalings	40%	100%	50%	75%
Finansiële instrumente	40%	100%	50%	100%
Werknemervoordele	0	50%	30%	25%
Besigheidsamevoegings	30%	50%	50%	25%
Verantwoording van hure	0	50%	20%	0

Oor die algemeen wil dit weer voorkom asof die respondente in die eerste groep bostaande aangeleenthede nie as so 'n groot probleem beskou as die tweede groep nie en ook asof hulle hulself oor die algemeen in 'n beter posisie beskou om die vermeldde aangeleenthede te kan hanteer, as ander maatskappye. Dit is slegs ten opsigte van aandeelgebaseerde betalings, werknemervoordele en besigheidsamevoegings wat dit blyk dat die respondente in die tweede groep dit beskou as dat hierdie aspekte vir hulself 'n groter uitdaging inhou as vir ander maatskappye.



### 5.3.4 Vermoë om IFVS te hanteer

Respondente is versoek om hulle opinie te gee van ander genoteerde maatskappye, hulle banke, hul ouditeure en hul eie vermoë om IFVS te bespreek en te hanteer. Die besonderhede van die terugvoer wat ontvang is, is opgesom in Tabel 5.12.

**Tabel 5.12: Verskillende partye se vermoë om IFVS te bespreek en hanteer**

	Ander maatskappye		Hul banke		Hul ouditeure		Hulself	
	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)	Eerste groep (tien respondente)	Tweede groep (vier respondente)
Ten volle voorbereid	10%	0	20%	0	70%	25%	80%	0
Meer voorbereid as 'n jaar gelede	40%	100%	30%	75%	30%	75%	20%	100%
Weet nie	50%	0	20%	25%	0	0	0	0
Het geen vordering gemaak in die laaste jaar nie	0	0	10%	0	0	0	0	0
Glad nie voorbereid nie	0	0	0	0	0	0	0	0


Twee maatskappye in die eerste groep het geen opinie gegee oor hul banke se vermoë om IFVS te bespreek en te hanteer nie. Oor die algemeen wil dit voorkom



asof die eerste groep respondente van mening is dat alle betrokke partye reeds op 'n hoër vlak van voorbereiding is as die tweede groep respondente. Die eerste groep respondente beskou ook hulself as meer voorbereid om die aangeleenthede en uitdagings voortspruitend uit IFVS te hanteer as ander maatskappye, hul banke of hul ouditeure. Die tweede groep respondente sien hul eie voorbereidingsvlak as dieselfde as dié van ander maatskappye, terwyl hulle meer positief is oor hul ouditeure se vlak van voorbereidheid en minder positief ten opsigte van hul banke s'n.

Indien 'n respondent se finansiële state nog in ooreenstemming met standarde anders as IFVS, opgestel is, is versoek dat 'n aanduiding gegee word van of die respondent van mening is dat hulle suksesvol na IFVS sal kan omskakel teen 2005. Hierdie situasie was van toepassing op drie respondente in die eerste groep en al die respondente in die tweede groep. Die uitkoms is soos volg saamgevat in Tabel 5.13.

**Tabel 5.13: Respondente se opinie oor hul eie vermoë om suksesvol oor te skakel na IFVS teen 2005**



	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	10%	100%
Stem saam	20%	0
Nie van toepassing	70%	0

Een derde van die respondente in die eerste groep op wie die vraag van toepassing was het ten sterkste saamgestem, terwyl twee derdes slegs saamgestem het. In die tweede groep het alle respondente egter sterk saamgestem dat die entiteite waarby hulle werksaam is gereed is om teen 2005 suksesvol na IFVS om te skakel. Sewe van die tien respondente in die eerste groep het egter aangetoon dat hulle finansiële state reeds in ooreenstemming met IFVS opgestel is en dus was die vraag nie op hulle van toepassing nie.

### 5.3.5 Nakoming van IFVS

Respondente is versoek om 'n aanduiding te gee van die mate waartoe hul entiteite reeds aan IFVS voldoen. 'n Opsomming van die terugvoer is vervat in Tabel 5.14.



**Tabel 5.14: Respondente se huidige mate van voldoening aan IFVS**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Voldoen ten volle	70%	0
Voldoen gedeeltelik	30%	50%
Voldoen glad nie	0	50%

70% van die respondente in die eerste groep is van mening dat hulle reeds ten volle aan IFVS voldoen, terwyl 30% gedeeltelik aan IFVS voldoen. In die tweede groep respondente voldoen geen van die entiteite reeds ten volle aan IFVS nie, maar 50% voldoen gedeeltelik en 50% voldoen nog glad nie aan IFVS nie.

In die geval waar 'n respondent reeds ten volle aan IFVS voldoen, is hulle versoek om 'n aanduiding te gee van die tydstip waarop hulle begin het om ten volle aan IFVS te voldoen. Hierdie situasie was slegs van toepassing op sewe respondente in die eerste groep. Die terugvoer is uiteengesit in Tabel 5.15.

**Tabel 5.15: Tydstip waarop respondente reeds die eerste keer ten volle aan IFVS voldoen het**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
'n Aantal jaar gelede	40%	0
2001	10%	0
2002	10%	0
2003	10%	0
Voldoen nog nie ten volle aan IFVS nie	30%	100%

Hierdie uitkoms is in ooreenstemming met die uitkoms ten opsigte van tot welke mate maatskappye reeds aan IFVS voldoen. Meer as die helfte van die respondente in die eerste groep wat reeds aan IFVS voldoen het, het daardie status reeds voor 2001 bereik.

Indien 'n respondent reeds ten volle aan IFVS voldoen, is hulle versoek om aan te toon of die nakoming van IFVS voordele vir hul entiteit ingehou het. Besonderhede van die terugvoer is opgesom in Tabel 5.16.

**Tabel 5.16: Voldoening aan IFVS voordelig vir respondente wat reeds ten volle aan IFVS voldoen?**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	30%	0
Stem saam	10%	0
Weet nie	20%	0
Stem nie saam nie	10%	0
Nie van toepassing	30%	100%

70% van respondente uit die eerste groep voldoen reeds ten volle aan IFVS en 43% van daardie respondente het sterk saamgestem dat die nakoming van IFVS voordele vir hul entiteit ingehou het, terwyl 14% saamgestem het, 29% nie geweet het of sodanige nakoming enigszins voordele vir die entiteit opgelewer het nie en 14% nie gedink het dat daar enige voordele uit die nakoming van IFVS gevloei het nie.

Ten opsigte van respondente wat nog nie ten volle aan IFVS voldoen nie, is versoek dat hulle meld of hulle verwag dat die nakoming van IFVS wel in die toekoms vir hulle entiteite voordele sal inhou. Die terugvoer wat ontvang is, is uiteengesit in Tabel 5.17.

**Tabel 5.17: Verwachting van toekomstige voordele uit die nakoming van IFVS vir respondente wat nog nie ten volle aan IFVS voldoen nie**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
Stem sterk saam	0	0
Stem saam	10%	50%
Weet nie	0	50%
Stem nie saam nie	20%	0
Nie van toepassing	70%	0

70% van die respondente in die eerste groep voldoen reeds ten volle aan IFVS en hierdie situasie was dus nie op hulle van toepassing nie. 30% van die respondente in dieselfde groep voldoen nog nie ten volle aan IFVS nie en twee derdes van hulle is van mening dat nakoming van IFVS nie vir hulle entiteite voordele sal inhou nie, terwyl een derde wel voel dat daar voordele uit die nakoming van IFVS kan spruit.

Al die respondente in die tweede groep is nog besig met die proses van omskakeling na IFVS. Die helfte van hierdie entiteite is van mening dat die omskakeling na IFVS

moontlik toekomstige voordele vir die entiteit kan inhou, terwyl die ander helfte nie weet of die omskakeling voordelig sal wees nie.

Die respondente wat reeds ten volle aan IFVS voldoen, is versoek om 'n aanduiding te gee van die tydsduur van die proses van omskakeling na IFVS. Besonderhede van die terugvoer is opgesom in Tabel 5.18.

**Tabel 5.18: Tydsduur vir proses van omskakeling na IFVS**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
So lank soos verwag	50%	0
Nie so lank soos verwag is nie	20%	0
Nie van toepassing	30%	100%

71% van die respondente op wie die vraag van toepassing was, was van mening dat die proses nie langer geduur het as wat verwag is nie, terwyl 29% van mening was dat dit korter geduur het as verwag.

Die respondente is versoek om aan te toon of hulle op enige stadium 'n IFVS begin toepas het voor die effektiewe datum van daardie IFVS. Al die respondente wat reeds aan IFVS voldoen het, 70% van die eerste groep, het aangetoon dat dit wel die geval was by hulle entiteite. Hierna is daardie respondente versoek om aan te toon welke IFVS wel deur hul entiteite toegepas is voor die effektiewe datum van daardie IFVS. 'n Opsomming van die respondente se terugvoer is vervat in Tabel 5.19.

**Tabel 5.19: IFVS toegepas voor die effektiewe datum daarvan**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
IAS32 – "Financial Instruments: Disclosure and Presentation"	40%	0
IAS39 – "Financial Instruments: Recognition and Measurement"	60%	0
Nie van toepassing	30%	100%

Hierdie situasie was by 30% van respondente in die eerste groep nie van toepassing nie en ook nie op enige van die respondente in die tweede groep nie. Dit is dus duidelik dat 86% van respondente op wie die situasie wel van toepassing was, IAS39 (IASB, 2002b:39-1–39-81) begin toepas het voor die effektiewe datum daarvan, terwyl 57% voor die effektiewe datum van daardie IFVS, begin het om IAS32 (IASB, 2002b:32-1–32-51) toe te pas.

Die respondente is ook versoek om aan te dui of hulle van mening is dat daar 'n behoefte is aan 'n liggaam wat verantwoordelik sal wees om te verseker dat maatskappye wel aan IFVS voldoen, en indien wel moes die respondente aantoon wie na hulle mening die mees geskikte liggaam sou wees om hierdie taak uit te voer.

90% van respondente in die eerste groep en alle respondente in die tweede groep was van mening dat daar wel 'n behoefte is aan so 'n nakomingsliggaam. Die volgende opsies is vermeld as moontlike instellings wat die verantwoordelikheid kan dra om te verseker dat die vereistes van IFVS nagekom word, en die terugvoer in hierdie verband is opgesom in Tabel 5.20.

**Tabel 5.20: Moontlike liggame wat nakoming van IFVS moet verseker**

	<b>Eerste groep</b> (tien respondente)	<b>Tweede groep</b> (vier respondente)
'n Nuwe Europese liggaam wat nog gevorm moet word	0	75%
Die bestaande effektebeurse	30%	0
Ouditeure in samewerking met bestaande effektebeurse	10%	0
Die GMP van die JSE Sekuriteitebeurs	80%	0
Weet nie	10%	25%


Uit bostaande blyk dit dat respondente in die eerste groep meestal ten gunste is van die rol van die GMP van die JSE ter versekering dat maatskappye wel aan IFVS voldoen, terwyl die tweede groep respondente grootliks ten gunste van die stigting van 'n nuwe Europese nakomingsliggaam is.

#### **5.4 GEVOLGTREKKING**

Uit bostaande inligting wil dit voorkom asof die tweede groep respondente nie heeltemal so ver gevorderd is in die proses van oorskakeling na IFVS soos die eerste groep respondente nie, maar tog ook asof die tweede groep respondente oor die algemeen neig om positief ingestel te wees ten opsigte van die oorskakeling na IFVS terwyl die eerste groep respondente meer neutraal staan teenoor die proses. Dit kan moontlik te wyte wees aan die feit dat 70% van die eerste groep respondente na hulle mening reeds ten volle aan IFVS voldoen en hulle sal dus in 'n mindere mate deur die oorskakelingsproses na IFVS beïnvloed word.

Hierdie waarnemings is in ooreenstemming met waarnemings wat vroeër in Hoofstuk 2 en Hoofstuk 4 gemaak is, in terme waarvan dit duidelik is dat Suid-Afrikaanse SAARP nader bely is met IFVS as VK-AARP en dat dit bes moontlik die rede is waarom die respondente van die eerste groep verder gevorder is met die oorskakeling na IFVS en moontlik ook die proses as minder uitdagend ervaar.

Dit is van belang om te meld dat die opinie van die sewe respondente van die eerste groep maatskappye, dat hulle reeds ten volle aan IFVS voldoen, 'n aanduiding is van hulle huidige IFVS status en nie of hulle noodwendig ten opsigte van die 2002 finansiële tydperk reeds ten volle aan IFVS voldoen het nie. Tabel 5.15 toon egter aan dat ses van die sewe maatskappye van mening is dat hulle 2002 finansiële state reeds ten volle aan die vereistes van IFVS voldoen het, maar uit die besonderhede soos uiteengesit in Hoofstuk 4 is dit egter duidelik dat daar geen geselekteerde maatskappy was waarvan die 2002 finansiële state tegnies ten volle aan die vereistes van IFVS voldoen het nie.



## HOOFSTUK 6

### EVALUASIE VAN 2003 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE TEEN IFVS

#### 6.1 INLEIDING

In Hoofstuk 4 is die resultate van die evaluasie van die geselekteerde maatskappye se 2002 finansiële state teen die openbaarmakingsvereistes wat ten opsigte van daardie tydperk in terme van IFVS gegeld het, saamgevat. In hierdie hoofstuk word die resultate van 'n soortgelyke evaluasie, maar ten opsigte van die 2003 finansiële jaareindes van die geselekteerde maatskappye, bespreek. Die bespreking word egter beperk tot gevalle waar daar noemenswaardige veranderinge was in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye aan die openbaarmakingsvereistes van IFVS voldoen en ook areas waar daar veranderinge aan die vereistes van IFVS was sedert die 2002 finansiële jaar.

#### 6.2 PROSES VAN EVALUERING VAN NAKOMING VAN IFVS

Die openbaarmakingsvraelys van PWC, soos uitgereik in 2004 (PWC, 2004), is gebruik om as basis te dien vir die evaluasie van die mate waartoe die geïdentifiseerde maatskappye se finansiële state aan IFVS voldoen. Hierdie proses het ten doel om leemtes in die geselekteerde maatskappye se nakoming van IFVS te identifiseer met die oog op hul 2004 finansiële jaareindes. Dit is gedoen omdat die syfers ten opsigte van die 2004 jaareindes dien as die vergelykende syfers vir die 2005 finansiële jaar en gevolglik is dit ideaal as dit reeds volledig in terme van IFVS opgestel is. Die volledige openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde aantekeninge ten opsigte van die evaluasie van beide die eerste en die tweede groep maatskappye is ingesluit in Bylae I tot L.

#### 6.3 UITKOMS VAN EVALUERING

Hierdie inligting is per onderwerp gegroep ten einde 'n geheelbeeld te skep van die moontlike gebreke wat bestaan ten opsigte van die nie-nakoming van IFVS.

### **6.3.1 Eerste groep maatskappye**

#### **6.3.1.1 Algemene aanbieding**

Dit is opmerklik dat sommige maatskappye die rekeningkundige standaard in terme waarvan hul 2002 finansiële state opgestel was verander het in 2003. So het een maatskappy wat in 2002 aangevoer het dat hul finansiële state in ooreenstemming met IFVS en Suid-Afrikaanse SAARP opgestel is, in 2003 binne die rekeningkundige beleidsaantekeninge vermeld dat die finansiële state slegs in ooreenstemming met IFVS opgestel is, terwyl die ouditverslag nou vermeld dat die finansiële state slegs aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen. Hierdie maatskappy het in die vraelys aangetoon dat hulle ten volle aan IFVS voldoen. 'n Ander maatskappy wat in 2002 verklaar het dat die finansiële state in terme van IFVS opgestel is, terwyl die ouditverslag slegs vermeld het dat aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen word, toon in hul 2003 finansiële state konsekwent aan dat aan beide Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS voldoen word. Een van die maatskappye wat in 2002 verklaar het dat hul finansiële state slegs ten volle aan IFVS voldoen, verklaar nou in 2003 dat aan IFVS en ook Suid-Afrikaanse SAARP voldoen word. Die een maatskappy wat in 2002 binne die rekeningkundige beleidsaantekeninge vermeld het dat aan beide IFVS en Suid-Afrikaanse SAARP voldoen word, terwyl die ouditverslag slegs aangetoon het dat aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen is, meld nou op beide plekke dat die finansiële state slegs aan Suid-Afrikaanse SAARP voldoen. Sewe maatskappye het in hul terugvoer tot die vraelys aangetoon dat hulle ten volle aan IFVS voldoen. Met die uitsondering van die een maatskappy wat hierbo bespreek is kon hierdie terugvoer vir alle ander respondente bevestig word deur die evaluasie van die ouditverslae ten opsigte van hul 2003 jaarverslae.

Vier van die geselekteerde maatskappye gebruik 'n ander verslagdoeningsgeldeenheid as die funksionele geldeenheid van die maatskappy. Al die maatskappye het in 2003 voldoen aan die vereiste van IAS21.53 (IASB, 2004:1039) in terme waarvan die feit openbaar behoort te word indien die maatskappy 'n ander verslagdoeningsgeldeenheid gebruik as die funksionele geldeenheid van die maatskappy. Die een maatskappy het egter steeds in gebreke gebly om die rede hiervoor te openbaar, terwyl die ander nie die funksionele geldeenheid van die maatskappy openbaar het nie. Slegs twee maatskappye het in 2002 hierdie vereistes nagekom.


### **6.3.1.2 Buitelandse valuta**

Drie van die vier maatskappye wat in 2002 óf geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van buitelandse valutatransaksies of die omrekening van buitelandse valutasaldo's openbaar het nie óf slegs gebrekkige rekeningkundige beleid openbaar het, het hierdie posisie in 2003 ten volle reggestel. Slegs een maatskappy het steeds net rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van transaksies wat in buitelandse valuta gedenomineer is openbaar en geen beleid ten opsigte van die omrekening van buitelandse valutasaldo's openbaar nie.

In die 2003 finansiële jaar is daar slegs vyf (2002: nege) maatskappye wat nie die waarde van buitelandse valutaverskille wat as deel van wins of verlies erken is, afsonderlik openbaar het nie.

### **6.3.1.3 Staatstoekennings**

Daar is steeds slegs twee van die geselekteerde maatskappye wat staatstoekennings ontvang het, maar daar was geen verandering ten opsigte van die inligting wat die maatskappye in daardie verband openbaar het nie.



### **6.3.1.4 Leenkoste**

Daar is steeds sewe maatskappye wat geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van leenkoste openbaar het nie.

Een maatskappy wat in 2002 die waarde van leenkoste wat teen eiendom, aanleg en toerusting gekapitaliseer is openbaar het, het dit nie in 2003 openbaar nie. Een ander maatskappy wat in 2002 nie die waarde van leenkoste wat teen eiendom, aanleg en toerusting gekapitaliseer is openbaar het nie, het dit wel in 2003 openbaar.

Dertien maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die kapitalisasiekoers wat gebruik is om te bepaal hoeveel leenkoste gekapitaliseer moet word nie.



### **6.3.1.5 Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings**

In die 2003 finansiële tydperk was daar twee meer maatskappye wat beleggings in geassosieerdes gehad het – daar was dus dertien wat sodanige beleggings gehou het. Een van hierdie maatskappye het die ekwiteitsverantwoorde wins as deel van beleggingsinkomste openbaar in die aantekeninge tot die inkomstestaat in plaas van om dit as 'n afsonderlike lynitem in die inkomstestaat aan te bied. Daar was dus in 2003 twee maatskappye wat hierdie hantering gevolg het.

Die maatskappy wat ekwiteitsverantwoorde wins as lynitem na "Wins na belasting" openbaar het in plaas van voor daardie lynitem, het dit in 2003 weer gedoen.

Een van die maatskappye wat in 2002 nie ekwiteitsverantwoorde wins as afsonderlike lynitem in die inkomstestaat openbaar het nie, doen dit egter wel nou. Daar is dus nou vier maatskappye (2002: vyf) oor wat nog nie die aanbieding korrek doen nie.

Vyf van die dertien maatskappye het nie die belegging as afsonderlike lynitem op die gesig van die balansstaat openbaar nie. Die aanhangsel tot een van die maatskappye se finansiële state het egter aangetoon dat daardie maatskappy wel 'n geassosieerde het, terwyl daar nêrens binne die finansiële state enige besonderhede van die belegging openbaar is nie.

Ses maatskappye (2002: vyf) het geen aanduiding gegee van of die drabedrag van die beleggings in geassosieerdes wel klandisiewaarde met die verkryging van daardie belegging insluit nie. In die vraelys het twee van die maatskappye bevestig dat hulle inderdaad nie klandisiewaarde met verkryging van die belegging by die drabedrag van die belegging insluit nie. Hierdie hantering blyk verkeerd te wees.

IAS28.37(a) (IASB, 2004:1131) vereis dat die billike waarde van beleggings in geassosieerdes waarvoor 'n aandeelprys openbaar gepubliseer word, openbaar word. Sewe maatskappye het geen sodanige inligting openbaar nie.

Ses maatskappye het geen opgesomde finansiële inligting ten opsigte van hul beleggings in geassosieerdes openbaar nie.

Daar was vier maatskappye wat beleggings in geassosieerdes gehad het wat nie volgens die ekwiteitsmetode verantwoord is nie. Drie van hierdie maatskappye het

nie die opgesomde finansiële inligting ten opsigte van daardie beleggings openbaar nie.

Volgens IAS28.39 (IASB, 2004:1132) behoort die belegger se deel van 'n geassosieerde se veranderinge wat direk teen ekwiteit verantwoord is, afsonderlik openbaar te word. Slegs een van die dertien maatskappye het dit gedoen.

### **6.3.1.6 Beëindigde bedrywighede**

Drie van die geselekteerde maatskappye het beëindigde bedrywighede gehad. Twee van die maatskappye het nie die nabelaste wins of verlies van die beëindigde bedrywighede afsonderlik op die gesig van die inkomstestaat getoon nie. Nie een van die maatskappye het die nabelaste wins of verlies wat spruit uit die hermeting na billike waarde van die bates wat die beëindigde bedrywigheid opmaak of die wins of verlies uit die verkoop van sodanige bates, openbaar nie.

Gedurende 2004 is IFRS5 (IASB, 2004:501–551) uitgereik waarbinne riglyne verskaf word vir die erkenning en meting van niebedryfsbates wat gehou word vir verkoop en hierdie standaard vervang die voorheen toepaslike IAS35 (IASB, 2002b:35-1–35-30). Hierdie standaard bepaal onder andere dat bates wat deel vorm van 'n beëindigde bedrywigheid afsonderlik geklassifiseer behoort te word as deel van bates gehou vir verkoop. Die standaard is egter eers effektief vir tydperke wat op of na 1 Januarie 2005 (IASB, 2004:513) 'n aanvang neem en gevolglik het nie een van die drie maatskappye wat beëindigde bedrywighede gehad het aan die vereistes van hierdie standaard voldoen nie.

### **6.3.1.7 Hure**

Veertien maatskappye (2002: dertien) het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van hure openbaar. Sestien van die geselekteerde maatskappye het wel hure gehad.


Nege maatskappye het spesifiek bruikhure gehad en twee van hierdie maatskappye (2002: vyf) het nie die drabedrag van bates onderhewig aan bruikhuur afsonderlik openbaar nie.

Met betrekking tot bedryfshure was daar geen noemenswaardige verandering in die mate van nakoming van die openbaarmakingsvereistes sedert die 2002 finansiële tydperk nie.

Daar was drie maatskappye wat ongetwyfeld beleggingseiendomme besit het ten opsigte waarvan die verwagting bestaan dat die besonderhede van bedryfsverhurings openbaar behoort te word. Een maatskappy het egter glad nie sulke besonderhede openbaar nie. Die ander twee het al die vereistes nagekom, behalwe in die opsig van die vereiste verdeling wat aangebied behoort te word van die totale toekomstige minimum huurbetalings wat ontvangbaar is

- binne een jaar na die balansstaatdatum;
- meer as een jaar maar nie later as vyf jaar na die balansstaatdatum nie; en
- sodanige betalings ten opsigte van die tydperk langer as vyf jaar na die balansstaatdatum.

Die een maatskappy het dit glad nie aangebied nie en die ander het dit net openbaar ten opsigte van hul ander verhuringsbates, maar nie ten opsigte van die bedryfsverhurings oor beleggingseiendomme nie.



#### **6.3.1.8 Werknemervoordele**

Daar was geen verandering in die mate waartoe rekeningkundige beleid ten opsigte van werknemervoordele openbaar was nie.

Die entiteit wat alle bydraes tot beide tipes voordeelplanne as uitgawe erken, doen dit steeds, terwyl die een maatskappy wat slegs bydraes tot 'n omskrewebydrae-plan maak en in 2002 nie die bydraes openbaar het nie, in 2003 wel die totale waarde van sodanige bydraes openbaar het.

Een van die maatskappye wat voorheen 'n enkele uitgawe lynitem ten opsigte van werknemervoordele en nie die samestelling daarvan openbaar het nie, het dit in 2003 duidelik gemaak dat daar slegs bydraes aan 'n omskrewebydrae-plan gemaak is en dat daardie bydraes die uitgawe-item daar stel. Dit is nou in 2003 ook duidelik dat hierdie maatskappy geen bydraes tot omskrewevoordeel-planne maak nie, terwyl hierdie posisie onduidelik was in 2002.

Daar is dus steeds twee maatskappye wat in totaal 'n enkele lynitem ten opsigte van werknemervoordeel koste openbaar en wat nie die individuele komponente daarvan openbaar nie. Die samestelling van daardie lynitems is dus onbekend.

Daar is steeds in totaal dertien maatskappye wat bydraes maak tot omskrewewoordeel-planne. Soos hierbo bespreek is daar twee wat geen besonderhede openbaar nie en verder is daar een maatskappy wat wel in 2002 volle besonderhede openbaar het wat in 2003 slegs 'n stelling gemaak het dat die aktuariële waardes gekoppel aan hul omskrewewoordeel-plan onbeduidend is en dat besonderhede gevolglik nie openbaar word nie.

Twee maatskappye maak bydraes tot multi-werkgewerplanne wat verantwoord word as omskrewewoordeel-planne en beide het hierdie feit vermeld. Die een maatskappy het die rede vermeld waarom daar nie voldoende inligting beskikbaar is om die plan anders te kan verantwoord nie, terwyl die ander maatskappy wel 'n aanduiding kon gee van die surplus of tekort van die plan. Nie een van die maatskappye het enige van die ander openbaarmakingsvereistes nagekom nie.

Van die ander agt maatskappye het een nie hul verwagte opbrengs op planbates openbaar nie, hoewel dieselfde maatskappy wel die waarde openbaar het in sy 2002 finansiële state. Drie maatskappye (2002: sewe) het nie hul werklike opbrengs op planbates openbaar nie. Drie maatskappye het nie die waarde van onerkende aktuariële winste of -verliese soos op die balansstaatdatum openbaar nie. Twee maatskappye het nie die waarde van netto bates wat nie as bate erken is nie, as gevolg van die beperkinge van IAS19.58(b) (IASB, 2004:926), openbaar nie.

In totaal het drie maatskappye nie die koste gekoppel aan ander langtermynvoordele openbaar nie en twee het nie koste gekoppel aan beëindigingsvoordele openbaar nie.

### **6.3.1.9 Lopende- en uitgestelde belasting**

Nege van die twintig maatskappye (2002: vyf) het wel rekeningkundige beleid ten opsigte van lopende belasting openbaar, terwyl slegs een (2002: twee) nie rekeningkundige beleid ten opsigte van uitgestelde belasting geformuleer het nie.

In 2003 is daar drie (2002: vier) maatskappye wat geen rekonsiliasie ten opsigte van die belastinguitgawe of die gemiddelde effektiewe belastingkoers openbaar het nie. Dit is duidelik dat so 'n rekonsiliasie 'n vereiste was by twee van hierdie maatskappye. Ten opsigte van die derde maatskappy, is die posisie onveranderd vanaf 2002.

Sewentien maatskappye het items direk teen ekwiteit verantwoord, maar twaalf van die maatskappye het versuim om die lopende- en uitgestelde belasting ten opsigte van daardie items afsonderlik te openbaar.

Daar is steeds drie maatskappye wat uitgestelde belastingbates slegs binne die aantekening tot die uitgestelde belastinglas openbaar het en daar is ook steeds drie maatskappye wat glad nie voorsiening vir uitgestelde belasting gemaak het nie.

Slegs een maatskappy (2002: twee) het nie die waarde van die uitgestelde belastingbate of –las wat per tipe tydelike verskil erken is, openbaar nie.

Vier maatskappye het nie die waarde van die uitgestelde belastinginkomste of –uitgawe wat in die inkomstestaats erken is per tipe tydelike verskil openbaar nie en een maatskappy het dit wel in die aantekening tot die balansstaat openbaar, maar dit stem nie ooreen met die bedrag in die inkomstestaataantekening nie.

Elf maatskappye (2002: nege) het nie die waarde van uitgestelde belastingbates saam met die aard van die bewyse ter ondersteuning van die erkenning van die bates afsonderlik openbaar nie. Die benutting van die bates hang af van die beskikbaarheid van voldoende toekomstige belasbare inkomste en die omkering van belasbare tydelike verskille en dit wil voorkom of die entiteite in die jaar onder oorsig of die vorige jaar wel verliese gely het in die jurisdiksies ten opsigte waarvan die uitgestelde belastingbates geskep is.

Tien maatskappye (2002: nege) het nie die inkomstebelastinggevolge van dividende wat na die balansstaatdatum, maar voor die goedkeuring van die finansiële state vir uitreiking, verklaar is openbaar nie. Twaalf van die geselekteerde maatskappye (2002: elf) het wel sodanige dividende verklaar.

Daar is steeds geen maatskappy wat die inkomstebelastingimplikasies openbaar in omstandighede waar die maatskappy onderhewig sou wees aan 'n ander belastingkoers sodra die wins vir die jaar of behoue verdienste gedeeltelik of geheel by wyse van 'n dividend verklaar word, nie.

### **6.3.1.10 Minderheidsaandeelhoudersbelang**

IAS1.82 (IASB, 2004:577) vereis dat 'n toedeling van wins openbaar word in terme waarvan aangetoon word hoeveel wins toeskryfbaar is aan die ekwiteitsaandeelhouders van die moedermaatskappy en hoeveel toeskryfbaar is aan die minderheidsaandeelhouders. Vantevore was die toedeling aan minderheidsaandeelhouders 'n lynitem in die inkomstestaat direk na "Wins na belasting".

Een van die geselekteerde maatskappye het glad nie filiale nie, terwyl vyf maatskappye slegs volfiliale het en daar is by hierdie maatskappye gevolglik nie minderheidsaandeelhouders ter sprake nie.

Die ander maatskappye het nog nie een hierdie toedeling van wins openbaar soos vereis nie.

IAS1.96(c) (IASB, 2004:580) vereis dat die waarde van totale winste en verliese in die staat van veranderings in ekwiteit vir die tydperk toegedeel word tussen ekwiteitsaandeelhouders van die moedermaatskappy en die minderheidsaandeelhouders. Geen van die maatskappye waarop die situasie toepaslik is, het so 'n toedeling binne die staat van veranderings in ekwiteit openbaar nie.

Die wyse waarop minderheidsaandeelhoudersbelang binne die balansstaat aangebied behoort te word is ook gewysig. Vantevore het IAS1.75(h) (IASB, 2002b:1-29) vereis dat minderheidsaandeelhoudersbelang as afsonderlike lynitem binne die balansstaat, wat nie deel is van ekwiteit of laste nie, openbaar word. IAS1.68(o) (IASB, 2004:575) vereis nou dat minderheidsbelang as 'n afsonderlike komponent van ekwiteit hanteer word. Slegs een van die maatskappye waarin minderheidsaandeelhouders 'n belang het, het hierdie aanbieding korrek gedoen.

### **6.3.1.11 Verdienste per aandeel**

Indien 'n entiteit finansiële instrumente het wat omskep kan word in gewone aandele en daar is bepalinge en voorwaardes gekoppel aan daardie instrumente wat die bepaling van basiese- en verwaterde verdienste per aandeel kan beïnvloed, behoort daardie bepalinge en voorwaardes openbaar gemaak te word. Op die oog af het vyftien van die geselekteerde maatskappye wel sodanige instrumente gehad, maar

geen van hierdie maatskappye het enige sodanige bepalings en voorwaardes openbaar nie.

#### **6.3.1.12 Eiendom, aanleg en toerusting**

Daar is steeds vyf van die twintig maatskappye wat nie die nutsduur van eiendom, aanleg en toerusting of die waardeverminderingskoers waaraan hierdie items onderhewig is, openbaar nie. Dit is egter opmerklik dat een van die maatskappye in 2002 die produksie-eenheidsmetode gebruik het as basis vir die voorsiening van waardevermindering en in 2003 die reglynige metode. Die feit dat hierdie metode verander is en dat dit in wese 'n verandering in raming behels, is glad nie in die finansiële state aangespreek nie.

Daar was in 2003 steeds dertien maatskappye wat items van eiendom, aanleg en toerusting as sekuriteit vir verpligtinge verpand het en slegs twee maatskappye (2002: vier) het nie die drabedrag van daardie bates openbaar nie.

#### **6.3.1.13 Beleggingseiendomme**

Een van die vier maatskappye met beleggingseiendomme en wat in 2002 geen rekeningkundige beleid openbaar het nie, het in 2003 volledige openbaarmaking van die vereiste aspekte binne die omvang van rekeningkundige beleid gedoen. Die een maatskappy wat in 2002 geen rekeningkundige beleid openbaar het nie en waar dit uit die aantekeninge tot die balansstaat geblyk het dat daar wel beleggingseiendomme was, toon in 2003 glad nie meer enige beleggingseiendomme in die aantekeninge nie. Uit die aanpassings aan die vergelykende syfers wil dit voorkom asof die beleggingseiendom herklassifiseer is, maar geen besonderhede is openbaar nie. Hierdie maatskappy het ook geen besonderhede openbaar van enige bedryfsverhurings waaraan die beleggingseiendomme, indien dit nog binne die groep was, onderhewig sou wees nie. Daar is in 2003 slegs drie maatskappye wat ongetwyfeld wel steeds beleggingseiendomme besit. Hierdie maatskappye het daardie posisie ook in hul terugvoer ten opsigte van die vraelys bevestig.

Een van die maatskappye het toevoegings tot sy rekeningkundige beleid gemaak in die 2003-jaar. In terme van hierdie toevoegings word eiendomme wat



eenaargeokkupeerd is en wat gebruik word om huurinkomste te genereer proporsioneel tot hul benutting erken. Dit blyk verkeerd te wees aangesien IAS40.10 (IASB, 2004:2013) vereis dat indien die eenaarokkupasie beduidend is, die eiendom ten volle as eenaargeokkupeerde eiendom verantwoord behoort te word indien die verskillende dele van die eiendom nie afsonderlik verkoop kan word nie. Hierdie maatskappy se rekeningkundige beleid bepaal ook nou dat beleggingseiendomme wat onder konstruksie is, deel vorm van beleggingseiendomme terwyl IAS16 (IASB, 2004:820–853) vereis dat sodanige eiendomme as deel van eiendom, aanleg en toerusting verantwoord word.

Een van die maatskappye het steeds nie die huurinkomste wat deur beleggingseiendom gegeneer is, afsonderlik openbaar nie. Geeneen van die maatskappye het die bedryfsuitgawes gekoppel aan herstelwerk van daardie eiendomme wat huurinkomste voortbring en daardie eiendomme wat nie huurinkomste voortbring nie, afsonderlik openbaar nie. Die posisie is dus onveranderd vanaf 2002.

#### **6.3.1.14 Ander ontasbare bates**

In 2002 het ses van die geselekteerde maatskappye ander ontasbare bates gehad en in 2003 is daar slegs vyf maatskappye. Slegs twee van die maatskappye het in 2003 (2002: een) die amortisasiekoers van die ontasbare bates aangetoon, terwyl slegs twee van die ander drie maatskappye aangetoon het of die ontasbare bates se nutsduur bepaald of onbepaald is. Een van die maatskappye het ontasbare bates saam met eiendom, aanleg en toerusting groepeer, terwyl dit afsonderlik openbaar behoort te word.

Daar is in 2003 twee (2002: drie) maatskappye wat nie die amortisasie van ontasbare bates geskei het van die amortisasie van klandisiewaarde nie. Al die ander het wel die amortisasie van ontasbare bates afsonderlik openbaar en ook die lynitem in die inkomstestaat waarby dit ingesluit was, soos vereis deur IAS38.118(d) (IASB, 2004:1592).

Ten opsigte van die amortisasie van klandisiewaarde is dit belangrik dat ook verwys word na die bespreking van die wysigings in hierdie verband soos uiteengesit in 6.3.1.15 hier onder.



Slegs een (2002: twee) maatskappy het die saldo van ontasbare bates as afsonderlike lynitem op die gesig van die balansstaat openbaar.

### **6.3.1.15 Besigheidsamevoegings en –verkope**

Negentien van die twintig geselekteerde maatskappye het beleggings in filiale. Hoewel nie een van hierdie maatskappye spesifieke gedetailleerde rekeningkundige beleid ten opsigte van besigheidsamevoegings openbaar het nie, het twaalf maatskappye binne hul rekeningkundige beleid verwys na klandisiewaarde wat ontstaan uit besigheidsamevoegings en ook telkens verwys na die feit dat hierdie klandisiewaarde amortiseer word. IFRS3 (IASB, 2004:254–370) is egter gedurende 2004 uitgereik en vervang IAS22 (IASB, 2002b:22-1–22-84) wat tevore die riglyne ten opsigte van besigheidsamevoegings omvat het. In terme van IFRS3.51 – 3.56 (IASB, 2004:271) word klandisiewaarde nie meer amortiseer nie, maar wel gereeld evalueer vir die voorkoms van waardedalings, terwyl die oorskot van die belegger se belang in die billike waarde van die beleggingnemer se identifiseerbare bates en laste bo die kosprys van die belegging (hierna oorskot), voorheen bekend as negatiewe klandisiewaarde, onmiddellik as inkomste erken behoort te word. Hierdie maatskappye sal dus almal hul rekeningkundige beleid moet aanpas ten einde dit in ooreenstemming met IFRS3 (IASB, 2004:254-370) te bring.

Sewe maatskappye het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van besigheidsamevoegings of die voortspruitende klandisiewaarde of oorskot openbaar nie.

Hoewel twaalf maatskappye wel rekeningkundige beleid het ten opsigte van klandisiewaarde of oorskot, was daar net agt wat werklik in hul finansiële state of in die aantekeninge daartoe besonderhede van klandisiewaarde openbaar het. Die redes hiervoor kan wees soos uiteengesit in 4.3.1.13.

Gedurende die tydperk onder oorsig het ses van die geselekteerde maatskappye verkrygings gehad. Twee van hierdie maatskappye het geen besonderhede van die verkrygings binne die finansiële state of aantekeninge tot die finansiële state openbaar nie, maar wel in die oorsig van die finansiële direkteur, wat buite die omvang van die geouditeerde finansiële state is. Hierdie hantering is verkeerd.

Hierdie twee maatskappye word uitgesluit van die resultate wat verder hier bespreek word.

Twee maatskappye het nie die effektiewe datum van die samevoeging van die maatskappye vir rekeningkundige doeleindes openbaar nie.

Hoewel al die maatskappye die totale koste van die samevoeging openbaar het, behoort hulle ook die aantal ekwiteitsinstrumente wat ter vereffening van die koste uitgereik is, asook die grondslag waarvolgens die billike waarde van daardie instrumente bepaal is, te openbaar. Een maatskappy het nie die besonderhede ten opsigte van die ekwiteitsinstrumente openbaar nie. Hierdie maatskappy het ook nie die bedrae wat op die verkrygingsdatum ten opsigte van elk van die verkrygte se klasse bates erken is, openbaar nie. Nie een van die maatskappye het die waarde van die wins of verlies van die verkrygte, wat sedert die verkrygingsdatum ingesluit was by die verkrygte se wins of verlies, openbaar nie. Die maatskappye het ook nie die waarde van inkomste van die gekombineerde entiteit openbaar asof die effektiewe datum van die besigheidsamevoeging aan die begin van die jaar plaasgevind het nie.

Nege maatskappye het gedurende die jaar verkope van beleggings in filiale gehad. Een van die maatskappye het glad nie die totale verkoopswaarde openbaar nie. Twee het nie getoon welke gedeelte van die verkoopwaarde in kontant vereffen is nie en ook nie hoeveel kontant ingesluit was by die bates en laste van die filiaal wat verkoop is nie. Hierdie twee maatskappye het ook nie die waarde van die bates en laste, anders as kontant en kontantekwivalente van die filiale wat verkoop is, openbaar nie.

### **6.3.1.16 Beleggings in gesamentlike ondernemings**

Daar was geen noemenswaardige verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye die vereistes aangaande beleggings in gesamentlike ondernemings nagekom het nie.

### **6.3.1.17 Beleggings in filiale**

Daar was drie maatskappye wat beleggings gehad het in filiale wat in Zimbabwe geregistreer is en nie een van hierdie maatskappye het die aard en omvang van enige beduidende beperkings op die filiale se vermoë om fondse na die belegger oor te dra, openbaar nie.

Slegs een maatskappy (2002: drie) het nie die proporsionele belang in die filiale openbaar nie, terwyl vier maatskappye nie die wyse waarvolgens die beleggings in filiale in die afsonderlike finansiële state van die moedermaatskappy verantwoord is openbaar het soos vereis deur IAS27.41(c) (IASB, 2004:1101) nie.

### **6.3.1.18 Voorraad**

Tien maatskappye (2002: twaalf) het nie die drabedrag van voorraad wat gedra word teen billike waarde min verkoopkoste, soos vereis deur IAS2.36(c) (IASB, 2004:621), openbaar nie.

Vyftien maatskappye het nie die bedrag van waardedalingsverliese ten opsigte van voorraad openbaar nie. Sodanige openbaarmaking word vereis in terme van IAS2.36(e) (IASB, 2004:621). Dit wil voorkom of nege maatskappye wel moontlike terugskrywings van vorige afskrywings van waardedalingsverliese gehad het. Slegs een van hierdie maatskappye het die bedrag van die terugskrywing en die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het, openbaar.

### **6.3.1.19 Handels- en ander debiteure**

Slegs vyf maatskappye het die waarde van waardedalingsverliese wat teen handelsdebiteure voorsien is afsonderlik openbaar, terwyl slegs een maatskappy besonderhede openbaar het van 'n terugskrywing van vorige waardedalings.

### **6.3.1.20 Kontant en kontantekwivalente**

Vier maatskappye (2002: ses) het geen omskrywing van die samestelling van hul kontant en kontantekwivalente openbaar nie.

### 6.3.1.21 Waardedaling ten opsigte van bates

Twaalf maatskappye het gedurende die 2003 finansiële jaar voorsiening gemaak vir waardedalingsverliese. Een van hierdie maatskappye het die besonderhede van die waardedalingsverlies in die oorsig van die finansiële direkteur bespreek en geen besonderhede in die finansiële state of die aantekeninge tot die finansiële state openbaar nie.

Een ander maatskappy het die belangrike onderliggende aannames wat gebruik word ten einde te bepaal of waardedalingsverliese ten opsigte van enige bates voorsien behoort te word, as deel van die bestuursoorsig wat buite die omvang van die geouditeerde finansiële state val, openbaar. Die maatskappy se finansiële state self bevat geen besonderhede ten opsigte van enige waardedalings nie en dit is onduidelik of daar enige was wat openbaar behoort te gewees het.

Ses van die maatskappye se waardedalings blyk nie weselik te wees in verhouding met die finansiële state van die entiteit in geheel nie.

Vier maatskappye het waardedalings voorsien wat op die oog af weselik blyk te wees in verhouding met die finansiële state van die entiteit in geheel. Slegs een van die maatskappye het egter die gebeure of omstandighede wat aanleiding gegee het tot die waardedalingsverlies openbaar. Slegs twee maatskappye het die bedrag van die waardedalingsverlies openbaar, maar een het dit binne die oorsig van die finansiële direkteur ingesluit en nie binne die geouditeerde finansiële state nie. Drie maatskappye het die aard van die bate waarmee die waardedalingsverlies verband hou openbaar, terwyl slegs een maatskappy nie aangetoon het met welke bateklas die waardedalingsverlies verband hou nie. Net een maatskappy het vermeld of die verhaalbare bedrag van die bate die billike waarde min verkoopkoste van die bate was of die gebruikswaarde, maar het nie aangetoon watter grondslag gebruik is vir die bepaling van billike waarde min verkoopkoste nie.

Ten opsigte van waardedalingsverliese wat voorsien is en wat nie weselik is in verhouding tot die entiteit se algehele finansiële state nie, behoort minstens die hoofklasse van bates waarmee die waardedaling verband hou, openbaar te word en 'n aanduiding behoort gegee te word van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die waardedalingsverlies. Daar was ses maatskappye wat sodanige nie-wesenlike waardedalings gehad het. Al die maatskappye het die klas van bates

waarmee dit verband hou openbaar, maar slegs een maatskappy het besonderhede verstrek van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die waardedaling.

IAS36 (IASB, 2004:1367–1523) is gedurende 2004 hersien. Die bepalings van die hersiene weergawe van die standaard is toepaslik op klandisiewaarde en ontasbare bates binne besigheidsamevoegings waarvan die datum van die ooreenkoms 31 Maart 2004 of later is, asook alle ander bates vir verslagdoeningstydperke wat op of na 31 Maart 2004 'n aanvang neem (IASB, 2004:1371). Die hersiene IAS36 (IASB, 2004:1367–1523) omvat baie spesifieke bepalings rondom die voorsiening vir waardedalings indien daardie waardedalings ten opsigte van kontantgenererende eenhede is. Uit die gegewens wat in die onderskeie finansiële state openbaar is, wil dit nie voorkom asof enige van die geselekteerde maatskappye waardedalings voorsien het ten opsigte van kontantgenererende eenhede nie en dus sou die bepalings aangaande klandisiewaarde nie daarop van toepassing wees nie, selfs al sou die hersiene IAS36 reeds (IASB, 2004:1367–1523) effektief wees.

### **6.3.1.22 Finansiële instrumente**

#### **6.3.1.22.1 Algemeen**

Die maatskappy waarvan die finansiële state volgens KAARB opgestel is, voldoen steeds glad nie aan IAS32 (IASB, 2004:1189–1281) en IAS39 (IASB, 2004:1635–2003) nie. Die ander negentien maatskappye se nakoming van die openbaarmakingsvereistes van hierdie standaarde is steeds gebrekkig.

Slegs een maatskappy (2002: drie) het geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die erkenning en meting van elke klas van finansiële bates en –laste openbaar nie.

Twee maatskappye (2002: een) het wel vermeld of verhandelingsdatumrekeningkunde of vereffeningsdatumrekeningkunde gebruik word vir die verantwoording van "gewone manier" aankope van finansiële bates. Een ander maatskappy het 'n algemene stelling in hierdie verband gemaak en nie per klas van finansiële bate, soos vereis deur IAS32.61 (IASB, 2004:1214), nie. Die ander maatskappy het geen sodanige vermelding as deel van hul rekeningkundige beleid gemaak nie.

Slegs twee maatskappye het die kriteria openbaar wat toegepas word by die bepaling van of 'n finansiële instrument ontferk moet word, terwyl slegs drie maatskappye in gebreke gebly het om die riglyne ten opsigte van aanvanklike erkenning van finansiële instrumente te openbaar. Sewe maatskappye het nie openbaar volgens watter grondslag inkomste en uitgawes voortspruitend uit finansiële bates en –laste erken word nie.

Daar is in 2003 steeds tien maatskappye wat op geen wyse onderskeid tref tussen die billike waarde-aanpassings, volgens oorsprong van daardie aanpassings, wat as deel van wins of verlies erken is nie. Vier van die ander tien maatskappye het wel aangetoon hoeveel van die aanpassings toeskryfbaar was aan bates beskikbaar vir verkoop, drie het aangetoon hoeveel was toeskryfbaar aan handelsbates en -laste en drie het aangetoon hoeveel was toeskryfbaar aan verskansingsinstrumente.

Geen maatskappy het inligting aangaande die aard en omvang van finansiële instrumente openbaar, soos byvoorbeeld bepalinge en voorwaardes van instrumente asook besonderhede van die tydsberekening en sekerheid van enige kontantvloei gekoppel aan die instrumente, nie.

Wanneer 'n entiteit finansiële instrumente hou wat 'n beduidende blootstelling aan kredietrisiko, likiditeitsrisiko, markrisiko of kontantvloei-renterisiko tot gevolg het, behoort sekere voorwaardes en bepalinge gekoppel aan daardie instrumente, openbaar te word. Hierdie voorwaardes en bepalinge word voorts uiteengesit saam met die mate van nakoming van hierdie openbaarmakingsvereistes. Sewe maatskappye het nie die vervaldatum of uitoefeningsdatum van die instrumente openbaar nie. Geen maatskappy het besonderhede openbaar aangaande die bestaan van enige vroeë vereffeningsopsies of enige omskeppingsopsies nie. Slegs vyf maatskappye het die tydsberekening van geskeduleerde toekomstige kontantvloei ten opsigte van finansiële instrumente openbaar. Sewe maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die koers van periodieke opbrengs op die finansiële instrument of die tydsberekening van enige sodanige betalings nie.

Vyf maatskappye (2002: sewe) het finansiële bates as sekuriteit vir verpligtinge aangebied, maar net een (2002: een) het die billike waarde van daardie finansiële bates openbaar. Geen van die maatskappye het die weselike bepalinge en voorwaardes wat aan daardie bates gekoppel was, openbaar nie.

#### **6.3.1.22.2 Rentekoersrisiko**

Twaalf maatskappye (2002: veertien) het geen inligting openbaar ten opsigte van kontraktuele prysherbepalings of vervaldatums van items wat onderhewig is aan rentekoersrisiko nie.

Agt maatskappye (2002: twaalf) het geen inligting ten opsigte van toepaslike effektiewe rentekoerse openbaar nie.

Nege maatskappye (2002: tien) het geen aanduiding gegee van welke finansiële instrumente blootgestel is aan vaste rentekoerse, en dus billike waarde rentekoersrisiko, of wisselende rentekoerse en die gevolglike kontantvloeienerisiko, nie.

Slegs een maatskappy het 'n aanduiding van die maatskappy se sensitiwiteit vir die veranderinge in rentekoerse aangebied tesame met die grondslag waarvolgens die inligting voorberei is en enige beduidende aannames onderliggend aan daardie inligting.

#### **6.3.1.22.3 Kredietrisiko**

Slegs vier maatskappye (2002: drie) het 'n aanduiding gegee van die maatskappy se maksimum blootstelling aan kredietrisiko, terwyl tien maatskappye (2002: agt) hul beduidende konsentrasies van kredietrisiko openbaar het of vermeld het dat hul geen beduidende konsentrasies van kredietrisiko's het nie. Geen maatskappy het die gemeenskaplike eienskappe wat elke konsentrasie van kredietrisiko onderskei, openbaar nie.

#### **6.3.1.22.4 Billike waarde**

Sewe maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die billike waarde van hul finansiële bates en –laste nie en slegs een maatskappy het die aannames en metodes onderliggend aan die bepaling van die billike waardes van die finansiële bates en laste openbaar. Drie maatskappye het aangetoon dat hul billike waardes bepaal het aan die hand van gepubliseerde pryse vir daardie finansiële instrumente. Geen maatskappy het aangetoon of die billike waarde van enige finansiële instrumente bepaal is met behulp van waardasietegnieke nie en of enige verandering



aan aannames onderliggend aan die waardasietegnieke aanleiding sou gee tot 'n beduidende verandering in billike waarde van die relevante items nie. Hulle het ook nie die waarde van die totale billike waarde-aanpassings wat spruit uit die gebruik van die waardasietegnieke, openbaar nie.

Daar was sewe van die geselekteerde maatskappye wat beleggings in ongenoteerde aandele teen kosprys gedra het. Die beweegrede hiervoor is nie duidelik nie, aangesien hierdie beleggings nie afsonderlik van ander beleggings openbaar is nie, alhoewel die rekeningkundige beleid stipuleer dat daar moontlik sulke beleggings kan wees. Geen van hierdie maatskappye het enige van die openbaarmakingsvereistes nagekom wat toepaslik is op beleggings wat gedra word teen kosprys, omdat die billike waarde nie redelikerwys bepaal kon word, nie.

IAS32.94(e) (IASB, 2004:1223) vereis dat 'n maatskappy die drabedrag van finansiële bates en –laste wat geklassifiseer is as gehou vir verkoop en daardie wat by aanvanklike teboekstelling reeds identifiseer is as items wat gedra word teen billike waarde waarvan die billike waarde-aanpassings deur wins of verlies erken word, afsonderlik openbaar. Ses maatskappye het nie deeglik onderskei tussen hierdie twee tipes finansiële bates nie.



#### **6.3.1.22.5 Skanse**

Twee maatskappye (2002: vyf) het nie hul beleid ten opsigte van finansiële risikobestuursdoelwitte of hul verskansingsbeleid openbaar nie.

Vyf maatskappye (2002: agt) het nie 'n beskrywing van enige van hul skanse openbaar nie en twee (2002: agt) het nie 'n beskrywing openbaar van die finansiële instrument wat as verskansingsinstrument identifiseer is nie. Sewe maatskappye (2002: agt) het nie die billike waarde van die finansiële instrument, wat as verskansingsinstrument identifiseer is, op jaareinde openbaar nie.

Sewentien maatskappye (2002: dertien) het kontantvloeskanses gehad en tien maatskappye (2002: sewe) het nie die tydperk waarin die verwagte kontantvloei ten opsigte van die verskanste transaksies sal plaasvind, openbaar nie en ook nie die tydperk waarbinne die verwagte kontantvloei 'n invloed op wins of verlies sal hê nie.



### **6.3.1.23 Verpligtinge**

Daar was geen noemenswaardige verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye die openbaarmakingsvereistes ten opsigte van verpligtinge nagekom het nie.

### **6.3.1.24 Voorsienings**

Drie van die vier maatskappye wat in 2002 geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die verantwoording van voorsienings openbaar het nie, het wel in hul 2003 sodanige rekeningkundige beleid in hul finansiële state ingesluit.

Drie maatskappye (2002: twee) het geen rekonsiliasies openbaar tussen die drabedrag van voorsienings aan die begin van die jaar en die drabedrag soos aan die einde van die jaar nie.

Agt maatskappye (2002: nege) het geen beskrywing van die aard van die verpligting en die verwagte tydsberekening van die kontantvloei openbaar nie, terwyl elf maatskappye (2002: sestien) geen aanduiding gegee het van enige onsekerhede wat die bedrag of tydsberekening ten opsigte van hierdie kontantvloeie kan beïnvloed nie.

Geen maatskappy het enige aanduiding gegee van die moontlikheid of waarde van enige potensiële verhaling ten opsigte van hierdie kontantvloeie of enige bate wat moontlik reeds ten opsigte van sodanige verhaling erken is nie.

### **6.3.1.25 Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates**

Daar was geen noemenswaardige verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye die openbaarmakingsvereistes ten opsigte van voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates nagekom het nie.

### **6.3.1.26 Aandeelgebaseerde betalings (voorheen bekend as ekwiteits-vergoedingsvoordele)**

Daar was geen verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye rekeningkundige beleid ten opsigte van aandeelgebaseerde betalings openbaar het nie.

Gedurende 2004 is 'n nuwe standaard, IFRS2 (IASB, 2004:127–251), uitgereik ten einde leiding te verskaf in die area van erkenning en meting van aandeelgebaseerde betalings. In terme van IFRS2.IN1 – 2.IN2 (IASB, 2004:131) was daar 'n behoefte aan so 'n rekeningkundige standaard aangesien daar vele maatskappye is wat hul werknemers beloon met aandele in die maatskappy of opsies om sodanige aandele te bekom. Maatskappye reik ook soms aandele of aandele-opsies uit aan verskaffers ter vereffening van verpligtinge. Tot dusver was daar geen rekeningkundige standaard wat die erkenning en meting van sodanige skemas aangespreek het nie. Hierdie nuwe standaard is van toepassing op finansiële tydperke wat op of na 1 Januarie 2005 'n aanvang neem (IASB, 2004:145).

Die geselekteerde maatskappye het dus tot 'n groot mate nie aan die standaard voldoen nie, aangesien dit nog nie op die tydperk onder oorsig van toepassing was nie.

Daar was steeds sestig van die geselekteerde maatskappye wat sodanige aandele-opsieskemas vir hul werknemers administreer het. Die algemene omskrywings van hierdie skemas was nie goed gedoen nie. Slegs vyf maatskappye het 'n breë algemene omskrywing aangebied, vier het besonderhede van die vestigingsvoorwaardes van die skemas openbaar, sewe maatskappye het die maksimum termyn van die opsies vermeld, terwyl geen van die maatskappye die metode van vereffening openbaar het nie.

Sommige van die openbaarmakingsvereistes van die standaard, soos vervat in IFRS2.44 – 2.45 (IASB, 2004:142–143) stem ooreen met daardie wat vantevore in terme van IAS19.147 – 19.148 (IASB, 2002b:19-69–19-70) gestel is. Dit is grootliks die situasie rondom die aantal aandele-opsies en 'n rekonsillasie van die veranderings in daardie aantal vanaf die begin van die jaar tot die einde van die jaar. In hierdie verband het een maatskappy nie aangetoon hoeveel aandele-opsies gedurende die jaar toegestaan is nie, twee het nie vermeld hoeveel aandele-opsies

gedurende die jaar verbeur is nie en ook nie hoeveel opsies verval het nie, terwyl ses maatskappye nie die aantal opsies wat verbeur is en die aantal wat verval het afsonderlik van mekaar openbaar het nie. Vyf maatskappye het nie aangetoon hoeveel opsies op jaareinde uitoefenbaar was nie en twaalf maatskappye het nie die geweegde gemiddelde aandeelprys openbaar op die tydstip wat aandeelopsies uitgeoefen is nie.

Ten opsigte van aandeelopsies wat op die balansstaatdatum uitstaande was, het nege maatskappye nie die strek van moontlike uitoefeningspryse openbaar nie en tien maatskappye het nie die geweegde gemiddelde oorblywende kontraktuele leeftyd van die opsies openbaar nie.

Geen van die verdere openbaarmakingsvereistes van IFRS2 (IASB, 2004:142–143) is enigins nagekom nie, aangesien die standaard nog nie deur die maatskappye toegepas is nie. Hierdie is dus een van die meer beduidende areas van verandering wat maatskappye sal moet aanspreek ten einde ten volle aan IFVS te voldoen.

### **6.3.1.27 Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit**

Daar was in 2003 steeds vier maatskappye (2002: vyf) wat meer as een reserwe saamgroepeer het en nie 'n rekonsiliasie van die beweging in die individuele komponente van die reserwes openbaar het nie. Dit is uit die benamings van die reserwes ook nie altyd duidelik presies wat die oorsprong van die reserwes is nie.

Drie maatskappye (2002: twee) het wel die aard en doel van elk van hul reserwes openbaar en twee maatskappye (2002: geen) het die beperkings op die toedeling van nie-verdeelbare reserwes of enige ander reserwes openbaar.

Een maatskappy het nie die aantal gemagtigde aandele en die pariwaarde per aandeel binne die finansiële state openbaar nie, maar wel in die direkteursverslag. Hierdie maatskappy het egter daardie besonderhede in die staat van veranderings in ekwiteit openbaar ten opsigte van die 2002 finansiële jaar.

Vier maatskappye (2002: sewe) het geen rekonsiliasies openbaar tussen die aantal uitgereikte aandele aan die begin van die jaar en die aantal uitgereikte aandele aan die einde van die jaar nie.

Vier maatskappye (2002: ses) het nie die aantal aandele wat gereserveer is vir uitreiking onder opsie of die waarde en bepalings van sodanige opsies, openbaar nie.

### **6.3.1.28 Verwante party transaksies**

Twee maatskappye het geen besonderhede aangaande verwante party transaksies openbaar nie. Een ander maatskappy het slegs 'n stelling gemaak dat geen wesentliche verwante party transaksies gedurende die jaar plaasgevind het nie. Hierdie maatskappy het egter besonderhede van direkteursvergoeding openbaar, maar niks ten opsigte van seniorbestuur van die maatskappy nie. Hierdie seniorbestuurslede sou deel vorm van die maatskappy se korps van sleutelpersoneel wat weer beskou word as verwante partye tot die maatskappy.

Een verdere maatskappy het die besonderhede van direkteursvergoeding slegs in totaal openbaar en nie onderskei tussen die verskillende tipes werknemervoordele wat aan direkteure gebied is nie. IAS24.16 (IASB, 2004:1069) vereis dat sodanige detail openbaar word. Ses maatskappye het die besonderhede van direkteursvergoeding slegs in die direkteursverslag openbaar en nie in die finansiële state of die aantekeninge tot die finansiële state nie.

Twee maatskappye (2002: vyf) het nie die aard van verwante party verhoudings openbaar nie, terwyl slegs een maatskappy (2002: twee) nie openbaar het welke tipe transaksie met die verwante partye plaasgevind het nie. Vier maatskappye het nie die waarde van die transaksies openbaar nie en ses maatskappye het nie die waarde van uitstaande saldo's wat op die balansstaatdatum ten opsigte van verwante party transaksies bestaan, openbaar nie. Sewe maatskappye (2002: ses) het geen aanduiding gegee van die prysbepalingsbeleid wat gevolg is ten opsigte van transaksies met verwante partye nie.

Geen maatskappy het besonderhede openbaar van waardedalingsverliese wat voorsien is teen saldo's wat op die balansstaatdatum uitstaande was ten opsigte van verwante partye nie en slegs een maatskappy het besonderhede openbaar van die terugskrywing wat gedurende die tydperk onder oorsig plaasgevind het ten opsigte van so 'n afskrywing wat in 'n vorige tydperk gemaak is.


Slegs drie maatskappye het 'n aanduiding gegee van die volume van verwante party transaksies wat gedurende die tydperk onder oorsig plaasgevind het.

#### **6.3.1.29 Kontantvloeistaat**

Daar was vier maatskappye (2002: drie) wat nie die beweging in bruikhuurverpligtinge uitgeskakel het by die beweging in finansieringsaktiwiteite nie en dus ook nie die gepaardgaande bates wat bekom is in terme van die bruikhure uitgehaal het by die totale kontantvloei ten opsigte van verkrygte bates nie. Hierdie maatskappye behoort slegs die bruikhuurpaaient as kontantvloei ten opsigte van finansieringsaktiwiteite in te sluit.

IAS7.31 (IASB, 2004:640) vereis dat rente en dividende ontvang en betaal, elk afsonderlik openbaar moet word. Een maatskappy (2002: vier) het egter rente ontvang en dividende ontvang saamgegroeper en een maatskappy (2002: twee) het rente ontvang en rente betaal op 'n netto-grondslag aangebied.

Vir die tydperk onder oorsig het alle maatskappye die komponente van hul kontant en kontantekwivalente openbaar asook 'n rekonsiliasie tussen die bedrag in die balansstaat en die bedrag in die kontantvloeistaat. In die vorige tydperk het een maatskappy in gebreke gebly om hierdie inligting te openbaar.



#### **6.3.1.30 Segmentverslagdoening**

Twee entiteite het steeds geen segmentinligting openbaar nie en 'n derde het slegs vermeld dat die maatskappy 'n enkele geografiese en 'n enkele sakesegment het en het geen bykomende inligting openbaar nie. Hierdie posisie is soortgelyk aan 2002 en hierdie maatskappye word uitgesluit by die res van die resultate wat voorts bespreek word.

Agt maatskappye (2002: nege) het steeds geen aanduiding gegee van die produkte of dienste wat as basis van sakesegmentering gebruik is nie.

Nege maatskappye (2002: twaalf) het nie besonderhede van die samestelling van hul geografiese segmente openbaar nie.

Vyf maatskappye (2002: sewe) het aangetoon dat hulle slegs een sakesegment het, maar geen aanduiding is gegee van of daardie segmentering as primêr beskou word nie. Hierdie maatskappye het dan ook geen verdere inligting ten opsigte van sakesegmente openbaar nie. Dit wil voorkom of die maatskappye egter wel sakesegmentering as primêr beskou aangesien inligting ten opsigte van geografiese segmente in verkorte formaat aangebied word, en dus sekondêr blyk te wees. Twee maatskappye het egter totaal geen sekondêre segmentinligting openbaar nie. Verwys ook na 4.3.1.31 vir 'n bespreking van of die aanbieding van segmentinligting vereis word van maatskappye met 'n enkele sake- of geografiese segment en ook die moontlike nut wat die aanbieding van segmentinligting deur daardie maatskappye, vir gebruikers van finansiële state kan inhou.

Drie maatskappye het nie die vereiste onderskeid tussen intern- en ekstern gegenereerde segmentinkomste getref nie. Drie van die ander agt maatskappye het slegs ekstern gegenereerde segmentinkomste openbaar en glad nie intern gegenereerde segmentinkomste nie. Een maatskappy (2002: een) het nie die segmentresultaat openbaar nie, twee (2002: een) het nie segmentbates openbaar nie en drie (2002: een) het nie segmentlaste openbaar nie. Een maatskappy het beleggingsinkomste en finansieringskoste toegedeel per segment as deel van die segmentresultaat. Dit is direk teenstrydig met die riglyne van IAS14.16 (IASB, 2004:790–791) ten opsigte van segmentinkomste, segmentuitgawes en segmentresultaat. Hierdie items behoort uitgesluit te wees van die segmentresultaat. Twee maatskappye (2002: een) het nie die amortisasie van ontasbare bates en waardevermindering afsonderlik per segment openbaar nie.

Daar was in die jaar onder oorsig slegs een maatskappy wat segmentinligting openbaar het en wat beduidende waardedalingsverliese gehad het wat direk teen ekwiteit erken is en hierdie entiteit het nie daardie waardedalingsverlies per segment toegedeel nie.

Daar word vereis dat maatskappye rekonsiliasies openbaar tussen die segmentinkomste en –resultaat soos per die segmentverslag en die inkomste en resultaat per die gekonsolideerde inkomstestaat. Net so behoort segmentbates en –laste ook gerekonsilieer te word na totale bates en laste per die gekonsolideerde balansstaat. Behalwe vir die vyf maatskappye wat glad nie primêre sakesegmentinligting openbaar het nie, omdat daar volgens bestuur net een

sakesegment was, was daar drie maatskappye wat nie die rekonsiliasie van segmentinkomste openbaar het nie. Daar was ook telkens drie maatskappye wat nie die rekonsiliasies van segmentresultaat, segmentbates en segmentlaste openbaar het nie.

Daar was 'n enkele maatskappy waarvan die primêre segmentering geografies was en daardie maatskappy se ligging van bates en ligging van klante het verskil. Die maatskappy het egter nie as bykomende inligting die besonderhede van die verdeling van segmentinkomste volgens ligging van klante openbaar nie.

Drie maatskappye het geen sekondêre segmentinligting openbaar nie. Een ander maatskappy het glad nie segmentinkomste ten opsigte van die sekondêre segmentering openbaar nie. 'n Verdere maatskappy se rekeningkundige beleid maak dit duidelik dat alle geografiese inligting gebaseer is op ligging van bates, terwyl IAS14.71 (IASB, 2004:802) vereis dat segmentinkomste in so 'n geval aangebied moet word volgens ligging van klante.

Slegs een maatskappy het glad nie segmentinkomste volgens ligging van klante openbaar binne die sekondêre segmentverslag nie en vyf maatskappye het wel segmentinkomste, segmentbates en kapitaaluitgawes per geografiese segment openbaar, maar dit was telkens onduidelik of ligging van bates of ligging van klante gebruik is as basis vir die indeling.

Drie maatskappye (2002: een) het die grondslag van prysvasstelling vir transaksies tussen segmente openbaar.

### **6.3.1.31 Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie**

Gedurende die tydperk onder oorsig het een geselekteerde maatskappy wat wel in 2002 'n belegging in 'n filiaal in Zimbabwe gehad het, daardie belegging verkoop. Dit was een van die maatskappye wat geen besonderhede openbaar het ten opsigte van of die filiaal se syfers aangepas is met 'n prysindeks ten einde te kompenseer vir die uitwerking van inflasie nie.

Die posisie van die oorblywende drie maatskappye wat steeds beleggings in filiale het wat in Zimbabwe geïnkorporeer is, het onveranderd gebly.



### **6.3.1.32 Landbou**

Hoewel die maatskappy, wat in 2002 reeds IAS41 (IASB, 2004:2053–2096) nagekom het, se mate van nakoming van die openbaarmakingsvereistes noemenswaardig verbeter het, is die maatskappy se openbaarmaking steeds gebrekkig in sekere opsigte.

Een ander maatskappy het nou ook aangetoon dat hulle IAS41 (IASB, 2004:2053–2096) sal toepas vanaf hul 2004 finansiële tydperk aangesien dit die eerste tydperk van die maatskappy sal wees wat op of na 1 Januarie 2003 'n aanvang geneem het. Die maatskappy het dus nog nie 'n effektiewe poging aangewend om die vereistes van die standaard na te kom nie en dit is dus een van die areas wat hierdie maatskappy in die eersvolgende finansiële tydperk sal moet aanspreek.

### **6.3.1.33 Metingsonsekerheid**

IAS1.116 (IASB, 2004:584) vereis dat inligting aangaande sleutelaannames oor die toekoms en sleutelbronne van ramingsonsekerhede soos op die balansstaatdatum, wat moontlik kan aanleiding gee tot wesentlike aanpassings aan die drabedrae van bates en laste in die eersvolgende finansiële tydperk, openbaar word. Die aard van die bates en laste behoort omskryf te word en ook die drabedrag van daardie items op die balansstaatdatum. Slegs een maatskappy het enigszins sodanige inligting openbaar, maar dit was binne die bestuursoorsig wat nie deel vorm van die geouditeerde finansiële state nie.

### **6.3.1.34 Veranderings in rekeningkundige beleid**

Gedurende 2003 het ses van die geselekteerde maatskappye veranderings in rekeningkundige beleid gehad. By vier was dit duidelik dat die verandering in rekeningkundige beleid plaasgevind het met die doel om aan te pas by 'n nuwe rekeningkundige standaard wat uitgereik is. Een maatskappy het hul rekeningkundige beleid verander ten einde meer betroubare aanbieding in die finansiële state te bewerkstellig. By die ander maatskappy was dit nie duidelik wat die motivering vir die verandering in rekeningkundige beleid was nie, aangesien gebrekkige besonderhede openbaar is.



Nie een van die maatskappye het die uitwerking van die verandering in rekeningkundige beleid op basiese- en verwaterde verdienste per aandeel openbaar nie.

#### **6.3.1.35 Oorgang na IFVS**

IFRS1 (IASB, 2004:47–126) is uitgereik met die doel om leiding te bied aan alle maatskappye wat in enige bepaalde finansiële tydperk vir die eerste keer IFVS aanvaar en toegepas het. Tien van die geselekteerde maatskappye se finansiële state voldoen volgens hul ouditverslae reeds tydens beide hul 2002 en 2003 finansiële jare aan IFVS. Hierdie oorgangstandaard is dus nie deur hulle gevolg nie aangesien hulle reeds aan IFVS voldoen het voor die effektiewe datum van die standaard. Die standaard is effektief van toepassing op alle finansiële tydperke wat op of na 1 Januarie 2004 'n aanvang neem.

Die ander tien geselekteerde maatskappye se finansiële state voldoen volgens hul ouditverslae nie aan IFVS nie. Hierdie maatskappye het dus nog nie die oorgang na IFVS gemaak nie, en sal dit in hul 2004 jaar moet doen ten einde die korrekte vergelykende syfers vir hul 2005 finansiële jaarstate daar te stel. Hierdie maatskappye sal dus in hul 2004 finansiële tydperk die riglyne van IFRS1 (IASB, 2004:47–126) moet volg. Alternatiewelik kan die maatskappye in 2005 vir die eerste keer IFVS aanvaar en dan moet die riglyne van IFRS1 (IASB, 2004:47–126) steeds op die syfers van die 2004 finansiële tydperk toegepas word.

#### **6.3.1.36 Afwykings van IFVS**

Dit is uit Bylaag I duidelik dat die geselekteerde maatskappye nie een ten volle aan IFVS voldoen het nie. Dit is egter steeds slegs die maatskappy waarvan die finansiële state in ooreenstemming met KAARB opgestel is wat besonderhede verskaf het van die areas waar KAARB verskil van IFVS. Geen van die ander maatskappye het dit gedoen nie.

Daardie maatskappye wat in terme van hul ouditverslae reeds aan IFVS voldoen, het dus in gebreke gebly om die volle besonderhede van afwykings van IFVS in terme van IFVS te openbaar, terwyl die ander maatskappye wat nog nie aan IFVS voldoen


nie, nie deur die rekeningkundige standaarde waaraan hul wel voldoen verplig word om sodanige besonderhede te verskaf nie.

Ten opsigte van alle geselekteerde maatskappye is hierdie dus 'n area wat in die komende finansiële tydperk aandag behoort te geniet.

### **6.3.1.37 Bykomende openbaarmaking ten opsigte van entiteite wat versekeringskontrakte uitreik**

Gedurende 2004 is 'n standaard ten opsigte van versekeringskontrakte vir die eerste keer uitgereik. Hierdie standaard, IFRS4 (IASB, 2004:371–499) is uitgereik met die doel om leiding te verskaf ten opsigte van die verantwoording van versekeringskontrakte en om maatskappye te verplig om spesifieke besonderhede te openbaar ten opsigte van die versekeringskontrakte wat hulle uitreik. Die standaard word egter beskou as 'n tussenfase terwyl die IASB voortgaan met die tweede fase van hul projek ten opsigte van versekeringskontrakte (IASB, 2004:375).

Daar was slegs een van die geselekteerde maatskappye wat wel versekeringskontrakte uitgereik het en aangesien hierdie standaard eers vir tydperke wat op of na 1 Januarie 2005 'n aanvang neem, effektief is (IASB, 2004:386) het hierdie maatskappy gevolglik feitlik glad nie aan die openbaarmakingsvereistes van die standaard voldoen nie.



## **6.3.2 Tweede groep maatskappye**

### **6.3.2.1 Algemene aanbidding**

In die 2002 finansiële tydperk het sewe van die nege geselekteerde maatskappye in groep twee 'n ander verslagdoeningsgeldeenheid gebruik as die geldeenheid van die maatskappy se land van domisilie. Terselfdertyd het drie van die maatskappye nie die rede hiervoor openbaar nie en een het nie die omrekeningsmetode wat gebruik is, openbaar nie. In die 2003 finansiële jaar het alle maatskappye verklaar dat hul verslagdoeningsgeldeenheid dieselfde is as hul funksionele geldeenheid en dus is dit die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die maatskappy bedrywig is (IASB, 2004:1030).

Twee maatskappye (2002: geen) het in 2003 hul land van domisilie openbaar, terwyl een maatskappy (2002: geen) spesifiek hul land van inkorporasie openbaar het.

#### **6.3.2.2 Buitelandse valuta**

In 2003 was daar slegs een maatskappy (2002: twee) wat nie die waarde openbaar het van valutaverskille wat as deel van wins of verlies vir die jaar openbaar is nie.

#### **6.3.2.3 Leenkoste**

Vyf maatskappye het geen rekeningkundige beleid openbaar ten opsigte van die hantering van leenkoste nie. Drie maatskappye (2002: twee) het aangetoon hoeveel leenkoste gedurende die jaar gekapitaliseer is, maar nie een het die kapitalisasiekoers openbaar nie.

#### **6.3.2.4 Ekwiteitsverantwoorde winste of verliese van geassosieerdes of gesamentlike ondernemings**

Slegs een maatskappy het nie 'n belegging in geassosieerde maatskappye gehad nie.

Vyf maatskappye het nie die billike waarde openbaar van beleggings in geassosieerdes waarvoor gepubliseerde pryse beskikbaar is nie. Geen van die maatskappye het die opgesomde finansiële inligting van hul geassosieerdes openbaar nie.

#### **6.3.2.5 Beëindigde bedrywighede**

Drie van die geselekteerde maatskappye het wel gedurende die 2003 finansiële tydperk beëindigde bedrywighede gehad. Een van hierdie maatskappye het egter nie die wins of verlies toeskryfbaar aan die beëindigde bedrywigheid afsonderlik openbaar nie.

IFRS5 (IASB, 2004:501–551) is hier ter sprake en vir 'n bespreking van die invloed van hierdie standaard kan verwys word na 6.3.1.6.

### **6.3.2.6 Hure**


Daar is steeds slegs een maatskappy wat geen rekeningkundige beleid ten opsigte van hure openbaar het nie.

Geen maatskappy het in gebreke gebly om die drabedrag van bates onderhewig aan bruikhuurooreenkoms te openbaar nie. In 2002 het twee maatskappye nie hierdie bedrag openbaar nie.

Slegs een maatskappy (2002: vier) het nie die rekonsiliasie tussen die minimum huurbetalings en die huidige waarde van daardie betalings ten opsigte van bruikhuurverpligtinge openbaar nie. Die totale minimum huurbetalings op die balansstaatdatum en die huidige waarde daarvan behoort openbaar te word vir elk van die volgende tydperke:

- een jaar na balansstaatdatum;
- meer as een jaar maar minder as vyf jaar na die balansstaatdatum; en
- meer as vyf jaar na balansstaatdatum.

In 2003 het al die maatskappye hierdie ontleding openbaar, alhoewel daar sommige maatskappye was wat in 2002 nie aan die vereiste voldoen het nie.



### **6.3.2.7 Werknemervoordele**

Ten opsigte van die 2003 finansiële tydperk het VK-AARP steeds geen verdere riglyne ten opsigte van die verantwoording van werknemervoordele ingesluit nie en die posisie is dus grootliks dieselfde as in 2002.

Al die maatskappye het rekeningkundige beleid ten opsigte van die verantwoording van werknemervoordele openbaar, maar geen van die maatskappye wat omskrewevoordeel-planne gehad het, het aanvaarbare rekeningkundige beleid ten opsigte van die erkenning van aktuariële winste en -verliese openbaar nie.

Daar was in 2002 twee maatskappye wat geen besonderhede van die uitgawe wat in verband met omskrewevoordeel-planne in die inkomstestaat erken is, openbaar het nie. Alhoewel hierdie twee maatskappye in 2003 wel die openbaarmakingsvereistes nagekom het, het beide steeds in gebreke gebly om die werklike opbrengs op

planbates te openbaar, terwyl een van die maatskappye nie die waarde van aktuariële winste of –verliese wat as uitgawe erken is, openbaar het nie.

Sewe van die geselekteerde maatskappye het wel omskrewewoordeel-planne gehad en almal het al die komponente van die omskrewewoordeelverpligting of –bate openbaar, behalwe vir vier maatskappye wat geen aanduiding gegee het van die waarde van onerkende aktuariële winste of -verliese nie.

Daar is egter steeds een maatskappy (2002: drie) wat nie die vereiste rekonsiliasie tussen die drabedrag van die omskrewewoordeelverpligting soos aan die begin van die jaar en die drabedrag soos aan die einde van die jaar openbaar het nie.

Die een maatskappy wat in 2002 geen besonderhede openbaar het van die aktuariële aannames gekoppel aan die omskrewewoordeel-planne nie, het wel in 2003 sodanige besonderhede openbaar.

### **6.3.2.8 Lopende- en uitgestelde belasting**

Gedurende 2003 was daar twee maatskappye (2002: een) wat rekeningkundige beleid ten opsigte van die hantering van lopende belasting openbaar het, terwyl steeds al die maatskappye wel rekeningkundige beleid ten opsigte van uitgestelde belasting openbaar het.

Die riglyne wat VK-AARP bied ten opsigte van die erkenning van uitgestelde belasting is onveranderd sedert 2002 en dus is daar steeds vele aspekte ten opsigte waarvan die geselekteerde maatskappye nie aan IFVS voldoen nie.

In hierdie verband is daar steeds geen maatskappy wat die belastingimplikasies van items wat direk teen ekwiteit verantwoord is openbaar het nie.

Al die geselekteerde maatskappye het hetsy lopende- of uitgestelde belastingbates of -laste gehad in die finansiële tydperk onder oorsig. Al die maatskappye het egter die saldo's van hierdie items in die aantekeninge tot die balansstaat openbaar en nie op die gesig van die balansstaat, soos vereis deur IAS1.68 (IASB, 2004:574–575), nie.

IAS12.81(f) (IASB, 2004:754) vereis dat die waarde van tydelike verskille waarop geen uitgestelde belasting voorsien is nie en wat toeskryfbaar is aan beleggings in

filiale, gesamentlike ondernemings of geassosieerdes afsonderlik openbaar word. Slegs twee maatskappye (2002: geen) het aan hierdie vereiste voldoen.

### **6.3.2.9 Minderheidsaandeelhoudersbelang**

Soos bespreek by 6.3.1.10 hier bo, word vereis dat 'n toedeling van wins tussen die minderheidsaandeelhouders en die ekwiteitsaandeelhouders van die moedermaatskappy op die gesig van die inkomstestaat openbaar word. Geen van die geselekteerde maatskappye het sodanige toedeling gemaak nie.

Dit is ook 'n vereiste dat minderheidsaandeelhoudersbelang afsonderlik, maar as deel van ekwiteit in die balansstaat openbaar word. Slegs een maatskappy het hierdie vereiste nagekom.

### **6.3.2.10 Verdienste per aandeel**

Gedurende 2002 was daar drie maatskappye wat geen rekonsiliasie openbaar het tussen die aantal aandele wat as noemers gebruik is in die berekening van basiese- en verwaterde verdienste per aandeel nie. In 2003 het alle maatskappye hierdie rekonsiliasie openbaar.

IAS33.70(d) (IASB, 2004:1300) vereis dat besonderhede openbaar word van gevalle waar finansiële instrumente kan aanleiding gee tot die verwatering van basiese verdienste, maar waar daardie instrumente nie in ag geneem is in berekeninge nie aangesien dit anti-verwaterend is. Twee maatskappye het sekere instrumente uitgesluit van hul berekening van verwaterde verdienste per aandeel. Dit is egter nie duidelik wat hul motivering hiervoor was nie aangesien geen besonderhede openbaar is nie.

Indien 'n entiteit finansiële instrumente het wat omskep kan word in gewone aandele en daar is bepalinge en voorwaardes gekoppel aan daardie instrumente wat die bepaling van basiese- en verwaterde verdienste kan beïnvloed, behoort daardie bepalinge en voorwaardes openbaar te word. Op die oog af het agt van die geselekteerde maatskappye wel sodanige instrumente gehad, maar geen van hierdie maatskappye het enige sodanige bepalinge en voorwaardes openbaar nie.

### **6.3.2.11 Eiendom, aanleg en toerusting**

Nege van die maatskappye (2002: agt) verwys na hierdie bateklas as "tasbare bates" in plaas van "eiendom, aanleg en toerusting".

Gedurende die tydperk was daar vier maatskappye (2002: vyf) wat sekere items van eiendom, aanleg en toerusting teen herwaardeerde waardes gedra het. Een maatskappy (2002: twee) het nie vermeld of 'n onafhanklike waardeerder gebruik is nie, terwyl almal (2002: een) die drabedrag openbaar het waarteen daardie herwaardeerde items in die balansstaat gedra sou wees indien die herwaardasies nie plaasgevind het nie.

### **6.3.2.12 Beleggingseiendomme**

Daar is steeds net twee maatskappye wat beleggingseiendomme het. Beide maatskappye het in 2003 (2002: geen) die metingsgrondslag ten opsigte van beleggingseiendomme openbaar.

Geeneen van hierdie twee maatskappye het beleggingseiendomme as 'n afsonderlike lynitem op die gesig van die balansstaat openbaar nie.

### **6.3.2.13 Beleggings in gesamentlike ondernemings**

Vier van die geselekteerde maatskappye het beleggings in gesamentlike ondernemings gehad. Twee van die maatskappye het egter geen inligting ten opsigte van daardie beleggings openbaar nie.

### **6.3.2.14 Besigheidsamevoegings en –verkope**

Soos bespreek in 6.3.1.15 het die hantering van klandisiewaarde aan die hand van IFRS3 (IASB, 2004:253–370) verander. Hierdie verandering gee aanleiding daartoe dat die geselekteerde maatskappye in hierdie groep nie aan IFVS voldoen nie. Al die maatskappye het filiale en almal se rekeningkundige beleid verwys na die feit dat klandisiewaarde amortiseer word, terwyl IFVS nou bepaal dat klandisiewaarde nie meer amortiseer word nie, maar wel gereeld getoets word vir waardedaling.

Vyf maatskappye het gedurende die jaar onder oorsig besigheidsamevoegings deurgevoer.

Indien ekwiteitsinstrumente uitgereik is ter gedeeltelike betaling van die verkrygingskoste wat spruit uit 'n besigheidsamevoeging behoort vermeld te word hoeveel sodanige instrumente uitgereik is, asook:

- die billike waarde en die grondslag vir bepaling van die billike waarde;
- indien 'n gepubliseerde prys nie vir die finansiële instrumente beskikbaar is nie, dan die beduidende aannames onderliggend aan die bepaling van die billike waarde van die instrumente; en
- indien 'n gepubliseerde prys wel beskikbaar is, maar dit is nie gebruik nie, die rede hiervoor, die belangrikste aannames onderliggend aan die bepaling van die billike waarde van die instrumente en ook die verskil tussen die berekende waarde en die gepubliseerde prys openbaar te word.

Twee van die geselekteerde maatskappye het wel ekwiteitsinstrumente uitgereik ter gedeeltelike vereffening van die verkrygingskoste, maar geen van bostaande besonderhede is openbaar nie.

Twee maatskappye het nie die billike waarde van elk van die verkrygde se klasse bates en laste wat op die verkrygingsdatum erken is openbaar nie. Hierdie maatskappye het ook nie die waarde van enige oorskot van die billike waarde van die netto bates van die verkrygde wat bekom is bo die verkrygingskoste, of die gedeelte daarvan wat as deel van wins of verlies erken is, openbaar nie.

Geen van die maatskappye het die waarde van wins of verlies van die verkrygde, wat sedert die verkrygingsdatum erken is, openbaar nie. Indien toepaslik behoort die faktore wat aanleiding gee tot die erkenning van klandisiewaarde ook openbaar te word. Die waarde van inkomste is ook nie openbaar asof die effektiewe datum van die besigheidsamevoeging aan die begin van verslagdoeningstydperk was nie, alhoewel dit in terme van IFRS3.70 (IASB, 2004:275) vereis word.

### **6.3.2.15 Voorraad**

Daar was geen verandering in die geselekteerde maatskappye se mate van nakoming van IFVS ten opsigte van voorraad nie.



### **6.3.2.16 Handels- en ander debiteure**

Vier maatskappye (2002: drie) het die waarde van waardedalingsverliese wat teen debiteure voorsien is openbaar, maar geen maatskappy het enige aanduiding gegee van terugskrywings van waardedalingsverliese wat vantevore afgeskryf is nie. Aangesien geen besonderhede openbaar word nie, is dit nie duidelik of daar enige sodanige terugskrywings was nie.

### **6.3.2.17 Kontant en kontantekwivalente**

Geen maatskappy het hul mate van nakoming van IFVS verander deur die mate waartoe hulle die openbaarmakingsvereistes ten opsigte van kontant en kontantekwivalente nagekom het, te verander nie.

### **6.3.2.18 Waardedaling ten opsigte van bates**

Sewe van die geselekteerde maatskappye (2002: sewe) het wel gedurende die tydperk onder oorsig waardedalings voorsien en een (2002: twee) het dit nie volgens bateklas openbaar nie.

Slegs een maatskappy het waardedalings voorsien wat op die oog af wesenlik was in verhouding tot die finansiële state van die entiteit as geheel. Hierdie maatskappy het nie besonderhede openbaar van die omstandighede wat aanleiding gegee het tot die waardedaling of die segment vermeld waartoe die toepaslike kontantgenererende eenheid behoort nie. Geen aanduiding is gegee van of die verhaalbare bedrag die billike waarde min verkoopskoste was of die gebruikswaarde nie.

Ten opsigte van waardedalings wat nie wesenlik was in verhouding tot die finansiële state van die ander entiteite nie, het almal die bateklas ten opsigte waarvan die waardedaling voorsien is openbaar, maar geen maatskappy het aangetoon wat die omstandighede was wat aanleiding gegee het tot die waardedaling nie.

Verwys ook na 6.3.1.21. vir besonderhede van veranderings wat sedert 2002 aan IAS36 (IASB, 2004:1367–1523) aangebring is.

## **6.3.2.19 Finansiële instrumente**

### **6.3.2.19.1 Algemeen**

Gedurende die 2002 finansiële tydperk was daar nie 'n standaard binne VK-AARP wat riglyne ten opsigte die erkenning en meting van finansiële instrumente verskaf het nie. Sedertdien was daar geen verandering in die rekeningkundige hantering van hierdie instrumente uit 'n VK perspektief nie en gevolglik is die mate van nakoming van die vereistes van IAS32 (IASB, 2004:1189–1281) en IAS39 (IASB, 2004:1635–2003) deur die geselekteerde maatskappye van die tweede groep steeds gebrekkig.

IAS32.66 (IASB, 2004:1215) en IAS1.108 (IASB, 2004:582) vereis dat die kriteria wat gebruik is om te bepaal of 'n finansiële instrument erken of ontken moet word, die metingsgrondslag ten opsigte van finansiële bates en –laste wat toegepas is by die aanvanklike teboekstelling van daardie items en ook daarna, asook die grondslag vir die erkenning van die inkomste of uitgawes wat voortvloei uit daardie finansiële instrumente, openbaar moet word. Slegs een maatskappy het die kriteria openbaar ten opsigte van erkenning of ontkenning van finansiële instrumente terwyl geen ander maatskappye enige van die ander twee vereistes nagekom het nie.

IAS32.19(h) (IASB, 2004:1223) vereis dat die volgende items openbaar word ten opsigte van finansiële instrumente:

- totale rente-inkomste en –uitgawe ten opsigte van finansiële bates en laste wat nie teen billike waarde verantwoord word nie;
- die bedrag wat uit ekwiteit verwyder is en as deel van wins of verlies erken is ten opsigte van bates wat beskikbaar is vir verkoop;
- die waarde van rente wat opgeloop het op lenings ten opsigte waarvan waardedalingsverliese voorsien is; en
- die totale billike waarde-aanpassings wat erken is ten opsigte van finansiële bates en –laste volgens klas.

Geen van die geselekteerde maatskappye het hierdie vereistes nagekom nie, aangesien hul finansiële state nie aan IFVS voldoen nie en VK-AARP geen rekeningkundige standaard het waarvan die vereistes ooreenstem met IAS32 (IASB, 2004:1189–1281) en IAS39 (IASB, 2004:1635–2003) nie.

Wanneer 'n entiteit finansiële instrumente hou wat 'n beduidende blootstelling aan kredietrisiko, likiditeitsrisiko, markrisiko of kontantvloieirenterisiko tot gevolg het, behoort sekere voorwaardes en bepalinge gekoppel aan daardie instrumente, openbaar te word. Hierdie voorwaardes en bepalinge word voorts uiteengesit saam met die mate van nakoming van hierdie openbaarmakingsvereistes. Vier maatskappye het nie die vervaldatum of uitoefeningsdatum van die instrumente openbaar nie. Slegs een maatskappy het besonderhede openbaar aangaande die bestaan van enige vroeë vereffeningsopsies of enige omskeppingsopsies. Een maatskappy het die tydsberekening van geskeduleerde toekomstige kontantvloei ten opsigte van finansiële instrumente openbaar. Vyf maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die koers van periodieke opbrengs op die finansiële instrument of die tydsberekening van enige sodanige betalings nie.

Slegs drie maatskappye het die prinsipaal ten opsigte van sekere afgeleide finansiële instrumente openbaar.

In die geval waar 'n finansiële instrument voorsiening maak vir ruiling, behoort al bostaande vereistes ten opsigte van daardie instrument ook openbaar te word. Drie maatskappye het nie hierdie vereiste inligting openbaar nie.

Indien die verbreking van enige voorwaarde van enige instrument aanleiding sou gee tot beduidende veranderinge in die ander terme van die instrument, behoort daardie voorwaarde openbaar te word. Geeneen van die maatskappye het enige sodanige voorwaardes openbaar nie.

#### **6.3.2.19.2 Rentekoersrisiko**

Drie maatskappye (2002: geen) het die datums van kontraktuele prysherbepalinge of verval openbaar, terwyl vier maatskappye (2002: geen) die toepaslike effektiewe rentekoerse openbaar het.

Vyf maatskappye het aangetoon welke finansiële bates onderhewig is aan vaste rentekoerse en die gevolglike rentekoersrisiko of wisselende rentekoerse en die gepaardgaande kontantvloieirentekoersrisiko.

### **6.3.2.19.3 Kredietrisiko**

Daar was geen beduidende verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye die openbaarmakingsvereistes ten opsigte van kredietrisiko nagekom het nie.

### **6.3.2.19.4 Billike waarde**

Drie maatskappye het nie 'n aanduiding gegee van die billike waarde van hul finansiële bates en –laste nie en slegs twee maatskappye het die aannames en metodes onderliggend aan die bepaling van die billike waardes van die finansiële bates en laste openbaar. Vier maatskappye het aangetoon dat hulle billike waardes aan die hand van die gepubliseerde pryse vir daardie finansiële instrumente bepaal het. Geen maatskappy het aangetoon of die billike waarde van enige finansiële instrumente bepaal is met behulp van waardasietegnieke nie en of enige verandering aan aannames onderliggend aan die waardasietegnieke aanleiding sou gee tot 'n beduidende verandering in billike waarde van die relevante items nie. Hulle het ook nie die waarde van die totale billike waarde-aanpassings openbaar wat spruit uit die gebruik van die waardasietegnieke nie.

Daar was vyf van die geselekteerde maatskappye wat beleggings in ongenoteerde aandele gedra het teen kosprys. Die beweegrede hiervoor is nie duidelik nie, aangesien hierdie beleggings nie afsonderlik van ander beleggings openbaar is nie, alhoewel die rekeningkundige beleid stipuleer dat daar moontlik sulke beleggings kan wees. Geen van hierdie maatskappye het enige van die openbaarmakingsvereistes nagekom wat toepaslik is op beleggings wat gedra word teen kosprys, omdat die billike waarde nie redelikerwys bepaal kon word, nie.

IAS32.94(e) (IASB, 2004:1223) vereis dat 'n maatskappy die drabedrag van finansiële bates en –laste wat geklassifiseer is as gehou vir verkoop en daardie wat by aanvanklike teboekstelling reeds identifiseer is as items wat gedra word teen billike waarde waarvan die billike waarde-aanpassings deur wins of verlies plaasvind, afsonderlik openbaar. Ses maatskappye het nie deeglik onderskei tussen hierdie twee tipes finansiële bates nie.


### **6.3.2.19.5 Skanse**

Hoewel VK-AARP steeds geen bepalings ten opsigte van verskansingsrekeningkunde insluit nie, voldoen die geselekteerde maatskappye in 'n beperkte mate aan die openbaarmakingsvereistes wat IAS32.58 (IASB, 2004:1213) stel.

Twee maatskappye het nie hul bestuursdoelwitte en risikobeleid ten opsigte van elke hoof tipe verwagte transaksie en ook nie die vorm van verskansingsrekeningkunde wat gebruik is, openbaar nie. Twee ander maatskappye het wel hierdie besonderhede openbaar, maar binne die finansiële oorsig en nie binne die omvang van die geouditeerde finansiële state nie.

Twee maatskappye het beskrywings openbaar van die skanse wat gebruik is en ook van die finansiële instrument wat identifiseer is as verskansingsinstrument. Slegs een maatskappy het op die balansstaatdatum die billike waarde van hierdie instrumente openbaar. Geeneen van hierdie maatskappye het enige van hierdie besonderhede openbaar binne hul 2002 finansiële state nie.

Slegs een maatskappy het die tydperke waarbinne die verwagte kontantvloei ten opsigte van die transaksie sal plaasvind en ook die tydperk waarin die verwagte kontantvloei 'n invloed op wins of verlies sal hê openbaar.



### **6.3.2.20 Voorsienings**

Daar is steeds vyf maatskappye wat geen rekeningkundige beleid ten opsigte van die verantwoording van voorsienings openbaar het nie.

Twee maatskappye (2002: een) het wel 'n kort beskrywing van voorsienings openbaar.

### **6.3.2.21 Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates**

Daar was geen verandering in die mate waartoe die geselekteerde maatskappye deur hul openbaarmaking van besonderhede van voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates aan IFVS voldoen het nie.

### **6.3.2.22 Aandeelgebaseerde betalings (voorheen bekend as ekwiteitsvergoedingsvoordele)**

Agt van die geselekteerde maatskappye het sodanige betalings of toekennings gedurende die 2003 tydperk gemaak.

Vier maatskappye het nie die vestigingsvoorwaardes ten opsigte van hierdie betalings openbaar nie, een maatskappy het nie die maksimum termyn van die opsies openbaar nie, terwyl slegs een maatskappy vermeld het hoe die opsies vereffen sal word.

Verwys ook na 6.3.1.26. vir 'n bespreking ten opsigte van die invloed van die nuutuitgereikte IFRS2 (IASB, 2004:127–251) op die openbaarmaking van die besonderhede van aandeelgebaseerde betalings.

### **6.3.2.23 Staat van erkende winste en verliese en staat van veranderings in ekwiteit**

Sewe maatskappye (2002: ses) het dividende verklaar na die balansstaatdatum, maar voordat die finansiële state goedgekeur was vir uitreiking, en almal (2002: vier) het reeds binne die balansstaat voorsiening gemaak vir die betaling van hierdie dividende alhoewel dit steeds onderhewig was aan goedkeuring op die maatskappy se algemene jaarvergadering. Hierdie hantering blyk verkeerd te wees.

Drie maatskappye het nie die toedeling van dividende aan aandeelhouders in die staat van veranderings in ekwiteit openbaar nie, maar wel as 'n aftrekking op die gesig van die inkomstestaat.

In 2003 was daar slegs een maatskappy (2002: twee) wat nie besonderhede openbaar het van die aantal aandele wat gereserveer is vir uitreiking onder opsie nie.

### **6.3.2.24 Tesourie-aandele**

Gedurende die tydperk onder oorsig het vyf maatskappye (2002: vier) in terme van aandele-opsieskemas aandele van die maatskappye self besit en is hierdie aandele as 'n belegging in die maatskappy se eie aandele openbaar. Hierdie hantering is


verkeerd en daardie aandele behoort as 'n vermindering van ekwiteit hanteer te word.

#### **6.3.2.25 Verwante party transaksies**

Een maatskappy het geen inligting openbaar ten opsigte van verwante party transaksies nie. Twee maatskappye het nie die tipe transaksie wat met verwante partye plaasgevind het omskryf nie, terwyl vier geen aanduiding gegee het van die waarde van daardie transaksies nie.

Slegs een maatskappy het 'n aanduiding gegee van die waarde van waardedalingsverliese wat voorsien is op die uitstaande saldo's ten opsigte van verwante party transaksies, terwyl geen maatskappy besonderhede openbaar het van enige terugskrywings van vorige waardedalingsverliese nie.

Maatskappye is veronderstel om besonderhede te openbaar van vergoeding wat aan sleutelbestuurspersoneel betaal is. In 2002 het sewe maatskappye geen sodanige inligting openbaar nie. Gedurende die tydperk onder oorsig het twee maatskappye nie hierdie inligting openbaar nie, terwyl vyf ander maatskappye slegs besonderhede openbaar het ten opsigte van direkteure en nie ander sleutelpersoneel nie.



#### **6.3.2.26 Segmentverslagdoening**

In 2002 het drie maatskappye wel 'n omskrywing van hul sake- en geografiese segmente openbaar, maar in 2003 het een van die maatskappye wat hierdie inligting wel in 2002 openbaar het dit nie gedoen nie.

Daar is steeds geen maatskappy wat die grondslag waarvolgens koste tussen segmente toegedeel is, openbaar het nie.

Gedurende die tydperk onder oorsig was daar vyf maatskappye (2002: agt) wat nie die waarde van inkomste uit intersegment transaksies openbaar het nie.

Een maatskappy (2002: geen) het wel die waarde van kapitaaluitgawes per segment openbaar, terwyl vier maatskappye (2002: geen) die waarde van amortisasie- en waardeverminderingsuitgawes per segment openbaar het.

Vier maatskappye (2002: geen) het die waarde van beduidende nie-kontanttransaksies wat by segmentresultaat ingesluit was, openbaar.

In 2003 het een maatskappy (2002: geen) besonderhede van die prysbepalingsbeleid wat gevolg word ten opsigte van intersegment transaksies, openbaar.

#### **6.3.2.27 Verslagdoening in die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie**

Een van die geselekteerde maatskappye (2002: vier) het 'n belegging in 'n filiaal wat in Zimbabwe geleë is. Die ekonomie van Zimbabwe word beskou as hiperinflasionêr. Hierdie belegging is egter op die oog af verantwoord soos alle ander beleggings. Die ander maatskappye wat in 2002 wel sodanige beleggings gehad het, het daardie beleggings gedurende die tydperk onder oorsig verkoop.

#### **6.3.2.28 Landbou**

Daar was steeds net die een maatskappy waarop die standaard ten opsigte van landbou van toepassing sou wees. Hierdie entiteit se finansiële jaar eindig egter op 30 September en aangesien die standaard eers van toepassing is op tydperke wat op of na 1 Januarie 2003 'n aanvang neem (IASB, 2004:2067) het die maatskappy nog nie die standaard nagekom nie. Die maatskappy sal egter die aangeleentheid in hul 2004 finansiële state moet aanspreek.

#### **6.3.2.29 Metingsonsekerheid**

Soos bespreek in 6.3.1.33 hierbo word vereis dat besonderhede ten opsigte van metingsonsekerheid openbaar word. Geen van die geselekteerde maatskappye het aan hierdie vereiste voldoen nie.

#### **6.3.2.30 Veranderings in rekeningkundige beleid**

Gedurende die tydperk onder oorsig het drie van die geselekteerde maatskappye wel veranderings in rekeningkundige beleid gehad. Een van die veranderings was ten einde die rekeningkundige beleid van die betrokke maatskappy in ooreenstemming



met die res van VK-AARP te bring en nie ten einde nakoming van IFVS te verseker nie. Die ander twee maatskappye het om verskillende redes vrywillige veranderings in rekeningkundige beleid gehad.

Geeneen van hierdie drie maatskappye het die invloed van die verandering in rekeningkundige beleid op verdienste per aandeel openbaar nie, alhoewel dit deur IAS8.28 (IASB, 2004:664) vereis word.

#### **6.3.2.31 Oorgang na IFVS**

Nie een van die maatskappye se finansiële state vir 2003 was reeds tegnies in ooreenstemming met IFVS opgestel nie. Al die maatskappye sal gevolglik die vereistes van IFRS1 (IASB, 2004:47–126) moet nakom in die proses van oorskakeling na IFVS. Twee maatskappye het egter verklaar dat hulle eerste finansiële state in ooreenstemming met IFVS beskikbaar sal wees ten opsigte van die eerste halfjaar van 2005.

#### **6.3.2.32 Afwykings van IFVS**

Dit is uit Bylaag K duidelik dat alle maatskappye nie aan die vereistes van IFVS voldoen het nie. Aangesien al die maatskappye se finansiële state in ooreenstemming met VK-AARP opgestel is, het hulle nie voldoen aan die nakomingsvereistes ten opsigte van hierdie afwykings nie.

#### **6.3.2.33 Bykomende openbaarmakingsvereistes ten opsigte van banke en soortgelyke instellings**

Geeneen van die twee maatskappye wat aan hierdie openbaarmakingsvereistes behoort te voldoen, het in 2003 in 'n mindere of 'n meerdere mate as wat reeds in 2002 aan die openbaarmakingsvereistes van IAS30 (IASB, 2004:1151–1164) voldoen is, aan daardie vereistes voldoen nie.

### **6.3.2.34 Bykomende openbaarmaking ten opsigte van entiteite wat versekeringskontrakte uitreik**

Twee van die geselekteerde maatskappye reik wel versekeringskontrakte uit. Gedurende 2004 is IFRS4 (IASB, 2004:371–499) uitgereik en 'n bespreking van die invloed van hierdie standaard is in 6.3.1.37 gedoen.

## **6.4 GEVOLGTREKKING**


Uit die evaluasie van die 2003 finansiële state wil dit voorkom asof die maatskappye, wat nog nie aan IFVS voldoen nie, slegs geringe vordering getoon het in die proses om 'n hoër vlak van nakoming van IFVS te bewerkstellig. Hierdie maatskappye sal egter 'n beduidende hoeveelheid aanpassings ten opsigte van hul 2004 en 2005 finansiële jaareindes moet maak ten einde suksesvol aan die vereiste nakoming van IFVS teen 2005 te voldoen.

Ten opsigte van die maatskappye wat volgens hul ouditverslae reeds aan IFVS voldoen, is ook bevind dat waar hierdie maatskappye in 2002 van IFVS afgewyk het, daardie afwykings grootliks steeds in 2003 bestaan. Hierdie afwykings sal dus ook in die 2004 en 2005 finansiële state aangespreek moet word.

In Hoofstuk 5 het die terugvoer tot die vraelys, soos opgesom in Tabel 5.15 aangetoon dat sewe respondente van die eerste groep maatskappye van mening was dat hulle finansiële state reeds in die 2003 finansiële jaar ten volle aan IFVS voldoen het. Die evaluasie wat hier in Hoofstuk 6 gedoen is ten opsigte van alle geselekteerde maatskappye se 2003 finansiële state, bewys egter die teendeel.

IFRS1 – "First-time Adoption of International Financial Reporting Standards" (IASB, 2004:47–126), IFRS2 – "Share-based Payment" (IASB, 2004:127–251), IFRS3 – "Business Combinations" (IASB, 2004:253–370), IFRS4 – "Insurance Contracts" (IASB, 2004:371–499) en ook IFRS5 – "Non-current Assets held for Sale and Discontinued Operations" (IASB, 2004:501–551) is almal gedurende 2004 uitgereik, maar al hierdie standaarde is eers van toepassing op finansiële tydperke wat op of na 1 Januarie 2005 'n aanvang neem. Al die geselekteerde maatskappye van beide groepe sal dus ook in die komende finansiële tydperke die uitdagings moet hanteer wat hierdie standaarde aan hul verslagdoeningstelsels sal stel.

Na inagneming van bostaande bevindings blyk dit steeds dat die eerste groep maatskappye makliker die proses van volle nakoming van IFVS teen 2005 sal kan deurvoer as die tweede groep maatskappye.



## HOOFSTUK 7

### MEGANISMES TER VERSEKERING VAN DIE NAKOMING VAN IFVS

#### 7.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word besonderhede vervat van die posisie wat in die EU gehandhaaf word aangaande afdwinging van die vereiste nakoming van IFVS. Inligting word ook aangebied ten opsigte van die posisie in die VK en Suid-Afrika. Kollektief sit hierdie hoofstuk die implikasies uiteen in die geval waar maatskappye nie voldoen aan IFVS nie en ook watter faktore maatskappye dan wel sal aanspoor om aan IFVS te voldoen.

#### 7.2 POSISIE IN DIE EU

In 1998 het die Kommissie 'n aksieplan gepubliseer waarin die doelwitte en mylpale vir die totstandkoming van 'n enkele Europese mark uiteengesit is (Commission, 1998:1). Hierdie dokument stipuleer vroeg reeds dat konserwatiewe en effektiewe regulasie en oorsigfunksies van kritieke belang is in die sukses van 'n enkele Europese mark. Die dokument dui verder aan dat daar op daardie stadium reeds heelwat swakhede in die regulatoriese opset in die EU geïdentifiseer is en dat dit aangespreek moet word (Commission, 1998:2). Een van die doelwitte wat in hierdie aksieplan gestel word, is dat oorgrensbeleggings gestimuleer moet word deur die beskikbaarheid van deursigtige en vergelykbare finansiële inligting (Commission, 1998:19).

In 1999 is 'n verdere dokument gepubliseer waarin die implementering van die aksieplan, soos in 1998 vasgestel, bespreek word. Ook in hierdie dokument word die behoefte aan vergelykbare en betroubare finansiële inligting as een van die hoekstene van 'n geïntegreerde kapitaalmark uitgewys (Commission, 1999:7). Hierdie dokument prioritiseer dan ook die verskillende aksies wat geneem moet word. Die behoefte aan eenvormige finansiële verslagdoening word geplaas as 'n Prioriteit Een aksie (Commission, 1999:23). Dit behels dat dit 'n aangeleentheid is van die hoogste belang, wat onmiddellike aandag verg en dat dit gesien word as kritiek tot die realisasie van al die voordele van die Euro en, by implikasie, van 'n

enkele Europese mark, terwyl dit terselfdertyd die belange van beleggers beskerm (Commission, 1999:21).

Op 13 Februarie 2001 het die Kommissie 'n memorandum uitgereik wat algemene vrae ten opsigte van Regulasie No. 1606/2002 aangaande die implementering van IFVS beantwoord. Binne hierdie memorandum word vrae rondom die afdwinging van IFVS gevra. In die eerste plek word die belang van duidelike implementeringsriglyne uitgelig (Commission, 2001b:4) en in die tweede plek word die ouditprofessie se rol in die proses van versekering dat maatskappye aan IFVS voldoen, vermeld (Commission, 2001b:4). Derdens word die rol van eksterne evaluering en supervisie vermeld. In hierdie opsig stel die Kommissie dit duidelik dat daar gekyk word na die Forum of European Securities Commissions (FESC) om behulpsaam te wees met die daarstelling van 'n liggaam en middele wat sal omsien na die nakoming van IFVS deur maatskappye (Commission, 2001b:4).

In Kommissaris Bolkestein (2002), wat in beheer was van die Interne mark en Belasting Europlace Internasionale Forum, se toespraak maak hy dit duidelik dat die implementering en afdwinging van IFVS deur die EU as 'n prioriteit gesien moet word. Hy verhef in wese hierdie aangeleentheid tot die hoogste prioriteit deur te sê: "We must above all ensure that International Accounting Standards are implemented and enforced effectively and evenly across jurisdictions."

Hierdie gedagte word bevestig in die agtste vorderingsverslag wat die Kommissie uitgereik het rakende die implementering van die aksieplan. Hierin word dit duidelik gestel dat 'n raamwerk vir die implementering en afdwinging van EU finansiële wetgewing opgestel moet word ten einde te verseker dat die toepassing en afdwinging daarvan op gelyke vlak reg deur die EU plaasvind (Commission, 2003:1). Hierdie dokument bevestig ook die Kommissie se verbintenis tot die oorkoepelende openbare doelwitte van beleggersbeskerming, finansiële stabiliteit en integriteit van markte. Verder word dit gestel dat die realisasie van hierdie doelwitte afhanklik is van die effektiewe implementering en afdwinging van regulasies (Commission, 2003:10).

Die European Economic and Social Committee (EESC) spreek egter in 2003 steeds hul kommer uit dat die implementering van die Finansiële Dienste Aksieplan (Commission, 1998) stadig is en dat die nasionale beskerming van finansiële dienste, deur die onderskeie lidlande van die EU, die werking van 'n interne mark kan bemoeilik in opsigte waar die EU nog nie riglyne vasgestel het nie (EESC, 2003:55).

Die Committee of European Securities Regulators (CESR) het in Maart 2003 Standaard Nr. Een ten opsigte van die afdwinging van standarde van finansiële inligting gepubliseer. Hierin word die belang van 'n doeltreffende kapitaalmark waarin beleggersvertroue gekultiveer word weereens bevestig (CESR, 2003:3). In beginsels drie tot agt van die standaard word vermeld dat afdwingingsmeganismes voorsien behoort te word deur nasionale onafhanklike administratiewe instellings (instellings) (CESR, 2003:5). Beginsels elf tot vyftien voorsien dat hierdie instellings sal funksioneer deur maatskappye se finansiële inligting op 'n grondslag van rotasie en ook risiko te selekteer en dus 'n gekombineerde proses van seleksie sal volg eerder as om suiwer pro-aktief of reaktief hierdie finansiële inligting te evalueer vir nakoming van IFVS (CESR, 2003:7). Daar word ook in die vooruitsig gestel dat die vlak van evaluering van die finansiële inligting van entiteit tot entiteit kan varieer gebaseer op die risiko dat 'n maatskappy moontlik wanvoorstellings binne hul finansiële inligting kon maak (CESR, 2003:7). Dit is ook moontlik dat hierdie instellings beskikbaar sal wees om vooraf aan maatskappye riglyne te verskaf oor die interpretasie en implementering van sekere rekeningkundige hanterings of openbaarmakingsvereistes, maar die oorhoofse doel moet wees dat hierdie instellings onafhanklik bly en nie deel vorm van die standaardstellingsproses nie (CESR, 2003:7). Standaard Nr. Twee stel dit egter baie duidelik dat 'n proses van konsultasie tussen die nasionale instellings moet bestaan ten einde volgehoue standaardisering en harmonisering van standarde asook die interpretasie van standarde, te verseker (CESR, 2004:4-5). Dit is ook die ideaal dat indien hierdie instellings areas van onduidelikheid binne IFVS of die implementering van IFVS identifiseer, hierdie instellings met die IASB in gesprek sal tree in 'n poging om duidelikheid oor die aangeleentheid te verkry (CESR, 2004:5).

In die gevalle waar wesentliche areas van nie-nakoming van IFVS deur maatskappye identifiseer word, behoort voldoende aksie geneem te word ten einde te verseker dat die posisie reggestel word en indien nodig behoort die wanvoorstelling in die openbaar reggestel te word. Hierdie aksies behoort daarop gemik te wees om markintegriteit en –vertroue te bevorder (CESR, 2003:9). Beginsel 21 stel verder voor dat die instellings op 'n gereelde grondslag aan die publiek verslag doen oor hul aktiwiteite. Sodanige verslag behoort inligting aangaande beslissings en individuele sake ten opsigte van rekeningkundige- en openbaarmakingsaangeleenthede in te

sluit en het ten doel om die beginsel van harmonisering van rekeningkundige standaarde en die interpretasie daarvan, te ondersteun (CESR, 2003:11).

### **7.3 POSISIE IN DIE VK**

In die VK is die Financial Reporting Review Panel (FRRP) ingestel. Hierdie paneel oorweeg of maatskappye wat in die VK genoteer is, wel aan VK-maatskappywetgewing en toepaslike rekeningkundige standaarde voldoen. Hierdie paneel evalueer aangeleenthede wat onder hulle aandag kom voortspruitend uit die evaluering van finansiële state wat deur die paneel self geselekteer is, asook gevalle waar gebruikers van finansiële state klagtes onder die paneel se aandag bring (FRRP, [S.a.]:3). Aanvanklik was die paneel se optrede slegs reaktief, maar gedurende Oktober 2003 is die prosedures van die paneel aangepas ten einde hul in staat te stel om pro-aktief finansiële state te selekteer vir evaluasie (FRRP webtuiste, 2004). Sodra die ondersoek na 'n spesifieke aangeleentheid afgehandel is, reik die FRRP 'n persverklaring uit wat hul bevindings uiteensit asook die toepaslike regstellende aksies wat deur die spesifieke maatskappy geneem is (FRRP, [S.a.]:8).

Dit is egter opmerklik dat die FRRP se prosedures dit duidelik stel dat die paneel glad nie vooraf kommentaar of advies lewer ten opsigte van aangeleenthede van rekeningkundige hantering of openbaarmaking nie (FRRP, [S.a.]:9). Dit is anders as wat deur die CESR in die vooruitsig gestel word met hul nasionale instellings wat die nakoming van IFVS moet verseker deur 'n proses van evaluasie en wat beskikbaar is vir konsultasie aangaande die toepassing van rekeningkundige standaarde (CESR, 2003:7).

### **7.4 POSISIE IN SUID-AFRIKA**

In Suid-Afrika is die vierde voorlopige weergawe van die Financial Reporting Bill (FRB) gedurende Julie 2002 gepubliseer. Hoewel hierdie dokument nog nie wetgewing is nie, het dit reeds in Artikel 13 voorgestel dat 'n komitee gevorm behoort te word wat ondersoek sal instel na gevalle van moontlike nie-nakoming van rekeningkundige standaarde (FRB, 2002:17).



Binne die Suid-Afrikaanse perspektief het die JSE gedurende 2002 met die SAIGR kragte saamgesnoer en sodoende die GMP gevorm (GMP, [S.a.]a:2).

Hierdie paneel evalueer die jaarverslae van maatskappye vir die nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS, die maatskappywet en die noteringsvereistes van die JSE (GMP, [S.a.]a:2). Hierdie noteringsvereistes bepaal egter dat maatskappye wat op die JSE genoteer is teen 2005 aan IFVS moet voldoen (D&T, [S.a.]:7). Dit is dus te wagte dat die GMP nou hul fokus dienooreenkomstig sal aanpas.

Die seleksie van jaarverslae wat evalueer word is slegs gebaseer op klagtes wat deur die JSE na die paneel verwys is en areas van moontlike nie-nakoming wat deur die JSE se noteringsafdeling self identifiseer is (GMP, [S.a.]a:4).

Die GMP verleen op die huidige stadium glad nie vooraf goedkeuring of advies ten opsigte van die hantering van rekeningkundige- of openbaarmakingsaangeleenthede nie (GMP, [S.a.]a:6).

Alle dokumentasie en bevindinge van die GMP word as streng vertroulik hanteer, maar die feite van die individuele evaluasies kan sonder bekendmaking van vertroulike inligting, vir insae aan ander belanghebbende partye (GMP, [S.a.]a:6) beskikbaar gestel word.

Die GMP het reeds 'n opsomming van aangeleenthede wat onder hul aandag gekom het op hul webtuiste beskikbaar gestel en hieruit blyk dit duidelik dat daar verskillende uitkomstes kan wees in die geval waar nie-nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP of IFVS wel gevind is. Hierdie uitkomstes sluit die volgende in:


- die onttrekking en latere heruitreiking van finansiële state;
- die tydelike opskorting van die betrokke maatskappy se notering op die JSE;
- veranderings aan die betrokke maatskappye se rekeningkundige beleid;
- 'n kennisgewing aan ander maatskappye wat 'n soortgelyke beleid gevolg het dat hulle ook in die toekoms moet voldoen aan die rekeningkundige standaard wat ter sprake is;
- voorlopige inligting wat aangepas is voordat die finale inligting gepubliseer is;
- aangepaste resultate wat bekendgemaak is;



- verwysings na die bevindinge van die GMP wat in interim verslae openbaar is met volle besonderhede in die volgende jaarverslag van die maatskappy; asook
- korrekte wesensverdienste wat op die Securities Exchange News Service (SENS) en in die finale jaarverslae gepubliseer word voor verspreiding. (GMP, 2004:1).

Hieruit wil dit tog blyk dat indien die GMP gevalle van nie-nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP opspoor, dit wel deur die maatskappy self in hul jaarverslae openbaar moet word en dat 'n maatskappy wat hul skuldig maak aan die nie-nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP of IFVS die risiko loop dat bestaende en toekomstige beleggers vertroue in die administrasie van die betrokke maatskappy kan verloor.

Prof. Harvey Wainer is die voorsitter van die GMP (GMP, [S.a.]b:1) en hy het in 'n onderhoud met Alec Hogg van Moneyweb spesifiek vermeld dat alle aangeleenthede van nie-nakoming waarvoor die GMP regstellende aksies verlang wesenlik van aard is en dat kleinighede verseker nie in dieselfde lig hanteer sal word nie. Hy vermeld ook spesifiek in die onderhoud dat die grootste voordeel van die GMP na sy mening die feit is dat dit 'n afskrikwaarde vir maatskappye inhou en dat maatskappye gevolglik probeer om nie bewustelik hulself skuldig te maak aan nie-nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP of IFVS (Hogg, 2004) nie.



## 7.5 GEVOLGTREKING

Uit hierdie hoofstuk blyk dit dat daar globaal 'n beweging is tot die daarstelling van afdwingingsliggame wat spesifieke aksies sal neem in die geval waar genoteerde maatskappye nie aan gestelde rekeningkundige standaarde voldoen nie. Hierdie aksies wissel vanaf die opskorting van noterings en die heruitreiking van finansiële inligting tot persverklarings ten opsigte van die regstellende aksies wat geneem is. Opsigself is hierdie aksies voldoende motivering vir maatskappye om aan gestelde rekeningkundige standaarde te voldoen aangesien nie-nakoming aansienlike skade kan aanrig aan die beleggersvertroue in die bestuur van die betrokke maatskappye.

## HOOFSTUK 8

### SAMEVATTING EN GEVOLGTREKING

Daar is in Hoofstuk 2 primêr aandag geskenk aan die identifikasie van verskille wat tussen IFVS en VK-AARP bestaan. Die doel was om die invloed van die proses van omskakeling na IFVS op die finansiële verslagdoening van die tweede groep maatskappye te identifiseer in soverre daardie invloed die gevolg is van verskille tussen bestaande VK-AARP en IFVS. Uit die vergelykende studie het dit duidelik geblyk dat daar steeds beduidende verskille tussen VK-AARP en IFVS is en dat die tweede groep maatskappye dus nie net geringe aanpassings in VK-AARP moet bestuur ten einde aan IFVS te voldoen nie, maar ook beduidende aanpassings in beginsels onderliggend aan beide VK-AARP en IFVS.

So 'n vergelykende studie is nie gedoen vir die eerste groep maatskappye nie, aangesien Suid-Afrikaanse SAARP in 2004 ten volle belyn is met IFVS deurdat die SAIGR vanaf 2004 alle IFVS uitreik as rekeningkundige standaard sonder enige wysigings.

'n Vraelys is aan tien van die geselekteerde maatskappye in die eerste groep en vier maatskappye in die tweede groep gestuur met die doel om vas te stel:

- tot welke mate spesifieke persone in die maatskappye bewus was van die omskakeling na IFVS;
- wat hulle opinie van die vereiste omskakeling is;
- wat hulle opinie was van hul eie en ook ander entiteite se vermoë om suksesvol om te skakel na IFVS;
- welke prosedures die maatskappye tans volg in hul proses van omskakeling na IFVS, indien hulle nog besig is met daardie proses; of
- welke prosedures die maatskappye reeds gevolg het, indien hulle reeds ten volle aan IFVS voldoen.

Uit die terugvoer tot die vraelys het dit geblyk dat daar 'n baie hoë vlak van bewustheid reg deur die bestuurstruktuur van al die respondente is.

Oor die algemeen blyk dit dat respondente positief ingestel is ten opsigte van die verwagte uitkomst van die toepassing van uniforme rekeningkundige standaarde. Hierdie uitkomst sluit primêr die daarstelling van 'n enkele kapitaalmark en verhoogde deursigtigheid en vergelykbaarheid van finansiële state in.

Die eerste groep maatskappye is van mening dat 'n gebrek aan tyd hul grootste struikelblok is in die proses van oorskakeling, terwyl hulle van mening is dat 'n gebrek aan personeel met voldoende opleiding 'n groter struikelblok vir ander maatskappye as vir hulself sal wees. Dit is dus duidelik dat hierdie maatskappye baie vertroue in hul eie personeel se bekwaamheid het, maar dat hulle die bekwaamheid van ander maatskappye se personeel betwyfel.

Die tweede groep maatskappye is egter weer van mening dat 'n gebrek aan personeel met voldoende opleiding vir hulself en ook vir ander maatskappye die grootste struikelblok is in die proses van oorskakeling na IFVS.

Dit is interessant dat die meeste van die respondente in die eerste groep glad nie impakstudies gedoen het nie, terwyl alle respondente van die tweede groep impakstudies gedoen het om die presiese invloed van die oorskakeling na IFVS op hul finansiële verslagdoening te bepaal. In hulle beplanningsprosesse het die eerste groep maatskappye ook relatief min aandag, in verhouding tot die tweede groep maatskappye, geskenk aan parallelle lopies en die aanpassing van vergelykende inligting ten einde aan IFVS te voldoen. Die eerste groep maatskappye skenk ook minder aandag aan die moontlikheid dat werknemers van die maatskappye voorberei hoef te word vir die invloed wat die oorskakeling na IFVS op die maatskappy kan hê.

Ten opsigte van rekeningkundige aspekte wat 'n invloed op die proses van oorskakeling na IFVS het, is dit duidelik dat maatskappye van beide die eerste en die tweede groep aandeelgebaseerde betalings en finansiële instrumente as daardie aspekte beskou wat die grootste invloed het op hul eie proses van omskakeling na IFVS, asook op die omskakelingsprosesse van ander maatskappye. Dit bevestig die bevinding hier onder dat hierdie van die primêre rekeningkundige areas is ten opsigte waarvan die geselekteerde maatskappye nog nie aan IFVS voldoen nie.

70% van respondente in die eerste groep was van mening dat hulle reeds ten volle aan IFVS voldoen, terwyl 75% van die respondente in die tweede groep aangetoon het dat hul beplanningsprosesse reeds 'n aanvang geneem het en die

beplanningsprosesse van die ander 25% gedurende 2004 'n aanvang sou neem. Die skrywer is van mening dat dit nou saamhang met die feit dat Suid-Afrikaanse SAARP histories nou belyn was aan IFVS en die aanpassings wat die maatskappye van die eerste groep dus moes maak ten einde ten volle aan IFVS te voldoen, dus heelwat minder omvangryk as vir die tweede groep was.

'n Evaluering van die geselekteerde maatskappye se 2002 finansiële jaarverslae is gedoen ten einde hul mate van nakoming van IFVS in 2002 te bepaal. Dit is gedoen aan die hand van 'n 2002 IFVS openbaarmakingsvraelys en deur die areas van nie-nakoming van IFVS te identifiseer. Uit die evaluasie het dit geblyk dat daar geen geselekteerde maatskappy was wat reeds ten opsigte van hul 2002 finansiële state ten volle aan IFVS voldoen het nie, al was ses van die respondente in die eerste groep maatskappye, in terme van die terugvoer tot die vraelys en soos opgesom in Tabel 5.15, van mening dat hul 2002 finansiële state wel ten volle in ooreenstemming met die vereistes van IFVS opgestel was.

Die mees beduidende areas van nie-nakoming van IFVS ten opsigte van die eerste en die tweede groep maatskappye in die 2002 finansiële tydperk, blyk die volgende te wees:

- hure (verwys 4.3.1.8 en 4.3.2.5);
- werknemervoordele (verwys 4.3.1.9 en 4.3.2.6);
- lopende- en uitgestelde belasting (verwys 4.3.1.10 en 4.3.2.7);
- finansiële instrumente (verwys 4.3.1.22 en 4.3.2.17);
- ekwiteitsvergoedingsvoordele (nou bekend as aandeelgebaseerde betalings) (verwys 4.3.1.26 en 4.3.2.20); en
- segmentverslagdoening (verwys 4.3.1.31 en 4.3.2.25).

Hoewel dieselfde aangeleenthede as beduidende areas van nie-nakoming van IFVS by beide groepe maatskappye identifiseer is, moet dit beklemtoon word dat die tipe aspekte van bovermelde aangeleenthede wat aanleiding gee tot nie-nakoming soms beduidend verskil. In sommige gevalle is die rede vir nie-nakoming van IFVS grootliks gekoppel aan swak of gebrekkige openbaarmaking, terwyl dit in ander gevalle saamhang met die feit dat beginsels, wat van IFVS verskil, toegepas is. Ten opsigte van werknemervoordele, lopende- en uitgestelde belasting en finansiële

instrumente het die meeste komplikasies ten opsigte van die tweede groep maatskappye gespruit uit die feit dat die ASB nie werklik VK-AARP het wat vergelykbaar is met die IFVS ten opsigte van daardie vermeldde aangeleenthede nie. In die ander gevalle is die nie-nakoming van IFVS gesetel in swak of gebrekkige openbaarmaking en nie soseer in die nie-nakoming van erkenningsmaatstawwe en metingsriglyne soos voorgestel deur IFVS nie.

Dit kom dus voor dat die grootste probleem by die eerste groep maatskappye in die oorsig of verontagsaming van sekere openbaarmakingsvereistes, soos deur IFVS gespesifiseer, gesetel is. Dit is egter te wagte dat hierdie aangeleenthede met redelik min moeite en ongemak uit die weg geruim behoort te kan word, gegewe dat die maatskappye se verslagdoeningstelsels wel die korrekte inligting genereer wat hierdie openbaarmaking sal fasiliteer.

'n Evaluasie van die 2003 jaarverslae van die geselekteerde maatskappye is ook gedoen, maar aan die hand van 'n IFVS openbaarmakingsvraelys wat toepaslik sou wees op 2004 finansiële jaareindes. Die doel hiervan was om die moontlike vordering van die geselekteerde maatskappye in hul mate van nakoming van IFVS te bepaal en ook om te identifiseer welke nuwe IFVS, wat gedurende 2004 uitgereik is, 'n invloed sou hê op die 2004 en ook 2005 jaareindes van die geselekteerde maatskappye. Daar is gevind dat daar ten opsigte van die 2003 finansiële tydperk steeds geen geselekteerde maatskappy was wat ten volle aan die vereistes van IFVS voldoen het nie. In terme van die terugvoer tot die vraelys en soos opgesom in Tabel 5.15, het sewe respondente uit die eerste groep egter aangedui dat hulle finansiële state teen 2003 wel reeds ten volle aan IFVS voldoen het.


Die mees beduidende areas van nie-nakoming van IFVS ten opsigte van die eerste en die tweede groep maatskappye in die 2003 finansiële tydperk, blyk die volgende te wees:

- lopende- en uitgestelde belasting (verwys 6.3.1.9 en 6.3.2.8);
- besigheidsamevoegings- en verkope (verwys 6.3.1.15 en 6.3.2.14);
- waardedaling ten opsigte van bates (verwys 6.3.1.21 en 6.3.2.18);
- finansiële instrumente (6.3.1.22 en 6.3.2.19);

- aandeelgebaseerde betalings (voorheen bekend as ekwiteitsvergoedingsvoordele) (verwys 6.3.1.26 en 6.3.2.22); en
- segmentverslagdoening (verwys 6.3.1.30 en 6.3.2.26).

Die aangeleenthede wat hier bo uitgelig is, is weer, soos ten opsigte van die 2002 finansiële tydperk, dieselfde vir beide groepe maatskappye. Alhoewel die aangeleenthede dieselfde is, blyk dit egter weereens dat die rede vir die nie-nakoming van IFVS tussen die twee groepe maatskappye verskil. Hierdie posisie opsigself is ook soortgelyk aan die bevindings ten opsigte van 2002. Die eerste groep maatskappye se grootste probleem in 2003 was weereens gebrekkige nakoming van openbaarmakingsvereistes. Ten opsigte van die tweede groep maatskappye was die grootste probleem gesentreer rondom die feit dat VK-AARP en IFVS steeds van mekaar verskil of dat VK-AARP nie ten opsigte van alle rekeningkundige aangeleenthede standaarde insluit wat werklik vergelykbaar is met IFVS nie.

Besigheidsamevoegings en -verkope is bykomend tot die 2002 evaluasie identifiseer as 'n aangeleentheid wat aandag sal verg aangesien hierdie aspekte vantevore deur IAS22 (IASB, 2002b:22-1–22-84) gereël is, maar gedurende 2004 is daardie standaard onttrek en vervang met IFRS3 – "Business Combinations" (IASB, 2004:254–370).



Die standaard wat handel met die waardedaling van bates, IAS36 (IASB, 2004:1367–1523) is gedurende 2004 hersien en die erkenningsmaatstawwe en metingsriglyne is noemenswaardig aangepas en daarom het beide groepe maatskappye in hul 2003 finansiële verslae nie aan daardie vereistes voldoen nie.

Ten opsigte van aandeelgebaseerde betalings is daar gedurende 2004 IFRS2 – "Share-based Payment" (IASB, 2004:127–251) uitgereik wat nou die hantering van sodanige betalings reël. Daar was vantevore nie 'n spesifieke rekeningkundige standaard ten opsigte van sodanige betalings nie. Die standaard stel dus nuwe riglyne daar wat vanaf 1 Januarie 2005 vir die eerste keer op alle geselekteerde maatskappye van toepassing sal wees.

Bykomend tot bostaande is die volgende beduidende areas van nie-nakoming van IFVS in die 2003 finansiële tydperk ten opsigte van die tweede groep maatskappye identifiseer:

- werknemervoordele (verwys 6.3.2.7); en
- openbaarmaking ten opsigte van maatskappye wat versekeringskontrakte uitreik (verwys 6.3.2.34).

Die eerste groep maatskappye se nakoming van die vereistes van die standaard oor werknemervoordele het beduidend verbeter in hul 2003 jaarverslae, maar die tweede groep het steeds probleme op grond van die feit dat VK-AARP in 2003 onveranderd gebly het sedert 2002 en dus het hulle steeds nie 'n standaard wat in hierdie verband vergelykbaar is met IFVS nie.

'n Verdere aspek wat by die tweede groep maatskappye identifiseer is hou verband met die feit dat sommige van die geselekteerde maatskappye in hierdie groep versekeringskontrakte uitreik en hierdie maatskappye sal vanaf 2005 moet voldoen aan IFRS4 – "Insurance Contracts" (IASB, 2004:371–499). Daar was geen maatskappye in die eerste groep wat versekeringskontrakte uitreik nie.

Die skrywer is van mening dat die nie-nakoming van IFVS deur die eerste groep maatskappye moontlik die gevolg is van die feit dat daardie maatskappye hulself grootliks in 'n gemaksone bevind as gevolg van die feit dat Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS tot onlangs nie veel van mekaar verskil het nie. Hierdie maatskappye het moontlik nie voldoende aandag geskenk daaraan om vas te stel of daar inderdaad enige verskille tussen Suid-Afrikaanse SAARP en IFVS was wat op hul van toepassing sou wees nie en het moontlik passief aanvaar dat nakoming van Suid-Afrikaanse SAARP noodwendig sou aanleiding gee tot volle nakoming van IFVS en die openbaarmakingsvereistes van IFVS.

Die skrywer is egter bekommerd oor die feit dat die eerste groep maatskappye nie vanaf hul 2002 finansiële tydperke na hul 2003 finansiële tydperke meer beduidende vordering in die nakoming van IFVS getoon het nie. Dit wil voorkom of die maatskappye van die eerste groep nie die omskakeling na IFVS en die vereiste nakoming van alle vereistes van IFVS met voldoende erns bejeen nie en dat hierdie gebrek aan erns eindelijk moontlik so 'n maatskappy se poging tot nakoming van IFVS kan ondermyn. Die moontlikheid bestaan dat hierdie maatskappye hul nie-nakoming van IFVS, op grond van die feit dat dit grootliks met openbaarmakings-aangeleenthede verband hou, as onbelangrik beskou en ook as iets wat vinnig in die proses van die voorbereiding van die jaarverslag reggestel kan word. Die risiko is



egter dat dit nie so eenvoudig is nie, aangesien die maatskappye se finansiële verslagdoeningstelsel moontlik uit die staanspoor nie voldoende inligting genereer om die nakoming van die openbaarmakingsvereistes moontlik te maak nie. Dit kan dus uiters problematies wees om sulke aangeleenthede aan die einde van 'n finansiële tydperk reg te stel.

Hoewel die tweede groep maatskappye ook nie veel vordering getoon het in hul mate van nakoming van IFVS in 2003 nie, was die rede daarvoor grootliks gekoppel aan die feit dat VK-AARP steeds beduidend verskil van IFVS. Volle nakoming van IFVS sal dus gepaard gaan met die feit dat hierdie maatskappye ander SAARP en dus ook ander erkenningsmaatstawwe en metingsriglyne sal moet toepas, ten einde die gepaste antwoord en aanbieding in terme van IFVS te genereer, en daar sal aandag geskenk moet word aan die generasie van die korrekte inligting ten einde die openbaarmakingsvereistes van IFVS te bevredig. Dit wil egter voorkom asof die maatskappye van hierdie groep 'n meer gestruktureerde benadering tot die omskakeling na IFVS volg en dat hulle heelwat meer erns maak met die aangeleentheid. Die skrywer is van mening dat die maatskappye van die tweede groep moontlik meer sukses sal hê met hul proses van oorskakeling na IFVS as die eerste groep suiwer omdat hulle op grond van hul meer gestruktureerde benadering meer gedetailleerd bewus is van die eise wat IFVS aan hul stelsels sal stel.

In Hoofstuk 1 is die hipotese geformuleer dat die geselekteerde maatskappye van beide die eerste en die tweede groep nie gereed is om met 'n redelike mate van gemak die vereiste oorskakeling na IFVS teen 2005 af te handel nie.

Indien die hipotese bevestig sou word, sou die studie van waarde wees aangesien dit die probleemareas met die oorskakeling na IFVS sou identifiseer.

Indien die hipotese nie bevestig sou word nie, sou die waarde van die studie gesetel wees daarin dat dit bevestiging aan die geselekteerde maatskappye sou gee van die feit dat hulle op koers is met hul oorskakeling na IFVS.

Uit bostaande wil dit voorkom asof beide groepe maatskappye die oorskakeling na IFVS suksesvol kan afhandel, maar dat die maatskappye van die eerste groep dit met minder ongerief sal kan doen op grond van die feit dat IFVS en Suid-Afrikaanse SAARP tot onlangs reeds tot 'n groot mate ooreengestem het. Alhoewel die hipotese dus nie bevestig is nie, is dit steeds van belang dat die geselekteerde maatskappye



die nodige sorg aan die dag lê ten einde die sukses van hul oorskakeling na IFVS te verseker.

'n Studie is ook gemaak van voorgestelde meganismes waardeur verseker sal word dat maatskappye suksesvol aan IFVS voldoen. Hierdie meganismes word nie net in die vooruitsig gestel met die oog op die aanvanklike proses van oorskakeling na IFVS nie, maar op die langtermyn ten einde te verseker dat maatskappye voortaan deurlopend aan IFVS voldoen.

In die VK en Suid-Afrika is reeds liggame gestig wat verantwoordelik is om te verseker dat aan rekeningkundige standaarde voldoen word. In die VK vind die evaluasie van maatskappye se finansiële state vir die nakoming van IFVS pro-aktief en reaktief plaas. In Suid-Afrika doen die GMP hierdie evaluasies slegs op 'n reaktiewe grondslag. In die EU is nog geen amptelike liggaam gestig om te verseker dat maatskappye aan IFVS voldoen nie, hoewel dit in die vooruitsig gestel word. Daar word egter beoog dat hierdie liggaam, sodra dit in werking is, op beide 'n pro-aktiewe en reaktiewe grondslag die finansiële jaarverslae van maatskappye vir evaluasie sal selekteer.

Die gevolge van nie-nakoming van IFVS sal grootliks openbare regstellings en persverklarings behels, maar kan selfs tot die opskorting van 'n maatskappy se notering op 'n effektebeurs lei. Dit is dus voor die hand liggend dat dit vir maatskappye nadelig kan wees om nie aan IFVS te voldoen nie, alhoewel hulle in terme van die vraelyste aangetoon het dat daar nie groot verwagtinge is vir voordele indien die maatskappy wel aan IFVS voldoen nie. Die skrywer is egter van mening dat die nakoming van IFVS wel maatskappye in staat sal stel om hul posisie en reputasie by beleggers te handhaaf, terwyl nie-nakoming van IFVS daardie posisie kan ondermyn en hul reputasie kan skaad.

Die skrywer stel voor dat alle geselekteerde maatskappye so gou doenlik die nuutste IFVS openbaarmakingsvraelys vanaf hul ouditeure bekom en hul eie finansiële verslagdoeningstelsel evalueer ten einde te verseker dat die stelsel wel die korrekte inligting genereer. Hierdie openbaarmakingsvraelys kan dan ook gebruik word om as aanduider te dien van die nuutste IFVS wat reeds uitgereik is en waaraan die maatskappy moontlik in hulle eersvolgende finansiële tydperk sal moet voldoen en waarvoor voorbereidings nou reeds getref kan word. So 'n evaluasie van die maatskappy se verslagdoeningstelsel sal streng gedoen moet word aangesien die

eksterne evaluasie van maatskappy finansiële state deur 'n liggaam soos die GMP ook streng gedoen sal word en die uitkoms van 'n situasie van nie-nakoming van IFVS vir die maatskappy negatiewe gevolge kan inhou.

Die skrywer beveel ook aan dat die ouditeure van die geselekteerde maatskappye 'n noukeurige evaluasie van die mate van nakoming van IFVS deur die geselekteerde maatskappye doen, aangesien die voorkoms van 'n area van nie-nakoming van IFVS deur 'n maatskappy ook negatief op die ouditeure kan reflekteer.



## BRONNELYS

- ASB (Accounting Standards Board). Oktober 2003. *Inside Track* 37. 1–3. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.asb.org.uk/asb/publications/it2.html> [Besoek: 26 November 2004]
- ASB (Accounting Standards Board). 2004. Discussion paper - UK Accounting Standards - A Strategy for Convergence with IFRS. Invitation to comment. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.asb.org.uk/asb/technical/projects/project0040.html> [Besoek: 26 November 2004]
- Adams, Carol A., Weetman, Pauline, Gray, Sidney J. 1993. Reconciling national with international accounting standards. *The European Accounting Review*. 2(3):471–494. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://search.epnet.com/direct.asp?an=5386316&db=buh> [Besoek: 14 Julie 2003]
- Anglo American Plc. Annual Report 2002.
- Anglo American Plc. Annual Report 2003.
- Anglogold Limited. Annual Report 2002.
- Anglogold Limited. Annual Report 2003.
- Anglo American Platinum Corporation Limited. Annual Report 2002.
- Anglo American Platinum Corporation Limited. Annual Report 2003.
- Anglovaal Mining Limited. Annual Report 2002.
- Anglovaal Mining Limited. Annual Report 2003.
- Barloworld Limited. Annual Report 2002.
- Barloworld Limited. Annual Report 2003.
- Bazaz, Mohammed S., Parameswaran, Ravi & Bordoloi, Bijoy. 1995. A new approach to the problem of harmonizing international accounting reports. *Global Finance Journal*. 6(2):155-173 [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://web4.epnet.com/citation.asp?tb=1&\\_ug=dbs+2+ln+en%2Dus+sid+A63F8C56%2D6CBB%2D446A%2D874D%2DDFE5F2CAE279%40Sessionmgr6+532B&\\_us=bs+a++new++approach++to++the++problem++of++harmonizing++international++accounting++reports+cst+0%3B1+ds+a++new++approach++to++the++problem++of++harmonizing++international++accounting++reports+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACBYA00132440+sl+0+sm+ES+ss+SO+D4EA&fn=1&rn=1](http://web4.epnet.com/citation.asp?tb=1&_ug=dbs+2+ln+en%2Dus+sid+A63F8C56%2D6CBB%2D446A%2D874D%2DDFE5F2CAE279%40Sessionmgr6+532B&_us=bs+a++new++approach++to++the++problem++of++harmonizing++international++accounting++reports+cst+0%3B1+ds+a++new++approach++to++the++problem++of++harmonizing++international++accounting++reports+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACBYA00132440+sl+0+sm+ES+ss+SO+D4EA&fn=1&rn=1) [Besoek: 14 Julie 2003]
- BHP Billiton Plc. Annual Report 2002.
- BHP Billiton Plc. Annual Report 2003.
- Bolkestein, Frits. 2002. Speeding up the consolidation of European financial markets. Paris. 11 July. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://europa.eu.int/comm/internal\\_market/en/speeches/spch-02-033\\_en.htm](http://europa.eu.int/comm/internal_market/en/speeches/spch-02-033_en.htm) [Besoek: 18 Augustus 2003]
- Bosman, Herman. 2003. Persoonlike telefoniese onderhoud. 13 Februarie.

- Cairns, D. 1994. What is the future of mutual recognition of financial statements and is comparability really necessary? *The European Accounting Review*. 3(2):343-352. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
[http://web8.epnet.com/citation.asp?tb=1&\\_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+98EEC6C5%2D5486%2D45B9%2DAE37%2D23DE181F98BB%40sessionmgr5+9B41&\\_us=bs+cairns+cst+0%3B1+ds+cairns+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F2+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACB3A00204770+sl+0+sm+ES+ss+SO+8691&fn=1&rn=6](http://web8.epnet.com/citation.asp?tb=1&_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+98EEC6C5%2D5486%2D45B9%2DAE37%2D23DE181F98BB%40sessionmgr5+9B41&_us=bs+cairns+cst+0%3B1+ds+cairns+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F2+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACB3A00204770+sl+0+sm+ES+ss+SO+8691&fn=1&rn=6) [Besoek: 14 Julie 2003]
- Canadian Overseas Packaging Industries Limited. Annual Report 2002.
- Canadian Overseas Packaging Industries Limited. Annual Report 2003.
- Casabona, Patrick & Shoaf, Victoria. 2002. International Financial Reporting Standards: Significance, Acceptance, and new developments. *Review of Business*. 23(1):16-20 [Aanlyn] Beskikbaar:  
[http://web2.epnet.com/externalframe.asp?tb=1&\\_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+AADB7E6A%2DF33A%2D4070%2D851C%2D3A35F10B2D1D%40Sessionmgr4+398D&\\_us=bs+International++Financial++Reporting++Standards%3A++significance%2Cacceptance%2C++and++new++developments+cst+0%3B1+ds+International++Financial++Reporting++Standards%3A++significance%2Cacceptance%2C++and++new++developments+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACBWA00229667+sl+0+sm+ES+ss+SO+2071&fi=buh\\_6425876\\_AN&tp=CP&bk=C&tn=1&lpdf=true&pdfs=1.3MB&es=cs%5Fclient%2Easp%3FT%3DP%26P%3DAN%26K%3D6425876%26rn%3D1%26db%3Dbuh%26is%3D00346454%26sc%3DR%26S%3DR%26D%3Dbuh&fn=1&rn=1&](http://web2.epnet.com/externalframe.asp?tb=1&_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+AADB7E6A%2DF33A%2D4070%2D851C%2D3A35F10B2D1D%40Sessionmgr4+398D&_us=bs+International++Financial++Reporting++Standards%3A++significance%2Cacceptance%2C++and++new++developments+cst+0%3B1+ds+International++Financial++Reporting++Standards%3A++significance%2Cacceptance%2C++and++new++developments+dstb+ES+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACBWA00229667+sl+0+sm+ES+ss+SO+2071&fi=buh_6425876_AN&tp=CP&bk=C&tn=1&lpdf=true&pdfs=1.3MB&es=cs%5Fclient%2Easp%3FT%3DP%26P%3DAN%26K%3D6425876%26rn%3D1%26db%3Dbuh%26is%3D00346454%26sc%3DR%26S%3DR%26D%3Dbuh&fn=1&rn=1&) [Besoek: 14 Julie 2003]
- Commission of the European Communities. 1998. COM (1998) 625. 28.10.1998. Financial Services: Building a framework for action. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
[http://europa.eu.int/comm/internal\\_market/en/finances/actionplan/index.htm](http://europa.eu.int/comm/internal_market/en/finances/actionplan/index.htm) [Besoek: 19 Augustus 2003]
- Commission of the European Communities. 1999. COM (1999) 232. 11.05.1999. Financial Services: Implementing the framework for financial markets: Action plan. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
[http://europa.eu.int/comm/internal\\_market/en/finances/actionplan/index.htm](http://europa.eu.int/comm/internal_market/en/finances/actionplan/index.htm) [Besoek: 19 Augustus 2003]
- Commission of the European Communities. 2001a. COM (2001) 80 final. 13.2.2001. Proposal for a regulation of the European Parliament and of the Council on the application of international accounting standards. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
[http://europa.eu.int/eur-lex/en/com/pdf/2001/en\\_501PC0080.pdf](http://europa.eu.int/eur-lex/en/com/pdf/2001/en_501PC0080.pdf) [Besoek: 20 Februarie 2003]
- Commission of the European Communities. 2001b. MEMO/01/40. Financial Reporting: The IAS Regulation – Frequently Asked Questions. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
<http://europa.eu.int/rapid/searchAction.do;jsessionid=BhqN06952pFFuSjWZr2O1IvWTDqVBPmCgO8hIx91AwApcC9Dn1aW!379043047> [Besoek: 22 November 2004]

- Commission of the European Communities. 3 June 2003. Financial Services: Nine months left to deliver the FSAP. Eighth Report. [Aanlyn]. Beskikbaar: [http://europa.eu.int/comm/internal\\_market/en/finances/actionplan/index.htm](http://europa.eu.int/comm/internal_market/en/finances/actionplan/index.htm) [Besoek: 19 Augustus 2003]
- CESR (Committee of European Securities Regulators). Standard No.1 on Financial Information – Enforcement of Standards on Financial Information. 12 Maart 2003. CESR/ 03-073. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://www.cesr-eu.org/index\\_access.html](http://www.cesr-eu.org/index_access.html) [Besoek: 22 November 2004]
- CESR (Committee of European Securities Regulators). Standard No.2 on Financial Information – Coordination of Enforcement Activities. April 2004. CESR/ 03-317c. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://www.cesr-eu.org/index\\_access.html](http://www.cesr-eu.org/index_access.html) [Besoek: 22 November 2004]
- Coppin, Garth. 2003. Persoonlike telefoniese onderhoud. 13 Februarie.
- Deloitte. March 2004a. Share-based Payment – a guide to IFRS2. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.iasplus.com/dttpubs/shbased.ped> [Besoek: 14 April 2004]
- Deloitte. August 2004b. First time adoption – a guide to IFRS1. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.iasplus.com/dttpubs/ifrs1guide.pdf> [Besoek: 25 November 2004]
- D&T (Deloitte & Touche). [S.a.]. Guide to the JSE Listings Requirements. 7.
- D&T (Deloitte & Touche). 2002. International Accounting Standards Presentation and Disclosure Checklist. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.iasplus.com/dttpubs/pubs.htm> [Besoek: 9 Desember 2003]
- D&T (Deloitte & Touche). 2003. International Accountings Standards. Healthcheck 2003. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.iasplus.com/dttpubs/pubs.htm> [Besoek: 18 Augustus 2003]
- Dimension Data Holdings Plc. Annual Report 2002.
- Dimension Data Holdings Plc. Annual Report 2003.
- Duffield, Devon. 2003. Persoonlike telefoniese onderhoud. 13 Februarie.
- Durban Roodepoort Deep Limited. Annual Report 2002.
- Durban Roodepoort Deep Limited. Annual Report 2003.
- EESC (European Economic and Social Committee). Opinion of the European Economic and Social Committee on the 'Communication from the Commission to the Council, the European Parliament, the European Economic and Social Committee and the Committee of the Regions: Internal Market Strategy— Priorities 2003-2006' (COM(2003) 238 final)30 September 2003. *Official Journal of the European Union*. OJ 30.09.2003/C235:55-61. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://europa.eu.int/eur-lex/pri/en/oj/dat/2003/c\\_234/c\\_23420030930en00550061.pdf](http://europa.eu.int/eur-lex/pri/en/oj/dat/2003/c_234/c_23420030930en00550061.pdf) [Besoek: 15 November 2004]
- Emslie, Catherine. 2003. Persoonlike telefoniese onderhoud. 13 Februarie.
- Energy Africa Limited. Annual Report 2002.
- Energy Africa Limited. Annual Report 2003.

- EP (European Parliament and the Council). Regulation (EC) No. 1606/2002. 2002. *Official Journal of the European Communities*. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.iasplus.com/resource/eciasreg.pdf> [Besoek: 15 Julie 2003]
- Financial Reporting Bill. Draft 4. 29 Julie 2002. [Aanlyn] Beskikbaar: <ftp://ftp.fsb.co.za/public/documents/FRB.Draft4.pdf> [Besoek: 24 November 2004]
- Financial Reporting Review Panel (FRRP). 2004. Webtuiste. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.frc.org.uk/press/pub0634.html> [Besoek: 10 November 2004]
- Financial Reporting Review Panel. [S.a.]. Operating procedures. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.frc.org.uk/documents/pdf/procedures3.pdf> [Besoek: 10 November 2004]
- Free State Development and Investment Corporation Limited. Annual Report 2002.
- Free State Development and Investment Corporation Limited. Annual Report 2003.
- GAAP 2002. 2002. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.pwcglobal.com/extweb/pwcpublishations> [Besoek: 20 Augustus 2003]
- GMP (GAAP Monitoring Panel). Charter. [S.a.]a. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://www.saica.co.za/documents/GMPCharter\(att1\).pdf](http://www.saica.co.za/documents/GMPCharter(att1).pdf) [Besoek: 15 November 2004]
- GMP (GAAP Monitoring Panel). Panel Members. [S.a.]b. [Aanlyn] Beskikbaar: <https://www.saica.co.za/documents/PanelMembersforpresentation.pdf> [Besoek: 23 November 2004]
- GMP (GAAP Monitoring Panel). Summary of Matters. 7 September 2004. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://saica.co.za/documents/summary\\_of\\_matters.pdf](http://saica.co.za/documents/summary_of_matters.pdf) [Besoek: 23 November 2004]
- Goeltz, Richard Karl. 1991. International accounting harmonization: The impossible (and unnecessary?) dream. *Accounting Horizons*. 5(1):85-88. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://web7.epnet.com/citation.asp?tb=1&\\_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+29AA+650%2DE45C%2D487F%2D8ACE%2D6EA119780A22%40sessionmgr3%2Dsessionmgr4+7E77&\\_us=bs+International++accounting++harmonization+cst+0%3B1+ds+International++accounting++harmonization+dstb+ES+ex+F+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACB2A00209643+sl+0+sm+ES+ss+SO+E5A3&fn=1&rn=4](http://web7.epnet.com/citation.asp?tb=1&_ug=db+1+ln+en%2Dus+sid+29AA+650%2DE45C%2D487F%2D8ACE%2D6EA119780A22%40sessionmgr3%2Dsessionmgr4+7E77&_us=bs+International++accounting++harmonization+cst+0%3B1+ds+International++accounting++harmonization+dstb+ES+ex+F+fh+0+gl+%5Fs%5F0+hd+0+hs+%2D1+or+Date+ri+KAAACB2A00209643+sl+0+sm+ES+ss+SO+E5A3&fn=1&rn=4) [Besoek: 14 Julie 2003]
- Gold Fields Limited. Annual Report 2002.
- Gold Fields Limited. Annual Report 2003.
- Harmony Gold Mining Company Limited. Annual Report 2002.
- Harmony Gold Mining Company Limited. Annual Report 2003.
- Highveld Steel and Vanadium Corporation Limited. Annual Report 2002.
- Highveld Steel and Vanadium Corporation Limited. Annual Report 2003.



- Hogg, A. Prof Harvey Wainer: Head, GAAP Monitoring Panel, Wits University.  
14 Julie 2004. [Aanlyn] Beskikbaar:  
<http://m1.mny.co.za/BusToday.nsf/0/C2256A2A0020082A42256ED100562D13?OpenDocument> [Besoek: 23 November 2004]
- Huxham, Keith & Haupt, Phillip. 2004. *Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting*. 23<sup>ste</sup> Uitgawe. Roggebaai. H&H Publications. 215-217.
- IASB (International Accounting Standards Board). 2002a. Exposure Draft of Proposed Improvements to International Accounting Standards.
- IASB (International Accounting Standards Board). 2002b. *International Accounting Standards 2002*. London: International Accounting Standards Committee Foundation.
- IAS1. Presentation of Financial Statements. 1-1–1-44.
- IAS2. Inventories. 2-1–2-13.
- IAS7. Cash Flow Statements. 7-1–7-27.
- IAS8. Net Profit or Loss for the Period, Fundamental Errors and Changes in Accounting Policies. 8-1–8-24.
- IAS10. Events After the Balance Sheet Date. 10-1–10-12.
- IAS12. Income Taxes. 12-1–12-71.
- IAS14. Segment Reporting. 14-1–14-41.
- IAS17. Leases. 17-1–17-26.
- IAS18. Revenue. 18-1–18-25.
- IAS19. Employee Benefits. 19-1–19-135.
- IAS20. Accounting for Government Grants and Disclosure of Government Assistance. 20-1–20-12.
- IAS21. The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates. 21-1–21-17.
- IAS22. Business Combinations. 22-1–22-84.
- IAS24. Related Party Disclosures. 24-1–24-9.
- IAS27. Consolidated Financial Statements and Accounting for Investments in Subsidiaries. 27-1–27-11.
- IAS28. Accounting for Investments in Associates. 28-1–28-12.
- IAS29. Financial Reporting in Hyperinflationary Economies. 29-1–29-11.
- IAS30. Disclosures in the Financial Statements of Banks and Similar Financial Institutions. 30-1–30-19.
- IAS31. Financial Reporting of Interests in Joint Ventures. 31-1–31-17.
- IAS32. Financial Instruments: Disclosure and Presentation. 32-1–32-51.
- IAS33. Earnings per Share. 33-1–33-24.
- IAS35. Discontinuing Operations. 35-1–35-30.
- IAS36. Impairment of assets. 36-1–36-132.




- IAS37. Provisions, Contingent Liabilities and Contingent Assets. 37-1–37-48.
- IAS39. Financial Instruments: Recognition and Measurement. 39-1–39-81.
- IAS39. Implementation Guidance. Questions and Answers. 39IGC1–39IGC351.
- IAS41. Agriculture. 41-1–41-53.
- SIC16. Share Capital–Reacquired Own Equity Instruments. SIC16-1–SIC16-3.
- IASB (International Accounting Standards Board). Webtuiste. 2003. [Aanlyn] Beskikbaar:  
<http://www.iasc.org.uk/cmt/0001.asp?s=6729156&sc={BEBECD7B-36FF-45C0-A92C-D77B63C080AC}&n=3283> [Besoek: 14 Julie 2003]
- IASB (International Accounting Standards Board). Webtuiste. 2004. [Aanlyn] Beskikbaar:  
[http://www.iasb.org/current/iasb.asp?showPageContent=no&xml=16\\_65\\_67\\_08042003.htm](http://www.iasb.org/current/iasb.asp?showPageContent=no&xml=16_65_67_08042003.htm) [Besoek: 26 November 2004]
- IASB (International Accounting Standards Board). 2004. *International Accounting Standards (IFRS's) including International Accounting Standards (IASs) and Interpretations as at 31 March 2004*. London: International Accounting Standards Committee Foundation.
- IAS1. Presentation of Financial Statements. 555–607.
- IAS2. Inventories. 609–629.
- IAS7. Cash Flow Statements. 631–651.
- IAS8. Accounting Policies, Changes in Accounting Estimates and Errors. 653–686.
- IAS10. Events After the Balance Sheet Date. 687–700.
- IAS12. Income Taxes. 721–780.
- IAS14. Segment Reporting. 781–813.
- IAS16. Property, plant and equipment. 819–853.
- IAS19. Employee Benefits. 905–1009.
- IAS21. The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates. 1021–1051.
- IAS24. Related Party Disclosures. 1061–1076.
- IAS27. Consolidated and Separate Financial Statements. 1089–1117.
- IAS28. Investments in Associates. 1119–1140.
- IAS30. Disclosures in the Financial Statements of Banks and Similar Institutions. 1151–1164.
- IAS32. Financial Instruments: Disclosure and Presentation. 1189–1281.
- IAS33. Earnings per share. 1283–1341.
- IAS36. Impairment of Assets. 1367–1523.
- IAS38. Intangible Assets. 1561–1634.
- IAS39. Financial Instruments: Recognition and Measurement. 1635–2003.

- IAS40. Investment Property. 2005–2052.
- IAS41. Agriculture. 2053–2096.
- IFRS1. First-time Adoption of International Financial Reporting Standards. 47–126.
- IFRS2. Share-based Payment. 127–251.
- IFRS3. Business Combinations. 253–370.
- IFRS4. Insurance Contracts. 371–499.
- IFRS5. Non-current Assets held for Sale and Discontinued Operations. 501–551.
- SIC15. Operating Leases – Incentives. 2121–2124.
- Impala Platinum Holdings Limited. Annual Report 2002.
- Impala Platinum Holdings Limited. Annual Report 2003.
- Investec Plc. Annual Report 2002.
- Investec Plc. Annual Report 2003.
- JSE (JSE Sekuriteitebeurs). 2003. [Aanlyn] Beskikbaar:  
[http://www.jse.co.za/listed/dual\\_listed/dual\\_listed.htm](http://www.jse.co.za/listed/dual_listed/dual_listed.htm) [Besoek: 10 Julie 2003]
- Liberty Group Limited. Annual Report 2002.
- Liberty Group Limited. Annual Report 2003.
- London Finance and Investment Group Limited. Annual Report 2002.
- London Finance and Investment Group Limited. Annual Report 2003.
- Lonmin Plc. Annual Report 2002.
- Lonmin Plc. Annual Report 2003.
- Lonrho Plc. Annual Report 2002.
- Lonrho Plc. Annual Report 2003.
- McAllister, John P., Orsini, Larry L. 1997. Global auditing and accounting confusion. *Journal of Accountancy*. 184(3):89-91 [Aanlyn] Beskikbaar:  
<http://search.epnet.com/direct.asp?an=9710230921&db=buh> [Besoek: 14 Julie 2003]
- Metorex Limited. Annual Report 2002.
- Metorex Limited. Annual Report 2003.
- Old Mutual Plc. Annual Report 2002.
- Old Mutual Plc. Annual Report 2003.
- PWC (PricewaterhouseCoopers). 2001. International accounting standards. Similarities and differences IAS, US GAAP and UK GAAP. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.pwc.com/pl/eng/ins-sol/publ/similarities.pdf> [Besoek: 3 Desember 2004]

- PWC (PricewaterhouseCoopers). 2002a. 2005 – Ready or not? [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.pwcglobal.com/extweb/pwcpublishings.nsf/docid/164DFFFB35B2869D80256BD500537E05?OpenDocument> [Besoek: 14 Julie 2003]
- PWC (PricewaterhouseCoopers). 2002b. International Financial Reporting Standards Disclosure Checklist 2002. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.pwcglobal.com/gx/eng/about/svcs/corporatereporting/IFRS%20Disc%20chklist%202002.pdf> [Besoek: 20 April 2005]
- PWC (PricewaterhouseCoopers). 2004. International Financial Reporting Standards Disclosure Checklist 2004. [Aanlyn] Beskikbaar: <http://www.pwc.com/gx/ebg/about/svcs/corporatereporting/Disclosure04.pdf> [Besoek: 6 Augustus 2004]
- Reason, Tim. 2002. On the same page: US and international standard setters are coordinating their efforts to craft a common language for business. *CFO, Magazine for Senior Financial Executives*. May. [Aanlyn] Beskikbaar: [http://www.findarticles.com/cf\\_0/m3870/5\\_18/85502468/print.jhtml](http://www.findarticles.com/cf_0/m3870/5_18/85502468/print.jhtml) [Besoek: 16 Julie 2003]
- SAB Miller Plc. Annual Report 2002.
- SAB Miller Plc. Annual Report 2003.
- SAIGR (Suid-Afrikaanse Instituut van Geotrooieerde Rekenmeesters) . *Handleiding*. 2003. AC133 Financial Instruments. Recognition and Measurement. Volume 1B. 189–243.
- Sappi Limited. Annual Report 2002.
- Sappi Limited. Annual Report 2003.
- Simmer and Jack Mines Limited. Annual Report 2002.
- Simmer and Jack Mines Limited. Annual Report 2003.
- Stilfontein Gold Mining Company Limited. Annual Report 2002.
- Stilfontein Gold Mining Company Limited. Annual Report 2003.
- Temkin, Sanchia. 2002. New rules for SA business with EU links. *Business Day*. 4 Junie 2002. [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://www.businessday.co.za/bday/content/direct/1,3523,1099784-6078-0,00.html> [Besoek: 14 Julie 2003]
- Thorell, Per & Whittington, Geoffrey. 1994. The harmonizing of accounting within the EU. *European Accounting Review*. 3(2):215-239 [Aanlyn]. Beskikbaar: <http://search.epnet.com/direct.asp?an=5384940&db=buh> [Besoek: 14 Julie 2003]
- Tiger Brands Limited. Annual Report 2002.
- Tiger Brands Limited. Annual Report 2003.
- Tongaat-Hulett Group Limited. Annual Report 2002.
- Tongaat-Hulett Group Limited. Annual Report 2003.

- Tower, Greg, Hancock, Phil & Taplin, Ross H. 1999. A Regional study of listed companies' compliance with International Accounting Standards. *Accounting Forum*. 23(3):293-305. [Aanlyn] Beskikbaar:  
[http://weblinks1.epnet.com/externalframe.asp?tb=0&\\_ug=dbs+1+ln+en%2Dus+sid+6F856C67%2D7892%2D4647%2DAB33%2D77BBC30601C9%40Sessionmgr2+CA9A&\\_us=bs+AN++3251916+ds+AN++3251916+sm+ES+59BF&fi=buh\\_3251916\\_AN&tp=CAP&bk=C&tn=1&pdf=true&pdfs=143K&es=cs%5Fclient%2Easp%3FT%3DP%26P%3DAN%26K%3D3251916%26rn%3D1%26db%3Dbuh%26is%3D01559982%26sc%3DR%26S%3DR%26D%3Dbuh&fn=1&rn=1&](http://weblinks1.epnet.com/externalframe.asp?tb=0&_ug=dbs+1+ln+en%2Dus+sid+6F856C67%2D7892%2D4647%2DAB33%2D77BBC30601C9%40Sessionmgr2+CA9A&_us=bs+AN++3251916+ds+AN++3251916+sm+ES+59BF&fi=buh_3251916_AN&tp=CAP&bk=C&tn=1&pdf=true&pdfs=143K&es=cs%5Fclient%2Easp%3FT%3DP%26P%3DAN%26K%3D3251916%26rn%3D1%26db%3Dbuh%26is%3D01559982%26sc%3DR%26S%3DR%26D%3Dbuh&fn=1&rn=1&) [Besoek: 18 Julie 2003]
- Wilkinson, Theodore L. 1964. Can accounting be an international language? *Accounting Review*. 39(1):133-139. [Aanlyn] Beskikbaar:  
<http://search.epnet.com/direct.asp?an=7106864&db=buh> [Besoek: 14 Julie 2003]
- World Bank. Report on the Observance of Standards and Codes – South Africa. 15 April 2003. [Aanlyn]. Beskikbaar:  
[http://www.worldbank.org/ifa/roscaa\\_saf.pdf](http://www.worldbank.org/ifa/roscaa_saf.pdf) [Besoek: 12 November 2004]
- Zambia Copper Investments Limited. Annual Report 2002.
- Zambia Copper Investments Limited. Annual Report 2003.



**Bylaag A: Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in Suid-Afrika en sekondêre notering in die Europese Unie**


<b>Maatskappy</b>	<b>Noterings</b>	<b>Mees onlangse jaarverslag</b>	<b>Rekeningkundige standaarde</b>
Anglo American Platinum Corporation Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	31 Desember 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Anglogold Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Australiese Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr	31 Desember 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Anglovaal Mining Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Barloworld Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Duitse Effektebeurs – Sekondêr - Brussels Effektebeurs – Sekondêr - Namibië Effektebeurs – Sekondêr - Swhweizer Borse Swiss Exchange - Sekondêr	30 September 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Canadian Overseas Packaging Industries Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	30 Junie 2003	- KAARB
Durban Roodepoort Deep Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Australiese Effektebeurs – Sekondêr - Brussels Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr - Nasdaq Effektemark – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Energy Africa Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Luxemburg Effektebeurs - Sekondêr	31 Maart 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Free State Development and Investment Corporation Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	31 Maart 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP

**Bylaag A: Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in Suid-Afrika en sekondêre notering in die Europese Unie (vervolg)**

<b>Maatskappy</b>	<b>Noterings</b>	<b>Mees onlangse jaarverslag</b>	<b>Rekeningkundige standaarde</b>
Gold Fields Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Brussels Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr - Swhweizer Borse Swiss Exchange – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Harmony Gold Mining Company Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Brussels Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr - Nasdaq Effektemark – Sekondêr - Berlyn Effektebeurs – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Highveld Steel and Vanadium Corporation Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Frankfurt Stock Exchange - Sekondêr	31 Desember 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Impala Platinum Holdings Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Liberty Group Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	31 Desember 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Metorex Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP - IFVS
Sappi Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Duitse Effektebeurs – Sekondêr - New York Effektebeurs – Sekondêr	30 September 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Simmer and Jack Mines Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	31 Maart 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Stilfontein Gold Mining Company Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr	30 Junie 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP

**Bylaag A: Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in Suid-Afrika en sekondêre notering in die Europese Unie (vervolg)**

<b>Maatskappy</b>	<b>Noterings</b>	<b>Mees onlangse jaarverslag</b>	<b>Rekeningkundige standaarde</b>
Tiger Brands Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	30 September 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Tongaat-Hulett Group Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr	31 Desember 2003	- Suid-Afrikaanse SAARP
Zambia Copper Investments Limited	- JSE Sekuriteitebeurs – Primêr - Londen Effektebeurs – Sekondêr - Euronext Paris Societe Anonyme – Sekondêr	31 Desember 2003	- IFVS






**Bylaag B: Dubbelgenoteerde maatskappye met primêre notering in die Verenigde Koninkryk en sekondêre notering in Suid-Afrika**

<b>Maatskappy</b>	<b>Noterings</b>	<b>Mees onlangse jaarverslag</b>	<b>Rekeningkundige standaarde</b>
Anglo American Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> <li>- Botswana Effektebeurs – Sekondêr</li> <li>- Namibië Effektebeurs – Sekondêr</li> <li>- Swhweizer Borse Swiss Exchange - Sekondêr</li> </ul>	31 Desember 2003	- VK-AARP
BHP Billiton Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> <li>- Duitse Effektebeurs – Sekondêr</li> <li>- Brussels Effektebeurs – Sekondêr</li> <li>- Namibië Effektebeurs – Sekondêr</li> <li>- Swhweizer Borse Swiss Exchange - Sekondêr</li> </ul>	30 Junie 2003	- VK-AARP
Dimension Data Holdings Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> </ul>	30 September 2003	- VK-AARP
Investec Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> </ul>	31 Maart 2003	- VK-AARP
London Finance and Investment Group Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> </ul>	30 Junie 2003	- VK-AARP
Lonmin Plc	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Londen Effektebeurs – Primêr</li> <li>- JSE Sekuriteitebeurs – Sekondêr</li> </ul>	30 September 2003	- VK-AARP
[37]	Hierdie inligting is net openbaar ten opsigte van direkteure, maar dit is onduidelik of daar nie moontlik ander werknemers is wat ook deelneem aan die aandele-opsieskema nie.
[38]	Hierdie finansiële state voldoen nie aan IFVS nie, maar aan KAARB. Die entiteit het egter wel die waarde van verdienste en behoue verdienste openbaar indien die finansiële state in ooreenstemming met IFVS opgestel sou wees.
[39]	Hierdie entiteit het wel filiale, maar geen rekeningkundige beleid is geformuleer ten opsigte van die hantering van klandisiewaarde of die oorskot van die billike waarde van bates en laste wat verkry is bo die kosprys van die belegging nie. Die finansiële state reflekteer ook glad nie die bestaan van klandisiewaarde nie.
[40]	Die waarde is net in die aantekening tot die inkomstestaat openbaar en nie op die gesig van die inkomstestaat soos vereis nie.
[41]	Die entiteit het net die totale direkteursvergoeding as verwante party transaksie openbaar en geen ander besonderhede of detail nie.
[42]	Die mees beduidende verskille tussen IFVS en KAARB is gesetel in die verskillende hantering van finansiële instrumente. Aangesien die finansiële state opgestel is in ooreenstemming met KAARB en nie IFVS nie, voldoen die maatskappy gevolglik nie aan hierdie vereistes van IFVS nie.
[43]	Die hantering is in ooreenstemming met die maatskappy se rekeningkundige beleid en is nie die gevolg van die feit dat die billike waarde nie bepaal kon word nie.
[44]	Volgens die ouditverslag voldoen hierdie entiteit nog nie aan IFVS nie en hierdie standaard is dus nie gevolg nie.
[45]	Die entiteit het wel 'n aantekening aangebied waarin die invloed van die verskil in rekeningkundige hantering van finansiële instrumente volgens onderskeidelik IFVS en KAARB aangespreek word.

**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[46]	Hierdie maatskappy se finansiële state is in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP voorberei en nie IFVS nie.
[47]	In terme van die ouditeursverslag is hierdie entiteit se finansiële state in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse SAARP voorberei, maar die rekeningkundige beleidsaantekeninge meld ook dat die finansiële state aan IFVS voldoen.
[48]	Die entiteit het 'n enkele nie-verdeelbare reserwe en dit is nie seker waarmee dit verband hou nie. Geen besonderhede is verskaf nie.
[49]	Hierdie besonderhede is in die direkteursverslag openbaar, maar net ten opsigte van die direkteure en glad nie ten opsigte van ander sleutelpersoneel nie.
[50]	Dit is nie duidelik of ligging van bates of ligging van klante gebruik is as grondslag vir die opstel van die geografiese segmentverslag nie.
[51]	Hierdie entiteit het net rekeningkundige beleid ten opsigte van bruikhure geformuleer, alhoewel dit ingesluit is by die rekeningkundige beleid ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting. Geen rekeningkundige beleid is geformuleer ten opsigte van bedryfshure nie, terwyl dit uit die aantekening tot die inkomstestaat duidelik blyk dat daar wel bedryfshure was.
[52]	Hierdie entiteit het 'n omskrewevoordeel-plan, maar die rekeningkundige beleid vermeld nie hoe aktuariële winste en verliese hanteer word nie.
[53]	Hierdie entiteit het beide omskrewevoordeel en –bydraeplanne. Daar is egter net 'n enkele lynitem ten opsigte van bydraes tot nadiensvoordeelplanne openbaar en geen verdere detail nie.
[54]	Dit is nie duidelik of die entiteit die effektiewe rentekoersmetode gevolg het nie, alhoewel finansiële laste gedra word teen geamortiseerde koste.
[55]	Hierdie entiteit het hul eiendom, aanleg en toerusting tot 1989 herwaardeer en toe die praktyk gestaak.
[56]	Hoewel die aanbieding nie afsonderlik gedoen is op die gesig van die balansstaat nie, is die lopende belastingbates en -laste binne die aantekeninge tot die finansiële state afsonderlike aangetoon van ander bates en laste.
[57]	Die entiteit het 'n enkele aantekening tot die effek dat die maatskappy gedurende die jaar geen wesentliche verwante party transaksies aangegaan het nie. Die entiteit het verder direkteursvergoeding as deel van die finansiële state openbaar, maar nie besonderhede ten opsigte van vergoeding vir senior bestuur nie. Geen van hierdie werknemervoordele is spesifiek as verwante party transaksies geïdentifiseer nie.
[58]	Geen detail is by wyse van 'n aantekening openbaar nie en dit is dus nie duidelik hoe die saldo saamgestel is nie.
[59]	Hierdie entiteit het geen segmentinligting openbaar nie.
[60]	Rekeningkundige beleid is geformuleer ten opsigte van die omrekening van buitelandse valutasaldo's, maar nie ten opsigte van buitelandse valutatransaksies nie.
[61]	Hierdie bedrag is nie op die gesig van die inkomstestaat openbaar nie, maar in die aantekeninge tot die inkomstestaat as deel van beleggingsinkomste.

**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[62]	Hierdie entiteit het korporatiewe administratiewe koste en ook alle waardevermindering en amortisasie as deel van koste van verkope openbaar, wat verkeerd blyk te wees.
[63]	Geen van hierdie besonderhede is openbaar nie en die entiteit se rekeningkundige beleid bepaal slegs dat alle bydraes tot die omskrewewoordeel-planne ten volle as uitgawe erken word in die jaar waarin dit aangegaan word. Hierdie hantering is heeltemal strydig met die bepalinge van IAS19 (IASB, 2004:9005-1009).
[64]	Die entiteit se bestuursoorsig, wat buite die omvang van geoutiteerde finansiële state val, bepaal duidelik welke aannames en ramings gevolg is ten einde te bepaal of waardedalingsverliese ten opsigte van bates voorsien behoort te word al dan nie. In die res van die finansiële state is egter geen aanduiding gegee of enige sodanige voorsienings ten opsigte van moontlike waardedalings gemaak is nie.
[65]	Daar is 'n aftrekking teen aandelepremie, maar daar word glad nie aangedui wat die oorsprong van die aftrekking is nie.
[66]	Hierdie inligting is slegs in die direkteursverslag openbaar.
[67]	Hierdie entiteit vermeld dat daar net 'n enkele sakesegment is en dat die primêre segmentering geografies is. Geen inligting is egter in sekondêre formaat openbaar ten opsigte van die sakesegment nie.
[68]	Hierdie entiteit het ook belasting toegedeel per segment en as deel van segmentresultaat. Die standaard sluit egter spesifiek sodanige toedeling uit en gevolglik is hierdie hantering verkeerd.
[69]	Geen rekonsiliasies is aangebied nie aangesien alle inligting op grond van gekonsolideerde syfers aangebied was en alhoewel hierdie hantering verkeerd is was die rekonsiliasies dus nie nodig nie. Dit is verkeerd aangesien segmentinligting aangebied behoort te word voordat konsolidasie-aanpassings gemaak is.
[70]	Hierdie entiteit vermeld wel dat vergelykende syfers, waar nodig, herklassifiseer is, maar spesifieke gevalle en besonderhede van herklassifikasie is nie openbaar nie. Gevolglik is dit nie duidelik of daar enigsins gedurende die tydperk onder oorsig enige sodanige herklassifikasies was nie.
[71]	Die entiteit het 'n enkele reserwe genaamd "billike waarde en ander reserwes". Geen verdere onderskeid in die samestelling van die reserwe is getref nie.
[72]	Hierdie besonderhede ten opsigte van geassosieerdes en gesamentlike ondernemings is nie afsonderlik openbaar nie, maar tesame.
[73]	Slegs sakesegmente is omskryf.
[74]	Die entiteit beskou alle aktuariële waardes ten opsigte van die omskrewewoordeel-plan as onbeduidend en gevolglik is dit glad nie openbaar nie.

**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[75]	Die skedule van beleggings in filiale toon aan dat 'n belegging wat in die vorige finansiële tydperk besit is, gedurende die tydperk onder oorsig verkoop is. Besonderhede van die verkoop is egter ten volle as deel van kontantvloei uit beëindigde bedrywighede binne die omvang van kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite geklassifiseer.
[76]	Die entiteit het wel omskrewewoordeel-planne, maar dit word hanteer as omskrewebydrae-planne aangesien dit multi-werkgewerplanne is en voldoende inligting nie beskikbaar is om hierdie planne behoorlik as omskrewewoordeel-planne te verantwoord nie.
[77]	Hierdie entiteit het volledige rekeningkundige beleid ten opsigte van hure geformuleer, maar die finansiële state self en die aantekeninge daartoe dui glad nie op die bestaan van enige hure nie. Dit is dus nie duidelik of die entiteit inderdaad hure gehad het nie, maar dit is egter moontlik dat daar wel hure is en dat geen besonderhede daarvan openbaar is nie.
[78]	Hierdie entiteit se finansiële state is in ooreenstemming met IFVS voorberei.
[79]	Die entiteit verwys na hierdie bates as "tasbare vaste bates".
[80]	Die entiteit dra hierdie beleggings teen kosprys, maar dit was nie die gevolg van 'n herklassifikasie nie, en gevolglik was daar geen aanpassings na billike waarde nie.
[81]	Hierdie entiteit het totaal geen besonderhede ten opsigte van verwante party transaksies openbaar nie.
[82]	Hierdie entiteit het totaal geen besonderhede ten opsigte van voorwaardelike aanspreeklikhede openbaar nie.
[83]	Hierdie entiteit dra hul ongenoteerde beleggings teen kosprys. Daar is egter geen rekeningkundige beleid in hierdie verband geformuleer nie. Dit is dus nie duidelik wat die beweegrede vir hierdie hantering is en of dit dalk verband hou met die feit dat die entiteit nie die billike waarde kon bepaal nie.
[84]	Aandele-opsies is verleen aan direkteure en ander werknemers, maar besonderhede van die opsies is net openbaar ten opsigte van direkteure.
[85]	Hierdie standaard was nog nie van toepassing op die entiteit vir die tydperk onder oorsig nie.
[86]	Hierdie entiteit het slegs vermeld dat daar net 'n enkele sake-segment en 'n enkele geografiese segment bestaan en verder is geen segmentinligting openbaar nie.
[87]	Hierdie is die state van 'n enkele entiteit en nie 'n groep nie aangesien die maatskappy geen filiale het nie.
[88]	Hierdie entiteit het dividende wat verklaar is aan aandeelhouers en wat verbeur is, as inkomste erken direk teen behoue verdienste en hierdie hatering kan moontlik verkeerd wees. Geen rekeningkundige beleid is geformuleer ten opsigte van die hantering van hierdie aangeleentheid nie.
[89]	Hierdie entiteit het geensins voorsiening gemaak vir lopende of uitgestelde belasting nie.
[90]	Hierdie entiteit het geen inligting ten opsigte van verpligtinge openbaar nie.
[91]	Hierdie entiteit het glad geen segmentinligting openbaar nie.

**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[92]	Die verandering is aangebring en dit is nie duidelik of dit gedoen is sodat die maatskappy in lyn met die vereistes van Suid-Afrikaanse SAARP kan kom en of dit bloot vrywillig was nie.
[93]	Die entiteit het wel waardedalingsverliese, maar hierdie waardedalingsverliese is op die oog af nie wesenlik in verhouding met die finansiële state van die entiteit in geheel nie. Die entiteit het geen besonderhede van die waardedaling en die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het openbaar nie. Dit wil nie voorkom asof die waardedalingsverlies ten opsigte van 'n kontantgenererende eenheid is nie.
[94]	Hierdie entiteit het 'n bedryfshuur wat as bruikhuur verantwoord is, maar geen verdere besonderhede is openbaar nie.
[95]	Hierdie bedrae is nie afsonderlik openbaar nie, maar tesame met bedrae ten opsigte van ander verpligtinge.
[96]	Dit is nie in die kontantvloeistaat of aantekeninge daartoe openbaar nie, maar in die aantekeninge tot die kontantvloeistaat onder die aanname dat al die items in die inkomstestaat kontant verteenwoordig.
[97]	Hierdie entiteit het nie 'n segmentverslag voorberei in terme van aanvaarde rekeningkundige standaarde nie, maar 'n segmentele analise wat buite die omvang van die geouditeerde finansiële state aangebied is.
[98]	Hierdie entiteit het glad nie verwaterde verdienste per aandeel openbaar nie, hoewel daar 'n aandeelopsieskema bestaan in terme waarvan opsies aan werknemers verleen is.
[99]	Die entiteit het die standaard reeds gedeeltelik in die 2002 finansiële jaar nagekom.
[100]	Die entiteit het so 'n filiaal en het dit nie gekonsolideer nie. Finansiële inligting is openbaar ten opsigte van die filiaal, maar dit is nie aangepas met enige prysindeks nie.
[101]	Hierdie items is slegs in die aantekeninge openbaar en nie in die staat van veranderings in ewiteit nie, dit is egter aanvaarbaar.
[102]	Die proporsionele belang is wel openbaar maar geen besonderhede oor die land van inkorporasie van die maatskappy nie.
[103]	Dit is in die aantekeninge tot die balansstaat openbaar, maar ingesluit binne die debiteure-aantekening.
[104]	Dit word wel aangetoon maar net ten opsigte van filiale hoewel die aantekening melding maak van die feit dat die maatskappy ook transaksies met sy geassosieerdes aangaan.
[105]	Die entiteit se rekeningkundige beleid maak voorsiening vir so 'n situasie maar dit is onduidelik of daar wel enige beleggings is waarop die situasie van toepassing is.
[106]	Amortisasie van ontasbare bates en waardevermindering is nie afsonderlik openbaar nie.

**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[107]	Dit is opmerklik dat die rekeningkundige beleid spesifiek vermeld dat eiendom wat gedeeltelik eienaargeokkupeerd is en gedeeltelik gebruik word vir die generering van huurinkomste proporsioneel tot hul benutting verantwoord word. Die standaard vereis egter spesifiek dat indien so 'n situasie bestaan waar die eienaarokkupasie beduidend is en die verskillende dele van die eiendom nie afsonderlik verkoop kan word nie, daardie eiendom in geheel geklassifiseer moet word as eienaargeokkupeerd. Die entiteit dra ook eiendomme wat nog onder konstruksie is as deel van beleggingseiendomme en dit behoort in terme van die standaard as eiendom, aanleg en toerusting verantwoord te word tot en met voltooiing. Bostaande dele van die rekeningkundige beleid is toegevoeg tot die 2003 finansiële state en was nie deel van die rekeningkundige beleid ten opsigte van die 2002 finansiële state nie.
[108]	Hierdie inligting is nie per klas van finansiële instrument openbaar nie, maar as 'n algemene stelling.
[109]	Hierdie entiteit se rekeningkundige beleid verwys na omskrewesvoordeel- en bydraeplanne en die aantekeninge ten opsigte van werknemersvoordele maak dit duidelik dat alle bydraes tot alle planne as uitgawe erken word.
[110]	Die entiteit het wel beleggingseiendom wat verhuur word en gevolglik bedryfshure, maar geen besonderhede is openbaar nie.
[111]	Hierdie standaard is eers effektief vir verslagdoeningstydperke wat op of na 1 Januarie 2005 'n aanvang neem en gevolglik het die entiteit nie aan al die vereistes voldoen nie.
[112]	Hierdie entiteit toon aan dat hulle tesourie-aandele of skatkisaandele het. Dit is nie toelaatbaar binne die konteks van die Suid-Afrikaanse maatskappywet nie aangesien daardie wet bepaal dat alle teruggekoopte aandele onverwyld gekanselleer behoort te word en herstel moet word na die status van gemagtigde aandelekapitaal.
[113]	Ander ontasbare bates is saam met klandisiewaarde en ander items geklassifiseer as ander niebedryfsbates, insluitend beleggings en ekwiteitsverantwoorde belange in geassosieerdes.
[114]	Inkomste is wel openbaar, maar die rekeningkundige beleid maak dit duidelik dat geografiese inligting gebaseer is op ligging van bates en inkomste behoort eintlik aangebied te word volgens ligging van klante.
[115]	Die entiteit beplan om vanaf die eersvolgende finansiële jaareinde af die standaard oor landbou te volg. Die standaard is van toepassing op tydperke wat op of na 1 Januarie 2003 'n aanvang neem.
[116]	Hierdie entiteit se rekeningkundige beleid het in die vorige tydperk verwys na die feit dat daar nie waardevermindering in die inkomstestaat erken is nie, maar dat oordragte na 'n nie-verdeelbare reserwe gemaak word oor die leeftyd van bates. Hierdie jaar maak die rekeningkundige beleid geensins melding van sodanige oordragte nie. Dit wil dus voorkom asof daar 'n verandering in rekeningkundige beleid plaasgevind het, maar dit is nie in ooreenstemming met IAS8 (IASB, 2004: 653–686) hanteer nie.



**Bylaag J: Gedetailleerde aantekeninge en sleutel tot evaluasie van die eerste groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

[117]	Hoewel die waardevermindingskoers steeds nie openbaar is nie, is dit opmerklik dat die produksie-eenheidsmetode in die 2002 finansiële jaar gebruik is en in 2003 is waardevermindering reglynig voorsien. Geen vermelding is gemaak van hierdie verandering in raming wat plaasgevind het nie.
[118]	Volgens die finansiële state het hierdie entiteit nie eiendom, aanleg en toerusting nie, maar slegs minerale regte.
[119]	Ekwiteitsverantwoorde wins is na "Wins na belasting" openbaar in plaas van voor "Wins na belasting".
[120]	Die rekeningkundige beleid van die entiteit verwys na die feit dat ontwikkelingskoste van rekenaarsagteware gekapitaliseer word indien dit na verwagting langtermynvoordele vir die entiteit sal inhou. Indien nie, word die koste onmiddelik as uitgawe erken. Sodanige uitgawe is glad nie in die huidige jaar openbaar nie en dit is nie duidelik of daar enige sodanige koste was nie.
[121]	In die 2002 finansiële state het die entiteit beleggingseiendom binne die aantekening ten opsigte van eiendom, aanleg en toerusting openbaar. In die 2003 finansiële state is die aanbieding ietwat verander en is beleggingseiendomme glad nie meer te sien nie – ook nie in die vergelykende syfers nie. Dit is onduidelik waarom nie, aangesien geen besonderhede openbaar is nie.
[122]	Hierdie inligting is glad nie openbaar nie en dit is moontlik dat dit 'n direkte gevolg is van die feit dat die entiteit se finansiële state in ooreenstemming met KAARB opgestel is nie IFVS nie.
[123]	Geen onderskeid is getref ten opsigte van die oorsprong of onderwerp van die verpligting nie.

























**Bylaag K: Openbaar maakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY											
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB			
• transaksiekoste wat verband hou met die uitgifte van aandele, wat direk teen ekwiteit afgetrek is;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• toedelings aan eienaars (bv. dividende);	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• rekonsiliasie tussen die drabedrag aan die begin en einde van die tydperk ten opsigte van die volgende items, behoort openbaar te word: <ul style="list-style-type: none"> <li>o elke klas van ekwiteitskapitaal;</li> <li>o aandelepremie;</li> <li>o eie aandele (skatkisaandele);</li> <li>o elke reserve wat deel is van aandeelhouersekwyteit, insluitend die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ herwaardasiereserwe vir eiendom, aanleg en toerusting;</li> <li>▪ herwaardasiereserwe vir ontasbare bates;</li> <li>▪ herwaardasiereserwe vir finansiële bates beskikbaar vir verkoop (indien die entiteit kies om die veranderinge in bilike waarde direk teen ekwiteit te verantwoord);</li> <li>▪ verskansingsreserwe ten opsigte van kontantvloeskans; <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ valuta-omrekeningsreserwe;</li> <li>▪ ander reserwes (bv. kapitaalaflossingsreserwe ens.);</li> <li>o behoue verdienste; en</li> </ul> </li> </ul> </li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• die ekwiteitselemente van omskepbare verpligtinge.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
<b>Staat van winste en verliese wat in ekwiteit erken is</b> Hierdie staat behoort die volgende te toon:												
• die wins/verlies vir die tydperk;	J	J	J	J	[21]	J	J	J	J	J	J	J
• elke item van inkomste, uitgawe, wins of verlies wat, in ooreenstemming met IFVS, direk as deel van ekwiteit erken is en die totaal van sodanige items (bv. herwaardasie van niebedryfsbates, valuta-omrekeningsverskille en bilike waarde-aanpassings ten opsigte van sekere verskansingsinstrumente)	J	J	J	J	N	J	J	J	J	J	J	J
• die totale inkomste en uitgawe vir die tydperk (berekende as die som van bostaande twee items) met 'n afsonderlike aanduiding van die totale bedrae wat toeskryfbaar is aan die ekwiteitsaandeelhouers van die moeder en die minderheidsaandeelhouers; en	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
• vir elke komponent van ekwiteit, die uitwerking van veranderinge in rekeningkundige beleid en regstellings van foute soos erken in ooreenstemming met IAS8;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Die volgende items moet in die aantekeninge tot die staat van erkende winste en verliese openbaar word:												
• kapitaaltransaksies met ekwiteitsaandeelhouers, soos: <ul style="list-style-type: none"> <li>o uitgifte van aandele;</li> <li>o terugkoop van aandele vanaf ekwiteitsaandeelhouers;</li> </ul>	J	J	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• transaksiekoste wat verband hou met die uitgifte van aandele, wat direk teen ekwiteit afgetrek is;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• toedelings aan eienaars (bv. dividende);	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• rekonsiliasie tussen die drabedrag aan die begin en einde van tydperk ten opsigte van die volgende items (met afsonderlike openbaar maakings van elke beweging): <ul style="list-style-type: none"> <li>o elke klas van ekwiteitskapitaal;</li> <li>o aandelepremie;</li> </ul>	J	J	J	J	[21]	J	J	J	J	J	J	J
	J	J	J	J	[21]	J	J	J	J	J	J	J









**Bylaag K: Openbaar maakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY										
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB		
Die aantekeninge behoort inligting oor die sleutelaannames met betrekking tot die toekoms in te sluit, en ook enige ander sleutelbronne van ramingsonsekerhede soos op die balansstaatdatum, wat 'n beduidende risiko laat dat wesenlike aanpassings aan die drabedrae van bates en laste gemaak sal moet word in die volgende finansiële jaar.	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
Hierdie aantekeninge behoort die volgende in te sluit:											
• die aard van hierdie bates en laste; en	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
• die drabedrag daarvan op die balansstaatdatum.	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N	N
Entiteite wat interim finansiële verslae voorberei in ooreenstemming met IFVS moet die aard en omvang van die verandering in raming openaar in 'n aantekening tot die jaarlikse finansiële state in gevalle waar die raming van 'n bedrag wat in die interim verslag vermeld is, wesenlik verander gedurende die finale interim verslagdoeningstydperk en 'n afsonderlike verslag word nie ten opsigte van daardie tydperk voorberei nie. Indien die raming van 'n bedrag wat in die interim verslag vermeld is, wesenlik verander gedurende die finale interim verslagdoeningstydperk en 'n afsonderlike verslag word nie ten opsigte van daardie tydperk voorberei nie.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
<i>Sekere standaarde vereis spesifiek verdere openbaar maakings ten opsigte van bronne van ramingsonsekerheid en oordeel. Hierdie openbaar maakingsvereistes word telkens in die relevante afdeling van hierdie openbaar maakingsvraelys hanteer.</i>											
<b>Eiendom, aanleg en toerusting (EAT)</b>											
<i>Hierdie vereistes geld vir bates wat besit word, sowel as bates wat onderhewig is aan bruikure in die huurder se rekords.</i>											
Vir elke klas van EAT, behoort die bruto drabedrag en die opgehoopde waardevermindering (insluitend opgehoopde waardedalingverliese) aan die begin en aan die einde van die tydperk openbaar te word.	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
'n Rekonsiliasie, wat die volgende items aantoon, van die drabedrag van elke klas EAT aan die begin en einde van die tydperk behoort openbaar te word:											
• verkrygings;	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• verkope;	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• verkrygings deur besigheidsamevoegings;	J	Nvt	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• toenames of afnames as gevolg van herwaardasies of waardedalingverliese wat direk teen ekwiteit voorsien of teruggeskryf is;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• waardedalingverliese erken;	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• waardedalingverliese teruggeskryf;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• waardevermindering;	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• valutaverskille as gevolg van die omrekening van finansiële state na 'n ander aanbiedingsgeldeenheid of die omrekening van buitelandse entiteite na die aanbiedingsgeldeenheid van die verslagdoenende entiteit;	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• oordragte tussen verskillende klasse van EAT ( <i>hierdie is nie 'n vereiste nie, maar wel algemene praktyk</i> ); en	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J	J
• enige ander veranderinge.											
<i>Vergelykende syfers word nie vir hierdie rekonsiliasie verlang nie.</i>											
Ten opsigte van EAT wat getoon word teen herwaardeerde bedrae, openbaar:		[49]									
• die effektiewe datum van die herwaardasies;	Nvt	N	Nvt	Nvt	J	J	J	J	Nvt	J	Nvt
• of 'n onafhanklike waardeerder gebruik is;	Nvt	N	Nvt	Nvt	J	N	J	J	Nvt	J	Nvt
• die metodes en beduidende aannames wat gebruik is in die raming van die item se billike waarde;	Nvt	N	Nvt	Nvt	N	N	N	N	Nvt	N	Nvt

**Bylaag K: Openbaarmakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY										
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB		
<ul style="list-style-type: none"> <li>die mate waartoe die item se billike waarde bepaal is met direkte verwysing na waarneembare pryse in 'n aktiewe mark of onlangse marktransaksies op 'n armlengte grondslag, of die mate waartoe die billike waarde geskat is met behulp van waardasiefegnieke; en</li> <li>die drabedrag van elke klas van EAT wat in die finansiële state ingesluit sou wees indien bates gedra is teen koste min waardevermindering.</li> </ul>	Nvt	N	Nvt	Nvt	N	N	N	Nvt	J	Nvt	J
Die bestaan van items van EAT waarvan die eiensarskap beperk is, moet openbaar word.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Die waarde van EAT wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge, behoort openbaar te word.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Die waarde van kostes op rekening ten opsigte van EAT wat onder konstruksie is, behoort openbaar te word.	Nvt	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Indien dit nie elders op die gesig van die inkomstestaat openbaar is nie, openbaar die waarde van vergoeding wat van derde partye ontvang is en wat ingesluit is by wins/verlies ten opsigte van bates wat onderhewig is aan waardedalinge, wat verlore is of gesteel is.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
<b>Leenkoste:</b>											
• openbaar die waarde van leenkoste wat gedurende die tydperk gekapitaliseer is; en	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	J	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• openbaar die kapitalisatiekoers wat gebruik word om te bepaal hoeveel leenkoste gekapitaliseer kan word.	N	N	Nvt	Nvt	Nvt	N	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Die netto drabedrag van elke bateklas wat onderhewig is aan 'n bruikhuur, moet openbaar word.	Nvt	J	Nvt	Nvt	Nvt	J	[7]	Nvt	Nvt	J	
<b>Vrywillige openbaarmakings behels:</b>											
• die drabedrag van EAT wat tydelik in onbruik is;	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
• die bruto drabedrag van enige EAT wat ten volle afgeskryf is maar wat nog in gebruik is;	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
• die drabedrag van EAT wat uit gebruik onttrek is en gehou word vir verkoop; en	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
• die billike waarde indien EAT gedra word teen koste min waardevermindering en die billike waarde van daardie EAT verskil wesenlik van die drabedrag.	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]
<b>Beleggingseiendom</b>											
<i>Bates wat geklassifiseer word as beleggingseiendom, behoort beperk te word tot bates wat gehou word om huur te genereer, of kapitaalappresiasie of beide eerder as vir:</i>											
• <i>gebruik in die produksie of lewering van goedere of dienste, of vir administratiewe doeleindes; en</i>											
• <i>verkoop in die gewone loop van sake.</i>											
<i>Onderstaande openbaarmaking is bykomend tot die openbaarmaking wat deur die standaard oor hure vereis word.</i>											
Indien die bepaling van 'n toepaslike klassifikasie vir eiendom moeilik is, moet die kriteria wat die entiteit ontwikkel het ten einde die beleggingseiendom te onderskei van eiensarsgeokkepeerde eiendom, en eiendom wat gehou word vir verkoop in die gewone loop van sake, openbaar word.	Nvt	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Alle belangrike metodes en aannames wat gebruik is in die bepaling van die billike waarde van beleggingseiendom moet openbaar word.	Nvt	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	[29]	Nvt
Bostaande openbaarmaking behoort ook 'n stelling in te sluit waarin bestuur vermeld of die billike waarde bepaal is aan die hand van marknigting of meer gebaseer is op ander faktore (wat openbaar moet word) as gevolg van die aard van die eiendom of die gebrek aan 'n aktiewe mark.	Nvt	Nvt	Nvt	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	N	N	Nvt
Die entiteit behoort die mate te openbaar waartoe die billike waarde (soos ingesluit in die balansstaat) van die beleggingseiendom gebaseer is op die waardasie van 'n onafhanklike waardeerder, wat oor die gepaste kwalifikasies beskik en wat ondervinding het die ligging en klas van beleggingseiendom wat waardeer word.	Nvt	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	N	N	Nvt
Indien daar geen waardasie gedoen is deur 'n onafhanklike professionele waardeerder nie, moet die feit vermeld word.	Nvt	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	N	N	Nvt









**Bylaag K: Openbaar maakingsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY									
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB	
• bruto drabedrag en opgehoopte amortisasie (insluitend opgehoopte waardedalingsverliese) aan die einde van die tydperk.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
<i>Vergelykende inligting word nie vereis ten opsigte van hierdie rekonsiliasie nie.</i>										
Vir ontasbare bates met onbepaalde nutsduur, openbaar:										
• die drabedrag; en	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• die redes wat die assessering van 'n onbepaalde nutsduur ondersteun.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
'n Beskrywing, die drabedrag en oorblywende amortisasie tydperk ten opsigte van elke ontasbare bate wat wesenlik is in verhouding tot die entiteit as geheel moet aangebied word.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Ten opsigte van ontasbare bates wat teen herwaardeerde waardes gedra word, moet die volgende openbaar word vir elke klas van ontasbare bate:										
• die effektiwede datum van die herwaardasie;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• die drabedrag van herwaardeerde ontasbare bate; en	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• die drabedrag van ontasbare bates indien dit in die finansiële state ingesluit sou word teen kosprys min waardevermindering.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Openbaar die metode en beduidende aannames wat toegepas is in die bepaling van die billike waardes van die ontasbare bates.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Openbaar:										
• die bestaan en waarde van ontasbare bates waarvan die eienaarskap beperk is; en	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• die waarde van ontasbare bates wat verpand is as sekuriteit vir verpligtinge.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Ten opsigte van ontasbare bates wat by wyse van staatstoekening verkry is en aanvanklik teen billike waarde erken is, openbaar:										
• die billike waarde wat aanvanklik ten opsigte van daardie ontasbare bates erken is;										
• die drabedrag; en	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
• 'n aanduiding of daardie bates nou teen kosprys min waardevermindering gedra word of teen billike waarde.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
In die eerste jaar wat die standaard oor ontasbare bates aanvaar is, openbaar welke oorgangsbepalings toepaslik was.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt
Vrywillige openbaar maakings:										
• die waarde van ten volle geamortiseerde ontasbare bates wat nog gebruik word; en	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	[8]
• die waarde van beduidende ontasbare bates wat onder die beheer van die entiteit is, maar wat nie as bates erken is nie omdat daar nie aan die erkenningsmaatstawwe van die standaard voldoen is nie, of omdat die ontasbare bate verkry of gegeneer is voordat die standaard effektiwef geword het.	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	[8]
<b>Klandisiewaarde en oorskot van die verkryger se belang in die billike waarde van die identifiseerbare bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede verkry bo die koste daarvan (negatiewe klandisiewaarde).</b>	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]	[2]
'n Rekonsiliasie van die drabedrag van klandisiewaarde wat die volgende toon, behoort openbaar te word:										
• bruto drabedrag en opgehoopte waardedalingsverliese aan die begin van die tydperk;	J	J	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• verkrygings;	Nvt	Nvt	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• veranderings as gevolg van die latere erkenning van uitgestelde belastingbates;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• verkope;	Nvt	J	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• waardedalingsverliese erken gedurende die tydperk;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• netto valutaverskille wat gedurende die tydperk ontstaan;	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• enige ander veranderinge; en	J	J	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J
• bruto drabedrag en opgehoopte waardedalingsverliese aan die einde van die tydperk.	J	J	J	J	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J





















**Bylaag K: Openbaaringsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY										
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB		
Indien enige van bostaande items, bedryfs- en niebedryfsitems kombineer, openbaar die waarde van items wat 'n niebedryfsaard het en dus na verwagting eers oor 'n tydperk van 12 maande of meer vereffen of realiseer sal word.	[38]	[38]	[38]	J	Nvt	J	J	[57]	[38]		
Ten opsigte van elke klas van voorsiening openbaar die volgende:		[50]									
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n kort beskrywing van die aard van die verpligting en die verwagte tydskerekening van enige uitvloei van ekonomiese voordele;</li> <li>• 'n aanduiding van enige onsekerhede rakende die bedrag of tydskerekening van daardie uitvloei (waar nodig moet die entiteit wesenlike aannames onderliggend aan die raming van die omvang en tydsberekening van uitvloei ook openbaar); en</li> <li>• die waarde van enige verwagte verhalings van uitvloei asook die bedrag van enige bate wat moontlik ten opsigte van daardie verhalings erken is.</li> </ul>	N	N	N	N	Nvt	N	J	N	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n aanduiding van enige onsekerhede rakende die bedrag of tydskerekening van daardie uitvloei (waar nodig moet die entiteit wesenlike aannames onderliggend aan die raming van die omvang en tydsberekening van uitvloei ook openbaar); en</li> <li>• die waarde van enige verwagte verhalings van uitvloei asook die bedrag van enige bate wat moontlik ten opsigte van daardie verhalings erken is.</li> </ul>	N	N	N	N	Nvt	N	N	N	J		
Onder uitsonderlike omstandighede kan die openbaaringsvraelys van bogenoemde inligting aanleiding gee tot die benadeling van die entiteit indien hulle in 'n geskil gewikkel is met ander partye aangaande die inhoud van die voorsienings, voorwaardelike aanspreeklikhede of voorwaardelike bates. In sulke gevalle moet die genoemde openbaaringsvraelys nie gedoen word nie, maar die volgende moet wel openbaar word:											
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die aard van die geskil;</li> <li>• die feit dat die inligting nie openbaar is nie; en</li> <li>• die rede waarom die inligting nie openbaar is nie.</li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
<b>Nadievoordele – omskrewingvoordeel-planne</b>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
Openbaar 'n algemene beskrywing van die tipe omskrewingvoordeel-plan wat ter sprake is.	[33]	[33]	[33]	[33]	[28]	[33]	[33]	[33]	[33]		
Toon 'n rekonsiliasie, ten opsigte van die bates en laste wat in die balansstaat erken is, wat minstens die volgende items moet insluit:	J	J	Nvt	J	Nvt	J	N	J	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die huidige waarde, op die balansstaatdatum, van die omskrewingvoordeelverpligting wat ten volle onbetrof is;</li> <li>• die huidige waarde, op die balansstaatdatum, van die omskrewingvoordeelverpligting wat ten volle of gedeeltelik betref is;</li> <li>• die billike waarde van planbates op die balansstaatdatum;</li> <li>• die netto aktuariële wins of -verlies wat nog nie erken is nie;</li> <li>• verstreke diens-koste wat nog nie erken is nie;</li> <li>• enige bedrag wat nie erken is as netto bate nie, as gevolg van die limiet wat in die standaard geplaas word ten opsigte van die erkenning van netto bates;</li> <li>• ander bedrae wat in die balansstaat erken is, in welke geval die volgende openbaar moet word: <ul style="list-style-type: none"> <li>o die billike waarde van enige terugbetalingsreg wat op die balansstaatdatum erken is as 'n bate; en</li> <li>o 'n beskrywing van die verwantskap tussen die terugbetalingsreg en die verwante verpligting.</li> </ul> </li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
Die verrekening van die bate van een plan teen die verpligting van 'n ander plan is slegs toelaatbaar as die volgende vereistes nagekom word:	J	J	Nvt	J	Nvt	J	J	[33]	[33]		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die entiteit het 'n wettig afdwingbare reg om die surplus van een plan te gebruik om die verpligtinge van 'n ander plan te vereffen; en</li> <li>• die entiteit beplan om die verpligtinge op 'n netto-grondslag te vereffen of om die surplus van een plan te realiseer in dieselfde tyd as wat dit die verpligting van die ander plan vereffen.</li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
Indien enige van bostaande items, bedryfs- en niebedryfsitems kombineer, openbaar die waarde van items wat 'n niebedryfsaard het en dus na verwagting eers oor 'n tydperk van 12 maande of meer vereffen of realiseer sal word.	J	J	Nvt	J	Nvt	J	J	J	J		











**Bylaag K: Openbaaringsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY									
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB	
• gesamentlike ondernemings;										
• <i>individue wat, direk of indirek, wat 'n belang in die stemreg van die entiteit hou wat hulle beduidende invloed gee oor die entiteit, gewoonlik meer as 20%;</i>										
• <i>seutelpersoneel – persone met gesag ten opsigte van beplanning en die beheer van die entiteit (insluitende die nabye familielede van sodanige persone);</i>										
• <i>familielede van seutelpersoneel, behorende aandeelhouders, filiale of mede-filiale, partye met beduidende invloed, persone met gesamentlike beheer;</i>										
• <i>entiteite wat gehou word deur die laaste twee bogenoemde groepe individue; en</i>										
• <i>die nadiensvoordeelplan.</i>										
Waar daar transaksies tussen verwante partye was, openbaar:	[41]		[41]					[41]		
• die aard van die verhouding tussen die partye;	J	J	J	J	[23]	J	N	J	J	J
• die tipe transaksies wat plaasgevind het;	J	J	N	J	[23]	J	N	J	J	J
• die waarde van die transaksies;	N	N	N	J	[23]	J	N	J	J	J
• die waarde van uitstaande balanse op jaareinde;	J	N	N	J	[23]	J	J	N	J	J
• enige voorienings vir oninbare skuld ten opsigte van die uitstaande balanse op jaareinde;	N	N	N	N	[23]	J	N	N	N	N
• die uitgawe wat gedurende die tydperk erken is ten opsigte van twyfelagtige of oninbare skuld verskuldig deur verwante partye;	N	N	N	N	[23]	N	N	N	N	N
• elemente van die transaksie wat nodig is vir begrip van die finansiële state, insluitend:										
o volume van die transaksies gedurende die tydperk;	N	N	N	J	[23]	N	N	N	N	J
o enige uitstaande items op jaareinde (balanse op balansstaatsdatum); en	N	N	N	J	[23]	J	N	N	N	J
o die prysbepalingsbeleid (armengte of indien nie, die basis waarvolgens die prys bepaal is).	J	N	J	J	[23]	N	N	J	J	J
<i>Die volgende tipes transaksies kan moontlik openbaar-making vereis:</i>										
• <i>aankope en verkope van goedere;</i>										
• <i>aankope en verkope van eiendom of ander bates;</i>										
• <i>lewering of ontvangs van dienste;</i>										
• <i>agentskapsreëlings;</i>										
• <i>oordrag van navorsing en ontwikkeling;</i>										
• <i>lisensie-ooreenkomstige;</i>										
• <i>finansiering (insluitend lenings en ekwiwitsbydraes in kontant of in spesie);</i>										
• <i>waarborg en sekuriteit; en</i>										
• <i>bestuurskontrakte.</i>										
Openbaar bostaande inligting afsonderlik, ten opsigte van elk van die volgende kategorieë:										
• die moedermaatskappy;	Nvt	Nvt	N	Nvt	[23]	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt
• entiteite met gesamentlike beheer of beduidende invloed oor die entiteit;	Nvt	Nvt	N	Nvt	[23]	Nvt	N	Nvt	Nvt	J
• filiale;	N	Nvt	N	J	[23]	J	J	N	N	J
• geassosieerdes;	N	N	N	J	[23]	J	N	N	N	J
• gesamentlike ondernemings;	N	N	N	Nvt	[23]	Nvt	N	N	N	Nvt









**Bylaag K: Openbaaringsvraelys en gedetailleerde evaluasie van die finansiële state van die tweede groep maatskappye met betrekking tot die 2003 jaareindes (vervolg)**

VEREISTE	MAATSKAPPY										
	AA	BHP	DDH	INV	LFIG	LM	LR	OM	SAB		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n rekonsiliasie tussen die bedrag in die kontantvloei staat en die waarde van kontant en kontantekwivalente in die balansstaat</li> </ul>	N	N	J	J	J	N	J	N	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die waarde van kontant en kontantekwivalente wat gehou word deur die entiteit, maar wat nie beskikbaar is vir gebruik deur die groep nie, moet openbaar word saam met kommentaar van bestuur.</li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Diskresionêre/vrywillige openbaarmaking (enige bykomende inligting wat relevant is tot begrip van die finansiële posisie en likiditeit van 'n entiteit saam met die kommentaar van bestuur):</li> </ul>											
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die waarde van onbenutte leningsfasiliteite wat beskikbaar is vir toekomstige bedryfsaktiwiteite en om kapitaalverpligtinge na te kom tesame met 'n aanduiding van enige beperkings wat moontlik toepaslik mag wees op die gebruik van hierdie fasiliteite;</li> </ul>	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die totale bedrae van kontantvloeitoe uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite wat verband hou met gesamentlike ondernemings wat verantwoord word volgens proporsionele konsolidasie;</li> </ul>	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die totale bedrag van kontantvloeitoe wat toenames in bedryfskapasiteit verteenwoordig afsonderlik van daardie kontantvloeitoe wat nodig is om die bedryfskapasiteit in stand te hou; en</li> </ul>	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bedrag van kontantvloeitoe wat spruit uit bedryfs-, beleggings- of finansierings aktiwiteite van elke gerapporteerde sake- en geografiese segment.</li> </ul>	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]	[8]		
<p><b>BESIGHEIDSAMEVOEGING EN VERKOPE</b></p> <p><b>Algemene openbaarmaking</b></p> <p>Vir alle besigheidsamevoegings gedurende die tydperk, openbaar:</p>											
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die name en beskrywings van die kombinerende entiteite;</li> </ul>	J	Nvt	J	N	Nvt	Nvt	Nvt	J	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die effektiewe datum van die samevoeging vir rekeningkundige doeleindes;</li> </ul>	J	Nvt	N	N	Nvt	Nvt	Nvt	J	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• enige bedrywighede wat die entiteit, as gevolg van die besigheidsamevoeging, besluit het om te verkoop;</li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die persentasie van stemdraende aandele wat verkry is;</li> </ul>	J	Nvt	J	N	Nvt	Nvt	Nvt	J	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die koste van die samevoeging en 'n beskrywing van die komponente teen daardie koste, insluitend koste wat direk toeskryfbaar is aan die kombinasie. Indien ekwiteitsinstrumente uitgereik is of uitreikbaar is as deel van die koste, openbaar ook die volgende: <ul style="list-style-type: none"> <li>o die aantal ekwiteitsinstrumente wat uitgereik is of uitreikbaar is;</li> <li>o die bilike waarde van daardie instrumente en ook die grondslag vir die bepaling van die bilike waarde;</li> <li>o indien 'n gepubliseerde prys nie beskikbaar is op die datum van die ruiling nie, openbaar dan die beduidende aannames onderliggend aan die bepaling van die bilike waarde;</li> <li>o indien 'n gepubliseerde prys wel beskikbaar is, maar dit is nie gebruik vir die bepaling van die koste van die samevoeging nie, openbaar die feit en ook: <ul style="list-style-type: none"> <li>▪ die rede waarom die gepubliseerde prys nie gebruik is nie;</li> <li>▪ die metode en beduidende aannames wat gebruik is om 'n waarde aan die ekwiteitsinstrumente toe te wys;</li> <li>▪ die verskil tussen die waarde toegeskryf aan en die gepubliseerde prys van die ekwiteitsinstrumente;</li> </ul> </li> </ul> </li> </ul>	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bedrae erken op die verkrygingsdatum vir elke klas van die verkrygde se bates, laste en voorwaardelike aanspreeklikhede, en die drabedrag van elk van daardie klasse, soos bepaal in terme van IFVS, onmiddellik voor die samevoeging;</li> </ul>	J	Nvt	J	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	J		
<ul style="list-style-type: none"> <li>• die bedrag van enige oorskot van die bilike waarde van toeskryfbare bates met verkryging bo die kosprys wat as deel van wins/verlies erken is en die lynitem waarby dit ingesluit is in die inkomste staat;</li> </ul>	J	Nvt	Nvt	N	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt	Nvt		



